


DIE MEERWOORDIGE LEKSIKALE ITEM IN AFRIKAANS

H. J. Bosman



Proefskrif ingelewer vir die graad Doktor in die Lettere
aan die Universiteit van Stellenbosch.

Promotor: Prof.R.H.Gouws.

Maart 1998

Verklaring

Ek die ondergetekende verklaar hiermee dat die werk in hierdie proefskrif vervat my eie oorspronklike werk is wat nog nie vantevore in die geheel of gedeeltelik by enige ander Universiteit ter verkryging van 'n graad voorgelê is nie.

OPSOMMING

Hierdie studie ondersoek 'n deelversameling van die Afrikaanse leksikon, te wete meerwoordige leksikale items soos die volgende: *met behulp van, op een na, met die deur in die huis val, om die bos lei, die swaard van Damokles, ad hoc, kant en wal.*

Die begrippe *leksikale item* en *meerwoordige leksikale item* (MLI) word omskryf. Daar word aangetoon dat MLI's in wisselende grade oor die kenmerke vastheid, idiomatisiteit en geleksikaliseerdheid beskik.

Die kognitiewe grammatika vorm die teoretiese raamwerk van die studie. Die benadering van die kognitiewe semantiek word gekontrasteer met dié van die strukturele en generatiewe taalkunde. Daar word aangetoon dat die semantiek van meerwoordige leksikale items die beste binne die motiveringsteorie van die kognitiewe semantiek bestudeer kan word deur die gemotiveerdheid van 'n aantal idiome en deeltjiewerkwoorde te ondersoek.

Die studie word afgesluit met 'n klassifikasie van die meerwoordige leksikale items in Afrikaans.

ABSTRACT

This study examines a subset of the Afrikaans lexicon, namely multiword lexical items like the following: *met behulp van, op een na, met die deur in die huis val, om die bos lei, die swaard van Damokles, ad hoc, kant en wal.*

A description is given of the concepts *lexical item* and *multiword lexical item*. It is shown that multiword lexical items possess characteristics like fixedness, idiomaticity and lexicalization in different degrees.

The theoretical framework of the study is that of cognitive grammar. The cognitive semantics approach is contrasted with that of structural and generative grammar. It is shown that the semantics of multiword lexical items can best be described within the theory of motivation of cognitive semantics by studying the motivatedness of a few idioms and particle verbs in Afrikaans.

The study concludes with a classification of the multiword lexical items in Afrikaans.

Ek dra hierdie werk op aan my man Jan, my kinders Philip,
Liona en Heloise en my ouers Louis en Liona Eksteen.

DANKBETUIGING

Aan Jan sê ek dankie vir sy liefde en ondersteuning. Sonder die kinders se liefdevolle aandag sou ek veel armer gewees het (en sou die proefskrif waarskynlik veel gouer afgehandel kon word!)

Vir Ma en Pa sê ek dankie vir al die jare se geduld en liefde. By hulle het ek Afrikaans leer praat en in sy ryke verskeidenheid leer ken en liefkry.

My promotor, Rufus Gouws, het my deur dik en dun en met raad en daad bygestaan - baie dankie hiervoor.

In alles is ek onderskraag deur die woord van God.

"Want soos die reën en die sneeu van die hemel neerdaal en daarheen nie terugkeer nie, maar die aarde deurvogtig en maak dat dit voortbring en uitspruit en saad gee aan die saaiër en brood aan die eter;
so sal my woord wees wat uit my mond uitgaan: dit sal nie leeg na My terugkeer nie, maar doen wat My behaag en voorspoedig wees in alles waartoe Ek dit stuur."

Jesaja 55:10,11.

INHOUDSOPGAWE

HOOFSTUK 1 INLEIDING

| | | |
|-----|----------------------------------|---|
| 1.1 | Die studieterrein..... | 1 |
| 1.2 | Die materiaalversameling | 3 |
| 1.3 | Begrippe en terme..... | 4 |
| 1.4 | Doelstellings..... | 4 |
| 1.5 | Indeling van die proefskrif..... | 6 |
| 1.6 | Ten slotte..... | 9 |

HOOFSTUK 2 DIE MEERWOORDIGE LEKSIKALE ITEM: 'N VOORLOPIGE VERKENNING

| | | |
|-----------|--|----|
| 2.1 | Inleiding..... | 10 |
| 2.2 | Die leksikale item..... | 14 |
| 2.2.1 | Samevatting: die leksikale item..... | 21 |
| 2.3 | Die meerwoordige leksikale item..... | 21 |
| 2.3.1 | Vaste en vrye verbindings..... | 22 |
| 2.3.1.1 | 'n Paar kenmerke van vaste verbindings..... | 24 |
| 2.3.1.1.1 | 'n Vaste verbinding bestaan uit meer as een woord..... | 24 |
| 2.3.1.1.2 | 'n Vaste verbinding vertoon betekenis-eenheid..... | 24 |
| 2.3.1.1.3 | Die woorde in 'n vaste verbinding verloor tot 'n groot mate hulle woordstatus..... | 25 |
| 2.3.1.1.4 | 'n Vaste verbinding boet veral deursigtigheid in..... | 28 |
| 2.3.1.1.5 | Vaste verbindings is dikwels transformasioneel defektief..... | 30 |
| 2.3.2 | Die meerwoordige leksikale item: 'n voorlopige definisie..... | 30 |
| 2.3.3 | Samevatting: die meerwoordige leksikale item..... | 31 |
| 2.4 | Komposita en meerwoordige leksikale items..... | 31 |
| 2.4.1 | Ooreenkomste..... | 31 |
| 2.4.2 | Deeltjiewerkwoorde..... | 38 |
| 2.5 | Opmerking oor die spelling..... | 38 |
| 2.6 | Samevatting: hoofstuk 2..... | 42 |

HOOFSTUK 3 DIE MEERWOORDIGE LEKSIKALE ITEM

| | |
|--|-----|
| 3.1 Inleiding..... | 44 |
| 3.2 Die begrip <i>meerwoordige leksikale item</i> in die taalkundeliteratuur..... | 44 |
| 3.2.1 Geskiedenis..... | 44 |
| 3.2.2 Terminologie..... | 46 |
| 3.2.2.1 Fraseologisme..... | 46 |
| 3.2.2.2 Idioom..... | 48 |
| 3.2.2.3 Vaste verbinding..... | 49 |
| 3.2.2.4 Meerwoordige leksikale item..... | 50 |
| 3.3 Soorte meerwoordige leksikale items..... | 52 |
| 3.4 Kenmerke van die meerwoordige leksikale item..... | 54 |
| 3.4.1 Meerwoordigheid..... | 57 |
| 3.4.2 Vastheid..... | 60 |
| 3.4.2.1 Leksikaal..... | 61 |
| 3.4.2.1.1 Vervanging/weglating..... | 61 |
| 3.4.2.1.2 Unieke komponente..... | 67 |
| 3.4.2.2 Sintakties..... | 68 |
| 3.4.2.2.1 Anomaal..... | 68 |
| 3.4.2.2.2 Transformasioneel defektief..... | 68 |
| 3.4.2.2.3 Morfologies defektief..... | 78 |
| 3.4.2.2.4 Vaste sintaktiese vorm..... | 79 |
| 3.4.2.2.5 Ontkenning..... | 79 |
| 3.4.2.3 Semanties..... | 80 |
| 3.4.2.4 Vastheid en variabiliteit..... | 80 |
| 3.4.2.4.1 Wisselvorme / variante..... | 82 |
| 3.4.2.4.2 Modifikasies..... | 85 |
| 3.4.2.5 Samevatting: vastheid en variabiliteit..... | 91 |
| 3.4.3 Idiomatisiteit..... | 92 |
| 3.4.3.1 Komposisionaliteit..... | 93 |
| 3.4.3.2 Deursigtigheid en gemotiveerdheid..... | 96 |
| 3.4.3.3 Misleiding, disinformasie, ambiguïteit..... | 101 |
| 3.4.3.4 Betekenisgeheel/ Gestaltbetekenis..... | 102 |
| 3.4.3.5 Metaforiese en oordragtelike betekenis..... | 103 |
| 3.4.3.6 Semantiese simpleksiteit..... | 104 |
| 3.4.3.7 Anomaliteit of semantiese defektiwiteit..... | 106 |
| 3.4.3.8 Die rol van die konteks..... | 106 |

| | |
|---|-----|
| 3.4.3.9 Samevatting: idiomatisiteit..... | 108 |
| 3.4.4 Geleksikaliseerdheid/ Geïnstitutionaliseerdheid | 108 |
| 3.4.4.1 MLI's tree soos simplekse leksikale items in die leksikon op..... | 109 |
| 3.4.4.2 Die woordstatus van die 'woorde' binne die MLI verander..... | 110 |
| 3.4.4.3 Meerwoordige leksikale items vertoon ook kenmerke van frases..... | 111 |
| 3.4.4.4 Reproduseerbaarheid | 113 |
| 3.4.4.5 MLI's vertoon semantiese, grammatiese en fonologiese idiosinkrasieë..... | 114 |
| 3.4.4.6 MLI's is geïnstitutionaliseerd en word deur die taalgemeenskap as gebruiklik ervaar..... | 114 |
| 3.4.4.7 Samevatting: geleksikaliseerdheid..... | 116 |
| 3.5 Samevatting: hoofstuk 3..... | 116 |

HOOFSTUK 4 DIE KOGNITIEWE SEMANTIEK

| | |
|---|-----|
| 4.1 Inleiding..... | 118 |
| 4.2 Die kognitiewe linguistiek..... | 119 |
| 4.2.1 Agtergrond..... | 119 |
| 4.2.2 Objektivisme en ervaringsrealisme..... | 120 |
| 4.2.3 Taal..... | 122 |
| 4.2.4 Kategorisering..... | 123 |
| 4.2.5 Die nuwe prototipeteorie..... | 124 |
| 4.2.6 Die belang van die prototipeteorie vir die kognitiewe linguistiek..... | 127 |
| 4.2.7 Fillmore se scenes-en-frames-semantiek..... | 129 |
| 4.2.8 Ensiklopediese kennis..... | 129 |
| 4.3 Langacker..... | 130 |
| 4.3.1 Konseptualisering..... | 131 |
| 4.3.2 Die simboliese aard van taal..... | 131 |
| 4.3.3 Arbitrariteit..... | 131 |
| 4.3.4 Kognisie..... | 131 |
| 4.3.5 Diskreetheid..... | 132 |
| 4.3.6 Figuurlike taalgebruik..... | 132 |
| 4.3.7 Kognitiewe vermoëns..... | 133 |

| | | |
|---------|---|-----|
| 4.3.8 | Beelde..... | 133 |
| 4.3.9 | Domein..... | 134 |
| 4.3.10 | Basis en profiel..... | 134 |
| 4.3.11 | Ensiklopediese kennis..... | 135 |
| 4.4 | Lakoff..... | 136 |
| 4.4.1 | Geïdealiseerde kognitiewe modelle..... | 136 |
| 4.4.1.1 | Die basiese vlak..... | 137 |
| 4.4.1.2 | Beeldskemas..... | 138 |
| 4.4.2 | GKM'e en taal..... | 141 |
| 4.5 | Samevatting: die kognitiewe linguistiek..... | 142 |
| 4.6 | Die kognitiewe semantiek en die MLI..... | 143 |
| 4.6.1 | Linguistiese en ensiklopediese kennis..... | 147 |
| 4.6.2 | Relatiewe deursigtigheid..... | 149 |
| 4.6.3 | Variasie versus bevrorenheid..... | 150 |
| 4.6.4 | Die komposisionaaliteitsbeginsel en Montague-grammatika..... | 150 |
| 4.6.5 | Die MLI binne die leksikon..... | 151 |
| 4.7 | Samevatting: hoofstuk 4..... | 161 |

HOOFSTUK 5 MOTIVERING

| | | |
|---------|--|-----|
| 5.1 | Inleiding..... | 164 |
| 5.2 | Komposisionaaliteit..... | 167 |
| 5.3 | Analiseerbaarheid..... | 172 |
| 5.4 | Arbitrariteit, voorspelbaarheid en gemotiveerdheid..... | 176 |
| 5.5 | Die motiveringsteorie..... | 178 |
| 5.5.1 | Lakoff..... | 178 |
| 5.5.2 | Gibbs en medewerkers..... | 180 |
| 5.5.3 | Geeraerts..... | 182 |
| 5.5.4 | Glucksberg..... | 182 |
| 5.5.5 | Cacciari..... | 183 |
| 5.6 | Motiverende skakels..... | 184 |
| 5.6.1 | Geïdealiseerde kognitiewe modelle..... | 185 |
| 5.6.1.1 | Metaforiese kognitiewe modelle..... | 185 |
| 5.6.1.2 | Metonimiese kognitiewe modelle..... | 190 |
| 5.6.1.3 | Kritiek..... | 193 |
| 5.6.2 | Konseptuele beeldskemas..... | 194 |

| | |
|--|-----|
| 5.6.3 Konvensionele beelde..... | 197 |
| 5.6.4 Kennissisteme..... | 200 |
| 5.7 Die kwessie letterlike en figuurlike taalgebruik..... | 202 |
| 5.8 Idioombegrip..... | 204 |
| 5.9 Sintaktiese fleksibiliteit..... | 207 |
| 5.10 Samevatting: die motiveringsteorie..... | 207 |
| 5.11 Die semantiese spesialiseringsteorie van Geeraerts..... | 209 |
| 5.11.1 Referensiële en niereferensiële betekenis..... | 209 |
| 5.11.2 Paradigmatiese en sintagmatiese betekenis..... | 210 |
| 5.11.3 Isomorfisme en motivering..... | 211 |
| 5.12 Die motiveringsteorie versus die generatiewe teorie..... | 216 |
| 5.13 Samevatting: hoofstuk 5..... | 221 |

HOOFSTUK 6 DIE SEMANTIEK VAN MLI'S IN AFRIKAANS

| | |
|---|-----|
| 6.1 Inleiding..... | 222 |
| 6.2 Die konsep WOEDE in MLI's in Afrikaans..... | 223 |
| 6.2.1 Kernlys van Afrikaanse idioome met die betekenis "woedend wees" of "woedend word"..... | 225 |
| 6.2.2 Opmerkings..... | 226 |
| 6.2.3 Uitsluiting van idioome uit die kernlys..... | 227 |
| 6.2.4 Metaforiese prosesse..... | 231 |
| 6.2.5 Samevatting: die konsep WOEDE..... | 237 |
| 6.3 Idioome met hand | 238 |
| 6.3.1 Radiaal gestruktureerde kategorieë by idioome.... | 238 |
| 6.3.2 Die kategorie hand..... | 241 |
| 6.3.3 Leksikografiese praktyk..... | 242 |
| 6.3.4 Metaforiek en metonimie..... | 244 |
| 6.3.5 Konvensionele beelde..... | 250 |
| 6.3.6 Ensiklopediese kennis..... | 252 |
| 6.3.7 Ondeursigtige idioome..... | 255 |
| 6.3.8 Samevatting: idioome met hand | 256 |
| 6.4 Idioome met botter | 257 |
| 6.4.1 Lys van idioome met botter | 257 |
| 6.4.2 Samevatting: idioome met botter | 262 |
| 6.5 Deeltjiewerkwoorde..... | 262 |

| | |
|---|-----|
| 6.5.1 Deeltjiewerkwoorde met om | 273 |
| 6.5.1.1 Die voorsetsel en bywoord om | 277 |
| 6.5.1.2 Die deeltjie om | 280 |
| 6.5.1.3 Uitbreiding na die figuurlike betekenis..... | 292 |
| 6.5.1.4 Samevatting: deeltjiewerkwoorde met om | 296 |
| 6.6 Samevatting: hoofstuk 6..... | 297 |

HOOFSTUK 7 SOORTE MEERWOORDIGE LEKSIKALE ITEMS IN AFRIKAANS

| | |
|---|-----|
| 7.1 Inleiding..... | 299 |
| 7.2 Klassifikasiesisteme in geselekteerde literatuur..... | 301 |
| 7.2.1 Makkai..... | 301 |
| 7.2.1.1 Enkoderings- en dekodeeringsidiome..... | 301 |
| 7.2.1.2 Lekseem- en semeemidiome..... | 302 |
| 7.2.1.3 Kritiek teen Makkai..... | 303 |
| 7.2.2 Burger..... | 303 |
| 7.2.2.1 Sintakties..... | 304 |
| 7.2.2.2 Semanties..... | 305 |
| 7.2.2.3 Struktuursemantiese mengklassifikasie..... | 305 |
| 7.2.2.4 Pragmaties..... | 305 |
| 7.2.3 Fleischer..... | 306 |
| 7.2.4 Pilz..... | 306 |
| 7.2.5 Fillmore, Kay & O'Connor..... | 306 |
| 7.2.6 Gläser..... | 309 |
| 7.2.7 Klimaszewska..... | 309 |
| 7.2.8 Korhonen..... | 310 |
| 7.2.9 Verstraten..... | 310 |
| 7.3 Soorte MLI's in Afrikaans..... | 310 |
| 7.3.1 Meerwoordsetsels..... | 314 |
| 7.3.1.1 Groepsetsels..... | 314 |
| 7.3.1.2 Sirkumposisiesetsels..... | 317 |
| 7.3.2 Leenwoordgroepe..... | 318 |
| 7.3.2.1 Leenwoordgroepe as MLI's..... | 320 |
| 7.3.2.1.1 Eenheidsbetekenis..... | 320 |
| 7.3.2.1.2 Ander aspekte..... | 323 |
| 7.3.3 Idiomatiese formules..... | 326 |

| | |
|---|-----|
| 7.3.4 Deeltjiewerkwoorde..... | 330 |
| 7.3.4.1 Inleiding..... | 330 |
| 7.3.4.2 Skryfwyse..... | 331 |
| 7.3.4.3 Meerwoordig of nie?..... | 331 |
| 7.3.4.4 Sintakties en morfologies gesien..... | 335 |
| 7.3.4.5 Semanties gesien..... | 340 |
| 7.3.4.6 Samevatting: deeltjiewerkwoorde | 349 |
| 7.3.5 Idiome..... | 350 |
| 7.3.5.1 Die idioom: 'n definisie..... | 350 |
| 7.3.5.2 Uiterlike vormkenmerke..... | 353 |
| 7.3.5.3 Sintaktiese klassifikasie..... | 353 |
| 7.3.5.3.1 Vorm..... | 354 |
| 7.3.5.3.2 Funksie..... | 362 |
| 7.3.5.3.3 Die waarde van 'n sintaktiese klassifikasie | 367 |
| 7.3.5.4 Transformasionele defektiwiteit..... | 367 |
| 7.3.5.5 Semantiese klassifikasie..... | 368 |
| 7.3.5.5.1 Deursigtigheid..... | 368 |
| 7.3.5.5.2 Komposisionaaliteit..... | 369 |
| 7.3.5.5.3 Gemotiveerdheid..... | 372 |
| 7.3.5.5.4 Semantiese verhoudings..... | 374 |
| 7.3.5.6 Samevatting:idiome..... | 378 |
| 7.4 Samevatting: hoofstuk 7..... | 379 |

**HOOFSTUK 8 MEERWOORDIGE LEKSIKALE ITEMS IN AFRIKAANS:
VERDERE GROEPERINGE**

| | |
|---|-----|
| 8.1 Pragmatiese MLI's..... | 380 |
| 8.1.1 Diskoersmli's..... | 384 |
| 8.1.2 Kommunikatiewe formules..... | 386 |
| 8.1.2.1 Hoflikheidsformules..... | 386 |
| 8.1.2.2 Troos- en kalmeerwoorde..... | 386 |
| 8.1.2.3 Vloeke, dreigemente en verwensings..... | 387 |
| 8.1.2.4 Gelukwensings..... | 387 |
| 8.1.2.5 Uitroepe en tussenwerpsels..... | 387 |
| 8.1.2.6 Heildronke..... | 388 |
| 8.1.3 Pragmatiese MLI's as taalhandelinge..... | 388 |
| 8.1.4 Samevatting: pragmatiese MLI's..... | 389 |

| | | |
|-----------|---|-----|
| 8.2 | Kinegramme..... | 389 |
| 8.3 | Onomkeerbare binomiale..... | 393 |
| 8.3.1 | Binomiale as MLI's..... | 394 |
| 8.3.1.1 | Vastheid: onomkeerbaarheid..... | 394 |
| 8.3.1.2 | Idiomatisiteit..... | 395 |
| 8.3.1.3 | Geleksikaliseerdheid..... | 395 |
| 8.3.1.3.1 | Unieke elemente..... | 395 |
| 8.3.2 | Die struktuur van binomiale..... | 396 |
| 8.3.2.1 | Rym en alliterasie..... | 396 |
| 8.3.2.1.1 | Alliterasie van die eerste konsonant(e).... | 396 |
| 8.3.2.1.2 | Rym..... | 397 |
| 8.3.2.2 | Herhaling..... | 397 |
| 8.3.2.3 | Formele patrone..... | 397 |
| 8.3.3 | Semantiese patrone..... | 397 |
| 8.3.4 | Die skakels..... | 403 |
| 8.3.4.1 | Voorsetsels..... | 403 |
| 8.3.4.2 | Neweskickers..... | 404 |
| 8.3.5 | Sintaktiese gedrag..... | 405 |
| 8.3.6 | Samevatting: onomkeerbare binomiale..... | 406 |
| 8.4 | Vergelykings..... | 406 |
| 8.4.1 | Struktuurtypes..... | 406 |
| 8.4.1.1 | so + A + [soos + X]..... | 406 |
| 8.4.1.2 | so + A + [as + X]..... | 407 |
| 8.4.1.3 | so + A + S..... | 407 |
| 8.4.1.4 | NS + [soos + X]..... | 407 |
| 8.4.1.5 | WS + [soos + X]..... | 407 |
| 8.4.1.6 | soos + (NS/bywoord)..... | 407 |
| 8.4.1.7 | lyk soos + NS..... | 408 |
| 8.4.1.8 | (...) lyk asof / of / soos + S..... | 408 |
| 8.4.2 | Semanties gesien..... | 408 |
| 8.4.2.1 | Ondeursigtige vergelykings..... | 409 |
| 8.4.2.2 | Deursigtige vergelykings..... | 409 |
| 8.4.3 | Die vergelykingsformule..... | 410 |
| 8.4.4 | Samevatting: vergelykings..... | 411 |
| 8.5 | Spreekwoorde..... | 411 |
| 8.5.1 | Vastheid..... | 414 |
| 8.5.2 | Geleksikaliseerdheid..... | 416 |
| 8.5.3 | Idiomatisiteit..... | 416 |

| | |
|---|-----|
| 8.5.4 Oorsprong..... | 418 |
| 8.5.5 Apologiese spreekwoorde..... | 420 |
| 8.5.6 Samevatting: spreekwoorde..... | 420 |
| 8.6 Gevleuelde woorde en aanhalings..... | 422 |
| 8.6.1 Vastheid..... | 425 |
| 8.6.2 Semantiese spesialisering..... | 427 |
| 8.6.3 Geleksikaliseerdheid / geïnstitutionaliseerdheid..... | 428 |
| 8.6.4 Samevatting: gevleuelde woorde en aanhalings.... | 431 |
| 8.7 Clichés..... | 432 |
| 8.8 Kollokasies..... | 433 |
| 8.8.1 Vastheid..... | 435 |
| 8.8.2 Semantiese spesialisering..... | 440 |
| 8.8.3 Geïnstitutionaliseerdheid..... | 444 |
| 8.8.4 Kollokasies binne die kognitiewe semantiek..... | 445 |
| 8.8.5 Samevatting: kollokasies..... | 445 |
| 8.9 Terme en gespesialiseerde uitdrukkings..... | 447 |
| 8.9.1 Terme..... | 447 |
| 8.9.2 Gespesialiseerde uitdrukkings..... | 448 |
| 8.9.3 Samevatting: terme en gespesialiseerde uitdrukkings..... | 449 |
| 8.10 Samevatting: hoofstuk 8..... | 449 |

**HOOFSTUK 9 GEVOLGTREKKING EN PROBLEME VIR VERDERE
ONDERSOEK**

| | |
|---|------------|
| 9.1 Oorsig..... | 450 |
| 9.2 Die leksikografiese hanterig van MLI's..... | 451 |
| 9.3 Psigolinguistiese ondersoek..... | 453 |
| 9.4 Pragmatiese ondersoek..... | 454 |
| 9.5 Ten slotte..... | 454 |
| BIBLIOGRAFIE..... | 456 |

HOOFSTUK 1

INLEIDING

1.1 Die studieterrein

Hierdie studie het ten doel om 'n deelversameling van die Afrikaanse leksikon te wete meerwoordige leksikale items (MLI's) te ondersoek. Dit val binne die studiegebied van die leksikologie en meer bepaald binne die fraseologie. Dit gaan naamlik om die geweldige voorraad "voorafvervaardigde" stukke taal, wat strek vanaf groepsetsels (deur middel van) en deeltjiewerkwoorde (hou dop) tot by idiome (as puntjie by paaltjie kom), spreekwoorde (onbekend maak onbeminde), aanhalings (somer en son en saffier vir my) en kollokasies (onverdrote ywer)

Daar is verskeie redes waarom dié studieterrein gekies is. MLI's is alomteenwoordig in Afrikaans. Hulle word in enige stuk spontane taalgebruik aangetref. Baie MLI's word gekenmerk deur hulle idiomatiese aard - en tog word hulle sonder moeite verstaan en gebruik. Daar is 'n algemeen geldende opvatting dat veral idiome die eiesoortige aard van 'n taal besonder goed kan weergee. Idiome kan byvoorbeeld nie letterlik vertaal word nie - iets wat gesien word as 'n illustrasie van die eiesoortigheid, eienaardigheid van segswyse en kreatiwiteit van 'n spesifieke taal. Dié opvatting is die motivering agter die volgende advertensie vir reklame-Afrikaans wat oor radiosondergrense gehoor is:

Aangeklaagde: Your Honour, ek moes eers die kloutjie by die oor kry.

Tolk: The defendant says he had to put his paw to his ear.

Aangeklaagde: Ek het die kat uit die boom gekyk, your Honour, en toe sê ek vir die man: "Ek klap jou dat jou ma jou vir 'n eendvoël aansien", maar toe praat hy éérs 'n hond uit 'n bos uit.

Tolk: The defendant says that he had a problem with some domestic animal.

Aangeklaagde: Hy was geswaai, gewawel en gesool, your Honour. Hy was getrek soos 'n broekrek.

Landdros: Are you claiming that the complainant was inebriated?

Aangeklaagde: Absoluut, ongetwyfeld, so waar as wragtag, op sy kop, net so, your Honour, njannies kopêla, slaat my dood.

Tolk: The defendant says ..."yes".

Niks sê dit heeltemal soos Afrikaans nie. Kom kyk hoe reklame-Afrikaans losruk by die Pendorringtoekennings. (Advertensie-agentskap: Ogilvy & Mather Rightford Searle - Tripp & Makin.)

Ter aanduiding van die tipe leksikale items wat in hierdie studie ter sprake is, kan die volgende (uit *De Kat*, November 1991) as voorbeelde geld :

hoe dit ook al sy
stadig oor die klippe
dit is nie om dowe neute nie
die handdoek ingooi
onder leiding van
Die wind uit hulle seile gehaal
van hoek tot kant
in die slag gebly
uit die staanspoor

Nou gaan die poppe dans

(Die hele land) het **sy vere reg geskud** vir Mandela

rot en kaal besteel

klou vir die vale

om die waarheid te sê

onder meer

voet aan wal gesit

in rep en roer

voor stok hou

om die bos lei

Bogenoemde voorbeelde kan sonder moeite by bestaande sinne ingevoeg word, maar ook MLI's wat op hulle eie 'n sin vorm, soos spreekwoorde (**elke swart kraai dink sy eier is die witste**), vorm deel van die studie-objek.

Die afgelope paar jaar word gekenmerk deur geweldige belangstelling in die fraseologie. Die onderhawige studie wil daarby aansluit.

1.2 Die materiaalversameling

Die data wat in hierdie studie gebruik is, is uit 'n verskeidenheid bronne verkry.

Spreektaal

Idiome en ander MLI's wat in die loop van gesprekke gehoor is, is aangeteken. Die radio, met name Afrikaans Stereo en radiosondergrense, was van groot hulp. Voorbeelde uit formele toesprake en advertensies, wat op die grens lê tussen spreek- en skryftaal, is ook gebruik. Sowel informele as meer formele vorme van spreektaal was 'n ryk bron van voorbeelde.

Raspejoratiewe kom in sekere idiome in Afrikaans voor, bv. in **ou meide met knopkieries**. Dergelike idiome is ook in die proefskrif opgeneem.

Skryftaal

Daar is veral gebruik gemaak van koerante (*Beeld, Die Burger en Rapport*) en populêre tydskrifte (*Die Huisgenoot, Insig, De Kat*) vir die materiaalversameling, omdat daar geglo is dat hierdie vorme van skryftaal die werklike taalgebruik reflekteer.

Daar is nie 'n puristiese standpunt gehandhaaf nie en leenvertalings uit Engels (*die emmer skop, dit reën katte en honde*) is nie uitgesluit nie.

Waar 'n spesifieke konsep, soos dié van WOEDE, ondersoek is, is daar van idioomwoordeboeke, verklarende woordeboeke en 'n tesaurus gebruik gemaak - vergelyk die bibliografie. Vir die parafrases van betekenis is daar dikwels ook gebruik gemaak van die genoemde woordeboeke.

1.3 Begrippe en terme

Die volgende begrippe en terme word in die proefskrif hanteer en verduidelik:

leksikale item, meerwoordige leksikale item, vastheid, idiomatisiteit, komposisionaaliteit, deursigtigheid, gemotiveerdheid, geleksikaliseerdheid, prototipeteorie, motiveringsteorie, geïdealiseerde kognitiewe modelle, metaforiek, metonimie, konseptuele beeldskemas, konvensionele beelde, kennissisteme, isomorfisme, motivering.

1.4 Doelstellings

- om die sentrale studieobjek (die meerwoordige leksikale item in Afrikaans) te definieer en te begrens

- om die kenmerke van meerwoordige leksikale items vas te stel sodat daar makliker geoordeel kan word oor die leksikale-itemstatus van 'n verbinding

- om 'n oorsig te gee oor die hantering en beskrywing van meerwoordige leksikale items in die Engels-, Duits- en Afrikaanstalige literatuur

- om 'n teoretiese raamwerk te vind wat veral die semantiek van meerwoordige leksikale items bevredigend kan beskryf

- om hierdie teoretiese raamwerk te toets aan 'n aantal meerwoordige leksikale items in Afrikaans

- om 'n klassifikasie te gee van die meerwoordige leksikale items in Afrikaans

- om 'n bydrae te lewer tot die fraseologie in Afrikaans

'n Paar vrae, gekoppel aan bogemelde doelstellings, kom in die loop van die studie ter sprake:

- kan daar 'n stel finale en afdoende kriteria vasgestel word waaraan alle MLI's moet voldoen? Dit sal beteken dat die klas MLI's duidelik omlynde grense het en dat lidmaatskap van dié klas nie gradueel is nie.

- is 'n semantiese beskrywing van niekomposisionele MLI's moontlik? In die generatiewe en strukturele semantiek kan sulke beskrywings nie gedoen word nie. Die betekenis van MLI's word naamlik in hierdie teorieë gesien as 'n vaste, onanaliseerbare geheel.

1.5 Indeling van die proefskrif

Die proefskrif beslaan agt hoofstukke waarin daar gepoog is om aan bogenoemde doelstellings uitvoering te gee.

Hoofstuk 2

In hoofstuk 2 word die begrip *leksikale item* omskryf. Meerwoordige leksikale items word enersyds van komposita en andersyds van vrye woordverbindings onderskei. Daar word 'n voorlopige definisie van die term *meerwoordige leksikale item* gegee.

Hoofstuk 3

In hoofstuk 3 word die begrip *meerwoordige leksikale item* verder verken en so volledig as moontlik afgebaken. Dit is slegs moontlik deur gebruik te maak van 'n hele aantal kriteria. Daar word aangetoon dat MLI's in wisselende grade oor die volgende kenmerke beskik: meerwoordigheid, vastheid, idiomatisiteit en geleksikaliseerdheid.

Hoofstuk 4

Die kognitiewe grammatika met sy afwysing van streng grense en sy kontinuumgedagte is besonder geskik as teoretiese raamwerk om die MLI te bestudeer. Hierdie hoofstuk kyk kortliks na die kognitiewe semantiek en konsentreer veral op die insigte wat van hulp kan wees wanneer die semantiek van die MLI bestudeer word. Die werk van veral Langacker en Lakoff word betrek. Die aanpak in die kognitiewe semantiek word gekontrasteer met dié in die generatiewe en strukturele taalkunde.

Hoofstuk 5

Binne die raamwerk van die kognitiewe semantiek bied die motiveringsteorie die moontlikheid om MLI's wat voorheen

bloot as ondeursigtig of niekomposisioneel gesien is, nie alleen te ontlee en beskryf nie, maar om ook dié ontleding teoreties te fundeer. 'n Nuwe siening van komposisionaliteit en analiseerbaarheid kom na vore.

In hoofstuk 5 word daar gefokus op die motiveringsteorie van die kognitiewe semantiek. Motiverende skakels soos geïdealiseerde kognitiewe modelle, metaforiek, metonimie, konseptuele beeldskemas, konvensionele beelde en ensiklopediese kennis kom aan bod.

Hoofstuk 6

In hoofstuk 6 word die motiveringsteorie toegepas op MLI's in Afrikaans. Die gemotiveerdheid en relatiewe deursigtigheid van MLI's word as gegewe aanvaar en 'n aantal MLI's word ondersoek.

In die eerste ondersoek word idioome wat die konsep WOEDE uitdruk, ontlee deur te kyk na konseptuele metafore wat die konsep onderlê.

Die tweede ondersoek kyk na die motiverende rol van 'n spesifieke woord in 'n idioom. Idioome met die trefwoord **hand** word ondersoek en daar word aangetoon dat metaforiese en metonimiese betekenis wat verband hou met dié woord 'n rol speel in die totstandkoming van die geheelbetekenis van die idioom.

Derdens word gepoog om 'n soortgelyke ondersoek te doen met idioome waarin die woord **botter** voorkom. Daar word besluit dat ensiklopediese kennis in verband met die saak **botter** moontlik die totstandkoming (die enkodering) van die idioome waarin **botter** voorkom, motiveer, maar dat die woord **botter** op geen sistematiese wyse bydra tot die betekenis van die idioome waarin dit voorkom nie.

Laastens word 'n groep deeltjiewerkwoorde met om ondersoek. Daar word bevind dat konseptuele beeldskemas tot 'n groot mate die konseptuele kategorie waartoe die deeltjie behoort, struktureer.

Uit bogenoemde ondersoeke blyk dit dat die motiveringsteorie insigte lewer in verband met die semantiek van MLI's.

Hoofstuk 7

In hoofstuk 7 word daar begin met 'n klassifikasie van MLI's in Afrikaans. Daar word besluit op 'n strukturele klassifikasie. Die volgende tipe MLI's behoort tot die kerngroep MLI's in Afrikaans: meerwoordsetsels, leenwoordgroepe, idiomatiese formules, deeltjiewerkwoorde en idiome. Die verskillende groepe sluit mekaar nie volledig uit nie en oorvleueling vind plaas. Die klassifikasie is nie rigied nie.

Hoofstuk 8

In hoofstuk 8 word daar na 'n aantal MLI's gekyk wat om bepaalde redes uitgesonder kan word, naamlik pragmatiese MLI's, kinegramme, binomiale en vergelykings. Die feit dat hierdie MLI's in hoofstuk 8 aan bod kom, beteken nie dat hulle nie ook lede kan wees van die groepe wat in hoofstuk 7 onderskei is nie. Ten slotte word sekere tipes MLI's wat nie deel vorm van die kerngroep nie, te wete spreekwoorde, gevleuelde woorde en aanhalings, clichés en kollokasies bespreek.

Hoofstuk 9

In hoofstuk 9 word voorstelle vir verdere navorsing gemaak.

1.6 Ten slotte

Die fraseologie as studiegebied is baie wyd. Wat teorievorming betref, staan dié wetenskap nog in sy kinderskoene. Daar heers byvoorbeeld nog nie volle eenstemmigheid daaroor of die fraseologie 'n selfstandige deeldisipline vorm of nie. Uit die tradisionele leksikografiese hantering van MLI's blyk dit trouens dat MLI's nog nie volle erkenning as leksikale items in eie reg kry nie. Daar word gehoop dat dié studie sal help om die fraseologie in Afrikaans as volwaardige disipline verder te vestig en dat dit sal bydra daartoe om 'n leemte te vul in die Afrikaanse linguistiek.



HOOFSTUK 2

DIE MEERWOORDIGE LEKSIKALE ITEM: 'N VOORLOPIGE VERKENNING

2.1 Inleiding

Die leksikon van 'n taal bestaan uit die totale aantal leksikale items in daardie taal. In die tradisionele taalkunde en in die leksikografie in die besonder, is die leksikon beskou as 'n versameling woorde, 'n siening wat nog weerspieël word in die terme *woordeskat* en *woordeboek*. Hierdie siening word ondersteun deur die feit dat veral die Indo-Europese tale die neiging vertoon om morfeme te groepeer tot woorde. Zgusta (1967:586) verduidelik die tradisionele doenigwees met woorde as volg:

Our linguistic tradition is (...) connected with languages (like Latin and Greek) in which the word is one of the really central concepts, not only because of its morphological clarity but mainly because sentences consist, in these languages, of units which coincide, to a very large degree, with these morphological words, so that a sentence can be conceived as consisting simply of words.

Een van die uitvloeisels van hierdie tradisie is die feit dat dié leksikale eenhede wat uit slegs een woord bestaan in baie meer besonderhede bestudeer is as meerwoordige eenhede.

'n Studie soos dié van Van der Merwe: "Die Afrikaanse Woordeskat" (1968) gaan byvoorbeeld implisiet uit van die standpunt dat woorde bestudeer word, alhoewel "uitdrukkinge, segswyses, sinswendinge en gevleuelde woorde uit die klassieke en moderne tale" as 'n klein groepie onder leengoed aan bod kom (Van der Merwe

1968:115). As voorbeelde van metaforiese taalgebruik gee Van der Merwe die volgende: **gans en gaar, lont ruik, in die bresse spring, in die harnas jaag, in die kryt tree, in die skild voer** (1968:141) - hy beskou dus wel eenhede groter as woorde ook as deel van die **woordeskat**. Vergelyk ook **Volk en taal van Suid-Afrika** (1921) van Boshoff en **Praatjies oor ons taal** (1939) van Le Roux as voorbeelde van die manier waarop daar op woorde gekonsentreer is.

Om 'n definisie van woord te gee, is nie maklik nie, maar dit is bekend dat die woord vir taalgebruikers wel 'n psigiese realiteit is en dat hulle van hul intuïsie gebruik maak om dié realiteit gestalte te gee. Thun (1978:29) verwys byvoorbeeld na E. Sapir se bevinding dat Indiane, wat geen skrifkultuur het nie, tog sonder moeite die woordeenhede in hulle taal kan afgrens. Bauer (1983:8) toon ook oortuigend aan dat die begrip woord 'n linguistiese werklikheid is, ondere andere deur daarop te wys dat taalgebruikers 'n aanvoeling het vir wat 'n woord is en dat morfologiese kondisionering binne die woord plaasvind. Die onreëlmatige meervoud in Engels word byvoorbeeld deur die betrokke woord bepaal, bv. die **-en** by **ox**.

Die woord word tradisioneel beskryf as die kleinste selfstandige eenheid van vorm en betekenis: die woord is "(t)he smallest unit of a language which can stand alone as a complete utterance" (Crystal 1992: 419). As mens verder na Crystal se inskrywing onder word kyk, is dit duidelik dat die begrip woord op verskillende maniere benader kan word.

'n Woord kan beskou word as 'n *ortografiese eenheid* (wat die geskrewe taal betref) of 'n *fonologiese eenheid* (wat die gesproke taal betref). As ortografiese eenhede word woorde deur spasies afgegrens van ander; as fonologiese eenhede deur pouses. Die populêrste opvatting onder taalgebruikers is dat 'n woord 'n ortografiese eenheid is

(vergelyk onder andere De Villiers 1983:5): wat aanmekaar geskryf word, is 'n woord, wat los geskryf word, is twee of meer woorde. Hiervolgens kan woordstatus dus afhang van die betrokke taal se skryfkonvensies. So gesien is **te berde / teberde** in **te berde bring** een of twee woorde, is **inderhaas / in der haas** een woord óf drie woorde en so kan 'n mens aangaan. Die verwarring wat daar in Engels heers in verband met die spelwyse van komposita is 'n aanduiding van 'n soortgelyke probleem. (Vergelyk hier byvoorbeeld Quirk et al. 1972:980 en 1019). Om 'n woord dus uitsluitlik te sien as ortografiese eenheid beteken dat 'n baie onbevredigende kriterium aangewend word.

Die woord kan ook gesien word as *betekeniseenheid*. Ten opsigte hiervan kan die beswaar geopper word dat 'n kompositum, wat as een woord beskou word, uit meer as een betekenseenheid saamgestel is. Teenoor so 'n standpunt geld ook 'n ander siening, naamlik dat die vorming van 'n kompositum tot die skep van én 'n nuwe woord én 'n nuwe betekenseenheid lei. Erkenning moet gegee word aan die verskillende toepassingswaardes van dié kriterium. Sowel morfeme as woorde kan as betekenseenhede gesien word. Die verskeidenheid in die toepassingsmoontlikhede van die kriterium word ook geïllustreer deur die feit dat idiome duidelik betekenseenhede vorm, terwyl hulle in die oorgrote meerderheid van gevalle nie enkel woorde is nie. Mens kan hier onder andere wys op idiome waar enkelwoordparafrases van hulle betekense geredelik gegee kan word, soos **die tydelike met die ewige verwissel, bokveld toe, die laaste asem uitblaas, die weg van alle vlees gaan** en ander, wat almal "sterf" beteken. Ook die deeltjiewerkwoorde in Afrikaans kan as voorbeeld genoem word. Hulle tree soms as enkel woorde op en duidelik idiomaties, soos **dophou**.

Laastens is daar die moontlikheid om 'n woord te sien as 'n *grammatikale* of *sintaktiese eenheid*. Wat hieronder

tree en gemanipuleer te word, byvoorbeeld om verskuif te kan word in 'n sin as 'n ononderbreekbare eenheid. Vergelyk hier onder andere die standpunte van Lyons (1968:194-206); Leech (1981:188-9); De Villiers (1983:53); Ponelis (1989b:53); Cruse (1986:37). Woorde bestaan uit morfeme (uit ten minste een ongebonde morfeem) en kan in 'n sin geïsoleer word. Woorde word saamgevoeg om sinstukke (frases), klouse en sinne te vorm.

Dit is duidelik dat daar elemente in die woordeskat van 'n taal bestaan wat nie bogenoemde kenmerke besit nie, maar wat tog deel uitmaak van die "woordeskat". (Juis om dié rede word die term *leksikon*, wat nie so gebind is aan die term *woord* nie, verkies.) So is idiome betekeniseenhede maar nie enkele ortografiese eenhede nie en is isoleerbaarheid nie 'n kenmerk van affikse nie. Affikse word egter as elemente van die leksikon deur taalgebruikers raakgesien en herken - taalgebruikers kan sonder probleme nuwe woorde met behulp van affikse vorm. Dit is nie duidelik of idiome as leksikonelemente herken word nie, maar dit is waarskynlik so dat hulle as vaste kombinasies geleer en herken word, soos wat woorde ook geleer word.

Die onmoontlikheid om met die *woord* as basiese leksikologiese eenheid te werk, is baie dieselfde as om binne die morfologie met die *woord* as basiese eenheid te werk, vandaar die behoefte aan terme soos *morfeem*, *affiks*, *stam* en *wortel*. Die leksikon bestaan nie net uit woorde nie, alhoewel die tipiese leksikologiese eenheid wel die woord is (Geeraerts 1986:6; Cruse 1986:36). Daar is binne die leksikologie duidelik 'n behoefte daaraan om weg te beweeg van die "swak terminologie" (Ponelis 1989b:54) en 'n ander term te kies waarmee daar gewerk kan word.

2.2 Die leksikale item

Die terme wat gebruik word vir die basiese eenheid in die leksikologie is *leksikale item* of *leksikale eenheid*. Binne bepaalde kontekste word die term *lekseem* (vergelyk Crystal hieronder) ook gebruik. Oor die algemeen is leksikoloë en leksikale semantici dit eens oor wat alles as leksikale items beskou kan word. Sentraal in die siening van die leksikale item staan steeds die woordbegrip omdat woorde die grootste groep binne die groep leksikale items vorm.

Crystal gee die volgende inskrywing onder *lexeme*:

The smallest distinctive unit in the lexicon of a language; also called a **lexical item**. The term was introduced to avoid the ambiguity in the term 'word', when discussing vocabulary. A lexeme may consist of a single word (e.g. *table*) or more than one word (e.g. phrasal verbs, such as *switch off*). Also, a lexeme is an abstract notion, subsuming a range of variant forms (each of which is a word): *go*, for example, subsumes *gone*, *went*, *going*, and *goes* (Crystal 1992:226).

Uit hierdie definisie blyk die twee betekenisse wat in die taalkundeliteratuur aan die begrip *lekseem* geheg word. Eerstens tree dit op as sinoniem vir *leksikale item*. 'n Leksikale item het relatief stabiele en diskrete semantiese eienskappe en tree op in betekenisverhoudings soos antonimie en hiponimie (Cruse 1986:49). Tweedens dui die begrip *lekseem* die abstrakte vorm van 'n spesifieke leksikale item aan wat in verskillende vorme ("woordvorme") gerealiseer kan word. Lekseme word in die leksikon (in die betekenis van 'n 'ideale', mentale woordeboek) gelys. In die taalkundeliteratuur word die term *lekseem* lank reeds in hierdie tweede betekenis

gebruik, vergelyk onder andere Matthews (1974:11); Lyons (1977:19); Bauer (1983:11) en Cruse (1986:49;76). Carstens (1990:255) beskryf 'n lekseem as "'n abstrakte eenheid van vorm en betekenis wat as inskrywing in die mentale leksikon voorkom en wat gerealiseer word as 'n leksikale item". Ter wille van terminologiese duidelikheid word die term *leksikale item* in hierdie studie gebruik wanneer die eerste betekenis, naamlik (nie-abstrakte) eenheid in die leksikon, bedoel word.

Vir die meeste taalkundiges sluit die begrip *leksikale item* benewens woorde ook gebonde morfeme (affikse en stamme) en meerwoordige items soos idiome in. Vergelyk onder andere De Villiers (1975); De Stadler (1989); Eksteen (1989:360); Geeraerts (1986:6); Gouws (1989a:383); Ponelis (1989b).

Vervolgens word kortliks aandag gegee aan die standpunte van 'n paar taalkundiges. Alhoewel die terminologie verskil (daar word byvoorbeeld ook gepraat van *leksikale eenheid*, *leksikale element*, *leksikale komponent*), word deurgaans die basiese leksikologiese eenheid bedoel, wat in hierdie studie veral deur die term *leksikale item* aangedui sal word.

Zgusta (1971) lê veral klem op vaste woordkombinasies en meerwoordige leksikale eenhede wanneer hy dit het oor die leksikale eenheid. Formeel gesien strek leksikale eenhede van eenmorfemige enkelwoorde tot multiwoordeenhede en die grense tussen die verskillende tipes is nie skerp nie. Leksikale eenhede is vir hom konstituente van sinne en hulle het 'n eenheidsbetekenis onafhanklik van hulle formele struktuur of die aantal dele waaruit hulle bestaan (Zgusta 1971:157).

Quirk et al. (1972:980) stel as 'n algemene aanname:

It is well-known that combinations of grammatical words, called 'idioms', often constitute a single lexical item.

De Villiers (1975) lewer kritiek op die idee dat die woord die basiese leksikale element is en onderskei drie soorte leksikale elemente, nl. morfeme (stamme en affikse), lekseme en idiome. Hy gebruik die term *lekseem* vir die paradigmatische vorme van 'n woord - as abstrakte begrip dus. Vir hom is die hoofkenmerke van leksikale elemente dat hulle verbindbaar en vergelykbaar is met ander leksikale elemente (1975:38).

In 'n poging om leksikale items af te baken, betrek Cruse (1986:23-24) drie aspekte:

- die leksikale eenheid moet *sintagmaties* afgebaken word (dit wil sê die grense tussen leksikale eenhede in 'n sin moet duidelik vasgestel kan word);
- die vraag moet beantwoord word of 'n verskil in grammatiese gebruik (as dieselfde item as werkwoord en as selfstandige naamwoord gebruik word, soos **werk**) impliseer dat daar van aparte leksikale items gepraat moet word;
- laastens moet daar besluit word oor kwessies rakende betekenisverskil, byvoorbeeld by homonimiese vorme soos **bank**.

Cruse definieer die basiese sintagmatiese leksikale eenhede van 'n sin met behulp van twee kriteria:

- 1) 'n leksikale eenheid moet ten minste een semantiese konstituent wees
- 2) 'n leksikale eenheid moet ten minste een woord wees.

'n Leksikale eenheid is dus vir hom eerstens 'n volwaardige lid van 'n sin in die sin dat dit nie kleiner as 'n woord is nie. Affikse word dus nie beskou as leksikale eenhede nie, maar eenhede groter as woorde (soos idiome) wel, as daar voldoen word aan die kriterium van semantiese konstituent. Hy verduidelik voorts wat hy bedoel met *semantiese konstituent*:

elke samestellende konstituent van 'n sin wat met die betekenis van die ander samestellende konstituente verbind om die betekenis van die sin as geheel te lewer (Cruse 1986:25).

Hy stel 'n diagnostiese toets van herhalende semantiese kontras voor waarmee semantiese konstituente vasgestel kan word (Cruse 1986:26). (Vergelyk ook 3.4.3.6)

Die meeste semantici beskou 'n leksikale item nie in die eerste plek as 'n sintagmatiese eenheid soos Cruse nie en eenhede kleiner as woorde word ook as leksikale items beskou.

Ponelis (1989b) gee 'n beskrywing van leksikale elemente wat hy knoop aan die verskynsels geleedheid, gebondenheid, sintaktiese status en klaslidmaatskap. Sowel 'n komplekse vorm soos *vinniger*, as die morfeme waaruit dié kompleks bestaan, nl. *vinnig-* (stam) en *-er* (affiks) kan aanspraak maak daarop om as leksikale elemente beskou te word. Ponelis gebruik die terme *leksikale element* en *leksikale eenheid*, nie *leksikale item* nie. *Lekseme* is vir hom woorde, woordgroepe en stamme. Uit sy bespreking kan afgelei word dat die volgende almal as leksikale elemente in Afrikaans beskou kan word:

affikse (-aard; -er; ens.)

vry en gebonde stamme (*vinnig-*; *elektr-*)

komplekse (*grysaard*)

komposita (**huurooreenkoms**)

meerwoordige leksikale eenhede (**dophou**)

Ponelis onderskei verder ook nie-segmenteerbare leksikale elemente soos leksikale klasse (naamwoorde, werkwoorde, ens.). *Leksikale element*, soos wat hy die term gebruik, kan dus nie as sinoniem met *leksikale item* beskou word nie. Grammatiese en semantiese geleedheid val nie altyd saam nie. So is komposita soos **windhond** en meerwoordige leksikale eenhede soos **dophou** grammaties geled maar semanties simpleks. Betekenis is nie vir hom 'n kriterium op grond waarvan 'n eenheid as leksikale eenheid onderskei kan word nie. Nie-betekenisdraende elemente soos **wind-** in **windhond** en **dop-** in **dophou** word as voorbeelde gelys. (Dit is natuurlik 'n vraag of **wind-** en **dop-** wel so sonder betekenis is as wat hier gestel word. Op hulle minste is dit hierdie elemente wat sorg dat 'n ander betekenis as **hond** en **hou** tot stand kom.)

De Stadler (1989) onderskei simplekse leksikale items (simplekse en morfeme), komplekse leksikale items waarvan die betekenis ondeursigtig is en multiwoordeenhede. Hy maak 'n indeling volgens grammatiese geleedheid. Semantiese ongeleedheid of eenheidsbetekenis geld vir hom as deurslaggewende kriterium om leksikale items te onderskei.

Gouws (1989a, 1989b en 1990) beskou telkens eenhede kleiner as die woord (onselfstandige morfeme, affikse), eenhede op woordvlak ("selfstandige woorde" sowel ongeleed as geled) en meerwoordige leksikale eenhede, onder andere groeppoorsetsels en idiome, as leksikale items.

Leksikale items kan beskou word as die eenhede (deur De Villiers 1975:37 *keneenhede* genoem), waarmee eerstens woorde en tweedens eenhede soos sinstukke, klouse en sinne gevorm word. Leksikale items dien dus as boustene

van die leksikon en vertoon twee aspekte, nl. 'n klanklike aspek en 'n betekenisaspek. Soos woorde het leksikale items ook 'n versameling eie idiosinkratiese sintaktiese eienskappe (Ponelis 1984:232). Sekere affikse verbind byvoorbeeld net met sekere woordklasse: **-baar** verbind byvoorbeeld uitsluitlik met werkwoorde (Kempen 1969:432); **-loos** verbind net met s.nwe. (Kempen 1969:541). Sekere idiome tree soos oorganklike werkwoorde op en vereis 'n voorwerp: **van stapel stuur, in die skild voer**; ander tree sonder meer as leksikale item in 'n sin op: **aardjie na sy vaartjie, uit die bloute**.

Die definiëring van 'n leksikale item word problematies wanneer leksikale items afgegrens moet word teenoor dié elemente (veral byvoorbeeld komposita en vrye kombinasies van woorde in sinne) wat nie as leksikale items in eie reg beskou word nie. Sekere kriteria word aangewend om te help by die vasstelling van leksikale items en dié kriteria is in 'n hoë mate semanties van aard.

'n Leksikale item vorm volgens Gouws (1989a:387) 'n betekenseenheid of betekenisgeheel. 'n Leksikale eenheid is ook vir Zgusta iets met 'n eie, verenigde en onderskeidende leksikale betekenis (1971:157).

Betekenseenheid impliseer nie noodwendig semantiese ongeleedheid nie. Deeltjiewerkwoorde soos **mooipraat** is semanties geleed, maar vorm 'n betekenisgeheel. Betekenseenheid word hier verstaan as dat 'n *bepaalde betekenis* deur 'n leksikale item gedra moet word om talig voorgestel te word. Die tot-taal-wording van betekenis in 'n leksikale item kan dan gesien word as leksikalisering. Betekenis kom tot taal in affikse, in simplekse, komplekse en komposita en ook in multileksikale vorm. Die betekenis "mal"/"gek" kan byvoorbeeld as **in die bol gepik** geleksikaliseer word. Omdat hierdie verbinding van 'n paar woorde 'n enkele betekenis verwoord, is so 'n verbinding ook 'n leksikale item.

Die kwessie van betekenis-eenheid en betekenisgeheel is natuurlik nie onproblematies nie. Gouws (1989a:385-387) betrek die begrippe deursigtigheid en geleksikaliseerdheid om groter duidelikheid hier te verkry. Ondeursigtige komposita en multileksikale eenhede soos idiome word op grond van hulle ondeursigtigheid

die feit dat betekenis aan die eenheid as geheel toegeken is en die verwoording van betekenis nie via die individuele komponente van die kompositum geskied (...) nie (Gouws 1989a:386)

as volwaardige leksikale items beskou. Vergelyk ook Geeraerts (1986:31) en De Stadler (1989:51). Deursigtigheid is dikwels 'n kwessie van graad. As gevolg hiervan is daar ten opsigte van sekere verbindings van morfeme (by komplekse en komposita) en van woorde (die sogenaamde vaste en vrye kombinasies) nie 'n absolute maatstaf vir die vasstelling van 'n leksikale item nie.

Komposisionaaliteit is as begrip verwant aan deursigtigheid en word, soos deursigtigheid, deur taalkundiges aangewend om te help besluit oor leksikale itemstatus. Carstens gebruik byvoorbeeld die komposisionaaliteitsbeginsel as heuristiese middel om te onderskei tussen leksikale items en vrye verbindings (Carstens 1990 :288).

Daar kan aanvaar word dat 'n leksikale item 'n eenheidsbetekenis vertoon. Die vraag is of 'n leksikale item se betekenis noodwendig ook niekomposisioneel is. In hoofstuk 3 sal hierdie probleem van nader bekyk word.

As gevolg van hulle eenheidsbetekenis word idiome byvoorbeeld as leksikale items beskou (vergelyk onder andere Fernando & Flavell 1981:22; Cruse 1986:37;

Geeraerts 1986:6; De Stadler 1989:52; Carstens 1990:181; Crystal 1992:180).

'n Leksikale item se betekenis is konvensioneel, geleksikaliseerd. Hierdie konvensionaliteit of geleksikaliseerdheid sien Geeraerts as 'n semantiese onreëlmatigheid wat die rede is vir die opname van die item in die leksikon (Geeraerts 1986:6).

Die begrippe *deursigtigheid* en *komposisionaliteit* kom in hoofstuk 3 meer volledig aan bod.

2.2.1 Samevatting: die leksikale item

1. 'n Leksikale item word in hierdie studie onderskei van lekseem. Die term word gebruik vir alle onderskeibare eenhede in die woordeskat van 'n taal. By die vasstelling van die leksikale items gaan dit nie in die eerste plek om die vraag of die leksikale items in die mentale leksikon opgeneem moet word of nie.

2. Waar die term *woord* te kort skiet en nie daarin slaag om al die boustene van die leksikon te omvat nie, word die term *leksikale item* gebruik en dit sluit dan eenhede kleiner as woorde, woorde en meerwoordgroepe in. Met hierdie afbakening word aangesluit by die heersende denkrigting in die leksikologie.

3. Betekeniseenheid of betekenisgeheel word as die belangrikste definiërende kenmerk van die leksikale item beskou (vergelyk Gouws 1989a:387).

2.3 Die meerwoordige leksikale item

Die tipe leksikale items wat in hierdie studie onder die loep geneem word, is dié leksikale items wat normaalweg nie deur die taalgebruikers as sodanig raakgesien word nie, nl. meerwoordige leksikale items (verder afgekort

tot MLI). As inleiding tot die bespreking van die MLI word daar eerstens kortliks gekyk na die begrip *vaste verbinding*.

2.3.1 Vaste en vrye verbindings

Die bespreking wat volg, moet gesien word as 'n baie oorsigtelike verkenning van die begrip *vaste verbinding*. In hoofstuk 3 word terminologiese kwessies bespreek en meer uitvoerig hierop uitgebrei.

Waar leksikale items met mekaar in sinne of frases verbind, is daar sprake van twee tipes verbinding wat oor die algemeen met die terme *vaste en vrye verbindings* aangedui word (vergelyk onder andere Zgusta 1971:138; De Villiers 1975:132 e. v.; Carstens 1990; Verstraten 1992). As sinoniem vir *vaste verbinding* word dikwels ook *idiomatiese verbinding* gebruik. In (1) is daar 'n voorbeeld van 'n vaste verbinding en (2) is 'n vrye verbinding:

- (1) Hy word **van bakboord na stuurboord** gestuur.
- (2) Hy word **van Kaapstad na Johannesburg** gestuur.

Lyons (1981:42) verdeel die uitdrukkings in 'n taal in twee groepe: leksikaal-eenvoudige (*lexically simple*) uitdrukkings (lekseme) wat die woordeskateenhede van 'n taal is en leksikaal-saamgestelde (*lexically composite*) uitdrukkings, wat uit die eerste groep uitdrukkings opgebou word met behulp van sintaktiese reëls. Die eerste groep uitdrukkings het 'n eindige aantal lede terwyl die tweede groep steeds uitgebrei kan word. So is **pass muster** 'n lekseem en **pass the examination** 'n saamgestelde uitdrukking. Reëls vir woordvorming stel taalgebruikers daartoe in staat om nuwe woorde te vorm uit bestaande leksikaal eenvoudiger uitdrukkings en die komposisionaaliteitsbeginsel bied 'n manier waarop die betekenis

afgelei kan word. Kortliks kan die komposisionaaliteitsbeginsel as volg verduidelik word: dit is 'n beginsel in die formele semantiek wat stel dat die betekenis van 'n leksikaal saamgestelde uitdrukking sistematies vasgestel kan word op basis van die betekenis van die eenvoudiger uitdrukkings waaruit dit saamgestel is. **Politeness** hoef nie, volgens Lyons, in 'n woordeboek opgeneem te word nie, omdat sowel sy betekenis as sy grammatiese eienskappe deur reëls voorspelbaar is.

Sekere kombinasies van woorde lyk op die oog af asof hulle saamgestelde uitdrukkings is omdat hulle uit meer as een woord (dit wil sê leksikaal-eenvoudige uitdrukking) opgebou is. Die komposisionaaliteitsbeginsel wat van hulp is by die vasstelling van die betekenis van 'n saamgestelde uitdrukking sal hier óf van geen hulp wees nie, óf die verkeerde betekenis lewer, omdat sekere vaste verbindings letterlike teëhangers het waar die woorde in vrye verbinding met mekaar optree:

(3) Hy slaan die bal mis.

(4) Hulle trek die wa deur die drif.

"Vaste" kombinasies kom so dikwels voor dat hulle nie as uitsonderings in die woordeskat beskou word nie, maar as 'n onderdeel daarvan:

van heinde en verre
op jou hoede
uit die bloute
op hol
op stryk
veels geluk
op die koop toe
nugter weet
uit die boonste rakke

Zgusta gee voorbeelde soos die volgende uit Frans en Engels: *chemin de fer, salle à manger, guinea pig, sea anemone, good day* (Zgusta 1971:144). Verstraten (1992:11) noem die volgende voorbeelde uit Nederlands: *achter slot en grendel, met medewerking van, van top tot teen*.

Dit is vir kombinasies van woorde soos die voorbeelde hierbo dat die term *vaste verbinding* gebruik word.

2.3.1.1 'n Paar kenmerke van vaste verbindings

2.3.1.1.1 'n Vaste verbinding bestaan uit meer as een woord

Komposita is nie vaste verbindings nie. In paragraaf 2.4.1 word daar wel ingegaan op die kwessie van semantiese spesialisering wat by komposita voorkom en wat ook 'n kenmerk is van sommige vaste verbindings. Daar word ook gewys op die feit dat dit soms onduidelik is waar die grens tussen 'n samestelling en 'n losser woordgroep lê.

2.3.1.1.2 'n Vaste verbinding vertoon betekenseenheid

In 'n vaste verbinding dra die kombinasie van woorde saam 'n enkelvoudige betekenis soos wat 'n leksikaal-eenvoudige item betekenis dra. Die hele vaste verbinding kan trouens soms vervang word met 'n enkele woord:

(5) Dit is vermaak uit die boonste rakke.

(6) Dit is van die beste vermaak.

(7) Sy sit op die rak.

(8) Sy is 'n oujongnooi.

(9) Hy het uit die bloute opgedaag.

(10) Hy het onverwags opgedaag.

(11) Ek het op die koop toe nog 'n belediging gekry.

(12) Ek het boonop/ bowendien nog 'n belediging gekry.

(13) Wees op jou hoede.

(14) Wees versigtig.

2.3.1.1.3 Die woorde in 'n vaste verbinding verloor tot 'n groot mate hulle woordstatus

Die gebrek aan woordstatus van woorde in 'n vaste verbinding is veral duidelik wanneer die woorde in 'n vaste verbinding vergelyk word met dié in 'n vrye verbinding. Onder woordstatus word verstaan dat woorde onder andere die volgende eienskappe besit: eie, afsonderlike betekenis; vervangbaarheid, verskuifbaarheid, isoleerbaarheid, fleksieoontlikhede. In 'n vaste verbinding verval al of sommige van dié kenmerke dikwels.

Die vaste kombinasies van woorde tree in die taalsisteem anders op as vrye verbindings. In 'n vrye verbinding van woorde kan elke woord (hier verstaan as sinoniem met leksikale item) sistematies bydra tot die betekenis van die geheel; elke woord kan as 'n aparte leksikale item met 'n duidelik onderskeibare betekenis optree. Die betekenis van die geheel van die verbinding kan afgelei word van die betekenis van die afsonderlike woorde. (Daar word hier nie kategorieë beweer dat die betekenis van alle vrye verbindings op dié wyse komposisioneel saamgestel word nie. Verbindingsreëls en pragmatiese oorwegings speel dikwels ook 'n rol). In 'n vrye verbinding is die afsonderlike woorde "vervangbaar (...) om telkens nuwe betekenseenhede op te lewer" (De Villiers 1975:132). In 'n vaste verbinding het die woorde in die verbinding "verstar (...) tot 'n enkele soort betekenseenheid" (De Villiers 1975:132). Waar die vervanging van 'n woord in 'n vrye verbinding tot 'n

aanpassing in die betekenis van die verbinding as 'n geheel lei, lei die vervanging van 'n woord in 'n vaste verbinding tot 'n totaal ander uiting met 'n totaal ander betekenis.

(15) Hy slaan die bal mis ("Hy maak 'n fout").

(16) Hy slaan die sak mis ("Hy slaan die sak mis").

In op heter daad kan heter byvoorbeeld nie vervang word met 'n ander woord, nie en kan heter ook nie as woord geïsoleer word met 'n eie betekenis nie. In die uitdrukking **dis nie om dowe neutte nie** het **dowe** geen verband met die leksikale item **doof** nie en kan geen woord in die uitdrukking verskuif word of selfs uitgelaat word nie. In **skouer aan die wiel sit** kan **skouer** nie vervang word met ander woorde in die semantiese veld van **skouer** soos **arm** of **rug** nie:

* **rug aan die wiel sit**

* **arm aan die wiel sit**

Soms is dit tog moontlik dat een woord in 'n vaste verbinding met 'n sinoniem of betekenisverwante woord vervang kan word:

**met die verkeerde voet uit die bed/kooi
klim/opstaan**

Die woorde in 'n vaste uitdrukking boet veral beweeglikheid in. Die omkeerbaarheid wat 'n kenmerk van neweskikkingskonstruksies is (vgl. Ponelis 1979:603) geld nie vaste uitdrukkings nie: vergelyk **met huiltjie en muiltjie teenoor met muiltjie en huiltjie**; **van heinde en verre teenoor van verre en heinde**; 'n rat voor die oë **draai en voor die oë 'n rat draai**.

Die woorde in 'n vaste uitdrukking kan meestal nie geskei word nie:

- (17) Die kamer is **aan die kant**.
- (18) Die kamer is **aan die verste kant**.

Soos ook in hoofstuk 3 aangetoon word, kry mens egter baie gevalle soos die volgende:

- (19) Die konsert was **uit die heel boonste rakke**.
- (20) Hy het nou **die bal heeltemal mis geslaan**.

Feinauer (1983) wys op die verskynsel van vloekwoordinvoeging, waarmee woorde in vaste verbindings geredelik geskei kan word:

- (21) Hulle het van heinde en bleddie verre gekom.
- (22) Sit bietjie skouer aan die bleddie wiel man!

Wanneer leksikale items sintagmaties met mekaar verbind, geskied die verbinding gewoonlik lineêr. In 'n vrye verbinding kan die leksikale items nie na willekeur rondgeskommel word nie, maar 'n herrangskikking van sinstukke is wel moontlik:

- (23) Sy het gister dorp toe gegaan.
- (24) Gister het sy dorp toe gegaan.

In 'n vaste verbinding is so 'n herrangskikking soms glad nie moontlik nie:

- (25) **Die koeël is deur die kerk.**
- (26) * **Deur die kerk is die koeël.**

Woorde wat vas met mekaar verbind, hoef dit nie altyd in dieselfde lineêre volgorde te doen nie. By deeltjiewerkwoorde gebeur dit naamlik dat die deeltjie en

die werkwoord nie altyd in dieselfde lineêre volgorde verbind nie:

(27) Die planne **loop skeef**.

(28) Die planne sal **skeefloop**.

Die twee dele van 'n deeltjiewerkwoord kan deur ander leksikale items onderbreek word:

(29) Hulle planne **loop ook altyd skeef**.

Ook sirkumposisiesetsels word onderbreek:

(30) **Deur** die jare **heen** het sy geduldig bly wag.

Die twee dele van 'n sirkumposisiesetsel en van 'n deeltjiewerkwoord is dus nie vas aan mekaar soos wat die dele in die volgende uitdrukkings is nie: **wik en weeg, koetjies en kalfies, ten einde, ten gunste van, blakend gesond**. Wat wel waar is, is dat die vaste verbinding van woorde as geheel soos 'n enkele leksikale item optree, veral wat die betekenisaspek betref. In **skeefloop, om die bos lei** en ander deeltjiewerkwoorde, kan daar immers nie afsonderlike betekenis aan die deeltjies toegeken word wat in verbinding met die werkwoord komposisioneel 'n nuwe betekenis oplewer nie.

Woorde binne 'n vaste verbinding vertoon nie die normale fleksiemoontlikhede van byvoorbeeld meervoud of 'n keuse tussen die normale en die verkleiningsvorm nie:

* **aardjie na sy vader/vaar**

* **die kastaiing uit die vuur krap**

2.3.1.1.4 Vaste verbindings boet veral deursigtigheid in

Daar moet met omsigtigheid gebruik gemaak word van die kriterium van semantiese deursigtigheid by die onderskeid

tussen vaste en vrye verbindings. Dit is nodig om daarop te wys dat daar sprake is van 'n graduele oorgang van volkome deursigtige uitdrukkings aan die een kant (vrye verbindings) tot totaal ondeursigtige uitdrukkings (vaste verbindings) aan die ander kant van die spektrum:

Deursigtig:

(31) Hy het met sy tas in die hand kom vra of ons hom nie kan help nie.

Halfdeursigtig:

(32) Hy het met die hoed in die hand kom vra of ons hom nie kan help nie.

Ondeursigtig:

(33) Hy het sy rieme styfgeloop.

Tussen die twee uiterstes van volkome deursigtig aan die een kant en totaal ondeursigtig aan die ander kant lê baie verbindings "waar die afsonderlike dele se betekenis nie duidelik spreek nie maar op grond van die begrip van die geheel wel vertolk kan word" (De Villiers 1975: 135). Hier dink mens aan voorbeelde soos: die hef in die hand hê, om die hals val, (jou) neus iewers insteek, met vuur speel, mosterd na die maal. Die ondeursigtigheid van sulke voorbeelde lê in die manier waarop hulle iets beteken. Hulle betekenis word naamlik nie stap vir stap uit die betekenis van die dele afgelei nie, maar die vaste verbinding beteken van meet af aan as geheel iets. Vanuit die geheelbetekenis kan dan die betekenisverband met die afsonderlike betekenis, in figuurlike sin, raakgesien word. In (32) is daar 'n vaste verbinding met die betekenis "nederig", "ootmoedig" wat wel nie komposisioneel uit die dele van die verbinding

afgelei kan word nie, maar waarvan die betekenis tog deur die beeld ondersteun word.

2.3.1.1.5 Vaste verbindings is dikwels transformasioneel defektief

Carstens (1990:198) noem die volgende transformasies wat nie deur idiome ondergaan kan word nie: splitsing, vooropplasing, pronominalisasie en fleksiemodifikasie. Hieroor meer in hoofstuk 3.

Verstraten (1992:45 e.v.) groepeer 'n paar van bogenoemde kenmerke (soos die feit dat woorde in 'n vaste verbinding nie weggelaat of vervang kan word nie en dat sekere transformasies nie uitgevoer kan word nie) saam en noem dié kenmerk dan die *vastheid* of *gefikseerdheid* van vaste verbindings.

2.3.2 Die meerwoordige leksikale item: 'n voorlopige definisie

Verstraten, in haar werk oor vaste verbindings in Nederlands, gee die volgende werksdefinisie van *vaste verbinding*:

een vaste verbinding is een combinatie van minimaal twee lexicale elementen (woorden), die als gefixeerd geldt (Verstraten 1992:12).

Die term wat in hierdie studie gebruik sal word vir vaste verbindings soos wat hulle in die voorafgaande paragraaf beskryf is, is *meerwoordige leksikale item* en dit kan voorlopig gedefinieer word as:

'n leksikale item of geleksikaliseerde uitdrukking wat uit meer as een woord bestaan en wat as eenheid in die leksikon optree.

Die term *leksikale element* wat in Verstraten se definisie sinoniem met *woord gebruik* word, word ter syde gestel ten gunste van die term *woord*. Die lede van 'n MLI is nie afsonderlike leksikale elemente met eenheidsbetekenis nie omdat die hele verbinding gesien word as een leksikale item. Die term *woord* wat 'n ondoeltreffende term in die leksikologie blyk te wees, word hier in die formele sin van die woord beskou: in hoë mate slegs 'n ortografiese eenheid wat geskei staan van ander soortgelyke eenhede in die verbinding. Die belangrikste aspek van die definisie is myns insiens die feit dat so 'n kombinasie van woorde beskou word as 'n leksikale item wat ook so in die taal funksioneer. Dit het 'n teoretiese implikasie vir die leksikologie (wat gedefinieer word as die studie van 'n taal se leksikale items). MLI's word dan by voorbaat ingesluit by so 'n studie. Daar word dus afskeid geneem van die term *vaste verbinding* ter wille van groter terminologiese duidelikheid. Die hele kwessie van die *vastheid* van 'n MLI sal eers in meer besonderhede bestudeer moet word (in hoofstuk 3) voordat dié kenmerk moontlik in 'n definisie van die MLI ingesluit kan word.

2.3.3 Samevatting: die meerwoordige leksikale item

'n MLI is 'n leksikale item soos ander leksikale items in die leksikon. Voorlopig kan gesê word dat MLI's dieselfde kenmerke as vaste verbindings vertoon.

2.4 Komposita en meerwoordige leksikale items

2.4.1 Ooreenkomste

MLI's is per definisie leksikale items wat kwalifiseer vir opname in die leksikon. Dit is nie so vanselfsprekend die geval met komposita nie.

Uit die voorlopige definisie van die MLI is dit duidelik dat komposita hierdeur uitgesluit word - komposita bestaan naamlik nie uit meer as een woord nie. Wanneer ons sê dat komposita per definisie nie MLI's is nie, stel ons 'n paar vrae in hierdie verband ter syde. Net soos wat die onderskeid tussen MLI's en die vrye verbinding van woorde nie altyd onproblematis is nie (vergelyk die bespreking rondom onder andere kollokasies in hoofstuk 8), is dit nie altyd duidelik wanneer mens te make het met 'n kompositum en wanneer met 'n woordgroep nie (vergelyk Kempen 1969:83 en Quirk 1972:45; 1019). Voorbeelde soos die volgende geld as probleemgevalle: **ope dag, goue bruilof, swart mark, gemene reg, hoë klas, dooie punt**. Vir Afrikaans geld die spellingsstelsel gewoonlik as riglyn, alhoewel hier soms probleme is (vergelyk De Villiers 1975:145 en paragraaf 2.5). Semanties gesien, is daar tog dikwels 'n aanduiding dat mens met 'n kompositum te make het, omdat 'n kompositum se betekenis nie altyd op 'n eenvoudige manier afgelei word van sy dele nie - daar is naamlik sprake van semantiese spesialisering. Die verskil in betekenis tussen **donkerkamer** en **donker kamer** dien hier as illustrasie.

Die probleem in verband met die onderskeid tussen komposita en MLI's word goed geïllustreer deur die volgende komposita wat deur Zgusta (1971:144) as voorbeelde van *multiword lexical units* aangehaal word: **sea anemone, sea acorn, guinea pig**. Makkai (1972:37) beskou die sg. "phrasal compounds" soos **The White House, blackbird**, en **hot dog** as idiome en idiome maak as groep seker die belangrikste deel uit van die groot groep MLI's. Uit sowel Zgusta as Makkai se uiteensettings is dit duidelik dat dit die idiomatiese aard van sulke komposita is wat hulle geskik maak om as eiesoortige leksikale items geklassifiseer te word. De Beer (1989:130) noem sulke komposita *sinsdeelidiome* en hy

sluit 'n voorbeeld soos **die geel bladsye**, wat 'n MLI is, hieronder in.

In hierdie studie word aanvaar dat komposita nie meerwoordig is nie en hulle word dus by die studie uitgesluit. Die idiomatiese aard van baie MLI's, wat ook 'n kenmerk van baie komposita is, dien egter as motivering vir 'n ondersoek na die ooreenkomste en verskille tussen komposita en MLI's wat dié aspek van hulle betekenis betref. Veral een soort MLI, idiome, kom hier ter sprake.

Komposita vertoon in sekere opsigte 'n eie struktuur. Hulle is nie woordgroepe nie, maar woorde. In die samevoeging van twee stamme tot 'n nuwe woord, kom 'n nuwe betekenis tot stand wat nie volledig deur die komposisionaaliteitsbeginsel ondervang kan word nie (vergelyk Carstens 1990:104). Hierdie proses staan onder andere bekend as semantiese spesialisering. MLI's funksioneer soms soos woorde, maar is per definisie nie (enkel) woorde nie. Die vraag kan gevra word of daar in die proses van samevoeging van meer as een woord tot 'n nuwe leksikale item by MLI's ook sprake van semantiese spesialisering is. In die lig hiervan word dié aspek van komposita kortliks onder die loep geneem.

Die rol wat komposisionaaliteit by onderskeidelik komposita en MLI's speel, bied 'n interessante invalshoek. Die niekomposisionaaliteit van idiome (een soort MLI) kan voorlopig as gegewe aanvaar word (vgl. Cruse 1986:37; Fernando & Flavell 1981:22), maar by ander MLI's is daar wel sprake van komposisionaaliteit. Hier is deeltjiewerkwoorde soos **uitgaan**, **opstyg**, **afklim** en dergelike meer goeie voorbeelde. Komposisionaaliteit kan dus nie sonder meer gebruik word as middel om MLI's van ander leksikale items af te grens nie.

Alhoewel komposita nie per definisie niekomposisioneel is nie, kan die betekenis van 'n kompositum nie sonder meer beskou word as 'n funksie van die betekenis van sy konstituente nie en geld die komposisionelheidsbeginsel slegs in relatiewe mate by komposita (Carstens 1990:104). Betekenis word op 'n eiesoortige wyse vergestalt in komposita.

Benewens die kwessie van komposisionelheid en in samehang hiermee kom sake soos deursigtigheid, idiomatisering en semantiese spesialisering ook ter sprake wanneer daar oor sowel komposita as MLI's gepraat word.

Die gesprek oor deursigtigheid by komposita kan verhelder word deur na twee soorte komposita te verwys wat op grond van semantiese oorwegings onderskei kan word. By endosentriese komposita - soos **skeerbekmuis**, **kamerdeur**, **ryperd**, **leunstoel**, **visvang** - is die kompositum 'n hiponiem van die kop of kern. 'n Leunstoel is 'n stoel, 'n skeerbekmuis is 'n (tipe) muis. Eksosentriese komposita soos **Rooinek**, **boekwurm**, **blikbrein** is hiponieme van versweë semantiese kerne. 'n Rooinek en 'n boekwurm is soorte mense, 'n blikbrein is 'n soort voorwerp. Endosentrisiteit impliseer groter semantiese deursigtigheid as eksosentrisiteit, maar ook hier is die deursigtigheid relatief omdat daar altyd sprake is van semantiese spesialisering by komposita. 'n **Moltrein** is byvoorbeeld wel 'n soort trein, maar die kompositum is nie volkome deursigtig nie. Die stam wat die kern spesifiseer (**mol-**) moet metafories geïnterpreteer word. Net so is eksosentriese komposita nie volkome ondeursigtig nie. Die stamme lewer nog steeds selfstandige semantiese bydraes tot die geheelbetekenis. 'n **Rooinek** is iemand wie se nek rooi gebrand is deur die son, omdat h/sy nie gewoon is aan die son nie; 'n immigrant dus, veral 'n Engelsman (vergelyk Boshoff & Nienaber 1967:551).

Dieselfde onderskeid tussen ekso- en endosentrisiteit kan ook gebruik word om die semantiese aard van baie MLI's te beskryf - vergelyk Van Sterkenburg (1991:41) en Verstraten (1992:75-77). 'n MLI (of vaste verbinding) is endosentries indien die kernwoord (naamwoord of werkwoord) in die verbinding ook in die parafrase van die verbinding behou word. Die ander konstituente in die verbinding tree dan modifiserend op: **met oop mond luister** beteken "aandagtig luister". By eksosentriese verbindings keer geen van die konstituente terug in die parafrase nie, maar die konstituente determineer mekaar wedersyds, byvoorbeeld **aan die pen ry** ("gestraf word"). Eksosentriese verbindings is volkome niekomposisioneel, terwyl endosentriese verbindings deels komposisioneel, deels niekomposisioneel is (Verstraten 1992:75). Ter onderskeiding van die gebruik van die terme in die morfologie, stel Verstraten die terme eksosemanties en endosemanties voor.

Komposita vertoon grade van deursigtigheid. Afhangend van die graad van deursigtigheid van die samestelling word daar besluit oor die leksikale-itemstatus van so 'n samestelling en sy opname in die leksikon. Gouws toon grade van deursigtigheid aan deur na die komposita **dreunbors**, **halssnoermoord** en **surrogaatmoeder** te verwys (Gouws 1989a: 386). Die deursigtigheid al dan nie van 'n kompositum vorm ook by sommige die grond waarop daar 'n onderskeid getref word tussen idiomatiese en nie-idiomatiese komposita (Kooij 1968:252, Moerdijk 1987:208). Voorbeelde van nie-idiomatiese samestellings sou dan die volgende wees: **handskoen**, **motordief**, **boekwinkel** (Moerdijk 1987: 208-210) en idiomatiese samestellings: **moltrein**, **seeperdjie**, **luggeveg**. By **handskoen** ('n voorbeeld van Moerdijk) moet die opmerking gemaak word dat **-skoen** waarskynlik nie heeltemal nie-idiomaties (maar seker ook nie totaal ondeursigtig nie) in Afrikaans verstaan word nie, wat weer wys op die

verskuiwende aard van die grens tussen idiomatiese en nie-idiomatiese komposita.

Hoe sterker die graad van spesialisering, hoe meer neig die kompositum na die idiomatiese en hoe groter word die ooreenkoms met idiome. Volgens Kooij (1968:254) moet idiomatiese komposita as onafhanklike lekseme in die leksikon gelys word.

Idiomatiese komposita word op hulle beurt weer onderskei van skynkomposita soos **bulsak**, **maermerrie**, **aspatat**, **warmassies**. Hierdie pseudokomposita is volledig geïdiomatiseerde samestellings: daar is geen ooreenkoms meer tussen die betekenis van die dele en die geheelbetekenis nie. Omdat hulle op die een uiterste van die skaal vanaf deursigtige tot ondeursigtige komposita verskyn, (hulle is volkome ondeursigtig) word hulle sonder probleme as simplekse leksikale eenhede in die leksikon gelys en deur taalgebruikers as sodanig gekonseptualiseer. Wanneer Zgusta 'n skynkompositum soos **guinea pig** (1971:148) as voorbeeld van 'n MLI aangee, is dit duidelik dat hy nie die grense tussen MLI's en komposita probeer handhaaf nie en ook nie die gestalbetekenis van **guinea pig** in berekening bring nie. Pseudokomposita word wel deur sommige taalkundiges (Zgusta 1971, Makkai 1972, De Beer 1989) as idiome (en ook as MLI's) beskou. Dit is nie hoe hulle in hierdie studie beskou word nie. In Afrikaans is hulle nie meerwoordig nie en selfs ook nie meer komposita nie.

Die onderskeid tussen skynkomposita en die sogenaamde nie-idiomatiese komposita kan maklik getref word - die onderskeid tussen die idiomatiese komposita en nie-idiomatiese komposita egter nie so maklik nie. Alle komposita vertoon 'n semanties unieke karakter (Carstens 1990:104). Semantiese spesialisering is 'n kenmerk van alle komposita. Selfs nie-idiomatiese komposita soos **skaaphond** en **bulhond** laat meer as een interpretasie toe.

'n **Skaaphond** kan byvoorbeeld 'n hond wees wat baie soos 'n skaap lyk, of 'n hond wat saam met skape aangetref word, ens. Selfs waar komposisionaaliteit tot groot mate die betekenis van 'n kompositum bepaal of verklaar, speel arbitrêrheid nog 'n rol (Kooij 1968:252). Semantiese spesialisering (en volgens Carstens 1990:119 word daar ook na hierdie kenmerk van komposita verwys as *idiomatisering* of *leksikalisering op semantiese vlak*) hou prosesse soos die volgende in: verlies of toevoeging van semantiese inligting, metaforiek, sinekdogee, metonimiese deel-geheel verhoudings. Carstens (1990:104) vra die vraag of komposita wat 'n ekstreme graad van verlies aan of toevoeging van semantiese inligting ervaar, soos **skeermes** en **slaghuis**, nog endosentriese komposita genoem kan word. Tog is albei hierdie komposita nog in 'n hoë mate deursigtig. Die mate van spesialisering is weer eens 'n kwessie van graad. Carstens se voorstel dat daar nie van nie-idiomatiese komposita gepraat moet word nie, maar van gedeeltelik idiomatiese komposita lyk dus sinvol.

Wat ook al die mate van spesialisering by 'n kompositum mag wees - dit is duidelik dat die betekenis van 'n kompositum 'n eenheid vorm , 'n denkgestalt, en dit word as sodanig deur die taalgebruiker gekonseptualiseer. Dit is ook die geval met baie MLI's:

daar's perde ("daar is moelikheid")

op eie houtjie ("alleen, self, selfstandig")

Bogenoemde MLI's vorm nie alleen betekenisgehele nie, maar word, soos komposita, ook as eenhede binne die leksikon hanteer. Waar die komposisionaaliteitsbeginsel nog, sy dit dan tot 'n relatiewe mate, by komposita (selfs idiomatiese komposita) geld, is dit nie die geval by idiome nie. By ander MLI's kan dit soms gebeur dat dié beginsel wel die taalgebruiker op die regte spoor na die betekenis van die uitdrukking lei: **haastige hond verbrand**

sy mond. Die rol van die komposisionaaliteitsbeginsel by MLI's kom in hoofstuk 3 meer volledig aan bod.

2.4.2 Deeltjiewerkwoorde

'n Tipe MLI in Afrikaans wat nie by die voorafgaande bespreking oor komposita betrek is nie, is die deeltjiewerkwoord of partikelwerkwoord. Hierdie tipe werkwoord kan én as kompositum én as MLI in Afrikaans optree. Die aanhalingsvorm (die lemmavorm in woordeboeke) van deeltjiewerkwoorde is die "enkelwoordvorm". Gouws (1988) beskou die deeltjiewerkwoord byvoorbeeld as kompositum. In hierdie studie sal deeltjiewerkwoorde as 'n soort MLI in Afrikaans bespreek word. Semanties kan hulle idiomaties (**kortvat, skeefloop, omdop, inboesem, uitvreet**) of nie-idiomaties (**opklim, uitgaan**) wees.

2.5 Opmerking oor die spelling

Daar is sekere inkonsekwentheid in die Afrikaanse spellingsstelsel waarop daar al dikwels gewys is. Hierdie inkonsekwentheid het tot 'n mate iets te sê oor die begrip MLI. Die spellingkwessies wat hier aangeraak word, het slegs betrekking op items wat moontlik as MLI's gedefinieer kan word.

In Afrikaans, soos trouens ook in Engels, is daar leksikale items wat los of vas geskryf kan word. Waar leksikale items los of vas geskryf kan word, kan daar óf sprake wees van 'n woordgroep (**klavier speel**) óf van 'n kompositum (**klavierspeel**). Nie alle komposita kan óf los óf vas geskryf word nie. Die bespreking hieronder sal dus beperk word tot dié komposita wat in die *Afrikaanse Woordelys en Spelreëls* (1991) 'n alternatiewe los spelwyse naas die ou vasskryfspelling verkry het. Komposita word nie beskou as meerwoordige leksikale items nie en daarom word gevalle soos dié wat in paragraaf

2.4.1 genoem is (**sea anemone, hot dog** ens.) nie by die volgende bespreking betrek nie.

Botha (1992:31-33) som die 1991-spelreëls in verband met verbindings wat óf los óf vas geskryf kan word op. Die gevalle wat vir ons doel ter sake is, is die volgende:

(i) Deeltjiewerkwoorde (*vaste werkwoordelike verbindings* in Botha se terminologie).

Deeltjiewerkwoorde soos **swaar kry, kennis maak, te berde bring, te weeg bring**, kan volgens die 1991-spelreëls los of vas geskryf word. Hulle status as MLI's hang egter nie van hierdie los- of vasskrywery af nie, aangesien hulle in die ongemerkte werkwoordpatroon altyd "los" geskryf word:

(34) Hy kry baie swaar.

(35) Hy bring die saak te berde.

(ii) Historiese verbindings

Botha noem historiese verbindings van adjektiewe en naamwoorde soos **oudergewoonte** en historiese voorsetsel-verbindings soos **terwille van** en **inderminne**.

Historiese verbindings vorm tot 'n sekere mate 'n groep op hulle eie, omdat daar tradisioneel nie duidelike redes is vir die los- of vasskryf van dié tipe items nie. De Villiers (1975:134) se opmerking dat dit moeilik is om die beginsels te formuleer waarom sekere gevalle die spelling het wat hulle het, is nog steeds ter sake. Woorde soos **terselfdertyd, ternouernood, ingedagte, oorboord** word tradisioneel vas geskryf, terwyl die 1991-spelreëls die volgende variasies toelaat:

teberde bring naas te berde bring

tekortskiet naas te kort skiet

**teweegbring naas teweeg bring
tekeregaan naas tekere gaan
op heterdaad naas op heter daad
tenminste naas ten minste**

In ander gevalle word slegs een (nuwe) vorm aanvaar. Waar **dou voor dag** as drie woorde gespel is, gee die 1991-spelling nou slegs die vorm **douvoordag** aan. In die volgende gevalle geld die ou spelling nog:

**te water laat
tot stand kom
ten slotte**

Die feit dat daar verbindings soortgelyk aan MLI's is waar die lede vas geskryf word (soos **douvoordag**, **oorboord**), kan gesien word as versterking van die argument dat 'n MLI wel as een leksikale item beskou moet word. Mens dink ook aan die bekende voorbeelde **meneer** en **mevrou** wat ook oorspronklik uit twee woorde bestaan het. Al die voorbeelde wat hier genoem is, kan daarop aanspraak maak dat hulle MLI's is, hoofsaaklik as gevolg van die manier waarop hulle gebruik word, naamlik as 'n eenheid in die leksikon met 'n eenheidsbetekenis. Die nuwe spelmoontlikheid in sommige gevalle versterk hierdie aanname.

By historiese verbindings lei faktore soos argaïese morfologiese en fonologiese kenmerke (die verbuiging van die lidwoord by **in der minne** en die intervokaliëse -d- by **oudergewoonte** byvoorbeeld) mettertyd daartoe dat die spellingtradisie die onkunde van die taalgebruikers in verband met die geskiedenis van die verbindings reflekteer. Die neiging is om van woorde wat los geskryf is na 'n vasskryftradisie te verander. Die proses waardeur die lede van 'n MLI vasgroeï tot een woord vind neerslag in die spelling. Dieselfde geld seker ook die vaste werkwoordelike verbindings soos **teberdebring**.

Historiese verbindings verkry dikwels 'n idiomatiese karakter, met die gevolg dat die semantiese inhoud verbleek. Dat **berde** in **teberdebring** 'n ander vorm is van **bord** en vandaar ook die betekenis het van "tafel" is nie meer gedeelde taalkennis by alle taalgebruikers nie.

Wanneer stringe woorde in idiomatiese verbindings baie dikwels gebruik word, ontstaan daar 'n moontlikheid dat hulle in hulle onveranderlikheid ongeveer soos een woord waargeneem word en dat daar 'n spellingtradisie ontstaan om hulle aanmekaar te skryf, bv. **halsoorkop** (De Villiers 1975:137).

Dit is nie altyd die geval nie - dink byvoorbeeld aan groepsetsels soos **ten gunste van, met behulp van**. Die meerderheid idiomatiese uitdrukkings word natuurlik nie vas geskryf nie. De Villiers noem onder andere die volgende : **in rep en roer, in die knyp**.

Die 1991-spelreëls, met die voorbeelde van meerwoordige leksikale items wat nou ook vas geskryf kan word, beweeg dus seker in een opsig nader aan die "taalwerklikheid" (Botha se term) waar MLI's nou duideliker leksikale status het omdat hulle ook as een item gespél word. Of daar van dieselfde proses sprake is by die los- of vasskryf van komposita, is 'n ander vraag.

Die 1991-spelreëls maak voorsiening vir die volgende twee spelwyses, waar die woord **hoofbeampte** óf as kompositum óf as MLI-beskou kan word:

hoof mediese beampte
hoof- mediese beampte

Daar moet hier bygevoeg word dat hierdie soort komposita (afstandskomposita) 'n groep op hulle eie vorm en dat die spelreëls waarskynlik as gevolg van praktiese oorwegings dié vorm aanneem. By **privaat sekretaris, wit man** en

dergelike voorbeelde waarna Botha verwys, is daar 'n verbinding van adjektief en naamwoord en word die woordgroepe nie as komposita beskou nie.

Botha se opmerking:

(i)dealiter behoort die los geskrewe variasie (van komposita, H.B.) as multileksikale lemma opgeneem te word indien dit 'n hoër gebruiksfrekwensie as die kompositumvorm het" (Botha 1992:35)

kan myns insiens nie gesien word as 'n uitspraak oor die leksikale-itemstatus van komposita (naamlik dat hulle nou as komposita en dan weer as MLI's beskou moet word) nie, maar het alleen te make met die spelwyse van dié items.

Die onvaste spelwyse in Afrikaans, veral by deeltjiewerkwoorde en historiese verbindings, het wel implikasies vir wat alles as MLI's beskou kan word. Leksikale items wat eers meerwoordig was, is dit nou nie meer nie, soos **douvoordag**. So 'n leksikale item kan beswaarlik meer as 'n MLI kwalifiseer. Die historiese verbindings wat nog steeds as meer as een woord gespel word, het egter net soveel leksikale-itemstatus as hulle eenwoordeweknieë. Deeltjiewerkwoorde word uit die aard van hulle sintaktiese optrede altyd as MLI's beskou.

2.6 Samevatting: hoofstuk 2

1. Die term **woord** vir die basiese leksikologiese eenheid is ondoeltreffend. Binne die leksikologie het dit die gebruik geword om van **leksikale item** te praat. Leksikale items sluit affikse, "woorde" en meerwoordige leksikale eenhede in en word veral op grond van betekeniseenheid onderskei.

2. Die term **meerwoordige leksikale item** word gekies in plaas van **vaste verbinding**.

3. Kenmerke van vaste verbindings is die volgende:

- hulle is meerwoordig
- hulle vorm 'n betekeniseenheid
- die lede van 'n vaste verbinding het nie woord-status nie
- vaste verbindings vertoon wisselende grade van deursigtigheid
- vaste verbindings is dikwels transformasioneel defektief

4. Voorlopig word aangeneem dat MLI's ook dié kenmerke vertoon.

5. Semanties gesien is daar ooreenkomste tussen komposita en MLI's, waaronder die idiomatiese aard van sowel baie komposita as MLI's en die relatiewe mate waarmee die komposisionaaliteitsbeginsel gebruik kan word om die betekenis van sowel komposita as MLI's te verklaar. Soos komposita, kwalifiseer MLI's ook vir opname in die leksikon. Komposita word egter nie as MLI's beskou nie.

6. Deeltjiewerkwoorde word in hierdie studie as 'n soort MLI bespreek.

7. Die spellingkonvensies het ook implikasies vir items wat as MLI's gedefinieer word. In sekere historiese verbindings het die aparte woorde al vas aan mekaar gegroei: **oudergewoonte**; in ander nog nie: **op heterdaad**.

8. MLI's is sintakties geleed. Dit gaan om eenhede op die vlak tussen woorde en sinne, asook om eenhede so groot as sinne.

HOOFSTUK 3

DIE MEERWOORDIGE LEKSIKALE ITEM

3.1 Inleiding

Die meerwoordige leksikale item (MLI) is in hoofstuk 2 voorlopig gedefinieer as 'n leksikale item of geleksikaliseerde uitdrukking wat uit meer as een woord bestaan. 'n MLI tree as leksikaal-semantiese eenheid in die leksikon op. Daar is nog nie gesê watter soort woorde in 'n verbinding moet voorkom sodat die verbinding as MLI kan kwalifiseer nie. In hierdie hoofstuk sal daar meer indringend gekyk word na die MLI en sy definiërende kenmerke. Begrippe soos geleksikaliseerdheid, idiomatisiteit, komposisionaliteit, semantiese simplisiteit en dergelike meer sal betrek word. Die literatuur waarna daar hoofsaaklik verwys word, val buite die kader van die kognitiewe semantiek. Dit dien as 'n soort bestekopname en oriëntering voordat die kognitiewe semantiek vanaf hoofstuk 4 aan bod kom. Op dié manier word daar erkenning gegee aan belangrike insigte wat bereik is oor die aard van die MLI en spesifiek idiome. Enersyds bied dié insigte 'n belangrike vertrekpunt vir die onderhawige studie en andersyds kan die vernuwende bydrae van die kognitiewe semantiek daarteenoor geplaas word.

3.2 Die begrip meerwoordige leksikale item in die taalkundeliteratuur

3.2.1 Geskiedenis

Die onderdeel van die taalkunde wat hom besig hou met die studie van meerwoordige uitdrukkings staan in Europa bekend as die fraseologie. Die term *fraseologie* word gebruik om sowel die inventaris van alle fraseologiesmes as die studiegebied ('n onderdeel van die leksikologie)

aan te dui. Dit het veral in die Duitssprekende en Oos-Europese lande soos die voormalige DDR en die Sowjet-Unie inslag gevind. Dit is 'n jong dissipline wat veral die laaste jare getuig van geweldige belangstelling. As onderdeel van die linguistiek word die fraseologie sedert 1946 in Rusland bestudeer. Vir goeie oorsigte oor die Sowjet- en Hongaarse literatuur kan die volgende outeurs geraadpleeg word: Makkai (1972:24); Fleischer (1982:10 e.v.); Klimaszewska (1990a:17 e.v.); Verstraten (1992:17).

In die Engelse en trans-Atlantiese literatuur val die klem veral op die idioom wat op verskeie maniere gedefinieer word. Makkai (1972:23-58) en Fernando & Flavell (1981:1-17) gee volledige uiteensettings van die werk wat veral oor die idioom gedoen is in Engeland en Amerika. Verstraten (1992:17-24) gee in haar oorsig veral ook aandag aan die Duitstalige literatuur.

Teoreties gesien is die werk oor fraseologiesmes en idiome gedoen binne verskillende kaders: binne die Strukturele Taalkunde (Hockett 1958, Makkai 1972); binne die Generatiewe Grammatika (Weinreich 1969; Chafe 1968; Fraser 1970; Newmeyer 1974) en ook binne die Kognitiewe Semantiek (Lakoff 1987; Klimaszewska 1990a; Van Sterkenburg 1991; Verstraten 1992, Geeraerts 1992.) Ook in die psigolinguistiek geniet idioomondersoek baie aandag (Gibbs). Forrester (1992) gee 'n oorsig oor die werk binne die psigolinguistiek vanaf ongeveer 1980.

In die Afrikaanse literatuur is daar ook tekens van hierdie nuwe belangstelling in idiome (oftewel vaste uitdrukkings) te bespeur: Combrink (1985; 1989; 1990; 1992a en 1992b); De Beer (1989); Gouws (1990); Carstens (1990); Coolen (1991); Swanepoel (1993); Raidt (1995).

3.2.2 Terminologie

'n Groot verskeidenheid terme of terminologiese uitdrukkings word gebruik om die onderwerp van ondersoek in hierdie proefskrif aan te dui. Vergelyk Matesic se opmerking oor die stand van sake in die Sowjet- en Duitse vakgebied: "Für die Bezeichnung der phraseologischen Einheit werden heute mehr als zwei Dutzend Termini gebraucht" (Matesic 1983:110). Twee terme staan uit: *idoom*, wat veral in die Engelstalige literatuur gebruik word, en *fraseologisme*, wat veral in die Duitstalige en Sowjetliteratuur voorkom. Die neiging in die meeste resente literatuur is om die term *idoom* te gebruik.

3.2.2.1 Fraseologisme

In die Duitstalige literatuur geniet die term *Phraseologismus* voorkeur. Thun (1978:16-19) gee 'n oorsig oor die gebruik van dié term in verskillende tale. In Engels is daar 'n voorkeur te bespeur vir die vertaalde term *phraseological unit* (vergelyk onder andere Gläser 1988). *Phrase* het ook (benewens sy meer algemene gebruik in terme soos *noun phrase* en *verb phrase*) die betekenis van "idiomatic expression":

phrase A small group or collocation of words expressing a single notion, or entering with some degree of unity into the structure of a sentence; (...) an idiomatic expression (OED 1989).

Die definisie van Burger word hier aangehaal om die term *fraseologisme* te verhelder:

Phraseologisch ist eine Verbindung von zwei oder mehr Wörtern dann, wenn (1) die Wörter eine durch die syntaktischen und semantischen Regularitäten der Verknüpfung nicht voll

erklärbare Einheit bilden, und wenn (2) die Wortverbindung in der Sprachgemeinschaft, ähnlich wie ein Lexem, gebräuchlich ist (Burger, Buhofer & Sialm 1982:1).

Volgens Burger e.a. (loc.cit) is daar 'n eensydige implikasie: (1) impliseer ook (2), maar die omgekeerde is nie noodwendig die geval nie. Burger gebruik die term *Phraseologismus* as sinoniem met *phraseologische Wortverbindung*. Hy maak beswaar teen die term *vaste in vaste verbinding* omdat dit soveel verskillende dinge kan beteken. Teen terme soos *Phraseolexem*, *phraseologische Einheit* en *Phrasem* bring hy die beswaar in dat hulle almal vir spesifieke deelklasse van fraseologiesmes in die Sowjetstudies gebruik word (Burger, Buhofer & Sialm 1982:2; vergelyk in dié verband ook Thun 1978:27).

Matesic (1983) gebruik die term *Phrasem* vir die eenhede van die fraseologie. Hy stel dit voor as verdere term in die paradigma *foneem*, *morfeem* en *lekseem*, alhoewel hy ook bewys skyn te wees van die probleme met so 'n onderskeid. Elke teks kan in lekseme (deur Matesic gebruik as sinoniem met *leksikale item*), morfeme en foneme verdeel word, maar nie noodwendig in fraseem nie. Die groot onderskeid tussen lekseem (leksikale item) en fraseem lê in die vorm van die fraseem, wat volgens Matesic (1983:116) 'n lekseemkompleks is. Wat my betref, tree die MLI egter net soos 'n leksikale item op - leksikaal, semanties, grammatikaal en pragmaties. Fraseem is dus eerder soorte leksikale items en nie woordeskatenehede van 'n totaal ander orde nie (soos ook blyk uit die term wat ek verkies, naamlik *meerwoordige leksikale item*). Vergelyk ook verder Matesic se opmerkings oor die ooreenkomste tussen lekseme en fraseem (1983:116): fraseem kan soos lekseme tot sintaktiese kategorieë soos selfstandige naamwoord, werkwoord, adjektief of bywoord behoort; hulle kan op grond van hulle sintaktiese funksie

as onderwerp, voorwerp, predikaat of predikaataanvulling in 'n sin optree.

Wisseman (1961) gee voorkeur aan die term *woordgroeplekseem*.

3.2.2.2 Idioom

In die Engelstalige literatuur kom die term *idiom* feitlik uitsluitlik voor. Ter sake is die volgende definisies van *idioom*:

A form of expression, grammatical construction, phrase, etc., peculiar to a language; a peculiarity of phraseology approved by the usage of a language, and often having a signification other than its grammatical or logical one (OED 1989).

Vaste uitdrukking, frase, gesegde van 'n taal, wat eienaardig is óf ten opsigte van grammatikale bou óf in sy betekenis wat gew. nie logies afgelei kan word van sy samestellende dele nie (WAT).

A sequence of words which is semantically and often syntactically restricted, so that it functions as a single unit. The meaning of the words cannot be combined to produce the meaning of the idiomatic expression as a whole (Crystal 1992:180).

'n Idioom is enige komplekse uitdrukking (kompositum, stuk of sin) waarvan die geheelbetekenis nie verantwoord kan word as 'n komposisionele funksie van die betekenis wat die konstituente daarvan in vrye sintaktiese verbindings het nie (Carstens 1990:183).

Thun (1978) gee, soos by die terme *frase / fraseologisme*, 'n uitvoerige uiteensetting van die term *idioom*. Volgens hom word al die terme wat aangetref word, gebruik om "idiomatisiteit" aan te dui. *Idioom* is daarom volgens hom "der allen anderen übergeordnete Terminus". Idiomatisiteit is dus vir Thun die belangrikste kenmerk van 'n idioom en fraseologisme. Die eenhede wat funksioneer op die middelgrond - tussen woord en sin - staan volgens Thun in die middelpunt van belangstelling.

Omdat die *idioom* (vanselfsprekend) deur idiomatisiteit gekenmerk word, word nie-idiomatiese woordverbindings nie hieronder ingesluit nie. Aan die ander kant word ook eenwoordkomposita as idiome beskou. *Idioom* kan dus nie as term vir hierdie studieobjek gebruik word nie. In dié studie word *idioom* ook nie as sinoniem met *fraseologisme* of MLI gebruik nie, maar ter aanduiding van 'n spesifieke soort MLI (vgl. 7.3.5).

3.2.2.3 Vaste verbinding

Verstraten (1992) gee 'n kort oorsig oor die terminologie in die Duitstalige en Engelstalige literatuur. Sy self gebruik die term *vaste verbinding* as sinoniem met *fraseologisme*. Dit sluit meerledige leksikale konstruksies soos vaste uitdrukkings, spreekwoorde, idiome en vergelykings (*so dom soos 'n esel*) in .

Die Engelse term *set expression* (wat as die vertaling van *vaste verbinding* gesien kan word), word as volg deur Crystal gedefinieer:

A group of words standing in a fixed association; fixed/frozen expression. Restricted collocations (*run amok*); idioms, catch phrases, proverbs, aphorisms (Crystal 1992:)

Die term *set phrase* kom ook voor.

3.2.2.4 Meerwoordige leksikale item

Wanneer vaste woordverbindings in Afrikaans nagegaan word, word dit duidelik dat 'n kriterium soos idiomatisiteit, wat by voorbaat sekere meerwoordige verbindings uitsluit, 'n te streng toets is. Die Engelse term *idiom* dek enersyds te veel leksikale items (vergelyk byvoorbeeld Hockett) of te min (slegs "ware" idioome) en is sodoende nie 'n bruikbare term om mee te werk nie.

Die definisies van die kontinentale terme *fraseologisme* of *fraseologiese eenheid* is veel nader aan die inhoud wat in hierdie studie aan die begrip *meerwoordige leksikale item* gegee word. Soos wat Verstraten die term *vaste verbinding* as sinoniem vir die term *fraseologisme* gebruik, word die term MLI in hierdie studie as sinoniem daarmee gebruik.

Die term MLI is in die Afrikaanse vakliteratuur relatief nuut en daar heers op die oomblik ook taamlike terminologiese inflasie in Afrikaans. Die afgelope paar jaar was daar die terme *leksikale uitdrukkings* (Ponelis 1989b:49); *stuklekseme* (Carstens 1990:181 e.v.); *meerwoordkomplekse* (Carstens 1990:181); *idiomatiese woordgroepe* (Carstens 1990); *geïnstitusionele meerwoordstukke* (Carstens 1990: 192); *meerwoordige leksikale items* (Botha 1992:35); *multi-leksikale items* (Botha 1992:35); *meerwoordige eenhede* (Gouws 1990); *meerwoordige verbindings* (Swanepoel 1993:97) en ook *fraseologisme* (Raidt 1995:93). Die volgende voorbeelde word onder andere gegee ter illustrasie van die terme:

mooi broodjies bak; sien is glo; kluitjies bak
(Carstens 1990:186); aan die orde van die dag;
op dowe ore val; wrange vrugte pluk; (jou) rug

keer op iemand (De Beer 1989:304); (iemand) 'n lewe lei (Botha 1992:23).

De Villiers (1975) maak veral melding van idiome en skeibare werkwoorde in sy bespreking van vaste verbindings. De Beer (1989) baken idiome af teenoor verwante begrippe soos spreekwoorde en clichés. Carstens (1990) konsentreer veral op idiome en kollokasies in haar bespreking van stuklekseme. Sy gee nêrens 'n definisie van watter leksikale items sy onder stuklekseme groepeer nie, maar werk eksemplaries met kollokasies en idiome. Sy wys daarop dat die stuklekseme nie 'n homogene groep vorm nie. Coolen (1991) konsentreer op die verskille tussen Afrikaanse en Nederlandse idiome.

Die term *meerwoordige leksikale item* kan teruggevoer word tot Mathiot wat die term *multiword lexical unit* in 1967 in 'n artikel in die tydskrif *Language* gebruik. Zgusta gee in 1967 in 'n artikel in *Word* 'n volledige uiteensetting van wat hy onder die term verstaan. In sy *Manual of Lexicography* (1971) herhaal hy in groot mate dit wat hy in die 1967-artikel gesê het. Vir sowel die term *meerwoordige leksikale item* of *eenheid* as die inhoud wat daaraan gegee word, is die taalkunde dus skatpligtigheid verskuldig aan Mathiot en Zgusta.

Zgusta (1971:153) onderskei tussen vaste en vrye verbindings van woorde. Onder die vaste kombinasies maak hy verder 'n onderskeid tussen vaste woordgroepe ("set groups of words") soos aanhalings en spreekwoorde en meerwoordige leksikale eenhede waartoe idiomatiese uitdrukkings behoort. Laasgenoemde groep is vir hom die belangrikste.

Vaste kombinasies van woorde

Vaste Woordgroepe

Meerwoordige leksikale eenhede

Deur Molotkov (1977) (soos aangehaal deur Fleischer 1982:12), word 'n ekstreme standpunt gehuldig. Vir hom is 'n MLI nóg identies met 'n enkel woord, nóg met 'n woordgroep, maar 'n nuwe eenheid sui generis met leksikale betekenis, meerkomponentstruktuur (komponent is nie dieselfde as woord nie) en ooreenstemmende grammatiese kategorieë.

Ten slotte weer eens 'n definisie van wat onder die term MLI verstaan word:

Phraseologisch sind solche Wortketten, deren Zustandekommen nicht oder nicht nur aufgrund von syntaktischen und semantischen Regeln erklärbar ist (Burger 1973:3).

3.3 Soorte meerwoordige leksikale items

Die tipe MLI wat tot dusver die meeste aandag geniet het, is idiome, maar daar word verskillende soorte MLI's onderskei. Die eerste melding van MLI's in die Afrikaanse literatuur is dié deur Gouws (1989b). Die vier groepe wat deur Gouws (1990:266) aangedui word, is die volgende:

leenwoordgroepe bv. **ex post facto**
vaste uitdrukkings (spreekwoorde en idiome) bv. **die tering na die nering sit**
groepsetsels, bv. **ten gunste van**
onderbroke leksikale items, bv. **van...af in van nou af**

Die grense tussen MLI's en ander soorte woordverbindings in Afrikaans is nie altyd so maklik om vas te stel nie. Die volgende soorte verbindings kan voorlopig as voorbeelde van hierdie grensgevalle dien. Hulle lidmaatskap van die groep MLI's in Afrikaans sal afhang van die mate waarin hulle die kenmerke van MLI's deel wat

in 3.4 bespreek word. Die onderstaande is nog geen formele poging tot klassifikasie nie.

Deeltjiewerkwoorde: inkom, aantrek

Kollokasies: blakend gesond, deerlik/deeglik misgis, onomstootlik bewys, 'n mening huldig, rype beraad, skotige opdraand

Werkwoorde wat met idiome verbind: (iets) uit die kop ken/ leer/ sing/ speel/ voordra

Tydgebonde kollokasies: voortslepende geweld

Eponieme: Jehova se getuie, ongelowige Thomas, Dawid en Jonatan, Halley se komeet, Job se geduld, Down se sindroom, Jan Burger, Jan Publiek, Bang Jan

Vergelykings met soos: soos 'n pyl uit 'n boog, klou soos 'n neet, so siek soos 'n hond, so vinnig soos jy sê mes, verdwyn soos mis voor die son

Vergelykings met of of asof: jy lyk asof die honde jou kos afgevat het

Geykte metafore: Moeder Natuur

Toutologieë (in gespreksuitdrukkings): goed en wel, finish en klaar, 'n ieder en 'n elk

Uitroepe: liewe hemel, op dees aarde, hygend hert, goeie Griet

Aanhalings en verwysings: Vanwaar Gehasie, Praagse lente

Binomiale: bloed en bodem (soos in bloed-en-bodem-politiek); vir volk en vaderland, pimpel en pers

Spreekwoorde: al is die leuen ook hoe snel, die waarheid agterhaal hom wel, ou liefde roes nie, stille waters diepe grond; die beste stuurman staan aan wal

Aanspreekvorme: Dames en Here, Broers en Susters

Groet- en ander pragmatiese formules: Goeiemore, hoe gaan dit; hoe laat is dit; die uwe; volgens my

Afstandskomposita: hoof mediese beampte

Gespesialiseerde uitdrukkings en terme: antarktiese kring; kunsmatige asemhaling, tot die balie toelaat

om te + werkwoord: (ek weet hoe) om te maak

Werkwoorde met vaste voorsetsels: bepaal by

Vaste voorsetsels: ten prooi val aan, van raad dien, betrekking op

Die omvang van die versameling MLI's is so groot dat daar fyner onderskei moet en kan word tussen verskillende tipes wat op grond van verskillende kriteria (sintakties, semanties, pragmaties) onderskei kan word. In hoofstukke 7 en 8 word meer aandag aan klassifikasie gegee.

3.4 Kenmerke van die meerwoordige leksikale item

In hierdie paragraaf word daar gekonsentreer op die kenmerke van meerwoordige leksikale items (vaste verbindings, fraseologieses of idiome) soos wat dit in die literatuur aangedui word. Van die kenmerke is feitlik uitsluitlik van toepassing op idiome, wat beteken dat hulle nie by alle MLI's aangetref word nie. Idiome (ook aangedui deur die breër term **vaste uitdrukking**) kan voorlopig beskou word as die sentrale groep leksikale items binne die breër benoeming MLI. As sodanig neem

hulle 'n spesiale posisie in en is die meeste kenmerke op hulle van toepassing. Fleischer (1982:72) praat van 'n kerngroep fraseologies en 'n randgroep. Dieselfde idee word ook by Gläser (1988) aangetref wat fraseologies gradeer en indeel by 'n kerngroep en randgroepe. Volgens Fleischer vorm die volgende MLI's die kerngroep: verbindings met minstens een oopklaswoord wat die volgende kenmerke vertoon: vastheid, idiomatisiteit en geleksikaliseerdheid. Idiomatisiteit is dié definiërende kenmerk van die kerngroep vir Gläser.

Die kenmerke van MLI's wat bespreek word, dien terselfdertyd as kriteria waarmee hulle geïdentifiseer kan word. Zgusta (1971:144 e.v.) noem nege kriteria. Die ses belangrikste kriteria wat hy noem (die kwessie van die vervanging van of toevoeging van woorde in 'n MLI, die niekomposisionele betekenis van 'n MLI, die voorkoms van unieke elemente in 'n MLI, grammatikale anomalieë en leksikale-itemstatus) kom almal ook hieronder ter sprake. Van Sterkenburg (1991:35) maak melding van die volgende kenmerke: die vastheid van die verbinding, die onvoorspelbaarheid van die sintakties-morfologiese gedrag van die verbinding uit die sintakties-morfologiese gedrag van die woorde in die verbinding en die niekomposisionaaliteit van die verbinding.

Die kenmerke wat hieronder genoem word, oorvleuel in 'n sekere sin en dit is moeilik om hulle streng geskei te hou. Leksikalisering kan byvoorbeeld gesien word as die resultaat van óf idiomatisiteit óf sintaktiese stabiliteit óf albei. Fernando & Flavell se studie oor idiome is 'n poging om die begrip *idiomatisiteit* te verklaar. Idiomatisiteit is by hulle dié kenmerk wat uitgesonder moet word en hulle beskou dan ook aspekte soos die transformasionele gedrag van idiome as kenmerkend van of bydraend tot idiomatisiteit.

Fernando & Flavell se opmerking oor idiomatisiteit is ook geldig wanneer daar gepoog word om die MLI te definieer: "*Idiomaticity is best defined by multiple criteria, each criterion representing a single property*" (Fernando & Flavell 1981:19 - kursivering van Fernando & Flavell). Die invalshoek van die onderhawige studie is egter nie die definiëring van idiomatisiteit nie, maar van die meerwoordige leksikale item. 'n Matriks van kenmerke waarmee verskillende eienskappe uitgelig word en waarvolgens geoordeel kan word of 'n spesifieke item lidmaatskap van die klas MLI's verkry, is van meer waarde as om een eienskap (soos byvoorbeeld idiomatisiteit) uit te sonder. Dit laat groter reg geskied aan die heterogeniteit van die verskynsel. Metodologies is dit nie gewens om een kenmerk by voorbaat te verhef tot kriterium nie, omdat 'n deel van die materiaal uitgesluit word. Vergelyk ook Verstraten (1992:24) in dié verband. Fernando & Flavell lig die die volgende vier kenmerke uit:

- niekorrelatiewe sintaksis
- die moontlikheid van 'n homonimiese, letterlike teenhanger
- relatiewe leksikale integriteit
- institusionalisering

Daar moet in gedagte gehou word dat MLI's 'n heterogene groep vorm. Sowel sintakties as semanties gedra sommige MLI's hulle soos enkel woorde (1) en ander weer soos (vrye) sinne (2):

(1) Hy het dit willens en wetens gedoen.

(2) Piet het toe die aap gister uit die mou gelaat.

In (2) word die idioom onderbreek en kan die werkwoord soos in 'n vrye verbinding in die verlede tyd gebruik word. MLI's vorm 'n kontinuum vanaf woordagtige frases tot volle sinne.

Vir die onderstaande uiteensetting word vier kenmerke uitgesonder:

meerwoordigheid
 vastheid
 idiomatisiteit of semantiese spesialisering
 geleksikaliseerdheid of geïnstitusioneerdheid

3.4.1 Meerwoordigheid

Alhoewel dit terminologies enigsins tautologies mag lyk om hierdie kenmerk apart te noem, is dit tog nodig om kortliks daarby stil te staan omdat dit die studieobjek doeltreffend moet afgrens van ander woordeskeenhede. Ter sake is leksikale eenhede groter as die woord. Dit is op grond van die feit dat 'n MLI uit meer as een woord bestaan dat komposita nie beskou word as MLI's nie, alhoewel komposita soms baie van die kenmerke van idiome vertoon, soos aangetoon in 2.4.1. Fernando & Flavell (1981:20) stel egter die vereiste van twee of meer vry morfeme vir 'n uitdrukking om as idioom te kwalifiseer. (Let wel - vir die genoemde outeurs gaan dit om idiome en nie om alle fraseologiese nie.) Komposita (**foxglove, egghead, sweetheart**) vorm dus die een grens en sinne (**Don't count you chickens before they are hatched**) die ander. Ook Zgusta (1971) beskou (sekere, met name "idiomatiese") komposita as tipe MLI's.

Die volgende outeurs noem almal eksplisiet die feit van meerwoordigheid:

Wissemann (1961) tref 'n onderskeid tussen eenwoordlekseme en woordgroeplekseme. Zgusta (1967; 1971:143) noem wel die vaste verbindings waarvan hy praat **multiword lexical units**, maar hy sluit komposita soos **guinea pig** en **old maid** in. Sy eie kritiek oor die term lui as volg:

"they do not necessarily consist of words only (...) and (...) may consist of only two of them" (1971:143)

en

"the term 'multiword' must necessarily involve all the uncertainties and differences inherent in the term 'word' itself" (1967:584).

Hy stel klaarblyklik morfeme en woorde gelyk aan mekaar (Zgusta 1967:584).

Burger, Buhofer & Sialm (1982:1) praat van 'n verbinding van twee of meer woorde sonder om die aard van dié woorde verder te omskryf (vergelyk hulle definisie soos aangehaal in 3.2.2.1); De Beer (1989) noem idiome leksikaal kompleks; Ponelis (1989b:49) en Carstens (1990:181) verwys na die sintaktiese geleedheid van meerwoordige leksikale eenhede.

Sommige outeurs sluit egter sekere meerwoordige verbindings uit. Fleischer (1982:34) stel die vereiste van minstens een oopklaswoord ("autosemantisches Wort") soos 'n naamwoord, werkwoord, adjektief, of bywoord. Hierdeur word reeds 'n hele aantal verbindings uitgesluit soos die verbindings *óf...óf* en sirkumposisiesetsels soos *van* (voor) *af*. Werkwoorde met vaste voorsetsels (*wag op/vir* (iemand)) word volgens Fleischer uitgesluit aangesien die nominale deel oop is en deur verskeie naamwoorde gevul kan word en omdat die vaste voorsetsel 'n sintakties-morfologiese kenmerk van die werkwoord is. Ook Klimaszewska (1990a:9) stel die voorwaarde van ten minste een oopklaswoord ("Autosemantikum").

Matesic stel 'n nog strengere vereiste as Fleischer, naamlik dié van minstens twee oopklaswoorde:

Phraseme sind bedeutungstragende Einheiten der Sprache, die als Ganzes im Verlauf der Rede reproduziert werden, über mindestens zwei Autosemantika verfügen, von denen wenigstens eines eine Umdeutung erfahren hat, und die als Satzglieder fungieren oder sich an den Satz anschliessen, ohne alleine einen eigenen Text zu bilden (Matesic 1983:111).

Voorsetselverbindings, tussenwerpsels (**my aarde**) die deeltjies (partikels) van 'n deeltjiewerkwoord, e.d.m. word dus uitgesluit. Omdat baie verbindings wat nie twee oopklaswoorde het nie (**op heter daad**) tot spelprobleme (een of twee woorde) lei, los so 'n begrening 'n paar probleme op. In hierdie studie word die MLI egter nie deur vereistes soos wat Fleischer en Matesic stel, beperk nie. Potensieel kan enige verbinding van twee woorde (watter soort woorde dan ook) wat ook die ander kenmerke wat hieronder genoem word in mindere of meerdere mate vertoon, as 'n meerwoordige leksikale item beskou word. Verstraten (1992:12) stel ook die vereiste van "minimaal twee lexicale elemente (woorde)" en beperk nie hierdie leksikale elemente tot oopklaswoorde nie.

Die kenmerk van meerwoordigheid verminder moontlike verwarring wat kan ontstaan as te veel morfologiese vorme almal saam hanteer word, soos wat die geval byvoorbeeld is in die uitgebreide Engelse literatuur in verband met die idioom, waar "bound forms, single free forms, compounds, phrases and sentences" (Fernando & Flavell 1981:19) almal hanteer (kan) word as idiome.

Die meerwoordige leksikale item is dus groter as 'n woord, maar kleiner as of gelyk aan 'n sin - die ander grens. Dit is egter interessant om daarop te let dat idiome oor die algemeen kort is en ook die neiging vertoon om verkort te word: **stille waters..., ander man se boeke....** Soos Fernando & Flavell opmerk : "The

principle of least effort is in operation all the time" (1981:20).

3.4.2 Vastheid

Die vastheid, stabiliteit of gefikseerdheid van 'n MLI kan beskou word as 'n baie karakteristieke eienskap en soos idiomatisiteit en geleksikaliseerdheid sluit dit baie in. Dit is belangrik dat daar duidelikheid moet bestaan oor wat presies hieronder verstaan word. Die algemene formulering is as volg: 'n vaste verbinding (in teenstelling tot 'n vrye verbinding) vorm 'n vaste geheel van sowel vorm as betekenis. Die MLI onderskei hom van die vrye verbinding in terme van hierdie vastheid. In 'n vrye verbinding vertoon die afsonderlike komponente in hulle kombinasie met mekaar nie dieselfde soort vastheid nie.

Vir Wissemann (1961) is die vastheid van 'n MLI 'n wesenskenmerk. Thun (1978:26 e.v.) koppel die gefikseerdheid van 'n vaste woordgroep aan die begrip "wiederholte Rede" van E. Coseriu. Die "wiederholte Rede" staan teenoor die "vrye spraak" waar vrye kombinasies van woordeenhede gevorm word. Vir die afsonderlike produkte van die "wiederholte Rede" gebruik Thun die term **fixiertes Wortgefüge**. Thun sien dus die vastheid van 'n MLI as die resultaat van sy gereproduseerdheid.

Fleischer (1982:43 e.v.) noem as een van drie kriteria waarmee fraseologismes van vrye verbindings afgegrens kan word hulle semanties-sintaktiese stabiliteit. (Die ander twee kriteria is idiomatisiteit en leksikale-eenheidstatus.)

Burger (Burger, Buhofer & Sialm 1982:2) sien die vastheid van 'n verbinding daarin dat die verbinding as 'n *leksikale eenheid* funksioneer:

In lexikalischer Hinsicht sind Phraseologismen dadurch charakterisiert, dass sie einerseits aus mehreren selbständigen Wörterbucheinheiten bestehen und andererseits selbst wieder eine lexematische Einheit bilden.

Dieselfde standpunt word ingeneem deur Korhonen (1992:1) en Matesic (1983:116). Vastheid impliseer tewens geleksikaliseerdheid.

Moon (1988) noem as een van drie eienskappe waarmee 'n idioom geïdentifiseer word ook die vastheid van die kombinasie. Haar ander twee kriteria is semantiese spesialisering en institusionalisering.

Van Sterkenburg (1991:35) praat nie van vastheid nie, maar van die *onvoorspelbaarheid* van die sintakties/morfolgiese gedrag van die woord, wat anders is as in vrye verbindings.

Die vastheid van MLI's kan nader gespesifiseer word.

3.4.2.1 Leksikaal

3.4.2.1.1 Vervanging/weglating

Ekstreem gestel hou hierdie eienskap van MLI's in dat die komponente in 'n MLI nie vrylik vervang of weggelaat kan word sonder om implikasies vir die betekenis van die MLI te hê en dat woorde nie na willekeur ingevoeg kan word in 'n MLI nie (Wisseemann 1961:242; Zgusta 1971:144; Burger, Buhofer & Sialm 1982:2; Fleischer 1982:41; Verstraten 1992:45,46).

Verstraten stel dit so:

Vaste verbindings noemen wij vast, omdat het niet zonder meer mogelijk is bepaalde lexikale

elementen van een verbinding weg te laten of te vervangen door ander, zonder dat de verbinding als zodanig en daarmee tevens de betekenis die ermee verbonden is, verloren gaat (Verstraten 1992:46).

Voorbeelde lê voor die hand. (Ek moet egter dadelik byvoeg - omdat daar baie voorbeelde is wat as argumente teen die vastheid van MLI's aangehaal kan word - dat die kwessie van die vastheid van MLI's nie ongekwalfiseerd aanvaar word nie. Vergelyk hier paragraaf 3.4.2.4 verderaan.) Geen element in die volgende idioom kan weggelaat word of vervang word sonder om die aanvaarbaarheid en betekenis van die idioom ("sonder inleiding die saak aanroer") ernstig aan te tas nie:

- (3) met die deur in die huis val
- (4)* met die venster in die huis val
- (5)* met die saak in die huis val

Dit is trouens moeilik om kontekste te bedink waarin die letterlike (komposisionele) betekenis van (4) byvoorbeeld ter sprake sal wees. 'n Komponent wat geïsoleer word (**deur**) kan dus nie vervang word met 'n leksikale item in dieselfde semantiese veld (**venster**) of met 'n item wat miskien iets te make het met die betekenis van die MLI as geheel (**saak**) nie. Selfs 'n sinoniem kan gewoonlik nie as plaasvervanger in 'n MLI optree nie:

- (6) Hy het nie kind/*spruit of kraai nie.

Die vervanging van elemente in 'n MLI lei óf tot onverstaanbaarheid óf tot 'n verletterliking van die uitdrukking en gevolglik tot die opheffing van die idiomatisiteit en 'n opheffing van die konstruksie se status as leksikale item:

- (7) Hy het nie kind of kraai nie.

(8) Hy het nie hond of kat nie.

Die "vervangingstoets" het veral waarde om die grense van 'n MLI vas te stel. As **geen snars skeel** in die volgende sin byvoorbeeld as die MLI beskou word, lyk dit op die oog af asof vervanging wel moontlik is. **Skeel** kan vervang word met **omgee**:

(9) Dit kan hom geen snars skeel nie.

(10) Hy gee g'n snars om nie.

Die verandering in dié MLI hou egter meer in as die vervanging van elemente. In (9) is 'n verpligte indirekte voorwerp, bv. **hom** 'n deel van die MLI en moet die onderwerpsposisie gevul word, bv. deur **dit**. In (10) is die sintaktiese aard van die MLI weer van 'n ander aard: daar is nie 'n indirekte voorwerp nie. Die vraag is nou of die MLI's in (9) (**geen snars skeel**) en (10) (**geen snars omgee**) wel MLI's is. Volgens die inskrywing in NW is (9) doodgewoon 'n vrye verbinding en beteken **snars** "bietjie". Tog lyk dit nie asof verbindings met **snars** voorkom sonder **geen** of **nie** nie. Ten minste moet 'n negatiewe element as deel van die MLI beskou word. As iets in die MLI vervang word, is dit albei komponente, die MLI as geheel dus:

(11) Dit skeel hom geen snars / niks nie.

(12) Hy gee geen snars / niks om nie.

Geen snars nie lyk dus na die MLI, wat dan binne verskillende sintaktiese strukture gebruik kan word. Die werkwoorde waarmee die MLI verbind lyk wel beperk te wees tot 'n paar: **skeel, omgee, weet**. **Geen snars nie** vorm kollokasies met 'n aantal werkwoorde.

Die vervangingstoets is dus van nut om die grense van 'n MLI vas te stel. Hierdie grense van die MLI is veral ook

om leksikografiese redes belangrik, soos wat Combrink (1989) byvoorbeeld aantoon.

(13) Dit kan hom nie 'n duit skeel nie.

(14) Sy hoef nie 'n duit terug te staan nie.

(15) Ek gee nie 'n duit om nie.

(13)-(15) lyk na vrye verbindings met 'n argaiëse woord **duit**, wat "kleinste denkbare bedrag of maat" beteken. Wanneer **duit** egter saam met die adjektief **blou** gebruik word, verkry die verbinding duidelik 'n idiomatiese, meer intensiewe betekenis:

(16) Ek het nie meer 'n blou(e) duit oor dié maand nie.

Saam met die feit dat **duit** 'n argaiëse woord in Afrikaans is, sorg die feit dat **blou** nie met enige ander adjektief vervang kan word nie daarvoor dat die twee woorde saam wel 'n MLI in Afrikaans vorm.

In die voorbeelde hieronder kan **Bokveld** wel vervang word met **Moerland** en behou die MLI sy idiomatiese betekenis ("doodgaan"). In (19) lei die vervanging tot 'n letterlike betekenis.

(17) Bokveld toe

(18) Moerland toe

(19) Kaap toe

Vervanging van **toe** blyk nie aanvaarbaar te wees in die MLI nie, wel in die vrye verbinding (22):

(20) * Na die Bokveld

(21) * Na Moerland

(22) Na die Kaap

Die MLI tree trouens verder eksklusief op as predikaataanvulling na **is**, en nooit byvoorbeeld saam met **gaan** nie:

(23)? Hy gaan Bokveld toe.

Verandering aan die vaste vorm van 'n MLI val dikwels vreemd op, al sou mens nie so 'n uitdrukking sonder meer as onaanvaarbaar afwys nie:

(24) (Hy het) sy voet dwars neergesit.

MLI's is sintakties vas in die sin dat die volgorde van die komponente in 'n MLI nie verander kan word nie:

* (iemand) van **stuurboord** na **bakboord** stuur

Veral by die sogenaamde onomkeerbare binomiale (vergelyk Malkiel 1959) is die volgorde van die komponente baie belangrik:

* **peper en sout**

* **skyfies en vis**

Dit is veral allitererende binomiale (**rep en roer, bak en brou op en top**), MLI's met 'n hoë graad van idiomatisiteit (**uit die bloute**) en groepsetsels (**met behulp van**) wat 'n sterk gefikseerde vorm vertoon sowel wat die woorde in die MLI as hulle lineêre volgorde betref.

Vir elke taalgebruiker is dit egter ook duidelik dat vervanging van elemente in 'n MLI nie heeltemal onmoontlik is nie. Variasie kom dikwels voor:

Al om die hawerklap

Elke hawerklap

Al hawerklaps

Die element wat semanties die swaarste dra (**hawerklap**), die kern van die MLI, kan nie vervang word nie, maar die aanloop wel. Die vraag is weer eens of die aanloop dan deel vorm van die MLI of nie.

As die vervangingstoets dié definiërende toets is, kan besluit word dat die uitdrukking **op 'n kol** nie 'n MLI is nie, ten spyte van die idiomatiese aard van die uitdrukking; vergelyk **op 'n dag**. Op grond van die vervangingstoets is die MLI in die volgende voorbeeld slegs **van stapel**, en is die werkwoorde wat daarmee verbind nie deel van die MLI nie:

van stapel stuur

van stapel laat loop

Die interessante is dat slegs sekere werkwoorde met so 'n uitdrukking verbind (vergelyk ook **geen snars** hierbo), sodat mens iets soos 'n kollokasionele verbinding kry. Dit is 'n tipiese verskynsel dat MLI's as geheel kollokeer met ander elemente. Dieselfde is die geval met 'n MLI soos **in (sy) peetje**, wat ook met 'n beperkte aantal leksikale items (**gaan, stuur en loop**) verbind. Die werkwoord bepaal die sintaktiese struktuur waarbinne die MLI aangewend word:

(25) Loop/gaan in jou peetje! (bevelsin)

(26) Jan het Piet in sy peetje gestuur.

Vervanging van elemente gebeur geredelik in kollokasies, sonder dat die vervanging van een element die betekenis radikaal aantast:

na rype beraad/oorweging

Die waarde van die vervangingstoets lê daarin dat dit gebruik kan word om die kerngroep MLI's te identifiseer.

Op grond hiervan kan sekere tipes kollokasies dan by die randgroep geklassifiseer word (vgl. 8.8).

Fernando & Flavell (1981:20 e.v.) maak gebruik van die vastheid van idiome om idioomgrense vas te stel deur die vervangings- en weglatingstoetse te gebruik. Soos wat hulle ook opmerk, is die weglatingstoets nie 'n baie betroubare aanwyser dat mens wel met 'n idioom te make het nie, omdat dit nie altyd onderskei tussen vaste en vrye verbindings nie. Uit sommige vrye verbindings kan daar ook nie elemente weggelaat word nie:

(27) Sy is nie my dogter nie.

3.4.2.1.2 Unieke komponente

Die leksikale vastheid van MLI's word ook gesien in die voorkoms van unieke (argaïese) komponente (Wisseemann 1961:244; Zgusta 1971:148; De Villiers 1975:135; Fleischer 1982:42 e.v.)

in swang kom/wees
huitjie en muitjie
in sy noppies
van nul en gener waarde
met rasse skrede
op jou hoede
die teerling is geworpe
van heinde en verre
die loef afsteek

Weinreich (1969) en Makkai (1972) beskou idiome met unieke elemente as pseudo-idiome en ook Fleischer (1982) vra of idiome met unieke komponente wel egte idiome is, aangesien daar geen vergelyking moontlik is met vrye verbindings waar die woorde in betekenis eksterne tot die betekenis in die idioom gebruik word nie.

3.4.2.2 Sintakties

3.4.2.2.1 Anomaal

MLI's vertoon sintaktiese idiosinkrasieë - hulle is sintakties anomaal (Zgusta 1971: 148; Fleischer 1982:52 e.v.; Verstraten 1992:4). Hier is die onderskeid tussen enkoderingsidiome (idiome met eienaardighede wat die grammatika betref) en dekoderingsidiome (Makkai 1972:25) ter sake. Hulle totstandkoming kan nie op grond van sintaktiese reëls verklaar word nie (Burger 1973:3,75). Combrink (1989:56) noem idiome "spesiaal" met betrekking tot onder andere die sintaksis. Die volgende MLI's is duidelik vreemd wat hulle sintaksis betref:

'n Broertjie dood hê aan iets

Veels geluk

Bid jou aan

Die duiwel in wees

Hoog tyd (waarskynlik volgens die Engels: high time)

Gewag maak van

... soos kan kom

3.4.2.2.2 Transformasioneel defektief

MLI's (en veral idiome binne die groot groep MLI's) is dikwels transformasioneel defektief. Hulle laat nie alle sintaktiese transformasies toe nie. (Fraser 1970; Burger 1973:77; Fernando & Flavell 1981:39-44; Fleischer 1982:54-63; Carstens 1990:195 e.v.; Verstraten 1992:46-47). Die fokus van die Generatiewe Taalkunde (met uitsondering van Weinreich) was die transformasiepotensiaal van idiome, tot so 'n mate dat ander aspekte buite rekening gelaat is (Fernando & Flavell 1981:11).

Fraser (1970) stel 'n hiërargie van sintaktiese bevrorenheid vir Engelse idiome op met die doel om idiome

in die leksikon met hulle spesifieke vlak van bevrorenheid te merk:

Vlak 0: heeltemal bevrore

Vlak 1: adjunksie

Vlak 2: invoeging

Vlak 3: permutasie

Vlak 4: ekstraksie

Vlak 5: rekonstruksie

Vlak 6: onbeperk

Carstens (1990:201 e.v.) bespreek hierdie transformasies volledig met betrekking tot Afrikaanse idiome en kom tot die gevolgtrekking dat hierdie hiërargie nie op Afrikaans van toepassing is nie. Derhalwe word daar vervolgens na 'n paar transformasionele beperkinge gekyk sonder om hulle te koppel aan 'n hiërargie.

Passieftransformasie

'n Idioom soos **uit die veld geslaan** kom slegs in die passief voor:

(28) * Dit slaan my uit die veld.

terwyl 'n idioom wat op die oog af dieselfde sintaktiese struktuur het - **dronk geslaan** - in die aktief gebruik kan word:

(29) Dit slaan my totaal dronk.

MLI's en veral idiome gedra hulle baie verskillend wat die wisseling tussen aktief en passief betref. Alle MLI's kan nie sonder meer die passieftransformasie ondergaan nie:

(30) Gert het geen spier vertrek toe hy die nuus hoor nie.

(31) ? Geen spier is vertrek toe Gert die nuus hoor nie.

(32) ? Daar is nie 'n spier vertrek toe Gert die nuus gehoor het nie.

Maar:

(33) Geen spier is deur Gert vertrek toe hy die nuus hoor nie.

lyk weer meer aanvaarbaar.

(34) Die manne het 'n kuil getrek in die kroeg.

(35) ?'n Kuil is getrek deur die manne in die kroeg.

Die volgende lyk meer aanvaarbaar:

(36) Die Mafia het iets onheilspellends in die skild gevoer.

(37) Iets onheilspellends is deur die Mafia in die skild gevoer.

(38) Daar is iets onheilspellends deur die Mafia in die skild gevoer.

MLI's met 'n werkwoord wat in 'n vrye verbinding nie in die passief gebruik kan word nie, is self ook nie passieverbaar nie (Burger 1973:81). Die werkwoord behou dieselfde sintaktiese kategorie as wat dit in 'n vrye verbinding het:

(39) Dit **gaan** broekskeur.

(40) Die korrupsie van die nuwe regering het op die lappe **gekom**.

Selfs die variantvorm (**op die lappe bring**) lyk vreemd in die passief:

(41) ? Die korrupsie van die nuwe regering is op die lappe gebring.

As die werkwoord wel passieverbaar is en die voorwerp nie 'n vaste komponent van die MLI is nie, is die passieftransformasie maklik moontlik (Fleischer 1982:54):

(42) Die amateurgroep het 'n uitstekende toneelstuk op die planke gebring.

(43) 'n Uitstekende toneelstuk is deur die amateurgroep op die planke gebring.

(44) Sy vrou het die bekende letterkundige op heterdaad betrap.

(45) Die bekende letterkundige is deur sy vrou op heterdaad betrap.

Fleischer (1982:54-55) probeer aantoon wanneer die passieftransformasie wel moontlik is en wanneer nie, maar slaag nie regtig daarin nie. Vir elke reël wat hy formuleer, is daar 'n uitsondering. Volgens hom is die passieftransformasie veral moontlik wanneer die direkte voorwerp of die werkwoord nie in 'n idiomatiese betekenis binne die MLI optree nie:

(46) Al die kandidate is oor een kam geskeer.

Maar 'n MLI met 'n idiomatiese voorwerp kan wel die passief ondergaan:

(47) Die politieke kandidaat is deur sy opponent die loef afgesteek.

(48) Vandag is 'n lansie vir Afrikaans in die parlement gebreek.

(49) Die bul is behoorlik by die horings gepak.

(50) Die voël word gemaak deur die vere.

Vergelyk:

Dié vrouevoël word dus dikwels gemaak, of gebreek, deur haar vere (De Kat Mei 1994).

Adjunksie/Nominalisering

Nominalisering kom geredelik voor:

(51) Marie se eiertjieleêry begin my irriteer.

(52) Piet se lyfwegstekery werk op almal se senuwees.

Relatiefsintransformasie

Fleischer (1982:55-57) gee uitgebreid aandag hieraan en toon aan dat die semantiek van die MLI hier 'n bepalende rol skyn te speel. Aan die komponente van volle idiomatiese MLI's kan daar gewoonlik nie 'n relatiefsin gevoeg word nie:

(53) ?Sannie sukkel vandag met 'n kloutjie wat sy nie by die oor kan bring nie.

Aan nie-idiomatiese of meer deursigtige komponente kan makliker 'n relatiefsin geheg word:

(54) Die stuiwer wat Cecile in die armbeurs gewerp het, het almal aan die praat.

Dit lyk asof die MLI as geheel wel 'n bysin kan neem:

(55)? Pieter het Frans met 'n kluitjie in die riet weggestuur wat hom getroos het.

Vraagsintransformasie

Waar die vraag direk aan een van die komponente gekoppel word, is so 'n transformasie dikwels nie moontlik nie:

(56) ? Watter kat het hy in die sak gekoop?

(57) ? Watter bordjies het hy verhang?

Maar vergelyk ook:

(58) Watter stuiwer het Magda vandag weer in die armbeurs gewerp?

Invoeging

By 'n substantief kan 'n adjektief en by 'n werkwoord kan dikwels 'n bywoord ingevoeg word:

(59) Sy het die dief **lelik** op sy neus laat kyk.

(60) Magda het op dié punt die **spreekwoordelike** stuiwer in die armbeurs gewerp.

Dat dié tipe transformasie geredelik moontlik is, laat mens vermoed dat die verbinding adjektief + s.nw. nie so vas is nie (Burger 1973:7).

Topikalisasie/Splitsing

Alle idiome kan nie gesplyt word nie:

(61) * Dit was dié bordjies wat Piet verhang het.

(62) * Dit is in die bresse wat Jan vir hom getree het.

'n Onderbroke idioom kan wel gesplyt word:

(63) Dit is Fritz se dood wat Marie te bowe moet kom.

Daar-invoering

Die eksistensiële **daar** kan in sinsidiome wat 'n werkwoord bevat, ingevoer word (Combrink 1992a):

(64) Daar sal geen haan daarna kraai nie.

(65) Daar het iets oor sy lewer geloop.

Nie alle sinsidiome kan egter **daar**-invoering ondergaan nie. In die volgende gevalle is die onderwerpsnaamwoordstuk bepaald:

- (66) * Daar is iemand se hande afgekap.
- (67) * Daar hang (sy lewe) aan 'n draadjie.
- (68) * Daar is sy twak nat.
- (69) * Daar het die hare gewaai.
- (70) * Daar sal die poppe dans.

Hier moet onthou word dat sommige idiome slegs in die **daar**-vorm voorkom:

- (70) Daar's perde.
- (71) Daar het jy dit.

Dat daar wel transformasionele beperkinge is wat die sintaktiese gedrag van MLI's betref, word oorfloediglik aangetoon in die literatuur. Die klem het trouens vir baie outeurs op die sintaktiese gedrag van idiome geval, maar die ondersoek het nie die semantiese gedrag van MLI's verhelder nie. Soos wat die voorbeelde hierbo aantoon, lyk dit ook moontlik om vir elke transformasionele beperking 'n voorbeeld te vind waar die beperking nie geld nie, teoreties altans (vgl. ook Pulman 1993:268-270). Om alle MLI's in 'n taal te toets vir alle transformasies, lyk, gesien alleen die enorme hoeveelheid idiome in 'n taal, na 'n onbegonne taak. Dit is ook nie duidelik wat presies die waarde van so 'n oefening is nie. Die werklike taalgebruik moet die moontlikhede van transformasies al dan nie uitwys. Daarvoor is 'n geweldige groot databank wat sowel die gesproke as die geskrewe taalgebruik verteenwoordig nodig.

MLI's tree verbasend baie soos sinne op, ten spyte van al die literatuur oor hulle transformasionele beperkinge. Burger, Buhofer & Sialm (1982:69) merk tereg op dat daar

dikwels te maklik met kriteria soos "onaanvaarbaar" of "ongrammatikaal" omgegaan word. Hulle haal baie voorbeelde aan van sogenaamde **modifikasies** van idiome. Dit word verder bespreek in 3.4.2.4. Ook Fernando & Flavell (1981:42-43) gee voorbeelde van transformasies van idiome ter wille van grappige uitdrukking.

Fernando & Flavell probeer insig verkry in die aard van *idiomatisiteit* en merk die volgende op oor die klem wat op die transformasionele gedrag van idiome val: "We (...) regard transformational constraints as a useful supportive criterion (vir die vasstelling van idiome - H.J.B.) but not a definitive one" (1981:13). Ook nie-idiome het transformasionele defekte. Idiomatisiteit kan nie (slegs) deur transformasionele defektiwiteit gedefinieer word nie. Volgens hulle is daar geen korrelasie tussen 'n idioom se sintaktiese gedrag en byvoorbeeld sy semantiese deursigtigheid nie. Ook Carstens merk op dat daar nie 'n korrelasie bestaan tussen semantiese ondeursigtigheid en sintaktiese bevrorenheid by idiome nie. Sy bevind dat

idiome wat feitlik geen sintaktiese transformasies toelaat nie (en gevolglik 'n hoë graad van sintaktiese bevrorenheid vertoon) dikwels relatief deursigtig is, en andersom (1990:206).

Carstens wys daarop dat die idioom **tot die bedelstaf geraak**, wat deur taalgebruikers as relatief deursigtig beskou word, sintakties heeltemal bevrore is, terwyl die ondeursigtige idioom **spek skiet** verskeie transformasies kan ondergaan, soos die passieftransformasie en nominalisering (1990:206).

Dit lyk asof die ondersoek na die transformasionele gedrag van idiome van beperkte nut is in 'n studie oor MLI's:

Although an examination of their transformational behaviour offers insight into idioms as syntactic objects, it does not throw much light on idiomaticity per se (Fernando & Flavell 1981:43).

Vergelyk ook Zgusta (1971:149).

'n Ander perspektief op die sintaktiese gedrag van idiome kry mens onder andere by Nunberg (1978), Gibbs & Nayak (1989) en Glucksberg (1993). Hulle ondersoek dui daarop dat die sintaktiese gedrag van idiome wel gekoppel kan word aan die interne semantiese struktuur van die idiome. Kwessies soos isomorfisme (vergelyk o.a. 5.10.3) en analiseerbaarheid speel byvoorbeeld 'n rol.

Nunberg kyk byvoorbeeld na die passieftransformasie wat wel moontlik is by **pay the piper** maar nie by **kick the bucket** nie en neem aan dat die sintaktiese verskil tussen die twee idiome te make het met die verband tussen hulle vorm (sowel **pay** as **kick** is oorganklike werkwoorde) en hulle betekenis (Nunberg 1978:120) - **kick the bucket** is onanaliseerbaar maar **pay the piper** nie. 'n Ontleedbare (isomorfiëse) idioom soos **spill the beans** kan die passieftransformasie ondergaan omdat daar 'n referent is vir **the beans**. Dit is nie die geval met **the bucket** in **kick the bucket** nie.

Nunberg gee egter toe dat mens nie algemene reëls kan neerlê wat die transformasionele gedrag van idiome betref nie, maar dat mens maar geval tot geval moet ondersoek.

Gibbs & Nayak (1989) stel as hipotese dat die sintaktiese gedrag van idiome tot 'n groot mate bepaal word deur hulle interne semantiek. Die eksperimente wat hulle uitvoer, ondersteun dan ook dié hipotese. Hoe groter die

analiseerbaarheid van 'n idioom, hoe groter is sy sintaktiese produktiwiteit.

Ook Stock, Ortony & Slack (1993) is van mening dat isomorfisme (hulle noem dit *referent mapping*) 'n invloed het op die manier waarop 'n idioom verstaan word en dat dit ook die graad van sintaktiese en semantiese fleksibiliteit bepaal.

'n Vinnige blik op twee Afrikaanse idiome skyn bogenoemde sienings te ondersteun. Die idioom **die aap uit die mou laat**, wat isomorfies is (**die aap** = "die geheim"; **uit die mou laat** = laat uitkom) kan maklik die passief-transformasie ondergaan:

(72) Gister is die aap toe uit die mou gelaat.

Ook ander transformasies word toegelaat:

(73) Watter aap is gister uit die mou gelaat?

(74) Dit was toe 'n sensitiewe aap wat uit die mou gelaat is!

'n Ondeursigtige en nie-isomorfiiese idioom soos **die koeël is deur die kerk** is baie meer bevrore:

(75) * Dit was dié koeël wat toe gister deur die kerk is. (Splitsing)

(76) * Daar is gister 'n koeël deur die kerk. (Daar-invoering)

(77) * Die koeël wat deur die kerk is, het almal ontstel. (Invoeging van 'n relatiefsin binne die idioom)

(78) * Die deur-die-kerk-ganery van die koeël moet stopgesit word. (Nominalisering)

In (76) en (77) lei die transformasies tot die verletterliking van die uitdrukking.

Totdat so veel idiome as moontlik op dié manier ondersoek is, kan die hipotese dat daar 'n verband is tussen die analiseerbaarheid en isomorfisme van 'n idioom en die mate waarin hy sintakties vry is, as 'n werkshiptese aanvaar word, in die lig van die ondersoeke wat reeds gedoen is. Die moontlikheid van uitsonderings moet egter ook in gedagte gehou word. Uit die talle voorbeelde wat vir hierdie studie uit veral koerante en tydskrifte versamel is, lyk dit asof variasie (ook sintaktiese variasie) nie die reël nie, maar die uitsondering is. Die neiging is om idiome so onveranderd as moontlik te gebruik. Alhoewel dit moontlik is om kontekste te bedink waar allerlei transformasies wel moontlik is, word dit nie noodwendig in die werklike taalgebruik weerspieël nie.

Ten slotte geld die opmerking van Cruse as 'n soort opsomming wat die sintaktiese gedrag van veral die idioom betref:

The question of precisely which syntactic processes a particular idiom will undergo is an extremely complex one (...). In some respects it seems to be idiosyncratically determined, and in other respects predictable (1986:39).

3.4.2.2.3 Morfologies defektief

Die woorde binne MLI's laat dikwels geen morfologiese bewerkings toe nie:

- * om die bosse lei
- * 'n lans breek
- * in die bres tree

Die woorde binne 'n MLI is oor die algemeen meer beperk wat morfologiese moontlikhede betref as hulle leksikale teenhangers.

3.4.2.2.4 Vaste sintaktiese vorm.

Sommige MLI's vertoon 'n vaste sintaktiese vorm. In Duits kom 'n MLI soos **wetten dass** byvoorbeeld net in die infinitief voor. In Afrikaans kan mens dink aan 'n ou konjunktiewe vorm soos **behoede my**.

Sommige MLI's maak gebruik van 'n vaste *sintaktiese model*. Die leksikale elemente in die model kan egter vervang word (Burger, Buhofer & Sialm 1982: 2) soos wat die geval is by binomiale:

voetjie **vir** voetjie

bietjie **vir** bietjie

3.4.2.2.5 Ontkenning

Wanneer daar ontkenning voorkom in 'n MLI is dit nie altyd 'n ontkenning van dit wat deur die MLI uitgedruk word, dit wil sê sy betekenis nie (Verstraten 1992:46):

Daar is sprake van ("daar word gesê dat, daar bestaan 'n plan")

Daar is nie sprake van nie ("dit is nie so nie, dit sal nie gebeur nie")

Die hele kwessie van die sintaktiese en transformasionele gedrag van MLI's het ook betrekking op die geleksikaliseerdheid van MLI's wat in 3.4.4 aan bod kom. Indien 'n MLI leksikale-itemstatus het, geld die normale reëls van sintagmatiese verbindings nie en is dit futiel om te praat van transformasionele (selfs relatiewe transformasionele) defektiwiteit.

3.4.2.3 Semanties

Die betekenis van 'n MLI is ook vas, 'n vaste geheel, wat normaalweg nie verander nie. Die komposisionele betekenis wat die woorde in 'n MLI in 'n vrye verbinding sou hê, is nie noodwendig die betekenis van die MLI nie:

deur die mat val

die woorde **deur**, **mat** en **val** dra nie op enige sistematiese manier by tot die betekenis van die idioom ("nie uitgevoer word nie, nie slaag nie") nie.

3.4.2.4 Vastheid en variabiliteit

Die "vastheid" van meerwoordige leksikale items is nie 'n absolute kenmerk nie en dit moet ook nie gelykgestel word aan "bevrorenheid" of "versteendheid" nie. Min uitdrukkings (selfs vaste uitdrukkings) is in der waarheid so vas dat niks ooit aan hulle verander kan word nie, ook al reflekteer veranderings (byvoorbeeld aan die woorde binne so 'n MLI) dikwels slegs die taalgebruiker se onvolledige kennis van die leksikon, soos die volgende voorbeeld wat tydens 'n inbelprogram van Afrikaans Stereo gehoor is:

Ek wil ook 'n stuiwer in die armbeurs lewer.

of dié uitspraak van Lochner de Kock (ook oor Afrikaans Stereo):

Dit lyk my dit is maar my **fata morgana** om in Johannesburg te woon.

Combrink (1989:57) maak die volgende opmerking:

Daar is idioome wat totaal vas, bevrore, is - waarvan niks weggeneem, waaraan niks gewysig en

waarby niks bygevoeg kan word nie.(...) Maar die oorgrote meerderheid idioome (...) is op sekere wyses veranderbaar, smeebaar, "onvas".

Vastheid en variabiliteit kan as komplementêre kategorieë gesien word. Afhangend van die tipe MLI moet die verhouding tussen die twee telkens opnuut bepaal word. By die een uiterste pool is daar dié MLI's wat geen variasie toelaat nie - dit is byvoorbeeld MLI's wat argaiëse elemente bevat, sintakties anomaal is, 'n soort "waarheid" uitdruk of hulle aan die punt van die skaal bevind waar die hoogste graad van idiomatisiteit aangetref word:

Hulle kom van heinde en verre
As puntjie by paaltjie kom
Die koeël is deur die kerk
Boontjie kry sy loontjie
Fluit, fluit my storie is uit

Leenwoordgroepe (ad hoc, bona fide ens.) en sekere groepvoorsetsels (by wyse van, as gevolg (hier)van ens.) is ook onveranderbaar vas.

Die feit dat die meeste MLI's uit vrye verbindings van woorde ontstaan het en nog steeds 'n sintagmatiese opeenvolging van woorde vertoon, lei tot 'n soort inkongruensie. Die geskeie vorm van die MLI (meer as een woord) laat variasie toe, terwyl 'n baie stabiele eenheidsbetekenis behoue bly. Die uitdrukking vertoon variasie, die semantiese inhoud stabiliteit (Burger, Buhofer & Sialm 1982:63).

Tog kom betekenisverandering wel voor. Aan die man bring het altyd beteken dat iets verkoop word, maar dit word nou al hoe meer gebruik in die betekenis van "die skuldige aanwys of laat boet". Die knoop deurhak ("met

kragdadigheid 'n einde maak aan 'n probleem") word ook in die betekenis "trou" gebruik.

Die variasie wat aangetref word, kan een van twee soorte wees:

3.4.2.4.1 Wisselvorme/Variante

Leksikale variasie is baie kenmerkend by MLI's en dit het nie konsekwensies vir die eenheidsbetekenis van die MLI of sy leksemiese status nie. De Beer praat in sulke gevalle van idioomvariante of idioomwisselvorme (De Beer 1989:221). Ook Verstraten (1992:46) noem dat leksikale variasie binne die vaste verbinding in 'n beperkte mate moontlik is en dat daar selfs reekse variante bestaan.

Een van die woorde in die MLI kan byvoorbeeld uitgeruil of vervang word. Daar is 'n beperkte aantal moontlike variante vir een van die woorde in so 'n MLI. Hierdie soort variante kan leksikografies geboekstaaf word. Die wisselvorme is dikwels, maar nie altyd nie, sinonieme van mekaar of behoort tot dieselfde semantiese veld:

Die bobbejaan agter die bult/berg gaan haal
Kastaiings/kaiings uit die vuur krap
In die bresse tree/spring
(Iemand) wys vertel waar Dawid die wortel(s) begrawe
gegrawe het
Een skurwe/brandsiek skaap steek die hele trop aan
Jou hemp/broek vir iemand uittrek

Uit Combrink se hele betoog blyk dit dat dit vir hom gaan oor variante vorme wat ook so in woordeboeke aangedui moet word. As voorbeelde van die "onvasthede" by idiome noem hy onder andere opsionele bykomstige taalbousels soos die volgende:

Aan (die) kant

(Ek) kry nie my draaie(e) nie

en alternatiewe woorde:

Die vuur van twis (*tweedrag*) aanblaas
Oor koeie (*koeitjies*) en kalwers (*kalfies*) praat
(Hy) weet daar soveel van as 'n vark van politiek
(*godsdiens, bors hemp*)

Vergelyk laasgenoemde voorbeeld met 'n idioom wat geen variasie toelaat nie:

(Hy) weet daar so veel van as 'n kat van saffraan

Alternatiewe woorde is volgens Combrink vulsels van gleuwe wat gevul moet word en die gleuwe kan dikwels deur meer as een woord gevul word (Combrink 1989:57). MLI's vertoon harde kerne wat vas bly en 'n sagter periferie (Combrink gebruik die term *gleuf*) wat variasie en alternatiewe vorme toelaat.

'n Interessante voorbeeld is die volgende:

Iets in die skild/mou voer

Skild en mou is twee totaal onverwante woorde; tog is die variasie miskien nie lukraak nie. Die "nuwer" variant (**iets in die mou voer**) is waarskynlik na analogie van die baie idioome met **mou soos hy lag in sy mou, iemand iets op die mou speld, die aap is uit die mou** gevorm. Die historiese herkoms van die idioom het in so 'n mate onbekend geraak dat dit geen rol meer speel in sprekers se gebruik van die een of die ander wisselvorm nie. Wat die betekenis van idioome oor die algemeen betref, toon dié voorbeeld aan dat dit interessant is om die oorsprong van die idioome na te gaan, maar dat sulke kennis nie van groot belang is in sinchroniese studies nie.

Wat betref die volgorde van woorde binne 'n MLI, is daar ook variasie moontlik:

in die harnas jaag x die harnas in jaag

'n Interessante perspektief op die hele kwessie van idioomvariante word gebied wanneer Afrikaanse en Nederlandse idiome met mekaar vergelyk word, soos in die studie van Coolen (1991). Hy noem byvoorbeeld die volgende voorbeelde van leksikale wysiging:

Nederlands:

Geen **vin** verroeren

Iemand om de **tuin** leiden
zo dood als een **pier**

Afrikaans:

Nie 'n **vinger** verroer
nie

Iem. om die **bos** lei
so dood soos 'n **mossie**

Betekenisvariasie kom ook voor:

In Nederlands beteken **een blauwe Maandag** 'n dag waarop mens nie werk nie, terwyl **blou Maandag** in Afrikaans die betekenis het van 'n dag waarop alles skeef loop. Die betekenisverandering van **aan die man bring** is reeds hierbo genoem.

Coolen kom tot die gevolgtrekking dat die meeste verskille tussen Afrikaanse en Nederlandse idiome op leksikale vlak bestaan en dat maar 'n klein deel van die totale idioomvoorraad verander het:

De meeste idiomen zijn (...) onveranderd gebleven, dankzij hun afgerondheid, stevigheid en hun vastgeworteld zijn in brede volkskringen (Coolen 1991:74).

3.4.2.4.2 Modifikasies

Die tipe variasie wat nie so maklik leksikografies vasgestel kan word nie en wat dikwels ter wille van stilistiese redes plaasvind, noem Burger (Burger, Buhofer & Sialm 1982) *modifikasies*. Gewoonlik word sulke (dikwels leksikale) modifikasies opsetlik deur die outeur aangebring en kom hulle eenmalig voor ter wille van die een of ander semantiese effek. Die grens tussen die tipe konvensionele variante wat hierbo bespreek is en groter veranderinge aan die vorm van die MLI is nie altyd maklik om vas te stel nie.

Wat die transformasionele defekte van fraseologiesmes betref, merk Burger op:

Es gibt kaum eine Veränderung eines Phraseologismus, die in irgendeinem Kontext nicht möglich und durchaus sinnvoll wäre (Burger, Buhofer & Sialm 1982:68).

Ook Glucksberg (1993) bespreek die modifikasie van idiome. Dit is volgens hom nie afhanklik van sintaktiese en leksikale fleksibiliteit nie:

Idioms vary considerably in the extent to which they may sustain lexical substitutions, syntactic operations, and semantic productivity. In general, the more compositional an idiom, the more likely it will be available for variation of one type or another (...) To the extent that there is any semantic relation between an idiom's elements and the idiom's meaning, some semantic productivity should be possible (Glucksberg 1993: 19).

So 'n siening staan natuurlik teenoor dié van byvoorbeeld Fraser:

(...) no part of the idiom has retained any literal interpretation, if it ever had any... That is, we maintain that no part of the idiom actually contributes to the semantic interpretation of the expression, once the idiom has been formed (Fraser 1970:33).

Die voorbeelde hieronder is feitlik almal in geskrewe tekste gevind. Uiteraard dien hulle slegs ter illustrasie van die verskynsel van modifikasie en maak hulle op geen manier op volledigheid aanspraak nie. Vir enige statistiese gevolgtrekkings sou mens 'n baie groot korpus tekste nodig hê. Dit val buite die bereik van hierdie studie. Wat die semantiese of stilistiese effek van die modifikasies betref, gedra elke voorbeeld hom anders. Wat aangetoon word, is dat taalgebruikers die vaste vorm van die MLI verander soos wat die geleentheid hom voordoet. Omdat die voorbeelde uit geskrewe tekste kom, vermoed mens dat dit hier nie (altyd) om "foute" gaan nie, maar om doelbewus uitgedinkte woordspel. By advertensies is dit dikwels inderdaad die geval. Tipiese modifikasies wat (soos reeds gesê) baie keer ter wille van effek aangebring word, is die volgende: (Vergelyk ook die koerantvoorbeelde van Fernando en Flavell 1981:34-36)

(i) Leksikale substitusie

Nooit weer sou my lampie sonder water wees nie. (Beeld 1/3/94)

Ons het hier nie met 'n erkende idioom te make nie, maar met 'n ander tipe MLI, naamlik verwysing (soos **Praagse lente**). Die verwysing hier is na die verhaal in die Bybel van die vyf wyse en die vyf dwase maagde wat nie genoeg

olie in hulle lampe gehad het nie. Die skrywer ag dié kennis as so algemeen dat hy nieregstreeks daarna kan verwys. Mens kan hier 'n MLI soos **my lampie is sonder olie** ("om onvorbereid te wees") as basisvorm veronderstel. In die aangehaalde voorbeeld word **olie** vervang met **water**. Die konteks is dié van 'n uitstappie wat ten doel gehad het om die rommel op een van die rantjies in Johannesburg op te ruim. Die spreker het geen water saamgeneem nie. Die uitdrukking is wel idiomaties, omdat mens nie normaalweg water in 'n lampie met jou saamdra nie en dit kan origins slegs verstaan word as die verwysing gesnap word.

Bogenoemde voorbeeld sluit aan by die siening van Glucksberg (1993) wat idioomvariante as 'n voorbeeld van semantiese produktiwiteit beskou.

Nog voorbeelde van leksikale substitusie is:

...om die pêrels van sy wysheid voor **ons** te werp (Rapport 6/7/97) [**ons** in plaas van **varke**]

...dat daar inderdaad 'n lig of twee in die tonnel **aan die aangaan** is (Rapport 6/7/97) [**aan die aangaan** in plaas van **brand**]

Nie dat hy **effense** spore getrap het nie. (Stilet IX:I) [**effense** in plaas van **diep**]

Alle grappies op 'n **end** (Radiosondergrense) [**end** in plaas van **stokkie**]

(ii) Invoeging van 'n adjektief/bywoord

Dié tipe modifikasie kom baie dikwels voor.

op die **ou** einde van die dag (Beeld 7/2/94 - maar eintlik toegeskryf aan Naas Botha)

Sy tong is **stewig** in sy kies.

Dit het die wind **ietwat** uit hulle seile gehaal

Daar is 'n paar wat hulle mes **behoorlik** in het vir Beeld.
(Beeld 16/2/95)

... deel van die **wrange** vrugte wat die Suid-Afrikaanse literatuur moes pluk (Insig Nov. 1991)

uit 'n **effens** ander oogpunt (Insig Nov. 1991)

Miskien is dit op die keper geen tweespalt nie. Miskien is materiële welvaart en geluk op die **groot Amerikaanse** keper één. (Insig Nov. 1991)

om 'n klip in dié **benoude** bos te werp (Insig Sept. 1991)

Soos wat Burger (Burger, Buhofer & Sialm 1982:75) opmerk, het die toevoeging van 'n adjektief nie gevolge vir die betekenis van die uitdrukking as geheel nie. Dit lyk asof die substantief waarby die adjektief gevoeg word, maklik isoleerbaar is uit die MLI, asof hy semanties outonoom is. Met die keuse van die adjektief word die MLI dikwels aan die konteks gebind.

(iii) Uitbreiding van die MLI

Hoe mens so kan dink gaan die gesonde, **en alle ander**, verstand te bowe. (Wilhelm Jordaan, Beeld 13/11/96)

bloed-en-bodempolitiek

Alles moet in die **strydperk** gewerp word (Stilet Jg III:2 Sept.1991)

By bogenoemde voorbeeld vermoed mens gebrekkige kennis van die idioom **alles in die stryd werp**.

... met geen doekies om om die waarheid te draai nie (De Kat Nov. 1991)

"Toe het dr. Piet Koornhof *Die Beeld* daarvan beskuldig dat hy 'n heksekettel van Afrikanerrusies gestook het. (Beeld 16/2/95)

Die tafel is berei vir 'n lopiefees. (Beeld 1/3/94)

...dan moet hulle die vrugte van hulle onbesonnenheid pluk. (Beeld 1/3/94)

die laaste spyker in die dief se doodkis was... (Beeld 7/3/94)

Aan sommige van hulle kan mens waarlik nie taalsalf smeer nie (Beeld 7/3/94)

Inmiddels dans die poppe van Whitewater ongemaklik rondom die presidentspaar (Beeld 7/3/94)

Transvaal probeer die wa, wat lelik vasgesteek het, uit te help (Krieketkommentaar; Afrikaans Stereo)

Nadat Frankryk vir die vierde keer 'n stok in die wiel van die ooreenkoms gesteek het (Nuus; Afrikaans Stereo)

(iv) Koördinerings (van twee identiese MLI's)

Maar om Taxi op spoor en goed op dreef te kry was nie maklik nie. (De Kat Nov.1991)

Maar nou hou hulle nie van die Waarheidskommissie nie, hulle het 'n broer én 'n suster dood aan regstellende aksie (Beeld 31/197)

(v) Verkorting (tot op die naamwoordelike deel van die MLI)

Dié tipe modifikasie word dikwels in koerantopskrifte aangetref en is 'n goeie voorbeeld van hoeveel woorde 'n goeie begrip nodig het:

Twee vlieë
Water op die meule
Groen lig

(vi) Invoeging van 'n relatiefbysin

Die sand wat deur die regering in die oë gestrooi word, word nou net te veel.

(vii) Vloekwoordinvoeging

Die normale beperkings op die invoeging van woorde binne komplekse, simplekse en idiome word opgehef wanneer vloekwoorde ter sprake is (vgl. Feinauer 1983).

Vergelyk byvoorbeeld

Hy is ook so deur die bleddie mis

en

* Hy is deur die droë mis

My kar is al amper oor die blesstse muur

en

* My kar is amper oor die hoë muur.

3.4.2.5 Samevatting: vastheid en variabiliteit

1. Vastheid of stabiliteit is 'n kenmerk van MLI's. Die vastheid manifesteer in leksikale en sintaktiese vastheid wat beteken dat MLI's transformasionele beperkings het. As algemene uitspraak geld die volgende: MLI's het 'n vaster vorm as vrye verbindings.

2. Die vastheid het veral waarde as kriterium om te help onderskei tussen MLI's en vrye woordverbindings asook om die grense van MLI's vas te stel.

3. Die kenmerk kan help om 'n kerngroep MLI's te onderskei van 'n randgroep. So is kollokasies byvoorbeeld baie minder vas wat vervanging van een van die komponente betref:

na rype beraad / oorweging
skotige/steil/stywe opdraande

4. MLI's is nie onveranderbaar vas nie. Transformasies en leksikale variasie kom algemeen voor. Dié tipe variasie is kontroleerbaar en beperk en kan ook leksikografies beskryf word.

5. Sommige MLI's is vaster as ander. Eponieme en terme is byvoorbeeld vas in die sin dat wisselvorme nie moontlik is nie:

soos Dawid en Jonatan
ongelowige Thomas
die Rooi Kruis

6. Waar daar sprake is van meer as net leksikale variasie of wisselvorme, naamlik die tipe variasie wat nie in woordeboeke aangetref word nie, praat ons van **modifikasies**. Modifikasie berus egter vir sy (stilistiese of semantiese) effek op 'n relatief stabiele vorm wat as

vaste vorm deur taalgebruikers herken en gereproduseer kan word.

3.4.3 Idiomaticiteit (Semantiese idiosinkratisiteit of semantiese spesialisering)

Semantiese kenmerke word beskou as dié distinktiwe kenmerk van 'n vaste verbinding of in elk geval 'n baie belangrike kenmerk (vgl. onder andere Fernando & Flavell 1981:22; Fleischer 1982:35; Burger, Buhofer & Sialm 1982:1; Matesic 1983:113; Verstraten 1992:60). Weinreich (1969:40) noem idiome "an extreme example of contextual semantic specialization". Wanneer daar oor die semantiese struktuur van die meerwoordige leksikale item gepraat word, staan die begrip idiomaticiteit sentraal. Die term **idiomaticiteit** kan as 'n soort sambreelterm gesien word vir die semantiese gedrag van MLI's.

Idiomaticiteit is nie 'n kenmerk wat eksklusief aan idiome behoort nie - ook komposita kan idiomaties wees (vergelyk 2.4.2.1).

Idiomaticiteit as kenmerk kan gebruik word om vaste en vrye verbindings van mekaar te onderskei asook om die verskillende soorte meerwoordige leksikale items onderling van mekaar te onderskei. Dit is dus nie 'n kenmerk wat deur alle MLI's gedeel word of in dieselfde mate deur alle MLI's gedeel word nie, onder andere omdat idiomatisering 'n proses is wat hom voltrek - dit kan baie geleidelik geskied.

Die aap is uit die mou (vaste verbinding) word van **die aap is uit die hok** (vrye verbinding) onderskei op grond van die idiomatiese aard van eersgenoemde verbinding. **Skouers optrek** is duidelik minder idiomaties (meer deursigtig) as **iemand se been trek**, maar albei is vaste verbindings.

'n Mens moet in gedagte hou dat idiomatisiteit 'n kenmerk is wat groot gewig dra in die literatuur oor idiome. In die literatuur kom 'n mens 'n hele aantal terme teë, soos onder andere **komposisionaaliteit**, **deursigtigheid** en **gemotiveerdheid** wat by besprekings van idiomatisiteit betrek word. Die sienings van verskillende taalkundiges kom in die onderhawige bespreking aan bod. Die onderskeie aksentleggings word in die onderopskrifte aangedui.

3.4.3.1 Komposisionaaliteit

Carstens (1990) noem dat komposisionaaliteit tradisioneel nie as 'n semantiese universalium in die Taalkunde beskou is nie, maar

Frege, Montague en hulle navolgers verhef die Komposisionaaliteitsbeginsel tot 'n a-teoretiese, semantiese universalium van natuurlike menslike tale. Dit word 'n beginsel om die universele verskynsels van produktiwiteit, kreatiwiteit en rekursiwiteit in taal te verantwoord en word as bindend beskou ten opsigte van alle grammatiese komplekse eenhede; vanaf die geledede lekseem tot by die sin (Carstens 1990:41).

Frege se beginsel van komposisionaaliteit word deur Verstraten (1992: 28) as volg weergegee waar sy Dowty, Wall & Peters aanhaal:

The meaning of the whole is a function of the meaning of the parts and their mode of combination.

Lyons stel dit so:

The sense of a composite expression is a function, not only of the sense of its

component lexemes, but also of its grammatical structure (Lyons:1981:146).

Uitgaande van bogenoemde formulerings van die komposisionaaliteitsbeginsel word dikwels gestel dat idiome (as subgroep binne die groot groep MLI's) niekomposisioneel is (Kooij 1968:252; Fraser 1970:22; De Villiers 1975:44; Fernando & Flavell 1981:22; Levinson 1983:270; Moon 1988:108; Carstens 1990:250). Die betekenis van 'n idioom is nie die resultaat van die komposisionele funksie van sy konstituente nie, hulle lewer geen selfstandige semantiese bydrae tot die geheelbetekenis nie. Idiome het wat Fernando & Flavell 'n niekorrelatiewe sintaksis noem (Fernando & Flavell 1981:47). Die betekenis van 'n idioom moet in 'n parafrase gegee word.

Ter illustrasie: 'n idioom soos **in die botter val** het 'n letterlike teëhanger waarvan die betekenis die resultaat is van die komposisionele betekenis van die woorde:

(79) Daar het 'n vlieg in die botter geval.

In:

(80) Toe hy met Marie getrou het, het Flip regtig in die botter geval.

word die idiomatiese betekenis ("hy het dit gelukkig getref") nie deur die komposisionele (letterlike) betekenis weergegee nie.

Die niekomposisionaaliteit van idiome lei Fernando & Flavell (1981:22) daartoe om 'n idioom as 'n lekseem te beskou. Hulle verstaan onder **lekseem** die kleinste semanties onreduseerbare eenheid. Die siening dat 'n idioom 'n lekseem is, kompliseer egter die gebruik van dié term en verhelder nie die analise van idiome nie.

Letterlike (vormlik ooreenstemmende) teenhangers kan as bevestiging dien vir die stelling dat idiome niekomposisioneel saamgestel is. (Vergelyk ook 3.4.3.3) Idiome wat grammaties of leksikaal idiosinkraties is (**van lotjie getik, die loef afsteek**) het egter nie sulke letterlike teenhangers nie. By sulke idiome bring ook die verhoogde graad van leksikalisering (wat onder andere gesien word in grammatiese afwykings) 'n verlaagde graad van komposisionaaliteit mee (Carstens 1990:195), of anders gestel, 'n verhoogde graad van idiomatisiteit.

Die hele kwessie van letterlike teëhangers van idiome het belangrike implikasies vir die siening van idiome. Dit kom ook verderaan ter sprake in 3.4.3.3.

Op basis van die niekomposisionele samestelling van idiome kan hulle ook van ander tipes MLI's afgegrens word soos kollokasies (**hou van**) en groepsetsels (**met uitsondering van**) waarvan die betekenis wel komposisioneel bepaal kan word. Carstens (1990: 190) noem die volgende stuklekseme wat komposisioneel saamgestel is:

Kollokasies: **vertrou op**
 swart koffie
 'n kans vat

Spreekwoorde: **waar die hart van vol is, loop die mond**
 van oor

Idiome: **sien is glo**

Ook groepsetsels soos **met uitsondering van** en deeltjiewerkwoorde soos (**opstaan, uitgaan**) kan as voorbeelde van MLI's wat komposisioneel verstaan kan word, genoem word.

Daar is ook idiome wat deels komposisioneel, deels niekomposisioneel verstaan kan word. In **dit reën katte en honde** behou **dit reën** die normale komposisionele betekenis van die woorde, terwyl **katte en honde** 'n ander,

niekomposisionele, betekenis het. Tog is dit reën deel van die idioom, omdat **katte en honde** in dié betekenis 'n eenheid vorm met die begrip **reën** en nooit alleen in 'n sin kan optree nie.

(65) * Dit katte en honde

Die komposisionaaliteitsbeginsel het veral waarde as heuristiese middel. Op basis van die niekomposisionele samestelling van idiome kan hulle van ander tipes meerwoordige leksikale items soos kollokasies afgegrens word (Carstens 1990:250). As daar egter gesoek word na 'n teoretiese raamwerk waarbinne die eiesoortige semantiek van MLI's doeltreffend hanteer kan word, is die komposisionaaliteitsbeginsel nie voldoende nie (vgl. Carstens & Swanepoel 1993). In hoofstukke 5 en 6 word meer aandag aan die komposisionaaliteitsbeginsel bestee. Die klem val daar op die manier waarop die komposisionaaliteitsbeginsel in die kognitiewe grammatika gebruik kan word.

3.4.3.2 Deursigtigheid en gemotiveerdheid

Verwant aan die komposisionaaliteitsbeginsel is die begrippe **deursigtigheid** en **gemotiveerdheid**. Wanneer die betekenis van 'n leksikale item vir iemand gemotiveerd is, is die item ook deursigtig. Die twee begrippe het dus baie dieselfde inhoud. Idiome vertoon 'n gebrek aan komposisionaaliteit as gevolg van die asimmetrie tussen hulle sintaksis en hulle betekenis (Fernando en Flavell 1981:23) en dié niekomposisionaaliteit het 'n mindere of meerdere mate van verlies aan deursigtigheid en motivering tot gevolg.

Carstens (1990:44) en Swanepoel (1993:97) wys daarop dat die begrip deursigtigheid in die huidige semantiek-literatuur dikwels met komposisionaaliteit gelyk gestel word. Verstraten (1992:13) tref wel 'n onderskeid tussen

komposisionaaliteit en deursigtigheid. Volgens haar het komposisionaaliteit te make met die manier waarop die betekenis in 'n meerwoordige leksikale item opgebou word. Deursigtigheid het te make met die manier waarop die MLI verstaan word deur taalgebruikers. Dit is ook die standpunt van Carstens & Swanepoel (1993). 'n Komposisionele verbinding van items sal vanselfsprekend ook deursigtig wees, maar ook niekomposisionele verbindings kan vir spesifieke taalgebruikers deursigtig wees. Deursigtigheid is naamlik subjektief en skalig. 'n **bitter pil om te sluk** is byvoorbeeld niekomposisioneel, maar vir die taalgebruiker is daar 'n verskil tussen dié verbinding en een soos **kort gebakerd wees**. Verskillende taalgebruikers kan sekere verbindings ook verskillend interpreteer wat deursigtigheid betref. Verstraten gebruik die voorbeeld **iets op sy kerfstok hê**, 'n uitdrukking wat meer deursigtig kan wees vir iemand met kennis van die historiese agtergrond van die uitdrukking as vir iemand wat nie oor sulke kennis beskik nie. Deursigtigheid as kriterium behels duidelik meer as die vereiste dat die MLI komposisioneel saamgestel moet wees.

Soos hierbo gesê, hou die begrippe deursigtigheid en gemotiveerdheid verband met mekaar. In die Saussurreaanse betekenis word motivering gebruik in teenstelling tot arbitrariteit. By gemotiveerde woorde of uitdrukkings word daar 'n semantiese verband gesien tussen 'n metaforiese uitdrukking en sy letterlike teëhanger. Die terme wat Ullmann (1981) gebruik, **transparent** en **opaque**, kan ook in verband gebring word met motivering. Semantiese motivering lê vir Ullmann daarin dat sekondêre betekenis (soos metaforiese en metonimiese betekenis) uit primêre betekenis afgelei kan word. Verstraten stel dit so:

Een verbinding noemen wij (...) gemotiveerd als we een relatie kunnen leggen tussen de niet-

compositionele betekenis van een verbinding en de letterlike betekenis van dezelfde verbinding (1992:14).

Ook Klimaszewska (1990a:140) verstaan onder motivering 'n potensiële sinchroniese gemotiveerdheid - die verband tussen die letterlike en die fraseologiese betekenis. So gesien, hou motivering of deursigtigheid nie regstreeks verband met die komposisionaaliteitsbeginsel nie, want daar is nie sprake van *sintagmatiese* motivering nie (Carstens 1990:43). In die volgende bespreking word daar gekonsentreer op die hantering van die begrippe deursigtigheid en gemotiveerdheid by 'n aantal outeurs.

Oor die algemeen blyk die nosie "deursigtigheid" van waarde te wees wanneer verskillende semantiese geleidinge by idioome onderskei word. In die volgende paragrafe word daar vlugtig gekyk na van die graderings wat in die literatuur aangetoon word.

De Villiers (1975:135) skryf die ondeursigtigheid van idioome toe aan veranderinge in die taal. Volgens hom hou dit in dat "alle pogings om idiomatiese vorme te verklaar etimologies is" (De Villiers 1975:137). Ook Fernando & Flavell (1981) verbind hulle bespreking van deursigtigheid by idioome met die hele kwessie van die vorming van idioome, waar die metaforiese oordrag van betekenis dikwels 'n rol speel. In die diachroniese proses van idiomatisering is daar sekere stadia wat aangetoon kan word (vergelyk ook Gläser 1988:266). Volgens Fernando & Flavell is daar op 'n gegewe tydstip in 'n taal, sinchronies gesien, (i) letterlike frases (**break eggs**); (ii) metafore wat duidelik verband hou met die letterlike (**skate on thin ice**); (iii) minder deursigtige maar tog interpreteerbare frases (**to burn one's boats**) en (iv) ondeursigtige idioome (**to pull someone's leg**).

Carstens (1990:190-191) gebruik Fernando & Flavell se indeling om wisselende grade van deursigtigheid by Afrikaanse MLI's (stuklekseme) aan te toon:

Deursigtig: swart koffie

Semi-deursigtig: iemand in die rug steek ("iemand verrraai")

Semi-ondeursigtig: die hand aan die ploeg slaan ("werk")

Ondeursigtig: iemand se hand in die as slaan ("iemand uitsit by 'n nooi")

Fleischer (1982:38) en Korhonen (1992:1) praat van *validiomatiese* en *deelsidiomatiese* MLI's. Swart lys is deelsidiomaties omdat lys in sy letterlike betekenis gebruik word. Gläser (1988) baseer ook haar taksonomie op grade van deursigtigheid.

Burger (Burger, Buhofer & Sialm 1982:4) gebruik die term *gemotiveerdheid* om MLI's in verskillende semanties onderskeibare groepe in te deel. Afhangende van die verband tussen die letterlike (komposisionele) en die figuurlike betekenis van 'n MLI, praat hy van ongemotiveerde, deelsgemotiveerde en gemotiveerde MLI's. Burger (1982:21 e.v.) verwerp in hierdie verband 'n klassifikasie wat idiome indeel in endo- en eksosememiese idiome. (Afrikaanse voorbeelde is gesoek om by sy indeling te pas.)

Ongemotiveerde MLI's

Wanneer geen verband gelê kan word tussen die komposisionele en niekomposisionele betekenis van 'n uitdrukking nie:

as puntjie by paaltjie kom; iemand 'n rat voor die oë draai

Deelsgemotiveerde MLI's

Wanneer een of meer, maar nie alle komponente nie, van 'n MLI hulle gewone betekenis (dit wil sê die betekenis wat die komponent in 'n vrye verbinding het) behou:

kant en klaar; hoog en laag sweer; steen en been kla

Gemotiveerde MLI's

Die niekomposisionele betekenis van 'n MLI kan op 'n figuurlike, metaforiese manier uit die letterlike betekenis afgelei word:

kruisie(s) trek; 'n vyfde wiel aan die wa; kop verloor

Volgens Verstraten (1992:44) is daar 'n hoër mate van ondeursigtigheid by vaste verbindings wat komponente het wat net in die een verbinding voorkom, wat histories gedateerd of versteend is en dus sinchronies geen referensiële betekenis het nie.

Carstens & Swanepoel (1993) gebruik ook die begrip deursigtigheid om verskillende soorte idiome in Afrikaans te onderskei en om die beperkte waarde van die komposisionaliteitsbeginsel by so 'n indeling aan te toon.

Beide Carstens (1990) en Verstraten (1992) maak beswaar teen 'n tipe werkswyse waar die gradering nie teoreties gefundeer word nie. Die deursigtigheidskaal waarvan gepraat word, is subjektief en arbitrêr, (Carstens 1990:191); die ondersoeker se intuïsie word as 'n soort maatstaf gebruik om verskillende grade van deursigtigheid aan te dui (Verstraten 1992).

3.4.3.3 Misleiding, disinformasie, ambiguïteit

Taalkundiges soos Makkai (1972) en Fernando & Flavell (1981) tref 'n onderskeid tussen egte en pseudo-idiome op grond van die aan- of afwesigheid van letterlike teëhangers.

Makkai sien as 'n tipiese eienskap van idiome die potensiaal wat hulle het om verkeerd verstaan te word, hulle vermoë om te mislei, hulle ambiguïtet (Makkai 1972:25;122). Hulle ambiguïteit vloei voort uit die feit dat hulle letterlike (Makkai gebruik die term *homonimiese*) teëhangers het. Op grond hiervan tref hy 'n onderskeid tussen egte en pseudo-idiome. Idiome wat waarheidsvoorwaardes oortree (*in iemand se keel afspring*) of grammatiese en leksikale idiosinkrasieë vertoon (*bid jou dit aan, die loef afsteek*) kan nie letterlike teëhangers hê nie, kan dus nie potensieel disinformatief wees nie en is daarom nie egte idiome nie.

Ook Fernando & Flavell heg baie waarde aan hierdie eienskap van idiome. Hulle noem dit as een van die vier definiërende eienskappe van die idioom:

(An idiom) has a literal homonymous counterpart which complements the fact that the syntax of an idiom is non-correlative, i.e. a pure idiom has both a literal and a non-literal 'face' and as such comprises a 'double exposure' (Fernando & Flavell 1981:47).

Ook Kooij (1968:253) en Weinreich (1969:42) noem ambiguïteit 'n kenmerk van ("ware") idiome. Volgens Chafe (1968) het egte, m.a.w. welgevormde, idiome dikwels 'n groter frekwensie as hulle letterlike teëhangers. Die kwessie van 'n moontlike letterlike interpretasie speel ook 'n belangrike rol in die manier waarop Gläser (1988: 266) idiomatisiteit gradeer.

Gouws (1990) opeer beswaar teen die gebruik van die term *homonimies* in verband met die verhouding tussen idioome en vormlik ooreenstemmende vrye verbindings. Homonimie is naamlik 'n betekenisbetrekking wat tussen *leksikale items* geld (Gouws 1990:277). Idioome tree soos eenwoordige leksikale items op. 'n Vrye verbinding is egter 'n sintakties gelede verbinding wat komposisioneel verstaan kan word. Die vrye verbinding

van 'n skilpad probeer vere pluk

kan nie as 'n enkele leksikale item beskou word nie. Daar kan dus geen *homonimiese* verhouding tussen die vrye verbinding en die idioom

van 'n skilpad probeer vere pluk ("die onmoontlike probeer doen")

bestaan nie.

Daar word in hierdie proefskrif gepraat van *letterlike teëhangers*. Daarmee word vrye verbindings bedoel wat presies dieselfde vorm (naamlik 'n sintakties gelede vorm) het as 'n idioom. Sonder die aanwesigheid van 'n verhelderende konteks kan daar dus misverstand wees wat die betekenis van die verbinding betref.

3.4.3.4 Betekenisgeheel/Gestaltbetekenis

'n MLI vorm 'n betekenisgeheel wat as eenheid aangeleer en begryp word (Wisseman 1961:244; De Villiers 1975:25, 153; Klimaszewska 1990a:9). Gestaltbetekenis word deur Mathiot (1967:705) as volg geformuleer: "the meaning of the whole being more than the sum of the meaning of the parts". Mathiot wou die kenmerk as definiërende kriterium gebruik om te besluit oor die opname van MLI's in haar Papago-Engels woordeboek. Voorbeelde soos **kokdam ha=ki** : **hospitaal** (letterlik "siekes hulle huis") lei haar tot

die gevolgtrekking dat dit nie 'n ondubbelsinnige kriterium is waaraan alle MLI's voldoen nie.

Hierdie kenmerk hang saam met en beïnvloed die vastheid van MLI's en hulle geleksikaliseerdheid. Unieke of argaïese elemente verkry byvoorbeeld 'n langer lewensduur in die taal omdat hulle opgeneem word in die geheelbetekenis van die uitdrukking - hulle bydrae tot die betekenis hoef nie apart bereken te word nie (Wisseman 1961:245).

Ook die konsep van betekenisgeheel by MLI's is iets wat slegs met inagneming van graderings aanvaar kan word:

In Wirklichkeit gibt es zwischen dem einen Extrem, dass das Ganze alles und die Teile nichts bedeuten, und dem anderen Extrem, dass das Ganze nichts und die Teile alles bedeuten, unendlich viel Übergänge und Abstufungen (Wisseman 1961:246).

3.4.3.5 Metaforiese of oordragtlike betekenis

Baie idiome ontstaan uit figuurlike taalgebruik - veral metaforiese of metonimiese taalgebruik: "Metaphor and metonymy may be understood as archetypes of idiomaticity" (Gläser 1988:267). Die metaforiese betekenis lei gewoonlik tot allerlei semantiese verskuiwings soos semantiese uitbreiding en spesialisering. 'n Metaforiese frase kan 'n idioom word en enige herkenbare skakels tussen die (sinchroniese) idiomatiese betekenis en die letterlike betekenis kan verlore gaan. Dit is byvoorbeeld die geval met die dikwels aangehaalde Engelse idioom **a red herring** en die Afrikaanse **witvoetjie soek**.

3.4.3.6 Semantiese simpleksiteit

Cruse (1986:37) definieer 'n idioom as 'n leksikaal komplekse uitdrukking wat semanties simpleks is. In sy terminologie beteken dit dat die idioom uit net een semantiese konstituent bestaan. Hy gebruik dié definisie en die begrip semantiese konstituent om te ontsnap aan sirkeldefinisies van die idioom soos:

'n idioom is 'n uitdrukking waarvan die betekenis nie beskou kan word as 'n funksie van die betekenis wat die dele het wanneer hulle nie dele van idiome is nie (Eksteen 1989:79).

So 'n definisie maak slegs sin as mens reeds weet hoe om idiome van nie-idiome te onderskei. Deur te bepaal watter konstruksies in 'n taal semantiese konstituent is, kan mens dus helderder formuleer watter konstruksies idiome is. Wanneer 'n uitdrukking of frase wel in semantiese konstituent verdeel kan word, is die uitdrukking deursigtig, dus nie-idiomaties. 'n Semantiese konstituent is

elke samestellende konstituent van 'n sin wat 'n betekenis dra wat met die betekenis van die ander samestellende konstituent verbind om die globale betekenis van die sin te lewer (Cruse 1986:25).

Om te toets of 'n leksikale item 'n semantiese konstituent is, gebruik Cruse (1986:27) die toets vir herhalende semantiese kontras. Eksteen (1989:82) pas hierdie toets toe op

(81) Dit sal Piet se tier wees.

en toon aan dat dit, sal en Piet gereelde semantiese konstituent is. (Iemand) se tier wees vorm egter op

sigself 'n semantiese konstituent - dit is dus 'n idioom. Gouws (persoonlike mededeling) wys daarop dat **se** sintakties deel vorm van die genitiefsvorm **Piet se**. Dit het die gevolg dat **se** sintakties en semanties tot verskillende konstituente behoort. Op grond hiervan sou mens die aanloop tot die idioom (**iemand**) logieserwys tot die idioom self moet reken as 'n invulbare gleuf wat die idioom laat aansluit by die sin. Klimaszewska (1990a) praat in dié verband van die *eksterne valensie* van die idioom.

Ponelis (1989b:50) noem as voorbeeld van semanties simplekse MLI's deeltjiewerkwoorde soos **dophou** en **gadeslaan**. Semantiese simpleksiteit beteken dus dat die dele van 'n MLI nie afsonderlik bydraes tot die geheelbetekenis lewer nie - dit is dus gelyk te stel aan idiomatisiteit. Alle MLI's is nie semanties simpleks nie - semantiese geleedheid kom ook voor by MLI's (**dames en here, inkom**).

Carstens (1990:209) merk die volgende op oor semantiese simpleksiteit:

Konseptualisering as 'n semanties ongelede eenheid impliseer (...) nie noodwendig dat die betrokke (...) bousel ondeursigtig en/of nie-analiseerbaar (nie-komposisioneel) is nie; dit impliseer slegs dat die interpreteerder by die relevante betekenis kan uitkom sonder om eers tot 'n komposisionele analise oor te gaan.

Die verandering wat 'n verbinding van woorde vanaf semantiese kompleksiteit tot semantiese simpleksiteit kan ondergaan, is dié teken dat daar 'n oorgang van 'n vrye verbinding van woorde tot een leksikale item plaasgevind het.

3.4.3.7 Anomaliteit of semantiese defektiwiteit

Chafe (1968:112) beskryf die semantiek van idioome deur te sê dat hulle anomale betekenis het. MLI's kan beskou word as semanties defektief in die sin dat die semantiese valensie van ('n) woord(e) in 'n MLI deurbreek word, soos wat die geval is in (82 - 84):

(82) Dit reën ou meide met knopkieries. (Rassisties)

(83) Hulle het hulle rieme styfgeloop.

(84) Piet kan die grootste twak/kaf praat.

3.4.3.8 Die rol van die konteks

Daar word dikwels gewaarsku teen sirkelredenering in pogings om veral idioome te definieer: aan die een kant word gesê dat idioome se betekenis niekomposisioneel, idiomaties is. Vervolgens word idiomatisiteit dan as 'n definiërende kenmerk van idioome genoem. Die vraag bly: hoe weet mens dat die betekenis van 'n bepaalde woordverbinding as niekomposisioneel verstaan moet word?

Dit is ook Verstraten (1992:23) se kritiek teen ongeveer die ganse bestaande literatuur oor fraseologies en idioome. Tog plaas veral Fernando & Flavell (1981) maar ook byvoorbeeld Burger (1983:26) klem op die rol wat die konteks speel. Dit is die konteks wat mens dikwels lei om 'n niekomposisionele betekenis te soek. Vergelyk ook Flores D'Arcais (1993) se vraag na "the point of idiom uniqueness" - wanneer word die idioom as *idioom* herken? Volgens Flores D'Arcais is die stadium waarop 'n idioom herken word afhanklik van die bekendheid van die idioom maar veral van die konteks. Dit kan vergelyk word met die proses van vereenduidiging by moontlike meerduidige sinne.

In hierdie verband sê Pulman die volgende:

Getting from compositionally derived meaning syntactic and semantic representations to fully resolved contextual interpretations involves what can be called *contextual reasoning*. This is the process of taking the information that can be derived linguistically from a sentence and fleshing it out with information supplied by the local context or general background knowledge, leading to a fully specific interpretation of that utterance of the sentence in that particular context (Pulman 1993:251).

Die koerantopskrif

Adri de Jongh gaan rieme neerlê in Engeland (Beeld 6/6/97)

is hier 'n interessante voorbeeld. Normaalweg beteken **die rieme neerlê** "weghardloop" en nie "hardloop op 'n atletiekbaan" nie. Die opskrif in die artikel in die koerant dui egter aan dat dit 'n berig oor atletiek is, wat dadelik die verbinding in 'n bepaalde konteks plaas. Ofskoon die gebruik van die idioom hier vreemd opval, werk die konteks tog verhelderend.

In 'n ander koerantberig word 'n idioom wat (met aanpassings) gebruik word dwarsdeur die berig wat volg, in die opskrif gegee: **Bokbreier sal sien hoe munt gaan val**. Die eerste sin van die berig skakel enige moontlike letterlike interpretasie uit:

Dit is seker 'n geykte sinsnede dat elke muntstuk twee kante het.

Die idioom word vervolgens kort-kort in die berig betrek:

Dit is egter ook 'n wesenlikheid dat hy na die een of ander kant móét val (...) die tyd (het) nou ook vir (...) André Markgraaff aangebreek dat hy sal sien aan watter kant sy munt gaan val (...) Aan die een kant van die munt wat vir hom opgeskiet is (...) (Beeld 29/10/96)

Om op te som: idiomatisiteit is die gevolg van die interaksie tussen vorm, betekenis en konteks (Fernando & Flavell 1981:22).

3.4.3.9 Samevatting: idiomatisiteit

1. Sommige MLI's is volledig komposisioneel saamgestel.

2. Die meerderheid MLI's (en by name idiome) is semanties idiosinkraties. Hulle het 'n onreëlmatige betekenis, wat in verskillende grade van idiomatistiteit tot uitdrukking kom.

2. Dié "verskillende grade van idiomatistiteit" word dikwels op grond van intuïsie onderskei. Intuïsie is nuttig en bruikbaar, maar daar is meer eksplisiete kriteria wat gebruik kan word.

3.4.4 Geleksikaliseerdheid / Geïnstitutionaliseerdheid

Om te sê dat 'n MLI geleksikaliseerd is, is 'n sirkeldefinisie. Dit kan nie as *kriterium* dien vir leksikale-itemstatus nie, maar is 'n vanselfsprekende kenmerk van leksikale items. Vir Matesic (1983:112) is geleksikaliseerdheid trouens nie eers 'n aparte eienskap nie. Die geleksikaliseerdheid van mli's is die gevolg van hulle vastheid en idiomatisiteit:

Idiomatizität und Stabilität parallelisieren den Phraseologismus dem Wort, führen zu seiner Lexikalisierung, der Speicherung im Lexikon (Fleischer 1982:67).

Fernando & Flavell (1981:47) definieer 'n idioom onder andere as "a syntactic unit manifesting relative lexical integrity". (By die onderhawige bespreking moet daar telkens in gedagte gehou word dat MLI's meer behels as net idiome.) Die relatiewe leksikale integriteit van meerwoordige leksikale items hou onder meer die volgende in:

3.4.4.1 MLI's tree soos simplekse leksikale items in die leksikon op

Omdat idiome, veral wat hulle betekenis betref, nie verdeel kan word in hulle afsonderlike dele nie, word hulle dikwels in die literatuur gelykgestel aan leksikale items: Kooij (1968:251); Zgusta (1971:144); Lyons (1977:23); Fernando & Flavell (1981:22); Carstens (1990:181). Cruse (1986:38) stel dit so: "from our point of view all idioms are elementary lexical units." Hulle ooreenkoms met simplekse leksikale items lê in die volgende:

Die interne kohesie by idiome is soos dié van enkel woorde (Cruse 1986:38). Hulle word nie onderbreek nie, die dele kan nie herrangskik word nie, hulle is transformasioneel defektief.

Veral op semantiese vlak tree idiome soos leksikale items op, gesien hulle niekomposisionele aard. Hulle dra betekenis as gehele soos woorde (Zgusta 1971:144).

Nie alle taalkundiges sien 'n MLI as 'n leksikale item nie. Matesic (1983:116) tref juis 'n onderskeid tussen wat hy 'n fraseem noem en 'n leksikale item (hy gebruik die term *lekseem*) , omdat hy 'n fraseem beskou as 'n lekseemkompleks. Leksikaal-grammaties stem fraseem en leksikale items egter vir hom ooreen.

3.4.4.2 Die woordstatus van die 'woorde' binne die MLI verander

Woorde binne 'n meerwoordige leksikale item verloor tot 'n groot mate die moontlikheid om morfologiese en sintaktiese bewerkings te ondergaan. Semanties het woorde dikwels nie meer die betekenis wat hulle in 'n vrye verbinding het nie. Hulle gee dus hulle sintaktiese en semantiese onafhanklikheid prys binne 'n MLI.

Die afsonderlike woorde binne 'n MLI kan nie geïsoleer word nie. In sommige gevalle is dit 'n vraag of die woorde in idioome hoegenaamd nog betekenis het. Ter illustrasie, ook van die onbevredigende praktyk wat dikwels nog in woordeboeke gevolg word om een woord in 'n idioom as lemma te neem, kan die inskrywing onder **botter** in *Nasionale Woordeboek* geld:

botter s.nw. 1. *vetstof verkry uit melkroom, - op sy brood, net wat hy wil hê, wat hom sterk in sy kwaad. So maklik soos brood en -, baie maklik.- aan die galg smeer, vergeefse moeite. In die - val, dit gelukkig tref. - by die vis, kontant betaling.*

Wat ook al die leksikale betekenis van **botter** mag wees, dit is duidelik uit die voorbeelde van idioome wat gegee word, dat **botter** op geen *sistematiese* wyse bydrae tot die betekenis van die idioome nie. In Cruse se terme is **botter** in die aangehaalde idioome nie 'n semantiese konstituent nie. (In hoofstuk 6 word idioome met **botter** meer volledig bespreek.)

Die woorde in 'n MLI vorm nie meer deel van die leksikaal-semantiese paradigma waartoe hulle buite die MLI behoort het nie - hulle is nie meer woorde in die strengste sin van die woord nie (vergelyk ook Fleischer (1982:12)).

Volgens Verstraten verwerf woorde 'n meerwaarde deur hulle deelname aan 'n vaste verbinding (1992:59). Hierdeur ontstaan nuwe betekenis. Maar is dit werklik die woorde wat 'n meerwaarde verwerf, of kom 'n nuwe betekenis, wat niks te make het met die sinchroniese betekenis van die dele nie, nie eerder tot stand nie?

Transformasies wat een van die dele van 'n meerwoordige leksikale item wil isoleer, slaag dikwels nie:

(85) ? Watter lyf het hy weggesteek?

3.4.4.3 MLI's vertoon ook kenmerke van frases

Die leksikale-itemstatus van meerwoordige leksikale items is relatief omdat sintaktiese bewerkings wel toegepas kan word en omdat hulle soms volkome deursigtig is (Palmer 1976:80; Cruse 1986:38; Carstens 1990:196). Idiome is nie sonder meer onontleedbare gehele nie (Kooij 1968:254).

Die volgende dien ter illustrasie.

Tydens 'n inbelprogram oor Afrikaans Stereo word slegs 'n deel van 'n idioom gegee en die luisteraars moet dan die idioom voltooi. Dit gaan gewoonlik oor een woord wat ingevul moet word. Luisteraars wat nie die idioom ken nie, val dan terug op die betekenis wat die woorde as vrye verbinding het. By **tussen die bye maar ver van die (...)** was daar raaiskote soos **heuning** en **blomme**. Op dié manier het 'n luisteraar toe wel op die regte antwoord (**koek**) afgekom. Die woorde in hierdie idioom het dus genoeg van hulle leksikale betekenis behou vir die suksesvolle

voltooiing daarvan. Die idoom is dus in 'n hoë mate deursigtig.

Sekere sintaktiese en morfologiese bewerkings kan wel nog uitgevoer word. Dit is Burger (1983:26) se opinie dat die dele van 'n MLI meer outonomie het as wat gewoonlik gestel word. So kan transformasies waar een woord geïsoleer word wel plaasvind sonder dat die idiomatiese betekenis prysgegee word.

(86) Die eiertjies wat hy te lê het, word gewoonlik gou vrot.

Carstens (1990:196-197) noem transformasies soos die passieftransformasie, dat-invoeging, nominalisering deur woordvorming, voorsetselgroepverskuiwing en bywoord-invoeging wat wel uitgevoer kan word.

Volgens Cruse word fleksie-affikse in idiome by die "grammatically appropriate elements" gevind: "the elements of an idiom retain at least some of their grammatical identity" (1986:38).

(87) John has bees in his bonnet about many things.

(88) Susan werp altyd baie stuiwers in die armbeurs.

By baie deeltjiewerkwoorde (die nie-idiomatiese deeltjiewerkwoorde) behou die dele van die meerwoordige leksikale item hulle woordstatus en tree hulle wel as semantiese konstituent op:

(89) Hy **klim** die trappe **af**.

(90) Hy **kom** by die huis **uit**.

Daar kan egter geen twyfel oor deeltjiewerkwoorde se leksikale status wees nie. Dit lyk asof hulle 'n teenargument vorm vir die gedagte dat 'n hoë mate van idiomatisiteit ook 'n hoë mate van leksikale integriteit

veronderstel. Idiomatiese en nie-idiomatiese deeltjiewerkwoorde se leksikale status is dieselfde.

MLI's onderskei hulle in vormlike opsig nie altyd van vrye verbindings nie - dit is net by sintakties anomale konstruksies die geval. Woorde (byvoorbeeld werkwoorde) behou hulle sintaktiese kategorie, alhoewel die betekenis van die idioom dikwels nie rekening hou met hierdie sintaktiese kategorieë nie. *Hy gooi tou op* bevat die deeltjiewerkwoord *opgooi*, maar in die betekenis - "hy is moedeloos" - is die semantiese kern van die idioom 'n adjektief.

3.4.4.4 Reproduseerbaarheid

In teenstelling tot vrye verbindings word MLI's nie telkens opnuut gevorm (gegenereer) nie. Vir sommige taalkundiges is reproduseerbaarheid een van die wesenskenmerke van 'n meerwoordige leksikale item. Dit is 'n eienskap wat MLI's met ander leksikale items gemeen het en wat hulle onderskei van vrye verbindings: Burger (1973:1); Thun (1978:27-28); Burger, Buhofer & Sialm (1982:61); Fleischer (1982:67); Matesic (1983:111).

Reproduseerbaarheid hou meer in as dat 'n MLI herhaal word in spraak. Dit is 'n eienskap van 'n woordkompleks, wat altyd in dieselfde vaste vorm optree en 'n betekenis het wat afwyk van die letterlike betekenis. Sinchronies gesien, is 'n MLI reproduseerbaar, diachronies gereproduseer. Reproduseerbaarheid veronderstel stabiliteit of vastheid (vgl. Verstraten 1992:25).

Reproduseerbaarheid hou in dat MLI's in sinne optree soos sinsdele. Hulle sluit by die sin aan sonder om op hulle eie 'n teks daar te stel (Matesic 1983:112). "Einfügung in den Satz" is 'n eienskap wat Matesic (1983:115) apart noem, omdat hy MLI's wil onderskei van spreekwoorde en

gevleuelde woorde, wat volgens hom nie MLI's is nie, maar mikrotekste op hulle eie.

Ook Zgusta wil onderskei tussen wat hy vaste woordgroepe noem en MLI's. Vir Zgusta is die mees fundamentele kriterium dat 'n MLI in 'n sin (sintagmaties) en in die leksikon van 'n taal (paradigmaties) in dieselfde sintaktiese en onomasiologiese funksie as 'n morfologies meer eenvoudige simplekse item (woord) moet optree. Volgens hom is dit met behulp van hierdie kriterium dat vaste woordgroepe soos spreekwoorde, aanhalings, clichés en gevleuelde woorde van MLI's onderskei kan word (Zgusta 1971:151).

3.4.4.5 MLI's vertoon semantiese, grammatiese en fonologiese idiosinkrasieë

MLI's vorm 'n eenheid in die mentale leksikon. Hulle word as leksikonitems gekonseptualiseer en vertoon idiosinkrasieë soos ander leksikale items (Quirk et al. 1972:980).

Volgens Makkai (1972) word 'n idioom onder andere gekarakteriseer daardeur dat dit 'n geïnstitusioneeliseerde "peculiarity of phraseology" is - hier is daar sprake van enkoderingsidiome (sy voorbeelde: *avec une certaine vitesse*, mit einer gewissen Geschwindigkeit, at 70 m.p.h., teen 80 k.p.u.) Egte idiome is sowel enkoderings- as dekoderingsidiome.

3.4.4.6 MLI's is geïnstitusioneeliseerd en word deur die taalgemeenskap as gebruiklik ervaar

Wissemann (1961) beskou die geïnstitusioneeliseerdheid van MLI's as hulle heel belangrikste kenmerk: "Nicht weil sie eine Metapher ist, sondern weil sie sprachüblich ist, ist sie ein Lexem" (Wissemann 1961:236).

Taalkundiges soos Fernando & Flavell (1981) en Carstens (1990) beskou idiome as geïnstusionaliseerd eerder as geleksikaliseerd.

Fernando & Flavell (1981:44) sien die geïnstusionaliseerde asimmetrie tussen betekenis en sintaksis wat deur die konteks uitgelig word as een van die belangrikste kenmerke van die idoom. Wanneer 'n idioom in 'n woordeboek opgeneem word, is die instusionalisering voltrek. Vir hulle is die kriterium van instusionalisering belangrik om te onderskei tussen nuutgeskepte idiome ("nonce-idioms") - soos die beroemde voorbeeld van Hockett wat **a nice shade of blue** as idioom aanhaal - en voorspelbare kollokasies (**die geroesemoes van stemme**) aan die een kant en idiome aan die ander kant.

Die feit dat idiome slegs relatiewe leksikale status het (vergelyk hierbo) lei Carstens daartoe om idiome nie as geleksikaliseerd te beskou nie. Sy pas Fernando & Flavell se definisie van instusionalisering aan :

Met die instusionalisering van 'n idioom word bedoel

a) die vaste assosiasie van 'n bepaalde betekenis met 'n spesifieke sintaktiese eenheid (...) sodat die resulterende uitdrukking niekomposisioneel interpreteer word;

en

b) die vaslegging van semantiese, pragmatiese, sintaktiese, morfologiese en leksikale idiosinkrasieë. (Carstens 1990:211)

Ter opsomming van wat hierbo gesê is, kan daar verwys word na 'n artikel van Pawley (1986) waarin hy 27 eienskappe of kriteria onderskei wat as aanduiding kan

dien van die leksikale status van 'n MLI. Hy groepeer die kriteria onder die volgende hoofde: geïnstitusioneerde status in 'n kultuur, ooreenkoms met simplekse lekseme, spesiale sintaktiese beperkinge, ellips, skryfkonvensies en arbitrariteit.

Aanduidings van leksikale status by MLI's is byvoorbeeld die volgende:

- Geïnstitusioneerde frases soos groetformules (**hoe gaan dit**) of terme (**sub judice**)
- Enkelwoordsinonieme kom voor 'n uiltjie knip x dut
- Interne pousering is onaanvaarbaar
- Nie-skeibaarheid van die woorde in 'n MLI
- Skryfkonvensies: die woordkompleks word as een woord geskryf: **eerstehulp**
- Die uitspraak word gereduseer
- Die MLI is sintakties anomaal
- Ellips kom voor: **stille waters ...**
- Die MLI is semanties ondeursigtig: **aan die kaak stel**

3.4.4.7 Samevatting: geleksikaliseerdheid

1. Die kriterium van geleksikaliseerdheid kan, soos die ander drie, ook help om 'n kerngroep en 'n randgroep by die meerwoordige leksikale items te onderskei.

2. Wat leksikalisering betref, is die twee soorte MLI's wat tot 'n hoë mate gediskwalifiseer word die sogenaamde sinsidiome (spreekwoorde ens.) wat tekste op hulle eie vorm en kollokasies.

3.5 Samevatting: hoofstuk 3

Uit die bespreking van die kenmerke van MLI's hierbo is dit duidelik dat hulle as 'n groep geweldige variasie vertoon. Slegs deur 'n verskeidenheid van kenmerke te betrek by 'n bespreking van die aard van MLI's kan daar

reg laat geskied word aan hulle taamlike komplekse karakter.

In hierdie hoofstuk is vier kriteria uitgesonder waarna gekyk kan word om te bepaal of 'n woordkombinasie wel as MLI beskou kan word of nie: meerwoordigheid, die vastheid van die verbinding, idiomatisiteit en geleksikaliseerdheid. Behalwe vir meerwoordigheid kan nie een van die kenmerke as absoluut beskou word nie, maar moet die ondersoeker sensitief wees vir moontlike graderings binne die konsepte.

Die voorlopige definisie van 'n MLI wat in 2.3.2 gegee is, kan nou as volg aangepas word:

'n Meerwoordige leksikale item is 'n leksikale item wat uit meer as een woord bestaan, wat nie groter as 'n sin is nie en wat wisselende grade van vastheid en idiomatisiteit vertoon. Hulle geleksikaliseerdheid is die resultaat van hulle vastheid en idiomatisiteit.

In die jongste tyd het die Kognitiewe Semantiek hom al hoe meer begin vestig as 'n dissipline wat streng skeidings en veralgemenings afwys en wat die heterogeniteit binne die groep MLI's beklemtoon. Dit bied 'n teoretiese raamwerk om veral die semantiek van MLI's meer sistematies te ontleed. In die volgende paar hoofstukke word die klem geplaas op die bydrae van die Kognitiewe Semantiek tot die studie van die MLI.

HOOFSTUK 4

DIE KOGNITIEWE SEMANTIEK

4.1 Inleiding

Ten spyte van die intensiewe aandag wat die meerwoordige leksikale item en die idioom in die besonder reeds ontvang het, was die klassieke definisie van die idioom (as synde 'n leksikale item met semantiese simplisiteit, of 'n woordgroep waarvan die betekenis nie die som van die betekenis van die dele is nie) vir lank ongeveer al wat gesê is oor die betekenisaspek van idiome. 'n Idioom is as onanaliseerbaar beskou. Dié situasie het die laaste dekade of wat dramaties verander. Die kognitiewe semantiek, gesitueer binne die kognitiewe grammatika, bied 'n ander teoretiese raamwerk waarbinne die betekenis van meerwoordige leksikale items noukeuriger ontleed kan word.

Die winste van die kognitiewe grammatika in die algemeen en die kognitiewe semantiek in die besonder, moet gesien word teen die agtergrond van twee oorheersende denkskole in die twintigste-eeuse linguistiek: die strukturalisme en die generatiewe grammatika.

In 4.2 word 'n kort oorsig oor die kognitiewe linguistiek soos wat dit tot dusver uitgebou is, gegee. In 4.3 en 4.4 word spesifiek gekyk na die werk van twee taalkundiges in die kognitiewe skool, te wete Langacker en Lakoff. Langacker skryf die eerste kognitiewe grammatika en Lakoff is belangrik omdat hy 'n uitgebreide uiteensetting gee van die basiese uitgangspunte van die kognitiewe linguistiek in sy werk **Women, Fire and Dangerous Things** (1987). Vir die onderhawige studie is sy werk oor die konseptuele begroning van metafore en sy motiverings-teorie van groot belang. In 4.6 word die manier waarop die MLI in die kognitiewe semantiek bestudeer kan word,

ondersoek en dié aanpak word gekontrasteer met die strukturalistiese en generatiewe taalkunde.

4.2 Die kognitiewe linguistiek

4.2.1 Agtergrond

Breedweg kan die kognitiewe linguistiek as volg gekarakteriseer word:

an approach to language and the humanities which does not separate the categories set up by any human language from those set up by our general cognitive faculties for abstraction and imagistic representation, but rather sees the integration of both in a specific socio-cultural environment (Dirven 1985:viii).

Die kognitiewe linguistiek is 'n nuwe ontwikkeling in die taalkunde vanaf die sewentigerjare. (Vergelyk Langacker 1987 vir 'n oorsig hier). Dit maak deel uit van 'n groter denkskool - die kognitiewe wetenskap.

Die kognitiewe wetenskap is baie van sy winste te danke aan die kognitiewe sielkunde, wat onder leiding van mense soos Eleanor Rosch, die antropoloog Berlin en ander die siening van kategorisering ingrypend verander het. Taalkundiges soos Brugman (1983), Lindner (1983), Lakoff (1987), Langacker (1987), Dirven (1985), Rudzka-Ostyn (1985), Wierzbicka (1985), Fillmore, Kay & O'Connor (1988), Moerdijk (1989), Geeraerts (1992) asook 'n hele aantal psigolinguiste soos Gibbs (Gibbs & Nayak 1989; Gibbs & O'Brien 1990; Nayak & Gibbs 1990; Glucksberg (1993); Cacciari (1993) en ander werk binne die kognitiewe raamwerk. 'n Baanbrekerstudie was dié van Lakoff & Johnson (1980) oor metafore. Die werk van die filosoof Mark Johnson (1987) is ook binne die kognitiewe raamwerk.

Die kognitiewe wetenskap strek oor verskeie akademiese dissiplines heen en word veral beoefen deur antropoloë, sielkundiges en linguïste. Dit soek antwoorde op vrae soos die volgende: Wat is rede? Hoe verstaan ons ons ervaring? Wat is 'n konseptuele sisteem en hoe word dit georganiseer? en dergelike meer. Ter wille van 'n meer volledige siening van die kognitiewe wetenskap is dit nodig om kortliks na belangrike uitgangspunte van hierdie nuwe wetenskap te kyk.

In die volgende paragrafe word daar gepoog om die belangrikste insigte en aannames van die kognitiewe linguïstiek kortliks uiteen te sit. Taal word nie gesien as iets wat apart staan en verskil van ander konseptuele prosesse nie. Daarom kry hierdie konseptuele prosesse baie aandag in die kognitiewe grammatika. Getrou aan sy aard, wat kategorisering in aparte, rigiede kompartemente afwys, is die kognitiewe wetenskap 'n geïntegreerde en integrerende wetenskap. Dit is nodig om ter aanvang 'n algemene inleiding oor die belangrikste sienings en stellings van hierdie wetenskap te gee en om dit te plaas binne die filosofiese paradigma waarin dit geanker is.

4.2.2 Objektiwisme en ervaringsrealisme

In *Women, Fire and Dangerous Things* (1987) situeer George Lakoff die kognitiewe grammatika binne die kognitiewe wetenskap en toon hy aan hoe dié nuwe wetenskapsbeoefening breek met die tradisionele siening. Lakoff noem die filosofiese raamwerk waarbinne hy optree **ervaringsrealisme** ("experiential realism" - Lakoff 1987:265). Hy wys die opvattinge van die sogenaamde objektiwistiese filosofie af, veral op grond van die manier waarop die klassieke teorie oor kategorieë in dié filosofiese opvatting aanvaar word. In die besonder bevraagteken hy leerstellings soos die volgende wat die objektiwistiese siening oor taal weergee:

- *Denke* is die manipulering van abstrakte simbole wat hulle betekenis kry via ooreenkomste met dinge in die wêreld.

- *Konsepte* is simbole wat

(a) in 'n verhouding tot ander konsepte in 'n konseptuele sisteem staan

en

(b) ooreenkom met dinge en kategorieë in die werklike wêreld.

- 'n *Konseptuele kategorie* word gedefinieer in terme van 'n stel nodige en afdoende voorwaardes wat deur alle lede van die kategorie gedeel word.

- Alle kategorieë is óf *primitiewe* (nie kombinasies van ander kategorieë nie) óf *logiese kombinasies* van primitiewe (komplekse kategorieë). Hierdie siening kom neer op *konseptuele atomisme*.

- *Uitdrukkinge* in taal verkry hulle betekenis slegs deur hulle vermoë om ooreen te kom, of hulle onvermoë om ooreen te kom, met die werklike, of die een of ander moontlike, wêreld (Lakoff 1987:163-167).

Binne die breër filosofiese raamwerk van die ervaringsrealisme is die basiese uitgangspunte van die kognitiewe wetenskap (uitgangspunte wat verskil van die tradisionele siening) soos opgesom deur Lakoff (1987:xiv - xv) die volgende:

- *Denke* word *beliggaam*. Die kern van ons konseptuele sisteme is direk gegrond op waarneming, liggaamsbeweging en fisiese en sosiale ervaring.

- Denke is *verbeeldingryk* ("imaginative"). Dié konsepte wat nie direk gegrond is op ervaring nie, maak gebruik van metafoer, metonimie en mentale beelde ("imagery"). Hieruit vloei abstrakte denke voort.

- Denke is nie atomisties nie, maar vertoon *gestalteienskappe*.

- Denke is afhanklik van die algehele struktuur van die konseptuele sisteem - dit het 'n *ekologiese struktuur*.

- Konseptuele struktuur kan beskryf word met behulp van *kognitiewe modelle*.

4.2.3 Taal

Die kognitiewe grammatika sien taal as 'n deel van die menslike konseptuele sisteem (Geeraerts 1986:188; Lakoff 1987:113; Langacker 1987:12). Daar word nie 'n onderskeid getref tussen taalvermoë en ander konseptuele vermoëns nie, maar taal word as 'n onderdeel van kennis beskou. Die outonomie van taal word dus bevraagteken. Taal moet beskou word as 'n kognitiewe instrument wat gebruik word vir die interpretering, ordening, bewaring en uitdrukking van menslike ervaring (Geeraerts 1988:657). In teenstelling tot die strukturalistiese semantiek wat die betekenis van leksikale konsepte binne 'n outonome linguistiese struktuur bestudeer, beweer die kognitiewe semantiek dat leksikale konsepte slegs teen die agtergrond van menslike kognitiewe vermoëns na behore bestudeer kan word. Daar is volgens die kognitiewe semantiek nie 'n aparte linguistiese organisering van kennis wat losstaan van die hele konseptuele geheel nie (Geeraerts 1988:656). Insig in die menslike konseptuele sisteem lei dus tot insigte in taal en betekenis.

4.2.4 Kategorisering

Die hooftese van Lakoff se werk is dat ons ons kennis deur middel van sogenaamde Geïdealiseerde Kognitiewe Modelle (GKM'e) organiseer. In sy redenering neem kategorisering en kategorieë 'n sentrale posisie in. Kategorieë en kategorisering is trouens van groot belang in die kognitiewe wetenskap oor die algemeen:

There is nothing more basic than categorization to our thought, perception, action, and speech. (...) any time we either produce or understand any utterance of any reasonable length, we are employing dozens if not hundreds of categories: categories of speech sounds, of words, of phrases and clauses, as well as conceptual categories. (...) An understanding of how we categorize is central to any understanding of how we think and how we function, and therefore central to an understanding of what makes us human. (...) Any adequate account of human thought must provide an accurate theory for all our categories, both concrete and abstract (Lakoff 1987:6).

Die klassieke teorie oor kategorieë, wat teruggevoer word tot Aristoteles, word gebaseer op die idee dat die lede van 'n kategorie, om lid te kan wees van die kategorie, almal sekere noodsaaklike eienskappe moet besit. (Dié siening onderlê ook die strukturalistiese beskouing van leksikale struktuur, waar woorde se betekenis gesien word as kategorieë bestaande uit 'n stel nodige betekenisonderskeidings.) Dit is teen hierdie siening van kategorieë dat die sogenaamde prototipeteorie reageer.

Met die werk van Eleanor Rosch ontstaan daar 'n nuwe siening van kategorieë en kategorisering wat deur die

prototipeteorie, uitgedruk word. Vir die kognitiewe semantiek het dié teorie belangrike implikasies.

Menslike kategorisering (ook soos wat dit in taal aangetref word) is die resultaat van ons menslike ervarings en verbeelding. Waarneming, motoriese aktiwiteit en kultuur aan die een kant en metafoor, metonimie en denkbeelde ("mental imagery") aan die ander kant speel almal 'n rol in die kategoriseringsproses (Lakoff 1987:8).

4.2.5 Die nuwe prototipeteorie

Soos reeds gesê, steun die kognitiewe grammatika vir baie van sy uitgangspunte op die eksperimente en insigte wat verwerf is in die kognitiewe sielkunde en die antropologie. Hier is die name van Rosch, Berlin, Kay, Ekman en ander (Lakoff 1987:11) van belang. Die nuwe *prototipeteorie*, veral soos wat dit ontwikkel is deur Eleanor Rosch, het geleidelik na vore getree en dien as 'n belangrike korrektief op die klassieke siening van kategorieë wat aanneem dat

categories are logical bounded entities, membership in which is defined by an item's possession of a simple set of criterial features, in which all instances possessing the criterial attributes have a full and equal degree of membership (Rosch & Mervis 1975:573).

Rosch toon in haar eksperimente aan dat die geneigdheid van die linguistiek om kategorieë op 'n skerp afgebakende manier te definieer, indruis teen die feitelike psigologiese situasie. Haar teorie oor prototipes en basiese-vlak-kategorieë vestig kategorisering as 'n onderafdeling van die kognitiewe sielkunde. In die besonder bevrage teken haar prototipe-

teorie die volgende aannames van die klassieke teorie (vergelyk Lakoff 1987):

- kategorieë word gesien as abstrakte houers - dinge is óf binne óf buite die kategorie
- die eienskappe van 'n kategorie word gedeel deur al die lede van die kategorie
- om lid te wees van 'n kategorie, moet iets deel in al die belangrike eienskappe van die kategorie
- geen lid van 'n kategorie het spesiale status nie
- 'n ding is óf 'n lid van 'n kategorie óf nie - 'n kategorie het dus duidelike grense.

In haar navorsing oor kleur en vorm (Rosch 1973) en semantiese kategorieë soos *voël*, *vrug*, *meubels*, *groente*, *stoel* en ander (Rosch 1975(b), Rosch & Mervis 1975) bevind Rosch dat daar sekere lede van kategorieë is wat as die beste voorbeelde van 'n kategorie kan geld - die primêre ("focal") kleure, rooiborsie, appel, stoel, ertjies ens. Hierdie beste voorbeelde word *prototipes* genoem. In Rosch se terminologie is 'n prototipe eintlik 'n oordeel oor die graad van prototipikaliteit (Rosch 1978:40). Die bestaan van sulke prototipes gee aanleiding tot *prototipe-effekte* wat die interne struktuur van kategorieë betref. Nieprototipiese lede van 'n kategorie kan gerangskik word vanaf beter tot slegter voorbeelde. Die resultate van Rosch se ondersoek toon duidelik dat semantiese kategorieë interne struktuur vertoon.

Rosch & Mervis se ondersoek asook dié van Brown en Berlin (vergelyk 4.4.1.1) toon dat daar in hiërargies geordende kategorieë (soos dié van superordinaat en hiponieme) ook 'n prototipiese vlak, die sogenaamde *basiese vlak* is. Vergelyk ook Rosch (1978) en Geeraerts (1986:193).

Verstraten (1992:37) toon aan hoe 'n leksikale kategorie met 'n prototipiese kern gestruktureer is in haar analise van die kategorie "groente". In Nederlands is groente soos kool, andyvie en Brusselse spruite die prototipiese middelpunt van die kategorie, met tamaties, komkommer en groen rissies aan die rand van die kategorie. Mens kan spekuleer dat die struktuur van dié kategorie in Afrikaans daar anders sal uitsien.

Lakoff (1987:56-57) som die resultate van die prototipeteorie (soos hoofsaaklik geformuleer deur Rosch in verskillende navorsingsartikels) op. Hierdie resultate lei tot Lakoff se siening van kognitiewe modelle. Van die insigte is die volgende:

- Sommige kategorieë (perseptuele kategorieë soos rooi) is gegradeer, met grade van lidmaatskap, onduidelike grense en sentrale lede.

- Ander kategorieë (konkrete voorwerpe soos voël) het duidelike grense en is nie gegradeer nie, maar daar is prototipegevolge: sommige lede is beter voorbeelde van die kategorie as ander; daar is 'n duidelike *fokuspunt* in die kategorie.

- Kategorieë word nie maar net in eenvoudige taksonomiese hiërargieë gerangskik nie. Kategorieë in die middel van hiërargieë is die mees basiese - die sogenaamde basiese-vlak-kategorieë. Die meeste kennis word op hierdie vlak georganiseer (vergelyk Rosch & Mervis 1975).

- Prototipe-effekte (asimmetrieë tussen kategorielede, soos dat party lede beter voorbeelde van die kategorie is as ander) ontstaan as gevolg van baie faktore en kom ook voor in taal.

4.2.6 Die belang van die prototipeteorie vir die kognitiewe semantiek

Vir die linguistiek is hierdie resultate van die prototipeteorie relevant. Die prototipeteorie kan toegepas word op leksikale elemente wat konseptuele kategorieë van betekenis verteenwoordig.

De betekenis van het woord wordt niet meer geacht te bestaan uit een set van noodzakelijke en voldoende, zuiver-semantische kenmerken, duidelijk te begrenzen. Betekenis wordt gezien als een conceptuele categorie, met een flexibele, prototypische structuur en vage grenzen (Moerdijk 1989:128).

Leksikale items kan gesien word as "natuurlike" kategorieë van betekenis, met sommige betekenis meer verteenwoordigend as ander (Lakoff 1987:417). Die verskillende betekenis van 'n woord toon verwantskap met mekaar, onder andere as gevolg van konseptuele metafore.

Ook Nunberg sien woordbetekenis as dinamiese gehele wat losweg gestruktureer is rondom prototipiese betekenis (Nunberg 1978:232).

Nie objekte nie, maar betekenis van 'n woord vorm 'n leksikale kategorie. Sommige leksikale konsepte het ook vae grense, soos sommige kategorieë, met duidelike kernbetekenis en randbetekenis wat nie so duidelik omgrens word nie (Geeraerts 1988:654). Leksikale konsepte kan dus nie almal streng gedefinieer word in terme van 'n stel noodsaaklike kenmerke nie.

Verstraten (1992:102) wys daarop dat nie alle kategorieë vae grense het nie. Hoenders, pikkewyne, rooiborsies en volstruis is wel almal deeglik voëls. Daar is dus 'n

verskil tussen lidmaatskap van 'n kategorie en die mate waarin een lid van 'n kategorie die kategorie verteenwoordig.

Die kognitiewe semantiek wyk veral af van die klassieke teorie oor kategorieë met Lakoff se konsep van *radiaal gestruktureerde kategorieë*.

Die familiegelykenismodel van kategoriestruktuur (Rosch & Mervis 1975) is 'n logiese alternatief vir die klassieke kategoriemodel waar 'n stel noodsaaklike eienskappe deur alle lede van 'n kategorie gedeel moet word. Die familiegelykenismodel word gereflekteer in die polisemiese aard van die betekenis van leksikale konsepte. Een lid van die kategorie (in die geval van 'n leksikale kategorie een betekenisonderskeiding) het 'n kenmerk of kenmerke gemeen met ten minste een ander lid van die kategorie, maar nie noodwendig met al die lede van die kategorie nie. In die familiegelykenismodel lyk die verhouding tussen lede van 'n kategorie soos volg: AB, BC, CD, DE (Rosch & Mervis 1975: 575). Prototipiese lede van 'n kategorie toon die grootste familiegelykenis met ander lede van die kategorie (Rosch & Mervis 1975:599).

In die klassieke siening van polisemie word daar gesoek na 'n soort abstrakte betekenis wat te vinde is by al die verskillende betekenisonderskeidings van 'n woord. Die kognitiewe semantiek stel dit dat die verskillende betekenisne nie so 'n gemeenskaplike betekenis deel nie, maar dat hulle op grond van familiegelykenisse aan mekaar verwant is - hulle vorm sogenaamde radiaal gestruktureerde kategorieë (Lakoff, 1987) en verskil van die tipies hiërargies gestruktureerde kategorieë wat in biologiese taksonomieë gekry word.

4.2.7 Fillmore se scenes-en-frames-semantiek

Fillmore (1977) formuleer 'n teorie van "frames-en-scenes-semantiek". Met 'n sekere "scene" gaan 'n sekere linguistiese "frame" gepaard. Met "scene" bedoel Fillmore enige samehangende deel van menslike aksies, ervarings ens. 'n "Frame" is die sisteem van linguistiese keuses (onder andere woorde) wat met 'n scene geassosieer word. Vir die woord **bachelor** is daar byvoorbeeld 'n hele reeks agtergrondaannames: dit betref 'n kultuur waar mans teen 'n sekere leeftyd trou - doen hulle dit nie, is daar iets vreemds aan hulle gedrag. Word van hierdie agtergrondaannames deurbreek, vertoon die scene 'n prototipiese karakter met sekere gevalle wat duidelik grensgevalle is en wie se lidmaatskap van die scene onder verdenking kom (Geeraerts 1986:209). 'n Prototipiese **bachelor** is byvoorbeeld 'n man van 'n sekere ouderdom, nie 'n priester, geskeide man of wewenaar nie. Die scene se grense is egter vaag en kan uitgebrei word - die raam wat op dié "scene" pas, kan dienoooreenkomstig aangepas word. Die kognitiewe agtergrond of scene is nie noodwendig tot net een leksikale item (die raam) beperk nie, maar kan supraleksikaal wees. 'n Goeie voorbeeld is die markgebeurtenis - "commercial event" (Fillmore 1977) - waar verskillende rame verskillende aspekte van die een "scene" profileer: **koop, verkoop, betaal, kos** (Geeraerts 1986:209).

4.2.8 Ensiklopediese kennis

'n Streng onderskeid tussen semantiese en ensiklopediese kenmerke word nie meer gehandhaaf in die kognitiewe semantiek nie (Geeraerts 1986:198). Leksikale konsepte bevat ensiklopediese inligting en maak deel uit van ons hele kognitiewe organisasie. Leksikale betekenis word ensiklopedies beskryf op basis van die prototipe (Geeraerts 1986:196). Taal word nie meer beskou as 'n outonome struktuur nie, maar as deel van ons kognitiewe

kennisstruktuur. Die kulturele en ervaringswêreld van die taalgebruiker word betrek by die semantiek.

4.3 Langacker

Ronald Langacker gee 'n omvattende uiteensetting van die kognitiewe grammatika in twee aaneenskakelende werke: **Foundations of Cognitive Linguistics Volume 1 Theoretical Prerequisites** (1987) en **Volume 2 Descriptive Application** (1991). In Volume 1 word die belangrikste teoretiese uitgangspunte, wat die raamwerk vir 'n kognitiewe grammatika daarstel, uitgespel.

Langacker huldig 'n bepaalde opvatting oor grammatikale struktuur. Linguistiese organisasie word gekarakteriseer in terme van kognitiewe prosessering - vandaar die naam *kognitiewe grammatika* (Langacker 1987:1). Sy siening van grammatikale struktuur kan opgesom word in drie basiese stellings wat hy maak:

1. Semantiese struktuur is nie universeel nie. Dit is tot 'n groot mate taalspesifiek. Dit is gebaseer op konvensionele beelde ("imagery") en word gekarakteriseer relatief tot kennisstrukture.

2. Die grammatika (die sintaksis) vorm nie 'n outonome, formele vlak van representasie nie. Dit is simbolies en bestaan uit die konvensionele simbolisering van die semantiese struktuur.

3. Daar is geen betekenisvolle onderskeid tussen die grammatika en die leksikon nie. Die leksikon, morfologie en sintaksis vorm 'n kontinuum van simboliese strukture, wat net op arbitrêre wyse in aparte kompartemente verdeel kan word (Langacker 1987:2-3).

Langacker gee uitgebreid en met baie detail aandag aan die aard van kognitiewe vermoëns. 'n Paar van die

begrippe wat hy gebruik, sowel as sy leidende aannames oor die aard van taal, word hieronder kortliks bespreek.

4.3.1 Konseptualisering

Betekenis is 'n kognitiewe verskynsel en moet as sodanig geanaliseer word. Die kognitiewe grammatika stel betekenis en konseptualisering gelyk. Hierin verskil dit van die siening van betekenis wat deur baie teorieë gehuldig word, soos byvoorbeeld die formele semantiek wat op waarheidsvoorwaardes gebaseer is (Langacker 1987:5).

4.3.2 Die simboliese aard van taal

Taal is simbolies in die Saussureaanse sin: dit is 'n oop stel tekens waar 'n fonologiese representasie geassosieer word met 'n semantiese representasie. Betekenis is dus sentraal in Langacker se siening van taal. Nie alleen die leksikon nie, maar ook morfologiese en sintaktiese strukture is simbolies. Die fonologiese integrasie van **staple-** en **-er** in **stapler** simboliseer byvoorbeeld hulle semantiese integrasie in 'n saamgestelde semantiese struktuur. "Grammar is simply the structuring and symbolization of semantic content" (Langacker 1987:12).

4.3.3 Arbitrariteit

Die basiese beginsel bly De Saussure se idee van "l'arbitraire du signe", maar die arbitrêre aard van die meeste taaltekens word maklik oordryf. Die meermorfemige taalteken (hierby word dan ook die meerwoordige leksikale item ingesluit) is nie arbitrêr in die sin dat dit ongemotiveerd is nie - dit is wel analiseerbaar.

4.3.4 Kognisie

Taal is 'n integrale deel van menslike kognisie en daarom moet enige weergawe van linguistiese struktuur ook dit

wat bekend is oor kognitiewe prosessering in die algemeen artikuleer.

4.3.5 Diskreetheid

In stede daarvan dat linguistiese kategorieë skerp afgebaken is, is baie dinge in taal 'n kwessie van graad. So bevraagteken Langacker die volgende aannames oor diskreetheid in taal:

- die geldigheid van kategorieëse stellings oor taal, soos oor die welgevormdheid al dan nie van sinne;
- die klassieke modelle van kategorisering;
- "vals" digotomieë soos dié tussen die grammatika en die leksikon, letterlike en figuurlike taalgebruik; semantiek en pragmatiek; linguistiese en ensiklopediese kennis, woordeboeke en ensiklopedieë (vergelyk onder andere Langacker 1987:154).
- die komponensiële beskrywing van taaleenhede as bestaande uit 'n klomp kenmerke in plaas daarvan dat hulle geïntegreerd en holisties benader word.

4.3.6 Figuurlike taalgebruik

In tradisionele taalkundeteorieë is figuurlike taalgebruik dikwels geïgnoreer en nooit behoorlik beskryf nie. Vir die kognitiewe grammatika is figuurlike taalgebruik egter van die grootste belang en geen duidelike onderskeid tussen letterlike en figuurlike taalgebruik word gehandhaaf nie. Hierdie standpunt het belangrike konsekwensies vir die tipe data wat deur die teorie hanteer word. Die duisende "konvensionele uitdrukkings" in 'n taal soos *take it for granted that, kill two birds with one stone*, wat normaalweg buite bespreking gelaat word, word nou onder die loep geneem.

Meerwoordige leksikale items word nie meer as uitsonderlike gevalle hanteer nie, maar as 'n integrale deel van die linguistiese organisasie.

4.3.7 Kognitiewe vermoëns

Konseptualisering, denkervaring ("mental experience") en kognitiewe prosessering staan dikwels sentraal in semantiese analise, vanweë die verband wat dit het met betekenis:

Semantic structure is conceptualization tailored to the specifications of linguistic convention. Semantic analysis therefore requires the explicit characterization of conceptual structure (Langacker 1987:99).

Langacker gee uitgebreid aandag aan wat alles deel uitmaak van ons kognitiewe vermoëns en hoe waarneming en beeldvorming bydra tot ons konseptuele sisteem. Ons denkervaring is koherent as gevolg van die struktuur wat ons daaraan oplê.

4.3.8 Beelde

Langacker gebruik, soos Lakoff, ook die term *image*. Hy verstaan daaronder "our ability to construe a conceived situation in alternate ways for purposes of thought or expression" (Langacker 1987:110). Dit is dus nie alleenlik sintuiglike beelde waarvan hy praat nie, alhoewel sintuiglike beeldvorming 'n wesenlike rol speel in ons konseptuele struktuur. Langacker se term *image* kom ooreen met Lakoff se beeldskemas (vergelyk 4.4.1.2). Die sinne hieronder beliggaam verskillende beelde en is daarom semanties onderskeibaar, alhoewel hulle almal gebruik kan word om dieselfde objektiewe situasie te beskryf:

- 1(a) Die horlosie is op die tafel.
- (b) Die horlosie lê op die tafel.
- (c) Die horlosie rus op die tafel.
- (d) Die tafel ondersteun die horlosie.

4.3.9 Domein


Langacker definieer *domein* in terme van taal:

A context for the characterization of a semantic unit is referred to as a domain. Domains are necessarily cognitive entities: mental experiences, representational spaces, concepts, or conceptual complexes (Langacker 1987:147).

Die konsep *kneukel* vooronderstel byvoorbeeld die idee van 'n *vinger*. *Vinger* is die domein waarbinne *kneukel* gekarakteriseer kan word. Volgens Langacker word alle menslike konseptualisering gegrond op domeine.

4.3.10 Basis en profiel


Met *basis* bedoel Langacker die kognitiewe struktuur waarteen 'n semantiese struktuur geprofileer word. Die *profiel* is die entiteit wat deur 'n semantiese struktuur aangedui word. Die profiel staan uit in reliëf teen die agtergrond van die basis (Langacker 1987:183). So dien *sirkel* as basis vir *boog* - *boog* word geprofileer teen die agtergrond van 'n sirkel:




Figuur 1 (Langacker 1987:184)

Geeraerts (1986:212) verbind die begrip *domein* met *profilering*:

Het domein van een begrip is immers een basis waarvan het begrip zelf een bepaald gedeelte profileert: een begrip is een perspektivische beligting van z'n basis.



Die tafel is onder die lamp



Die lamp is bo die
tafel

Figuur 2 (Geeraerts 1986:212)

4.3.11 Ensiklopediese kennis

Langacker wys die onderskeid tussen linguistiese en ensiklopediese kennis af, onder andere as gevolg van die feit van semantiese uitbreiding, wat dikwels berus op ensiklopediese kennis (Langacker 1987:157). Hy wys daarop dat nie alle fasette van ons ensiklopediese kennis van 'n saak gelyke status het nie - daar is 'n gradering in terme van sentraliteit. Sommige spesifikasies is so sentraal dat hulle nie uitgelaat kan word in 'n beskrywing nie, terwyl ander meer periferaal is.

The centrality of a particular specification within the encyclopedic characterization of an expression is a matter of its relative entrenchment and likelihood of activation in the context of that expression (Langacker 1987:159).

4.4 Lakoff

Lakoff (1987) se bydrae tot die kognitiewe linguistiek lê in sy formulering van 'n teorie van kognitiewe modelle om 'n verklaring te bied vir die prototipe-effekte wat duidelik geword het uit die werk van die kognitiewe sielkunde. Lakoff beweer dat prototipe-effekte (die asimmetriese struktuur binne sekere kategorieë wat lei tot die spesiale status van sekere lede en die feit dat sekere kenmerke binne kategorieë meer markant is) voortspruit uit die aard van kognitiewe modelle (1987:45).

4.4.1 Geïdealiseerde Kognitiewe Modelle

Lakoff postuleer 'n teorie van Geïdealiseerde Kognitiewe Modelle (GKM'e) om die manier waarop ons ons kennis organiseer, te beskryf. Dit is die GKM'e wat bepaal hoe ons kognitief organiseer: deur middel van kategoriestrukture met prototipe-effekte. Lakoff se GKM'e hou verband met ander terme waarmee daar in die kognitiewe grammatika verwys word na die gestruktureerde agtergrondskennis wat deur 'n taaluiting ontlok word: "experiential gestalt" (Lakoff & Johnson, 1980); *domein* (Langacker 1987); linguistiese *frames* en kognitiewe *scenes* (Fillmore, 1985). Vergelyk Radden, 1993:527 en Pienaar 1996:45.

Volgens Lakoff word ons denkstruktuur gekarakteriseer deur kognitiewe modelle (Lakoff 1987:153). Hy gebruik **Dinsdag** as voorbeeld om te illustreer hoe 'n GKM daar uitsien (Lakoff 1987:69; vergelyk ook Fillmore, 1985). **Dinsdag** kan net gedefinieer word relatief tot 'n GKM wat die volgende twee siklusse insluit: die natuurlike siklus van die son wat bepaal hoe lank 'n dag is en die kalendriese siklus van die sewedagweek. 'n Week is 'n geheel van sewe dae en die derde dag is Dinsdag. Dit is 'n geïdealiseerde model omdat die sewedagweek nie

objektief in die natuur bestaan nie - nie alle kulture het byvoorbeeld 'n sewedagweek nie.

Lakoff (1987:269-303) fundeer sy teorie oor kognitiewe modelle en algemene konseptuele struktuur tweeledig: met behulp van navorsing wat gedoen is oor basiese-vlak-kategorisering en met behulp van Mark Johnson (1987) se werk oor kinestetiese beeldskemas.

4.4.1.1 Die basiese vlak

Die studies oor basiesevlak-kategorisering dui daarop dat ons ervaring prekonseptueel op hierdie vlak gestruktureer word met behulp van gestaltwaarneming, motoriese beweging en die vorming van ryk mentale beelde. Lakoff (1987:31) bespreek in dié verband die werk wat gedoen is deur Roger Brown en Brent Berlin.

Brown het bevind dat 'n spesifieke naam, op 'n spesifieke vlak in 'n hiërargiese kategorie, superieure status het - dit is die name van "natuurlike dinge" soos plante en diere. Tipiese natuurlike soorte is koeie, honde, goud, ensovoorts. In die hiërargiese kategoriestructuur wat entiteite volgens superordinate en hiponieme indeel, kan daar met die woorde **kat**, **soogdier**, **dier** en **organisme** verwys word na die kat as troeteldier. Die basiese vlak - dié van die genus - is egter die vlak wat meestal gekies word: **kat** (vergelyk Pienaar 1996:35).

Berlin en sy kollegas - Lakoff (1987) verwys na Berlin, Breedlove en Raven - se studies oor plantname by die Tzeltal-Indiane toon aan dat "natuurlike name" op die **genusvlak** (**eik**, **esdoring**, **konyn**) voorkom. Die genusvlak is psigologies die **basiese vlak** in kategorisering by die Tzeltal. Berlin toon aan dat menslike kategorisering wat gebaseer is op interaksie met die omgewing baie akkuraat is op hierdie basiese vlak:

Basic level interactions thus provide a crucial link between cognitive structure and real knowledge of the world (Lakoff 1987:38).

Die basiese vlak is 'n insiggewende vlak van menslike interaksie met die eksterne wêreld. Dit is verder ook so dat kinders eerste die basiese vlak aanleer.

Basiesevlak kategorisering het volgens Lakoff belangrike implikasies vir 'n epistemologie van taal en denke, omdat basiesevlak kategorisering kognitiewe struktuur met kennis van die wêreld verbind (Lakoff 1987:38).

4.4.1.2 Beeldskemas

Beeldskemas, soos aangetoon in die werk van Mark Johnson *The Body in the mind: The Bodily Basis of Meaning, Imagination, and Reason* (1987) is belangrike getuienis vir die bewering dat abstrakte denke gebaseer word op liggaamlike ervaring en op metaforiese projeksies van konkrete na abstrakte domeine. Lakoff (1987:275) som Johnson se argument as volg op:

- Beeldskemas struktureer ons ervaring prekonseptueel.
- Ooreenstemmende beeldskematiese konsepte bestaan.
- Daar is metafore wat beeldskemas oordra na abstrakte domeine, met behoud van hulle basiese logika.
- Die metafore is nie arbitrêr nie maar word self ook gemotiveer deur strukture inherent aan alledaagse liggaamlike ervaring.


Johnson (1987:29) verduidelik wat hy bedoel met 'n skema:

in order for us to have meaningful, connected experiences that we can comprehend and reason

about, there must be pattern and order to our actions, perceptions and conceptions. A *schema is a recurrent pattern, shape, and regularity in, or of, these ongoing ordering activities*" (kursivering van Johnson).

'n Voorbeeld van 'n beeldskema wat te make het met die beliggaming van ons ervaring, is die HOUER-skema.

We are intimately aware of our bodies as three-dimensional containers into which we put certain things (food, water, air) and out of which other things emerge (food and water wastes, air, blood, etc.) (Johnson 1987:21).



Figuur 3 (Johnson 1987:23)

Die dele van die houerskema is 'n **grens**, wat onderskei tussen 'n **binnekant** en 'n **buitekant**. Dit definieer die basiese onderskeid tussen IN en UIT. Ons verstaan ons liggame as houer - ons asem **in** en **uit** - en as iets binne 'n houer - binne 'n kamer, byvoorbeeld.

Ander beeldskemas wat Johnson bespreek is die DEEL-GEHEEL-skema; die SKAKEL-skema; die SENTRUM-RAND-skema.

'n Skema kan metafories geprojekteer word na 'n ander domein, vanaf die fisiese na die niefisiese, soos geïllustreer deur die volgende:

Vertel my die storie, maar laat die kleiner besonderhede uit (Die STORIE as HOUER)

Metaforiese uitbreidings van die beeldskemas is 'n realiteit. Metaforiese uitbreidings van die HOUER-skema wat deur ons ervaring gemotiveer word, word in die volgende uitdrukkings geïllustreer: mens is vasgevang binne 'n ongelukkige huwelik, jy moet uit hierdie situasie ontsnap.

Lakoff bespreek die metafore MEER IS OP; MINDER IS AF (wat aangetref word in uitdrukkings soos **die petrolprys styg, die rand val, die aandelemark val, hoër rentekoerse, sy moet sak in sy skoene**) om die vierde deel van Johnson se argument (metafore word gemotiveer deur ons ervaringstruktuur) te illustreer.

Die **brondomein** in die metafoor is VERTIKALITEIT (OP/AF), die **doeldomein** is KWANTITEIT (MEER/MINDER). Ons verstaan vertikaliteit as gevolg van ons ervaring van swaartekrag, wat bestaan onafhanklik van die metafoor. Dit maak deel uit van ons daaglikse ervaring van die werklikheid. Vertikaliteit word in terme van kwantiteit verstaan as gevolg van 'n strukturele korrelasie in ons alledaagse ervaring: as ons **meer** water in 'n glas gooi, **styg** die vlak van die water. Die metafoor word volledig gemotiveer deur die manier waarop ons fisies binne die werklikheid funksioneer.

Lakoff argumenteer dat beeldskemas soos dié ons ervaring reeds prekonseptueel struktureer en dat dit voldoen aan 'n basiese logika (Lakoff 1987:278).

Ons konseptualiseringsvermoë - die vermoë om abstrak te dink en te redeneer - bestaan uit die volgende:

- die vermoë om simboliese strukture te vorm wat ooreenkom met prekonseptuele strukture in ons alledaagse ervaring. Hierdie simboliese strukture is basiese-vlak- en beeldskematiese konsepte.

- die vermoë om vanaf strukture in die fisiese domein na strukture in abstrakte domeine te projekteer.

- die vermoë om komplekse konsepte en algemene kategorieë te vorm (Lakoff 1987:281).

Die laaste vermoë is veral van belang. Dit is die vermoë om Geïdealiseerde Kognitiewe Modelle te vorm. Met behulp van basiesevlak- en beeldskematiese konsepte word komplekse kognitiewe modelle opgebou. Beeldskemas voorsien die strukture wat in hierdie modelle gebruik word. Beeldskemas struktureer byvoorbeeld ons ervaring van ruimte. Dieselfde skemas struktureer ook konsepte (Lakoff 1987:282).

Lakoff se GKM'e het óf 'n bousteenstruktuur (as die betekenis van die geheel 'n funksie is van die betekenis van die dele) óf 'n gestaltstruktuur. Die HOUER-skema het byvoorbeeld 'n gestaltstruktuur met die dele van die skema (binnekant, buitekant, grens) wat nie onafhanklik van die geheel van die skema bestaan nie.

Onder die soorte kognitiewe modelle wat hy onderskei, beklemtoon Lakoff die rol wat metaforiese en metonimiese prosesse speel in die opbou van die modelle.

In Lakoff se teorie van **motivering** (vergeelyk hoofstuk 5) speel GKM'e 'n belangrike rol.

4.4.2 GKM'e en taal

Wanneer linguïstiese elemente met konseptuele elemente in GKM'e geassosieer word, het mens te make met 'n **simboliese** GKM (:289). Fillmore (1977, 1985) toon aan dat die betekenis van leksikale items in terme van kognitiewe modelle ("scenes") gekenmerk word. Die betekenis van elke leksikale item word verteenwoordig as 'n element in die kognitiewe model (vergeelyk sy beskrywing van die

markgebeurtenis). Die model of toneel as geheel is die agtergrond waarteen die woord gedefinieer word. Lakoff kom tot die volgende gevolgtrekking met betrekking tot taal:

Language is thus based on cognition. The structure of language uses the same devices used to structure cognitive models - image schemas, which are understood in terms of bodily functioning. Language is made meaningful because it is directly tied to meaningful thought and depends upon the nature of thought (Lakoff 1987:291).

4.5 Samevatting: die kognitiewe linguistiek

1. Taal is nie iets wat apart van ons konseptuele geheue bestaan nie, maar is deel van menslike kognisie. Taal (en betekenis) word gesien as 'n kognitiewe fenomeen. Om taal na behore te verstaan, moet kognitiewe prosessering ook verstaan word.

2. Hieruit volg dat daar binne so 'n kognitiewe benadering nie 'n onderskeid tussen semantiese en ensiklopediese kennis getref word nie.

3. Die ervarings- en kulturele agtergrond van die taalgebruiker is van belang wanneer semantiese studies onderneem word.

4. Die kognitiewe semantiek verwerp die klassieke siening van kategorieë ten gunste van die prototipeteorie. Die prototipeteorie beïnvloed ook die manier waarop daar na leksikale kategorieë gekyk word.

5. Leksikale kategorieë vertoon 'n prototipestruktuur met sentrale betekenis.

6. Niesentrale betekenis in 'n leksikale kategorie word op grond van familiegelykenisse met die sentrale betekenis verbind.

7. Lakoff se teorie van Geïdealiseerde Kognitiewe Modelle bied 'n verklaring vir die manier waarop ons kennis van die wêreld in die algemeen en leksikale betekenis in die besonder tot stand kom en georganiseer word.

8. Die GKM'e word gestruktureer deur middel van basiese-vlak-kategorisering en beeldskemas.

9. Die basiese vlak voorsien 'n belangrike skakel tussen kognitiewe strukture en die werklikheid.

10. Beeldskemas struktureer ons (prekonseptuele) ervaring.

11. Metaforiese uitbreidings van die beeldskemas lei van konkrete, fisiese domeine na abstrakte, niefisiese domeine.

4.6 Die kognitiewe semantiek en die MLI

Die kognitiewe semantiek is die eerste teorie wat 'n moontlikheid bied om MLI's, veral idioome, behoorlik semanties te analiseer. Vanweë die idiosinkratiese aard van idioome se betekenis is die andersoortige en niekomposisionele aard van die betekenis van idioome bloot as feit gekonstateer en daarmee is volstaan, behalwe om te verwys na grade van deursigtigheid (vergelyk hoofstukke 2 en 3).

Verstraten (1992) wys op die tekortkominge van drie linguistiese skole in hulle ondersoeke na veral die semantiese aard van die MLI, nl. die strukturalisme, die generatiewe grammatika en Montaguegrammatika en sy toon oortuigend aan waarom die kognitiewe semantiek geskik is

om as teoretiese raamwerk te dien vir veral 'n semantiese ondersoek na die MLI.

Daar is 'n bepaalde fundamentele verskil tussen bogenoemde linguistiese skole en die kognitiewe semantiek wat betekenis as sodanig betref. In die Amerikaanse strukturalisme onder leiding van Bloomfield is betekenis uitgeskuif buite die streng ondersoeksgebied van die linguistiek. Waar betekenis wel binne ander strukturele benaderings (soos dié van Lyons (1977)) sentraal staan, dra die ondersoek na klassieke semantiese verhoudings soos sinonimie, antonimie, ensovoorts nie by tot groter begrip van die MLI nie. In die generatiewe grammatika met sy klem op komposisionaaliteit en sy atomistiese benadering tot betekenis (komplekse eenhede se betekenis word opgebou deur semantiese en sintaktiese reëls) val die ondersoek na MLI's, trouens na alles wat *idiomaties* is in taal, ook buite die bereik van die grammatika. Dit hoort by die leksikon en tussen grammatika en leksikon is daar 'n streng skeiding. In die kognitiewe semantiek staan betekenis nie alleen sentraal nie, maar die leksikale semantiek en die leksikon geniet baie aandag. (In Montaguegrammatika is daar nie belangstelling vir die leksikon nie.)

Figuurlike of idiomatiese taalgebruik word vir die eerste keer op 'n sistematiese wyse ondersoek binne die kognitiewe semantiek. Langacker wys op die feit dat figuurlike taalgebruik byna by wyse van definisie deur voorstanders van generatiewe taalteorieë met hulle klem op die sintaksis geïgnoreer word.

Cognitive grammarians, on the other hand, regard figurative language to be a prime concern, and assume no clear distinction between literal and figurative language, between idioms and conventional expressions of a non-idiomatic sort, or between lexical and

grammatical structure; figurative language is accommodated as an integral facet of linguistic organization, one that can be expected to interact with grammatical processes (Langacker 1987:38).

Dit is dus 'n fundamenteel ander ingesteldheid as in die generatiewe grammatika en een wat reeds geweldig baie resultate in die ondersoek na idiomatiese taalgebruik opgelewer het, soos uit hoofstuk 5 sal blyk.

Ander fundamentele oriëntasies in die kognitiewe semantiek waarin dié wetenskap verskil van ander skole, lê in die belang wat geheg word aan kognitiewe prosesse, die feit dat taal nie as outonoom beskou word nie en die siening van semantiese kategorieë. Dié basiese ingesteldheid maak 'n teorie van motivering moontlik, wat as die belangrikste bydrae van die kognitiewe semantiek tot die studie van MLI's kan geld.

Geeraerts (1988) wys op interessante ooreenkomste tussen die kognitiewe semantiek en die tradisie van die histories-filologiese semantiek aan die einde van die 19de eeu en die begin van die twintigste eeu. Soos die kognitiewe semantiek het die histories-filologiese semantiek ook 'n sterk psigologiese oriëntasie. Taal word nie as outonoom beskou nie, maar as deel van die menslike kapasiteit wat ons in staat stel om die wêreld met konseptuele middele te begryp. Die belangrikste ooreenkoms tussen die twee denkrigtings is metodologies: die histories-filologiese semantiek sien betekenis in die eerste plek ook as 'n psigologiese entiteit. Betekenisse en konsepte word as dieselfde beskou en linguistiese en ensiklopediese kennis word nie geskei nie.

Lakoff (1987:582), in teenstelling tot Langacker (1987:4), beskou die kognitiewe grammatika as 'n voortsetting en uitbouing van die generatiewe semantiek.

Volgens hom deel die twee rigtings sekere basiese beginsels, soos dat taal gesien word as deel van die algemene kognisie en die feit dat 'n grammatika eksplisiet verantwoording moet doen van die manier waarop betekenis in taal tot stand kom. Lakoff (1987:584) wys egter op belangrike tekortkominge van die generatiewe semantiek waaronder die volgende:

- Omdat dit gebruik maak van 'n generatiewe grammatika, kan dit nie gemotiveerde grammatiese konstruksies, wat nie voorspel word deur generatiewe reëls nie, verklaar nie.

- Omdat die leksikon net oortolligheidsreëls bevat maar nie radiale kategorieë nie, kan dit polisemie nie genoegsaam verklaar nie.

- 'n Hele reeks verskynsels, soos Fillmore se "frames"-semantiek, metafoor, metonimie en beeldskemas kan nie binne die objektivistiese semantiek aangespreek word nie.

Die kognitiewe linguistiek stel hom ten doel om juis bogenoemde aspekte van taal te ondersoek.

Alhoewel Langacker (1987:4) wys op parallels tussen die kognitiewe grammatika en die generatiewe semantiek, beskou hy die kognitiewe grammatika nie as 'n voortsetting van die generatiewe tradisie nie, maar as 'n alternatief daarop.

In die volgende paragrafe word nagegaan hoe spesifieke aspekte van die MLI in die verlede onbevredigend hanteer is. Ten slotte word daar gemotiveer waarom juis die kognitiewe semantiek as teoretiese raamwerk vir die semantiese analise van MLI's gekies word.

4.6.1 Linguistiese en ensiklopediese kennis

Die strukturalistiese manier van betekenisbeskrywing gaan uit van die standpunt dat 'n taalteken se betekenis vasgestel kan word deur te kyk na die verhouding van die teken tot ander tekens in die taalsisteem. Woordbetekenis word beskryf deur slegs gebruik te maak van linguistiese gegewens en ensiklopediese of wêreldkennis word nie in ag geneem nie. Bolinger som die generatiewe houding (soos gehandhaaf deur Katz en Fodor) teenoor die akkommodering van wêreldkennis binne 'n semantiese teorie op:

they deny (...) that any tightly constructed theory can be built that will reflect its (the nonlinguistic context - H.J.B) operation, because it involves too much; nothing less, in fact, than everything we know (Bolinger 1965:568).

Maar Bolinger self handhaaf 'n kognitief-semantiese (*avant-la-lettre*) standpunt:

The success of the dictionary is not achieved in disregard of our knowledge of the world, but through it and because of it (Bolinger 1965:572).

In die kognitiewe semantiek word die skeiding tussen linguistiese en ensiklopediese kennis nie as 'n duidelik omlynde grens gesien nie. Ensiklopediese kennis word wel betrek in betekenisbeskrywings van woorde. Mens dink hier aan Wierzbicka (1985) se definisies van woorde soos **koppie**, **beker**, **voertuig** ens.

Met sy afwysing van buitetalige gegewens vind die strukturalisme dit moeilik om byvoorbeeld die metaforiese aard van MLI's te akkommodeer. Die metaforiese oorsprong van idioome is buitetalig. Vanaf 'n konkrete betekenis

ontwikkel die betekenis van idioome na die abstrakte. 'n Goeie voorbeeld hier is die baie idioome wat uit die fisiese domein van die seevaart ontwikkel het: die wind uit sy seile neem, die loef afsteek, van bakboord na stuurboord stuur, die mas opkom, voor die wind gaan, skoonskip maak, ens. Die metaforiek in dié idioome is nie heeltemal ondeursigtig nie (met uitsondering van die loef afsteek waar loef nie meer in die sinchroniese taalsisteem voorkom nie).

Die buitetalige oorsprong van idioome betrek nie alleen metafore nie. By die historiese oorsprong van idioome motiveer skynbaar irrelevante inligting die idioom - mens dink aan die hoogs aangehaalde kick the bucket of red herring. Ander idioome beeld argetipiese en apokriewe situasies uit soos in die bobbejaan agter die bult gaan haal, die rondte van Vader Cloete doen (vergeelyk Glucksberg 1993) of verwys na die literatuur: die ware Jakob, na die vleispotte van Egipte terugverlang, 'n Babelse verwarring, so mal soos 'n haas. Die buitetalige oorsprong van die idioome motiveer dus die sinchroniese betekenis van die idioom.

Omdat 'n idioom se betekenis, gesien vanuit 'n strukturalistiese standpunt, vasgelê en niekomposisioneel is, is dit nie verbasend dat enige buitetalige inligting nie ter sake is binne so 'n siening nie. Gibbs (1992) wys daarop dat dié kennis nie in die eerste plek die semantiese prosessering van die idioome hoef te beïnvloed nie. Taalgebruikers is nie noodwendig bewus van die metaforiese betekenis van idioome nie - nóg by die gebruik nóg by die verstaan van idioome. Om buitetalige inligting te ignoreer, laat egter nie reg geskied aan die manier waarop idioome verstaan word nie, soos wat Gibss (1992) se eksperimente aantoon.

'n Teoretiese raamwerk waarbinne daar eksplisiet rekening gehou word met ensiklopediese kennis en die metaforiese

oorsprong van idiome is nodig vir die tipe ontledings wat gedoen word in hoofstuk 6. Dié teoretiese raamwerk word gebied deur die kognitiewe semantiek.

4.6.2 Relatiewe deursigtigheid

Uitsprake word dikwels gemaak oor die graad van deursigtigheid wat deur MLI's vertoon word (vergelyk 3.4.3.2). Hiervoor verlaat die ondersoekers hulle dikwels op hulle intuïsie - daar word in elk geval nie altyd eksplisiet gesê op grond waarvan so 'n indeling gemaak word of riglyne neergelê waarvolgens die intuïtiewe oordele getoets kan word nie. Daar is uitsonderings, soos byvoorbeeld Cruse (1986). In hoofstuk 7 word deursigtigheid as 'n maatstaf waarvolgens verskillende tipes idiome geklassifiseer kan word weer in oënskoue geneem.

Die kognitiewe semantiek bied 'n manier waarop intuïtiewe oordele nader geverifieer kan word. Verskeie studies oor hoe daar tussen idiome onderskei kan word op grond van verskillende grade van deursigtigheid is die laaste paar jaar binne die raamwerk van die kognitiewe semantiek onderneem - hier sluit ek ook studies in wat gedoen is binne die psigolinguïstiek. Vergelyk Geeraerts (1992), Van de Voort & Vonk (1992), Cacciari (1993).

Die kognitiewe semantiek bied 'n teorie waarin daar 'n verklaring gegee word vir dié "intuïsie" waarop taalgebruikers staatmaak en waarin daar aangetoon word dat dit in der waarheid gegrond is op konsepte en gemotiveer is in die kognitief-semantiese betekenis van die woord. Intuïsie steun dikwels op kognitiewe modelle wat heeltemal reël is en deel is van ons kognitiewe struktuur. Binne 'n teorie van motivering, gesitueer binne die kognitiewe semantiek, kan daar met groter presisie omgegaan word met die alomteenwoordige begrip *intuïsie*.

4.6.3 Variasie versus bevrorenheid

Tradisioneel en veral binne die Strukturalisme (vergelyk byvoorbeeld Europese taalkundiges soos Burger en Fleischer) word MLI's beskou as vaste eenhede wat nie telkens opnuut gevorm word nie, maar wat in 'n vaste vorm in die leksikon bestaan, waarin sy vorm en betekenis opgeslaan word. MLI's word as sodanig geleksikaliseer. Binne 'n strukturalistiese benadering is die MLI deel van die *taalsisteem*, nie die *taalgebruik* nie. Vir so 'n siening skeep die variasie wat wel aangetref word in MLI's dus 'n probleem.

'n Verdere probleem met die sogenaamde bevrorenheid van die MLI is dat so 'n eienskap 'n homogene groep leksikale items veronderstel. Die heterogene aard van MLI's (en idiome as 'n deel van die groep) word binne die raamwerk van die kognitiewe semantiek ten volle erken (vergelyk onder andere Cacciari 1993:34).

4.6.4 Die komposisionaaliteitsbeginsel en Montague-grammatika

'n Teorie wat uitsluitlik steun op komposisionaaliteit kan nie idiome verklaar nie. Dit bied geen manier waarop sintaktiese nie-analiseerbare eenhede wel semanties ontleed kan word nie, omdat die bydrae van die betekenis van die dele tot die betekenis van die geheel nie binne so 'n modelteoretiese aanpak bereken kan word nie (vergelyk Carstens & Swanepoel 1993:49).

Wanneer komposisionaaliteit en niekomposisionaaliteit nie as 'n digotomie gesien word nie, maar as 'n kwessie van graad, verander die prentjie heeltemal. Studies wat binne die psigolinguïstiek en binne die kognitiewe semantiek onderneem is, toon aan dat daar wel grade van komposisionaaliteit bestaan en dat taalgebruikers dié

grade van komposisionaliteit kan herken (Gibbs & Nayak 1989, Lakoff 1987, Geeraerts 1992, Glucksberg, 1993). Die begrip komposisionaliteit word trouens binne die kognitiewe semantiek in verband gebring met 'n ander begrip - analiseerbaarheid. In hoofstuk 5 word daar hieraan aandag gegee.

Ook wat die Komposisionaliteitsbeginsel betref, bied die kognitiewe semantiek dus 'n teoretiese raamwerk waarbinne daar rekenskap gegee kan word van die data waarvan daar in hierdie studie sprake is: MLI's waaronder daar baie voorbeelde van figuurlike taalgebruik is.

4.6.5 Die MLI binne die leksikon

Omdat idiome tradisioneel gesien word as vaste eenhede wat nie telkens nuut gegenerereer word nie, word hulle binne die generatiewe grammatika in die leksikon opgeneem as "lang woorde". So 'n lys eenhede in die leksikon is dan, gesien die hoeveelheid MLI's in enige taal, geweldig lank. Generatiewe grammatici soos Weinreich, Chafe en Fraser wat al drie probeer om idiome binne die generatiewe teorie te akkommodeer, bied verskillende teoretiese oplossings vir die probleem aan. Ons gee kortliks aandag aan hulle sienings.

Weinreich begin sy uiteensetting met 'n opmerking wat die basiese probleem van idiome binne die generatiewe grammatika belig:

to a linguistics that is preoccupied with productivity in the strongest, Chomskyan sense, idiomaticity represents a basic theoretical stumbling block; for under the rubric of idiomaticity we are concerned with complex structures that can be recognised and analyzed but not naturally generated by any explicit machinery so far proposed (Weinreich 1969:23).

Weinreich se probleem (die probleem van 'n generatiewe grammatikus) is waar om idiome in die taalsisteem in te pas. Dit is duidelik dat idiome nie opgelos kan word in hulle samestellende dele en dat dié dele dan apart gelys word in die woordeboek nie - semanties is so 'n oplossing onbevredigend. Om 'n idoom egter in die woordeboek in sy geheel te lys is vir Weinreich te duur. Sy argumente teen die inskrywing van idiome as eenhede in die leksikon lui soos volg:


(i) Om as eenheid in die woordeboek opgeneem te word, beteken dat die idoom as 'n *simplekse* woord daar verskyn. (Weinreich beskou idiome nie as meerwoordig nie, maar as meermorfemig, dus as besonder lang woorde.) Sekere fonologiese reëls word dan oortree. In **shoot the breeze** is daar dan 'n kombinasie van klanke (t,th) wat nie binne Engelse woorde voorkom nie. Om so 'n eenheid in die leksikon te hê, beteken dat die fonologiese komponent van die grammatika aansienlik ingewikkelder word. Meer inligting oor klempatrone sal ook in die woordeboek gegee moet word.

(ii) Sintakties verskaf die eenheidstatus van 'n idoom in die woordeboek ook probleme: die verlede tyd van die idoom **shoot the breeze** word gevorm deur die werkwoord in die idoom te verander: **shot the breeze** en nie * **shoot the breezed** nie. Hoe kan dié "spesiale woordstatus" van 'n element binne 'n (simplekse) eenheid deur die grammatika verklaar word?

Sy gevolgtrekking is die volgende:

If the dictionary is not to be cluttered with repeated specifications of morphophonemic irregularities, it is clearly disadvantageous to list idioms as unanalyzed units (Weinreich 1969:55).

Sy oplossing is dat die beskrywing van 'n taal benewens die woordeboek ook 'n *idoomlys* moet bevat (Weinreich 1969:57). Die inskrywing bestaan uit 'n string morfeme. Verder moet daar 'n *Idoomvergelykingsreël* in die grammatika wees, waarmee 'n string woorde vergelyk kan word om te bepaal of hulle as vrye verbinding of as idioom verstaan moet word. Dié idoomlys word geraadpleeg voordat die semantiese interpretasie van 'n string woorde begin. Hy stel die proses so voor:



Weinreich noem die nadeel daarvan dat stringe woorde gedurig vergelyk moet word met die idoomlys, maar hy sê self dat die generatiewe grammatika nie geïnteresseerd is in 'n psigologiese beskrywing van hoe 'n regte sin geproduseer of verstaan word nie (Weinreich 1969:61). Omdat sekere idiome nie letterlike teëhangers het waarmee hulle eers vergelyk kan word nie, moet hierdie idiome wel in die woordeboek gelys word: die sg. pseudo-idiome soos **to kingdom come** en **by and large** en binomiale met twee unieke elemente soos **spic and span**. Hy stel dus voor dat daar sowel komplekse woordeboekinskrywings as 'n idoomlys in die woordeboek moet wees (Weinreich 1969:69). Hiermee verdeel hy die leksikon in twee dele.

Ook Chafe lewer kritiek op die feit dat idiome binne die Chomskiaanse paradigma nie adekwaat verklaar word nie:

The importance of idioms in language cannot be doubted. Their ubiquity makes them anything but a marginal phenomenon, and surely a linguistic theory has an obligation to explain them in a natural way (Chafe 1968:111).

Hy lewer kritiek op verskeie aspekte van die Chomskiaanse generatiewe grammatika en stel 'n paradigmaskuif - na generatiewe *semantiek* - voor. In plaas daarvan om twee soorte inskrywings in die woordeboek te hê soos Weinreich, stel hy voor dat 'n idioom met 'n letterlike teëhanger onderwerp word aan 'n sogenaamde verletterlikingsreël. 'n Omgekeerde pad as dié van idiomatisering word dus gevolg:

Idiomaticization creates a single semantic unit out of an arrangement of units, while literalization - part of the process of encoding meanings into sounds - changes the single semantic unit back into the arrangement which is its historical antecedent (Chafe 1968:121).

Nie alle idiome het in der waarheid letterlike teëhangers nie (Weinreich se pseudo-idiome) en die verletterlikingsreël word dus nie altyd geaktiveer nie.

Die klem wat Chafe plaas op die semantiese eenheidstatus van 'n idoom (en nie in die eerste plek op sy sintaktiese status nie) help volgens hom ook om die transformasionele defekte wat idiome het, te verklaar. Omdat die idioom **kick the bucket** 'n semantiese eenheid met die betekenis "doodgaan" is en omdat "doodgaan" 'n onoorganklike werkwoord is, kan **kick the bucket**, soos 'n onooorganklike werkwoord, ook nie die passieftransformasie ondergaan nie. Sy verklaring geld egter nie vir alle idiome nie en hy word genoop om die opmerking te maak dat die grens tussen wat idiomaties (*postsemanties* in sy terme) en nie-

idiomaties (*semanties*) is nie skerp te trek is nie. Hy tref 'n onderskeid tussen idioome en semi-idiome (Chafe 1968:124).

In reaksie teen Chafe se generatiewe semantiek, kom Fraser met sy "frozenness hierarchy" (Fraser 1970:39) in 'n poging om voorsiening te maak vir die transformasionele defekte van idioome binne 'n generatiewe raamwerk. Fraser stel dat idioome dieselfde dieptestruktuur het as hulle letterlike teëhangers (Fraser 1970:31). In plaas daarvan om vir elke afsonderlike idioom aan te dui watter transformasies dit nie kan ondergaan nie, word idioome ingedeel vanaf heeltemal bevrore tot vry - by laasgenoemde tipe verbinding is daar dan ook nie meer sprake van idioome nie. Elke idioom word dan gemerk om aan te toon tot watter klas hy behoort. Soos reeds aangetoon in hoofstuk 3 is dié indeling van min waarde vir Afrikaans.

Veral twee besware teen die generatiewe aanpak kom in die resente literatuur na vore.

Die eerste beswaar betref die leksikale status van MLI's en hulle verteenwoordiging in die mentale leksikon (Verstraten 1992; Glucksberg 1993; Flores D'Arcais 1993).

Weinreich sien die proses waardeur 'n idioom herken en verstaan word as volg:

The idiom comparison rule matches a terminal string against the idiom list. If it finds an entry in the idiom list which is identical with all or part of the terminal string, the idiom comparison rule deletes the semantic features of the matched fragment of the terminal string and substitutes the semantic features and transformational instructions specified for the

matching entry in the idiom list (Weinreich 1969:58).

Teen Weinreich se voorstelling van die hele proses bring Verstraten die beswaar in dat dit tot gevolg sou hê dat dit langer sou duur om 'n idioom te analiseer of te genereer as 'n niefraseologiese eenheid.

Generatiewe benaderings blyken niet in staat te zijn een verklaring te bieden voor het feit, dat idiome, en vaste verbindingen in het algemeen, van de taalgebruiker geen langere verwerkingsduur vergen, noch bij de produktie, noch bij de receptie ervan (Verstraten 1992:34).

Weinreich met sy idee van 'n aparte idioomlys verwerp die idee dat idiome in die "gewone" leksikon verteenwoordig kan word. Die vraag of MLI's in die mentale leksikon verskyn of nie, kom ook na vore in psigolinguistiese ondersoek van die laaste paar jaar. Veral die manier waarop idiome verstaan word, word ondersoek en die resultate van die ondersoek dui daarop dat die verstaan van figuurlike tekste in beginsel nie verskil van die verstaan van 'n letterlike teks nie (Verstraten 1992:32).

Wat die verwerkingstyd van idiome betref, toon die ondersoek van Schweigert & Moates (1988) aan dat idiome nie stadiger geprosesseer word as vrye verbindings nie. Die resultate van hierdie ondersoek ondersteun die sg. "Idiomatic Processing Model":

This model suggests that the figurative meaning of an idiom is retrieved and processed first; then only if the figurative meaning is inappropriate is the literal meaning processed (Schweigert & Moates 1988:291).

Hierdie ondersoek dui sterk daarop dat idioome as enkelvoudige leksikale items in die mentale leksikon opgeneem word:

(...) the initial processing of the idioms is not as a set of individual words. Just as words are perceived as wholes, perhaps idioms are also (Schweigert & Moates 1988:292).

Latere ondersoek van Schweigert (1992) toon aan dat sy geneig is om eerder die sogenaamde "Simultaneous Processing Model" aan te hang. Hierdie model sien idioome as 'n heterogene groep wat nie almal op dieselfde manier geprosesseer word nie. Idioome waar dele van die idioom isomorfies in verband gebring kan word met die figuurlike betekenis van die idioom soos **pop the question** - die sg. "decomposable idioms" - word stadiger geprosesseer as idioome waar dit nie die geval is nie (soos **kick the bucket**). Volgens hierdie model kan 'n sin 'n figuurlike betekenis bevat wat parallel met die letterlike betekenis gekonstrueer word. Hoe bekender die idioom, hoe makliker word die figuurlike betekenis gekonstrueer. By bevrore idioome (Weinreich se pseudo-idioome) is daar nie sprake van 'n letterlike betekenis nie en slegs die figuurlike betekenis word herken. Schweigert som resente ondersoek na idioomprosesserings op en kom tot die volgende gevolgtrekking:

When taken together the idiom comprehension research seems to most strongly support a simultaneous processing model of idiom comprehension (...) It cannot only account for the often cited finding that idioms used literally take longer to process than idioms used figuratively, but can also explain why familiar idioms are processed more rapidly than less familiar idioms (Schweigert 1992:117).

Flores D'Arcais (1993:83) gee drie moontlike antwoorde op die vraag na hoe idiome in die mentale leksikon voorgestel (represent) word:

(a) Idiome word as multiwoord- leksikale eenhede in die mentale leksikon gelys.

(b) Idiome word gerekonstrueer op basis van die idiomatiese betekenis deur te begin by die inskrywing van een van die woorde in die idioom, wat dan 'n verwysing na sy idiomatiese betekenis sal bevat.

(c) Idiome word glad nie in die mentale leksikon verteenwoordig nie, maar hulle betekenis word elke keer bereken deur die een of ander proses van metafoorkonstruksie.

Soos Schweigert is hy van mening dat verskillende idiome op verskillende maniere verstaan word na gelang van hulle bekendheid.

Highly familiar idioms are likely to be represented as a unitary entry in the mental lexicon, whereas for infrequent and unknown idioms, especially opaque ones, it is rather unlikely that such a unitary representation is available. New idioms are likely to be treated by the listener/reader as a metaphor (Flores D'Arcais 1993:83).

Glucksberg (1993) verwys na twee modelle vir die verstaan van idiome: die direkte-opsoekmodel, waar die betekenis van idiome uit die geheue herwin word en die komposisionele model waar die betekenis van 'n uitdrukking uit die letterlike betekenis saam met hulle sg. "allusional content" afgelei word (Glucksberg 1993:4). Getuienis wat die direkte-opsoekmodel ondersteun, is die volgende:

(a) Bekende idiome in hulle oorspronklike, kanonieke vorm, word vinniger verstaan as vergelykbare letterlike uitdrukkings.

(b) Bekende idiome in hulle kanonieke vorm word vinniger verstaan as hulle variante.

Glucksberg is van mening dat selfs bekende idiome geanaliseer kan word, selfs al geskied die aanvanklike verstaan van die idioom onafhanklik van die linguistiese analise.

Alhoewel Stock, Slack & Ortony (1993) kritiek lewer op Glucksberg se gevolgtrekking dat idiome nie "lang woorde" is nie omdat hulle variasie toelaat, stem hulle wel saam dat kreatiewe taalgebruik, waar idiome aangepas en gevarieer word, berus op die beskikbaarheid van die letterlike betekenis van die woorde in 'n idioom. Hulle model

allows for the simultaneous availability of the literal meaning (at least up to a point), although it does not claim that the literal meaning plays an (active) role in the processing of the idiomatic meaning. Being available is not the same as making a contribution (Stock, Slack & Ortony 1993:234).

Bogenoemde opmerking moet geplaas word binne die konteks van 'n teorie van motivering, soos wat dit bespreek word in hoofstuk 5.

Mens kan in die lig van die getuienis wat daar bestaan dat sommige (indien nie alle nie) idiome tog as 'n geheel in die leksikon opgeneem word en vandaar met betekenis en al herwin word, Weinreich se beswaar dat idiome nie as geheel gelys kan word in die woordeboek nie, verwerp.

'n Tweede beswaar teen die generatiewe aanpak en een wat aanluit by die debat oor hoe idiome verstaan word, het te make met die feit dat die letterlike interpretasie van 'n idioom dikwels saam met die idiomatiese betekenis aanwesig is. Dit is byvoorbeeld die geval by woordspeling, soos in die volgende voorbeelde:

Diewe op hul beste as son sak in die Weste. Rekord 7/11/96.

Miskien het sy vir hulle wyn van suur druiwe geskink. (Gesê van die kelnerin wat die All Blacks se drankies glo sou gedokter het voor hulle die Wêreldbeker-eindstryd verloor het.) Beeld 20/11/96.

Vyfde keer skeepsreg vir André (Die vyfde keer dat André Joubert genomineer is as Speler van die Jaar het hy die prys gekry.) Beeld 29/10/96.

Hulle het alles in die stryd gewerp om die bordjies te verhang. (Gesê na 'n rugbywedstryd.) Afrikaans Stereo.

Meneer X het gisteraand onder skoot gekom en dis nou letterlik. Afrikaans Stereo.

Om op die Otterwandelpad 'n praatjie met 'n verkleurmannetjie aan te knoop kan vir jou baie moeilikheid - selfs 'n slang - om die hals haal. Beeld.

Hy span letterlik die kroon op 'n loopbaan van vernames optredes. (Gesê van 'n akteur wat die rol van Koning George speel in *The madnees of King George*.) De Kat Augustus 1995.

Sy kon maklik haar vingers verbrand het in 'n poging om 'n vredesvuur te stook. De Kat Mei 1994.

Binne die generatiewe model word slegs een van die moontlike betekenis wat 'n string woorde moontlik mag hê, geaktiveer. Woordspelings kan dus nie binne dié teorie verklaar word nie. Schweigert se model bied wel 'n verklaring:

Once a meaning has been constructed it is checked for appropriateness in context. If only one meaning, the literal or figurative is found to be appropriate then that is the meaning that comes to consciousness. However, if both meanings are deemed appropriate then both would come to consciousness. This would be the case when a person perceives the stimulus as a pun or an otherwise ambiguous statement (Schweigert 1992:115).

Binne die psigolinguistiek het verskeie studies (Glucksberg 1993; Stock, Slack & Ortony 1993) aangetoon dat die letterlike betekenis van idioome beskikbaar bly om as 't ware uitgebuit te word vir woordspel of variasie binne idioome. Ook Cacciari sien voorbeelde van taalspel as bewys vir veelvuldige semantiese prosessering, waar die figuurlike en die letterlike betekenis van 'n idioom saam geprosesseer word sodat die taalspel verstaan kan word (Cacciari 1993:38).

Die ondersoek waarna in die paragrafe hierbo verwys word, is 'n psigolinguistiese ondersoek. Die kognitiewe grammatika is 'n teorie wat psigologies realisties probeer wees en die resultate van psigologiese ondersoek word dus relevant geag ook vir 'n semantiese teorie. Hierin verskil dit natuurlik van generatiewe teorieë.

4.7 Samevatting: hoofstuk 4

Enige teorie wat rigiede grense handhaaf, soos dié tussen sintaksis en semantiek, grammatika en leksikon

(generatiewe teorieë), taal en ander kognitiewe prosesse, taal en die werklikheid (strukturealisme) komposisionaaliteit en figuurlike taalgebruik, diachroniese en sinchroniese betekenis, sal probleme ondervind om meerwoordige leksikale items te ondersoek. Meerwoordige leksikale items bevind hulle dikwels op grense: tussen sintaksis en semantiek omdat hulle enersyds soos woorde 'n eenheidsbetekenis het maar andersyds woorde bevat met dieselfde kategoriale funksies as in vrye verbindings. Dit lyk asof hulle heen en weer beweeg oor die grense tussen grammatika en leksikon omdat hulle as vaste inskrywings in die mentale leksikon met 'n spesifieke betekenis verskyn maar verbasend baie variasie en transformasies toelaat; hulle wys die skeiding tussen linguistiese en ensiklopediese kennis af omdat hulle figuurlike betekenis dikwels geanker is in metaforiek wat sy oorsprong buite die taal in die wêreld het. Terselfdertyd is daar in die taalgebruik tekens te bespeur wat daarop dui dat die letterlike betekenis van 'n idioom sonder moeite parallel met die figuurlike betekenis verstaan word. Dit dui daarop dat hulle ook hier nie altyd enkellynig (óf figuurlik óf letterlik) geïnterpreteer word nie. Ook die onderskeid tussen diachroniese en sinchroniese betekenis word opgehef in die gevalle waar die historiese oorsprong van die idioom bly naklink in sy betekenis.

Die kognitiewe semantiek bied in sy geweldige soepelheid, sy afwys van rigiede grense binne die taal, sy integrering van taal en werklikheid en sy interesse in psigologiese prosesse 'n aantreklike alternatiewe teoretiese raamwerk vir die bestudering van die MLI:

- Die MLI kan semanties meer presies geanaliseer word.
- Omdat 'n streng skeiding tussen sintaksis en semantiek afgewys word, kan semantiese insigte help om die kwessie van transformasionele defektiwiteit te verklaar.

- Omdat 'n streng skeiding tussen grammatika en leksikon afgewys word, is dit moontlik om vanuit die kognitiewe semantiek die MLI te beskryf as behorende tot sowel die grammatika as die leksikon.

- Figuurlike taalgebruik word nie as 'n uitsondering nie, maar as deel van die normale taalgebruik beskou en as sodanig binne die teorie verklaar. Vir die kognitiewe semantiek is dit natuurlik om net so veel aandag aan figuurlike taalgebruik as aan letterlike taalgebruik te bestee.

In hoofstuk 5 word daar verder ingegaan op die motiveringsteorie soos wat dit tans uitgewerk word.

HOOFSTUK 5

MOTIVERING

5.1 Inleiding

Omdat die motiveringsteorie, wat in hierdie hoofstuk aan bod kom, veral te make het met die manier waarop skynbaar ondeursigtige en niekomposisionele uitdrukkings verstaan word, val die klem in hierdie hoofstuk op dié verbindings waar daar 'n spanning bestaan: 'n verbinding kan 'n "gewone", letterlike betekenis hê as vrye verbinding; wanneer dit as MLI optree, het die verbinding 'n figuurlike, idiomatiese betekenis. Dit betref dus veral idioome en idiomatiese deeltjiewerkwoorde.

Idioome se betekenis is nie komposisioneel nie - dit is die tradisionele siening oor idioome (vergelyk 3.4.3.1 vir literatuurverwysings). Die argumente ten gunste van dié siening is kortliks die volgende (vergelyk ook Nayak & Gibbs 1990 en Cacciari 1993):

(i) Die figuurlike betekenis van idioome soos **om agter die kap van die byl te kom**, ("om agter te kom hoe 'n saak inmekaarsteek") **om iemand heuning om die mond te smeer**, ("om iemand te vlei") **dit steek my dwars in die krop**, ("dit hinder/irriteer my; dit gaan teen my grein in") **die aap is uit die mou**, ("geheime planne kom vorendag") **om iemand iets op die mou te speld**, ("om iemand iets te laat glo") **sy kop is vol muisneste** ("hy is verlief") kan nie uit die komposisionele funksie van die individuele woordbetekenisse afgelei word nie.

(ii) Cruse (1986) gebruik die gebrek aan komposisionaliteit by idioome as 'n kriterium om tussen idioome en metafore te onderskei. Metafore sou dan gebruik maak van die letterlike betekenis van die woorde terwyl die woorde in idioome semanties leeg is en as dooie

metafore gesien kan word. (Vergelyk ook Fraser 1970 en Makkai 1972).

(iii) Klem is geplaas op die sintaktiese gedrag van idiome omdat daar gedink is dat dat nie te veel gesê kan word oor die betekenis van idiome nie.

Volgens die tradisionele siening word die figuurlike betekenis van die idiome (uitsonderings op die komposisionaaliteitsbeginsel) verkry deur die mentale leksikon te raadpleeg, net soos wat te werk gegaan word by individuele woorde. As die letterlike (komposisionele) betekenis van 'n idioom nie ter sake is nie, word die figuurlike betekenis dan uit die mentale leksikon herwin (Weinreich 1969).

Resente werk in die kognitiewe linguistiek en die psigolinguistiek dui daarop dat dié tradisionele siening nie meer ongekwalfiseerd aanvaar word nie en in der waarheid vervang is met 'n "nuwe" siening, 'n meer genuanseerde posisie wat betref die semantiek van idiome. Daar is duidelik blyke van hernieude belangstelling in idiome binne 'n raamwerk waar die ou vooropgestelde idees verwerp word. Vergelyk onder andere Lakoff (1987), Langacker (1987), Nayak & Gibbs (1990), Gibbs (1992), Cacciari (1993), Glucksberg (1993), Stock, Slack & Ortony (1993). Uit hierdie navorsing, wat enersyds uit eksperimentele studies en andersyds uit die nuwe kognitiewe teorieë oor die totstandkoming en prosessering van betekenis spruit, blyk dit dat daar by sprekers 'n behoefte en vermoë is om idiome, ten spyte van hulle niekomposisionaaliteit, tog te analiseer. Dit is op hierdie vermoë tot analiseerbaarheid dat die klem val in die kognitiewe semantiek. 'n Teorie van *motivering* is in die laaste paar jaar aan die uitkristalliseer wat hierdie aspek van die betekenis van veral idiome op 'n sistematiese en verantwoorde wyse bestudeer.

Daar word onder andere daarop gewys dat individuele woorde in 'n idioom wel sistematies kan bydra tot die betekenis van die idioom. In die aap uit die mou laat verwys aap byvoorbeeld na "geheim" en uit die mou laat verwys na die openbaarmaking van die geheim - daar is met ander woorde 'n soort isomorfisme tussen die woorde in 'n MLI en die betekenis van die MLI. Die betekenis van hierdie idioom (en baie ander) is van so 'n aard dat aspekte daarvan aan individuele woorde binne die idioom gekoppel kan word.

Analiseerbaarheid beteken nie dat die betekenis van die idioom sonder meer uit die individuele woorde afgelei kan word nie. Die niekomposisionele aard van idioome hou in dat die betekenis van die uitdrukking nie uit die individuele woorde en die sintaktiese vorm voorspel kan word nie. Die "funksie" waarin die betekenis van die dele kombineer om die betekenis van die geheel te genereer, is 'n onbekende faktor in die hele proses. Dit is nie 'n reëlmatige funksie in die taal nie.

Wanneer daar noukeurig gekyk word na die semantiek van MLI's en bepaald die semantiek van dié MLI's waar die "normale" semantiese prosesse nie geld nie, met name idioome en idiomatiese deeltjiewerkwoorde, kom begrippe soos komposisionaaliteit, analiseerbaarheid, voorspelbaarheid en arbitrariteit weer ter sprake. In plaas daarvan om slegs twee pole - voorspelbaarheid en arbitrariteit - in aanmerking te neem, open die kognitiewe semantiek die moontlikheid van nog 'n manier om na die semantiek van dié uitdrukkings te kyk, naamlik binne 'n teorie van motivering. MLI's bevind hulle op 'n kontinuum vanaf 'n letterlike betekenis tot 'n idiomatiese. Die twee eindpunte van die kontinuum is duidelik herkenbaar, maar ook tussen die twee eindpunte bestaan die moontlikheid dat die betekenis van die MLI's op allerlei wyses gemotiveer kan wees.

Navorsing toon dat mense verskillende strategieë volg om 'n idioom te verstaan en te analiseer (Gibbs & Nayak 1989; Cacciari 1993; Flores D'Arcais 1993). Volgens Gibbs (1992) word hierdie analise nie gebaseer op die letterlike betekenis van die individuele woorde in die idioom nie. Niewelgevormde idiome is dikwels makliker analiseerbaar (**perish the thought**) as welgevormde maar semanties niekomposisionele idiome (**hit the sack**). Die studies van Gibbs en ander wys daarop dat baie idiome wel gedeeltelik gemotiveer is deurdat sprekers 'n verband raaksien tussen die individuele woorde en die betekenis van die idioom in sy geheel (Gibbs 1992:189), 'n verband wat dikwels ook bestaan tussen die letterlike betekenis van woorde en beelde wat met dié letterlike betekenis geassosieer word (Gibbs & O'Brien 1990; Cacciari, Rumiati & Glucksberg 1992).

Dit is waarskynlik so dat die komposisionele betekenis van 'n string woorde (in die *reëlmatige* komposisionele funksie van die woorde) nog geld wanneer die idiomatiseringsproses begin. As gevolg van onder andere metaforiese prosesse word die letterlike betekenis oorgeplaas na 'n ander domein. Die kognitiewe semantiek sien die proses van betekenisoordrag as deel van 'n kognitiewe proses wat 'n idiosinkratiese resultaat (die figuurlike betekenis van die idioom) oplewer. Die vraag na die hele proses - 'n vraag wat doodeenvoudig binne ander teoretiese modelle nie gevra is nie - word binne die kognitiewe semantiek 'n geldige vraag. Die groot hoeveelheid navorsing wat die afgelope dekade oor veral idiome gedoen is, getuig hiervan.

5.2 Komposisionaaliteit

In hoofstuk 3 is komposisionaaliteit hoofsaaklik in die tradisionele betekenis van die woord bespreek. Volgens dié siening is komposisionaaliteit 'n kenmerk van vrye verbindings en kan die komposisionaaliteitsbeginsel

gebruik word om tussen vrye verbindings en idiome te onderskei (vergelyk 3.4.3.1). In die bespreking wat volg, word komposisionaaliteit vanuit die raamwerk van die kognitiewe grammatika benader.

Soos aangetoon deur Carstens (1990) en Carstens & Swanepoel (1993) bly die Komposisionaaliteitsbeginsel (KB) in gebreke om verskeie aspekte van betekenis te verantwoord, onder andere die kwessie van semantiese deursigtigheid by metaforiese en metonimiese uitdrukkings. Carstens & Swanepoel (1993) wys op die skalêre aard van semantiese komposisionaaliteit (grade van deursigtigheid en analiseerbaarheid by niekomposisionele uitdrukkings), die semantiese Gestalt-karakter van baie uitdrukkings en die rol wat pragmatiese kennis by die interpretasie van komplekse uitdrukkings speel. Idiome kan volgens die sterk interpretasie van die KB nie deursigtigheid verkry vanuit hulle geheelbetekenis nie en die invloed van die konteks op die interpretasie van bousels word buite die bereik van die komposisionaaliteitsbeginsel gereël (Carstens & Swanepoel 1993:10).

Langacker som die rol van komposisionaaliteit in taal as volg op:

The standard view attributes full compositionality to grammatical structure: the meaning of an expression generated by grammatical rules is a regular compositional function of the meanings of its parts. For every grammatical rule effecting the combination of elements, an associated rule of semantic interpretation is normally posited that computes the semantic value of the higher-order structure through an operation on the values of its immediate constituents. The assumption of semantic compositionality is


considered necessary to account for the ability of speakers to construct and understand an open-ended set of novel expressions (Langacker 1987:449).

Komposisionaliteit het dus te make met die mate waarin die betekenis van 'n komplekse struktuur voorspel kan word. Nou is dit so dat die KB nie die figuurlike betekenis van saamgestelde uitdrukking soos **kruisies trek** ("stem"), **hulle sit om die tafel** ("onderhandel") of **die tonge is los** ("daar word baie gepraat") kan voorspel nie. Op grond van die komposisionaliteitsbeginsel word enige uitdrukking met 'n afwykende semantiese waarde na die leksikon gedelegeer - die bereik van die KB word dus streng afgebaken:

Hence the claim of full compositionality is hardly forced upon us by the overwhelming weight of empirical observation and all-embracing descriptive triumphs: it is true instead by virtue of definitions that restrict its scope to a highly limited domain (Langacker 1987:449).

Teorieë wat uitsluitlik steun op die KB kan dus nie figuurlike taalgebruik (dit sluit die duisende idiome in 'n taal in) verantwoord nie. Tog is dit juis op basis van die KB dat taalgebruikers nuwe en onbekende uitdrukkings kan begryp en vorm: dit verantwoord die essensie van linguistiese kreatiwiteit (Carstens & Swanepoel 1993:49). Langacker kom tot die gevolgtrekking dat linguistiese verskynsels eerder deur *gedeeltelike* as *volle* komposisionaliteit gekenmerk word.

Die idee word deur Langacker as volg verhelder (1987:450):



Figuur 1 (Langacker 1987:450)

As [A] en [B] die samestellende dele is en [C] die komplekse struktuur, kom daar drie moontlike verhoudings tot stand: die integrerende (horisontale) verhouding [A]-[B] en die komposisionele (vertikale) verhoudings [A]-[C] en [B]-[C]. [AB] is die verwagte resultaat van die integrerende verhouding [A]-[B]. As die uitdrukking ten volle komposisioneel is, word [AB] uit die verhouding bereken: $[AB]=[C]$. [A] en [B] verbind deur middel van 'n reëlmatige sintaktiese reël en [C] word algoritmies afgelei van [A] en [B] deur 'n reël van semantiese interpretasie. Dit is egter ook moontlik dat [C] oor inhoud beskik wat nie deur [A] of [B] bygedra word nie: $[C]=[ABX]$ soos wat mens kry in die samestelling **blackbird**. 'n **Blackbird** is 'n spesifieke soort voël - die betekenis van die kompositum is dus meer spesifiek as wat die komposisionele betekenis laat blyk. In laasgenoemde geval is daar dan nie sprake van volle komposisionaaliteit nie. In die geval **blackboard** is C nie noodwendig A ("swart") of B ('n bord in die tradisionele betekenis van die woord) nie; $[C]=[A'] + [B']$.

Die bousteenmetafoer, wat die betekenis van 'n komplekse uitdrukking sien as 'n opeenstapeling van die betekenis van sy samestellende dele, is eintlik 'n misleidende metafoer en bied geen verklaring vir die gevalle waar 'n komplekse uitdrukking semantiese inhoud het wat nie aan een van sy dele toegeskryf kan word nie. Langacker stel voor dat ons nie 'n uitdrukking sien as 'n houer van betekenis nie, maar as iets wat toegang bied tot 'n netwerk van verskeie kennissisteme. Die samestellende

dele van 'n uitdrukking is nie *boustene* nie, maar *motiveer* verskillende aspekte van die uitdrukking.

Die laaste paar jaar het dit duidelik geword dat komposisionaliteit as begrip 'n wyer betekenis begin verkry het. Die soort gedeeltelike komposisionaliteit waarvan Langacker praat, is ter sprake by besprekings van idioome se betekenis. Komposisionaliteit en idiomatisiteit word nie meer as absolute teenpole gesien nie. In teenstelling daarmee word gepraat van grade van komposisionaliteit, relatiewe komposisionaliteit by idioome ensovoorts (Gibbs 1993, Stock, Slack & Ortony 1993.) Glucksberg (1993) stel 'n komposisionele model van idioombetekenis voor en verdeel idioome breedweg in komposisionele en niekomposisionele idioome op grond van die manier waarop die letterlike betekenis van die woorde in 'n idioom bydra tot die idiomatiese, gestipuleerde betekenis van die idioom. Cacciari (1993) se argument ten gunste van 'n komposisionele siening van idioome word onder andere gebaseer op die feit dat woorde in 'n idioom byvoorbeeld deur adjektiewe gemodifiseer kan word (*leave no legal stone unturned*).

Geeraerts (1992:42) interpreteer komposisionaliteit sowel *dinamies* as *staties*. Die dinamiese interpretasie behels 'n sintagmatiese afleidingsproses waardeur die betekenis van 'n saamgestelde uitdrukking op basis van die betekenis van die samestellende dele bereken word ('n "bottom-up"-interpretasie). 'n Statiese interpretasie ken bloot 'n een-tot-een ooreenkoms tussen die dele van die semantiese waarde van die uitdrukking as 'n geheel (sy betekenis) en die betekenis van die samestellende dele van die uitdrukking toe, of dit nou 'n "bottom-up" of 'n "top-down"-interpretasieproses behels. Komposisionaliteit is hier nie rigtingsgeöriënteerd nie ("nondirectional"). Vir hierdie tweede soort komposisionaliteit stel Geeraerts die term *isomorfisme* voor:

what is ultimately at stake, is a one-to-one correspondence between the formal structure of the expression and the structure of its semantic interpretation, in the sense that there exists a systematic correlation between the parts of the semantic value of the expression as a whole and the constituent parts of that expression (Geeraerts 1992:43).

Bogenoemde uiteensetting van die nuwe siening met betrekking tot komposisionaaliteit sluit aan by die bespreking in die volgende paragraaf oor analiseerbaarheid.

5.3 Analiseerbaarheid

Binne die kognitiewe semantiek word 'n onderskeid getref tussen komposisionaaliteit en analiseerbaarheid (Langacker 1987:448). Die taalgebruiker se betekenisgewende interpretasievermoë, sy vermoë om die betekenis van 'n uitdrukking te deursien, sy vermoë om 'n nog heldere sinchroniese verband met die letterlike betekenis van 'n idioom raak te sien en om metafore te herken, is veral ter sake. (Vergelyk onder andere Gibbs 1992; Swanepoel 1993; Cacciari 1993; Gibbs 1993; Stock, Slack & Ortony 1993.)

In Langacker se uiteensetting van die begrippe *analiseerbaarheid* en *komposisionaaliteit* verbind hy komposisionaaliteit met die *reëlmatigheid* wat voorkom in die samestelling van komposisionele verhoudings. Analiseerbaarheid het betrekking op die vermoë van taalgebruikers om die bydrae wat elke komponentstruktuur (samestellende struktuur) tot die saamgestelde geheel maak, te herken:

the extent to which speakers are cognizant
(...) of the contribution that individual

component structures make to the composite whole (Langacker 1987:457).

Die klem is hier op die individuele taalgebruiker se bewuswees van sekere aspekte van die kompleksiteit van 'n uitdrukking en dit impliseer die moontlikheid om 'n komplekse uitdrukking te analiseer.

(...) a fixed expression appears capable of retaining some measure of analyzability almost indefinitely (...) only when the composite structure loses altogether its capacity to elicit the activation of its components can it be regarded as fully opaque and unanalyzable (Langacker 1987:461-462).

Die analiseerbaarheid van 'n komplekse uitdrukking is 'n kwessie van graad.

Waar die transformasionele grammatika die onanaliseerbaarheid van idiome as 'n basiese gegewe aanvaar, glo Langacker dat die meeste idiome tot 'n mate analiseerbaar is. Bepaalde aspekte van die algehele betekenis kan herlei word tot bepaalde woorde of morfeme in die idioom.

Dele van idiome kan byvoorbeeld ook gebruik word in anaforiese verhoudings:

- (1) Hy het haar hart gesteel en dit toe gebreek.
- (2) After making no headway all morning we finally made some in the afternoon.

Langacker stel 'n nuwe metafoor voor in die plek van die bousteenmetafoor. Die samestellende dele van 'n konstruksie word gesien as 'n stellisie vir die komplekse uitdrukking en nie as boustene nie. As die komplekse struktuur eers as eenheid gevestig is, val die

stellasies weg, die eenheid word as 't ware gedekontekstualiseer.

Analiseerbaarheid bied 'n verklaring vir die onproblematiese herkenning van die betekenis van saamgestelde uitdrukkings wat nie ten volle komposisioneel is nie. Dit bied 'n verklaring vir die verskillende grade van deursigtigheid wat by niekomposisionele uitdrukkings aangetref word:

hy sit met sy hande in die hare
hy kom vra met die hoed in die hand

Die ou bousteenmetafoor lei tot die bekende probleemstelling: hoe is dit moontlik dat die betekenis van bogenoemde uitdrukkings anders kan wees as hulle komposisionele betekenis? Tradisioneel word dié aspek van die betekenis van veral idiome bloot as feit gekonstateer. Die krag van konsepte en konseptuele beelde wat saamspeel in die analiseerbaarheid van die uitdrukkings word buite rekening gelaat. In Langacker se model word die komplekse struktuur en die samestellende dele as afsonderlike fasette van die grammatikale konstruksie gesien (Langacker 1987:463). Die komplekse struktuur word sistemies gemotiveer deur sy komponente, maar word nie altyd daaruit saamgestel soos uit boustene nie. By volle komposisionaliteit is die sistemiese motivering maksimaal: [C] en [AB] kom ooreen. Soos wat die betekenis van [C] en [AB] egter uitmekaar gaan, word die sistemiese motivering deur A en B minder. Die verminderde sistemiese motivering, wat geassosieer word met niekomposisionaliteit, dra by tot 'n verlies aan analiseerbaarheid wat gewoonlik plaasvind by komplekse simboliese eenhede, maar dit is nie absoluut nie (Langacker 1987:464).

Langacker betrek nog 'n begrip by sy uiteensetting van analiseerbaarheid - *koaktivering*:

The definition of analyzability does not refer directly to either full compositionality or unproblematic recognition; it refers instead to coactivation, the likelihood that a composite structure will be construed in relation to the component structures, irrespective of their degree of compatibility (Langacker 1987:464).

Langacker verduidelik dat analiseerbaarheid nog moontlik is ten spyte van 'n groot verskil tussen [AB] en [C]. In die kompositum **yellow-jacket** kan die metafoor wat die kompositum motiveer byvoorbeeld nog herken word: die insek lyk asof hy 'n geel baadjie dra. [AB] is die letterlike (komposisionele) betekenis van die kompositum, die betekenis word metafories en metonimies oorgedra na die insek self (die ooreenkoms tussen 'n geel baadjie en die insek) en metonimies staan die kleur van die insek dan vir die insek self in 'n DEEL-GEHEEL-funksie.

Dit is duidelik dat die kwessie van analiseerbaarheid nie op 'n lukrake manier deur Langacker aangeraak word nie. Hy situeer dit binne sy eie kognitiewe grammatika waar kognitiewe prosesse (onder andere metaforiese en metonimiese prosesse) 'n rol speel.

Binne die raamwerk van die kognitiewe semantiek hou die idee van analiseerbaarheid ook verband met die psigologiese proses wat hom afspeel wanneer 'n taalgebruiker 'n komplekse uitdrukking wil verstaan. Hy weet dat 'n uitdrukking iets spesifieks beteken en hy gaan op soek na 'n verklarings vir die betekenis. As hy die gekonvensionaliseerde figuurlike betekenis ken, kan 'n idoom vir hom deursigtig wees. By iets soos die **pêrels voor die swyne werp** kan die letterlike en figuurlike betekenis dalk baie na aan gelyktydig verwerk word

(geprosesseer word), a.g.v. die gekonvensionaliseerde metaforiese betekenis van *pêrels* en *swyne* (vergelyk Swanepoel 1993). Taalgebruikers blyk in staat te wees om komplekse uitdrukings te interpreteer, ongeag hulle formele komposisionaaliteit (Carstens & Swanepoel 1993:67).

5.4 Arbitrariteit, voorspelbaarheid en gemotiveerdheid

Die totstandkoming van betekenis in taal is op sigself problematies. Die wesenskenmerk van betekenis is arbitrariteit, maar ander faktore soos konvensionaliteit en metaforiek speel 'n ewe prominente rol en 'n betekenisteorie moet hiervan verslag doen.

Arbitrariteit word verstaan in die Saussureaanse betekenis:

The absence of any physical correspondence between linguistic signals (such as words) and the entities in the world to which they refer (Crystal 1992:26).

of in Saussureaanse terme: die gebrek aan 'n noodsaaklike verband tussen die *signifié* en *signifiant*, die betekenaar en betekende (De Saussure 1959:67). De Saussure stel die begrip relatiewe motivering voor as 'n poging van taal om die groot mate van arbitrariteit te beperk. Hy sien motivering blykbaar as iets soortgelyks aan komposisionaaliteit wanneer hy sê:

At any rate, even in the most favourable cases motivation is never absolute (...) the value of the whole term is never equal to the sum of the value of its parts (De Saussure 1959:132).

Motivering impliseer vir De Saussure sowel 'n sintagmatiese verhouding as 'n assosiatiewe verhouding.

(In die kognitief-semantiese benadering word motivering veral as 'n assosiatiewe verhouding gesien.) De Saussure ken 'n baie belangrike rol aan motivering toe in die taalsisteem:

Everything that relates to language as a system must, I am convinced, be approached from this viewpoint, which has scarcely received the attention of linguists: the limiting of arbitrariness. This is the best possible basis for approaching the study of language as a system. In fact, the whole system of language is based on the irrational principle of the arbitrariness of the sign, which would lead to the worst sort of complication if applied without restriction. But the mind contrives to introduce a principle of order and regularity into certain parts of the mass of signs, and this is the role of relative motivation" (De Saussure 1959:133).

Ullmann gebruik ook die term *motivering* en wel in die volgende betekenis:

every idiom ("taal" - H.J.B.) contains words which are arbitrary and opaque, without any connexion between sounds and sense, and others which are at least to some degree motivated and transparent (Ullmann 1981:81).

Hy verwys na drie tipes motivering: foneties, morfologies en semanties. Aan laasgenoemde tipe motivering, wat veral die metaforiese en metonimiese uitbreiding van betekenis inhou, word baie aandag geskenk in die kognitiewe semantiek.

Die kognitiewe grammatika gaan verder as Ullmann en kom na vore met 'n hele teorie van motivering wat 'n

aantreklike teengewig bied teen 'n te blinde aanname van die Saussureaanse beginsel van die arbitrariteit van die linguistiese teken (Dirven 1985:ix).

Die streng digotomie arbitrariteit en voorspelbaarheid - enigiets wat nie voorspelbaar is nie is *arbitrêr* - word in die kognitiewe grammatika afgewys (Langacker 1987:12). In die motiveringsteorie van die kognitiewe semantiek, veral sover dit idioome betref (soos uiteengesit deur onder andere Lakoff 1987, Verstraten 1992, Geeraerts 1992), is daar nog 'n moontlikheid: alhoewel die verhouding tussen die vorm en betekenis van 'n uitdrukking nie voorspelbaar is nie, kan dit wel *gemotiveerd* wees. In Lakoff (1987:346) se teorie is iets wat nóg voorspelbaar nóg *arbitrêr* is, *gemotiveerd*. Volgens hom speel motivering 'n groot rol in taal en is taal so gestruktureer om motivering maksimaal moontlik te maak (Lakoff 1987:537).

5.5 Die motiveringsteorie

Uit die werk wat tot nou toe in die kognitiewe semantiek gedoen is, is daar reeds geweldig baie navorsingsresultate wat tot die beskikking staan van ondersoekers in die leksikologiese en leksikografiese velde. Om aan te toon wat *gemotiveerdheid* by veral meerwoordige leksikale items alles kan behels, word daar in die volgende paragrafe gekyk na standpunte wat deur verskillende ondersoekers gehuldig word. Omdat die manier waarop Lakoff sy motiveringsteorie begrond van groot belang geag word vir hierdie studie, sal die klem veral op sy sienings val.

5.5.1 Lakoff

Langacker se begrippe analiseerbaarheid en koaktivering sluit aan by Lakoff se motiveringsteorie, wat weer binne sy teorie van kognitiewe modelle geplaas word.

Ter aanvang word Lakoff se (nou reeds bekende) definisie van motivering gegee:

The relationship between A and B is *motivated* just in case there is an independently existing link, L, such that A-L-B "fit together". L *makes sense* of the relationship between A and B (Lakoff 1987:449).

[Ter wille van duidelikheid: A en B in Lakoff se notering moet nie in verband gebring word met Langacker se notasie nie. [A] en [B] by Langacker is verskillende komponente in 'n komplekse struktuur, die twee stamme in 'n kompositum, byvoorbeeld, of twee woorde in 'n idioom. Lakoff sien A as 'n idioom en B as die idioom se betekenis. Die aard van die skakel, L, kan nader gespesifiseer word, soos uit onderstaande uiteensetting sal blyk.]

Die motiveringsteorie moet ook voorsiening maak vir 'n teorie van die soort *motiverende skakels* waarvan gepraat word (Lakoff 1987:379). Lakoff se hele aanpak word gesitueer binne die ervaringsteorie van betekenisvolle denke en met inagneming van die verskillende soorte kognitiewe modelle.

Die verskyning van **Women, Fire and dangerous things** wat in sekere opsigte in samehang met Lakoff en Johnson se **Metaphors we live by** gelees moet word, het duidelik 'n hele rits eksperimente en artikels geïnspireer (vergelyk onder andere Gibbs & Nayak 1989; Nayak & Gibbs 1990 en Gibbs & O'Brien 1990). Resente navorsing moet teen die agtergrond van Lakoff se teorie van kognitiewe modelle gesien word, ook wanneer dié teorie kritiek uitlok (vergelyk byvoorbeeld Stock, Slack & Ortony 1993 en Cacciari 1993).

Lakoff se siening sal in paragraaf 5.6 verder aan die woord kom. Daar word vervolgens net kortliks gewys op die manier waarop die motiveringsteorie hom al gevestig het na Lakoff (1987), ook binne die raamwerk van die psigolinguistiek.

5.5.2 Gibbs en medewerkers

Gibbs werk binne die psigolinguistiek en in 'n reeks artikels rapporteer hy en sy medewerkers verskeie resultate uit eksperimente wat gedoen is. Die gevolgtrekkings is telkens versoenbaar met die uitgangspunte van die motiveringsteorie.

Die "idiom decomposition hypothesis" van Gibbs & Nayak (1989) voer aan dat die analiseerbaarheid van 'n idioom die sintaktiese gedrag van die idioom beïnvloed. Hoe groter die analiseerbaarheid, hoe meer sintakties produktief is die idioom (Gibbs & Nayak 1989:105). Met analiseerbaarheid bedoel hulle dat sprekers die betekenis van dele van die idioom in verband bring met die figuurlike betekenis van die idioom. Die resultate van 5 eksperimente ondersteun die hipotese en het belangrike implikasies vir modelle oor idioombegrip. Idiome wissel in grade van komposisionaaliteit (ontleedbaarheid) en baie eienskappe van letterlike taalgebruik word ook by idiome aangetref. Idiome lê op 'n kontinuum van hoogs geleksikaliseerd (**chew the fat**) tot hoogs ontleedbaar en sintakties produktief (**pop the question**). Gibbs & Nayak kom tot die gevolgtrekking:

There may be little utility, then, in maintaining the widely held belief that different processes drive the comprehension of idiomatic and literal language or idioms and metaphors (Gibbs & Nayak 1989:132).

Nayak & Gibbs (1990) ondersoek die mate waarin konseptuele modelle (metaforiese modelle) die betekenis van idioome onderlê, deur die kontekstuele geskiktheid van 'n bepaalde idioom na te gaan. Hulle eksperimente toon aan dat mense idioome groepeer volgens die tydstruktuur in die konsepte wat dié idioome onderlê (byvoorbeeld die verskillende stadia in die WOEDE-konsep). Sprekers dra kennis van die konseptuele domeine waarna idioome verwys en hierdie konseptuele kennis sorg vir beperkinge op die gebruik en verstaan van idioome. Die betekenis van baie (nie alle nie) idioome is dus gemotiveerd.

In eksperimente wat die gemotiveerdheid van idioome verder ondersoek, bevind Gibbs & O'Brien (1990) dat sommige idioome ook gemotiveer word nie net deur konseptuele metafore nie maar ook deur konvensionele beelde. Hulle lê klem op die feit dat dié tipe gemotiveerdheid nie by alle idioome aangetref word nie en dat gemotiveerdheid nie voorspelbaarheid impliseer nie. Gibbs (1992, 1993) sit die ondersoek na die metaforiese basis van baie idioome voort en hy herhaal die vroeëre bevinding:

idioms are partially compositional and their rich figurative meanings are motivated by the metaphorical knowledge people possess of the domains to which idioms refer. These metaphorical mappings between source and target domain knowledge often are conventionalized in the sense that they are so much a part of our everyday cognition as to be unconscious and automatic (Gibbs 1993:74).

Met sy ondersoek brei Gibbs die eksperimentele basis vir 'n teorie van motivering uit en word die rol wat metafoor en konvensionele beelde in die motiveringsproses speel duideliker.

5.5.3 Geeraerts

Geeraerts (1992:43) voeg 'n baie spesifieke nuansering tot die motiveringsteorie toe as deel van die konseptuele apparaat waarmee hy idiome analiseer. Sy bydrae word bespreek in paragraaf 5.7.

5.5.4 Glucksberg

Glucksberg (1993) gebruik nie die term *motivering* nie, maar wel *allusional content* (*verwysing*), waarmee hy die soort motiverende inligting bedoel wat in 'n uitdrukking soos **carry coals to Newcastle** aangetref word. Hy sien die totstandkoming van betekenis in nie net idiome nie, maar in al die "familiar, memorized 'chunks' of speech" (Glucksberg 1993:24) wat deel uitmaak van ons leksikale repertoire, as 'n integrering van drie bronne van betekenis: die letterlike betekenis, die vasgestelde idiomatiese betekenis en die verwysingsbetekenis. In die totstandkoming van betekenis is die spreker se kommunikatiewe bedoeling en die konteks van belang. Met verwysingsinhoud het hy o.a. in gedagte die oproep van argetipiese of apokriewe situasies wat deur 'n spesifieke konteks geaktiveer word. Die letterlike betekenis van 'n uitdrukking is nie irrelevant nie, maar bly 'n belangrike element van die spreker se bedoeling. So word die letterlike betekenis in **carry coals to Newcastle** saam verstaan met die inligting dat Newcastle 'n plek is waar daar baie steenkool is. Eksplisiete verwysings word aangetref in nie net idiome nie, maar in honderde bekende uitdrukkings in 'n taal: titels van boeke, liedjies en films, clichés, spreekwoorde en slagspreuke is almal ryk aan verwysingsinhoud. 'n Ander tipe verwysing is implisiet en konseptueel, en hier verwys Glucksberg na die werk van Lakoff (1987) en Lakoff & Johnson (1980).

5.5.5 Cacciari

Cacciari is van mening dat die bereik van die huidige belangstelling in figuurlike taalgebruik so ver gaan dat geglo word dat die betekenis van die samestellende woorde in idiome, sowel as hulle interne struktuur (metafories, metonimies, analogies ensovoorts) beskikbaar is en 'n rol speel in die verstaan van die idiome (Cacciari 1993:32). Sy verwys na die ondersoek gedoen deur onder andere Gibbs & Nayak (1989) en Nayak & Gibbs (1990) oor sprekers se intuïesies oor die analiseerbaarheid van idiome en hoe dit 'n belangrike rol speel in die manier waarop idiome verstaan word. Sy besluit:

One therefore can consider some classes of idioms as motivated strings of words and such motivation, apart from being a simple etymological fancy, is available and usable in comprehension and interpretation (Cacciari 1993:32).

Sy sien die gemotiveerdheid van idiome onder andere daarin dat daar 'n interaksie tussen al die verskillende "soorte" betekenis (vergelyk Glucksberg 1993) van die woorde in 'n idioom is:

Although idioms possess established meanings that are easy to conceive of in terms of stored semantic concepts, they simultaneously exploit the senses of the words, the structure underlying their grouping in an idiom, and possibly also conceptual templates (Cacciari 1993:37).

Sy verwys na Lakoff se werk oor kognitiewe modelle, maar voel dat die bydrae van individuele woorde in 'n idioom nie misken moet word nie.

5.6 Motiverende skakels

Motiverende inligting of motiverende skakels gee antwoord op die vraag: "Waarom beteken 'n uitdrukking wat hy beteken?" of anders gestel, "Waarom is dit "natuurlik" vir 'n uitdrukking om sy bepaalde betekenis te hê?". Meer konkreet gestel: "Waarom beteken **die groen lig kry** "toestemming kry om voort te gaan met 'n saak"? Hierdie vraag word as 'n vanselfsprekendheid deur die etimoloog gestel, wat dan ook op soek gaan na die antwoord, maar dit is 'n speurtog wat die gewone taalgebruiker ook onderneem in sy poging om sin te maak uit die geweldige groot hoeveelheid leksikale items waarmee hy gekonfronteer word.

'n Voorbeeld van so 'n motiverende skakel kry mens in die **Longman Dictionary of English Idioms**. Die voorbeeld is van Swanepoel (1992):

halcyon days: calm days. Referring to the ancient belief that a KINGFISHER (a waterbird whose Greek name is *halcyon*) laid its eggs on the sea during a 14-day period of calm and good weather.

Die woordeboekartikel gee etimologiese inligting wat die herkoms van die idoom verduidelik en voorsien sodoende 'n motiverende skakel - die mite of geloof - tussen die woord **halcyon** en sy betekenis ("kalm").

Die opmerking is miskien nodig dat mens in die leksikografie versigtig te werk moet gaan met sulke inligting. Vergelyk die inligting in die WAT by die uitdrukking **so vry soos 'n bobbejaan aan 'n paal**. Alhoewel hierdie uitdrukking volkome deursigtig is ("aanduiding van ingekorte vryheid") gee die WAT nog addisionele inligting: "na aanleiding van Boonzaaier se beroemde spotprent" en "dikw. i/d stryd gebruik i.v.m.

ons land se status i/d Britse Gemenebes." Die aard van hierdie motiverende inligting is egter sodanig dat dit nie regtig bydra tot 'n begrip van die uitdrukking nie, wat ook daarsonder verstaan kan word. Dit is dus nie 'n ware motiverende skakel nie.

In die literatuur val die aandag op verskillende tipes motiverende skakels. Volgens Lakoff kan motiverende skakels by idiome byvoorbeeld bestaan uit konvensionele beelde, kennis en metafore wat die idioom verbind met sy betekenis (Lakoff 1987:451). Swanepoel (1992) onderskei vyf tipes semantiese motivering by idiome: kennissisteme (wat mites en gelowe insluit), konvensionele beelde, beeldskematiese transformasies, konvensionele metaforiese funksies en metonimiese funksies. In die volgende paragrawe word verskillende aspekte van motivering, soos wat dit in die literatuur na vore getree het, belig.

5.6.1 Geïdealiseerde Kognitiewe Modelle

Een van Lakoff (1987) se uitgangspunte is dat ons gebruik maak van Geïdealiseerde Kognitiewe Modelle (GKM'e) om ons kennis en ervaring van die werklikheid te struktureer (vergelyk hoofstuk 4). In die vorming van hierdie Geïdealiseerde Kognitiewe Modelle speel metafoor en metonimie 'n belangrike rol. Lakoff (1987:113) onderskei vier soorte GKM'e, waaronder metaforiese en metonimiese GKM'e. Vir die doeleindes van hierdie studie en in navolging van Lakoff (1987) word aangeneem dat kategorieë van leksikale items deur kognitiewe modelle wat hierdie kategorieë onderlê en struktureer, verstaan word. Lakoff (1987:68 e.v.) postuleer byvoorbeeld GKM'e vir leksikale items soos **Dinsdag**, **oujongkêrel** en **moeder**.

5.6.1.1 Metaforiese kognitiewe modelle

Our ordinary conceptual system, in terms of which we both think and act, is fundamentally

metaphorical in nature (Lakoff & Johnson 1980:3).

Een van die uitgangspunte van die kognitiewe semantiek is dat die metafoor een van die kragtigste instrumente in taal en teweens in ons hele konseptuele sisteem is. Die motiverende skakels in die verstaan van komplekse uitdrukkings soos idiome is dikwels metaforiese kognitiewe modelle.

Lakoff en Johnson (1980) ondersoek metafore in 'n hele paar domeine (soos tyd, oorsaak, liefde, idees ens.) en kom tot die gevolgtrekking dat daar konvensionele metafore is wat hierdie domeine struktureer. 'n Metafoor soos TYD IS 'N BEWEGENDE VOORWERP onderlê byvoorbeeld die volgende uitdrukkings:

die tyd kom nou vinnig nader
die week het vinnig verby gegaan
die tyd het gevlieg

Ondersoeke die laaste paar jaar soos dié van Lakoff & Johnson (1980), Lakoff (1987), Gibbs & O'Brien (1990) Gibbs (1992) en Verstraten (1992) toon aan dat baie idiome op 'n onderliggende metaforiese model steun.

Die metafoor is wesenlik 'n sprong wat plaasvind in die kognitiewe proses, 'n oordrag, soos wat die etimologiese betekenis van die woord **metafoor** aandui. Kennis van een domein - 'n meer basiese, bekender domein en dikwels 'n domein wat gebaseer is op ons liggaamlike ervaring (die brondomein) - word oorgedra na 'n moeiliker, abstrakter domein (die teikendomein). Die metafoor is dus 'n manier om nuwe ervarings in terme van reeds bekende ervarings te kategoriseer. (Lakoff & Johnson 1980:5 en Dirven 1985:87). Swaartekrag (deel van ons fisiese ervaring) en ruimtelike dimensies bepaal byvoorbeeld die metafoor MEER IS OP, MINDER IS AF. Oordrag van die ruimtelike

domein na 'n abstrakte, emosionele domein lewer die metafore in die put sit/wees, in die dieptes van ellende wees.

Lakoff en Johnson (1980) en Lakoff (1987) asook Gibbs (Gibbs & O'Brien, 1990; Nayak & Gibbs, 1990) gee uitgebreid aandag aan metaforiese modelle wat vaste uitdrukkings en idiome motiveer. Van die insigte wat bereik is, word deur Nöth (1985) opgesom. Metafore ontstaan uit ons ervaring en belewing van die werklikheid en word kultureel gedefinieer. Metafore is kognitiewe instrumente en deel van 'n kreatiewe proses. Nöth wys daarop dat dooie metafore die potensiaal behou om as 't ware weer te herleef, wanneer sprekers op die een of ander manier weer bewus word van die spanning tussen die letterlike en figuurlike betekenis van 'n uitdrukking (Nöth 1985:6).

Die metaforiese oordrag van betekenis as 'n manier waarop leksikale items hulle betekenis kan uitbrei of verander, is lank reeds raakgesien as een van die basiese prosesse van semantiese verandering. Vergelyk onder andere Dirven (1985) se uiteensetting van die metaforiese betekenisuitbreidings van **cup**. Dit is een van die aannames in die kognitiewe semantiek dat die sinchroniese betekenis van baie idiome gemotiveer word deur onderliggende metaforiese modelle. In sommige terminologieë word daar na sulke idiome verwys as "metaforiese" idiome (Stock, Slack & Ortony 1993:231).

Een van die probleme met die tradisionele siening van die idioom is dat dit nie die huidige sprekers se metaforiese denkskemas blootlê nie, omdat daar soveel klem geplaas word op die niekomposisionele aard van die idiomatiese betekenis (Gibbs 1992:191). Een van die belangrikste skakels tussen idiome en hulle betekenis is die metaforiese kennis - metaforiese kognitiewe modelle - waarvoor elke spreker van die taal beskik. Volgens Gibbs &

O'Brien (1990) en Gibbs (1992) is daar oorgenoeg empiriese getuienis vir die stelling dat baie idiome gedeeltelik gemotiveer word deur reeds bestaande metaforiese kennis in die konseptuele sisteme van taalgebruikers.

Gibbs (1992; 1993) toon aan dat baie sogenaamde dooie metafore in taal in der waarheid nog baie aktief voortleef in ons alledaagse taalgebruik. Ter illustrasie verwys hy na die algemene metafoor DENKE AS LIGGAAM (MIND AS BODY). 'n Deel van hierdie oorkoepelende metafoor is die KEN-IS-SIEN-metafoor, waar woorde wat "sien" beteken, hulle betekenis uitbrei om "ken", "weet" of "verstaan" te beteken. Op 'n soortgelyke manier ontstaan die betekenis "begryp" uit die werkwoord **gryp** n.a.v. die metafoor GRYP IS VERSTAAN. Hierdie metaforiese modelle is nie dood nie, maar baie lewendig in taal. Dit is sulke metaforiese kognitiewe modelle wat daarvoor sorg dat baie idiome vir sprekers sin maak. Die literatuur rapporteer tans reeds oor verskeie ondersoeke na die onderliggende metaforiese modelle wat by idiome aangetref word - vergelyk in dié verband onder andere Lakoff (1987), Gibbs & O'Brien (1990) en Verstraten (1992).

Uit ondersoek wat gedoen is na die manier waarop die konsep WOEDE (ANGER) in uitdrukkings in Engels tot stand kom, kom Lakoff (1987:380-415) tot die gevolgtrekking dat daar 'n samehangende konseptuele organisasie onderliggend aan al die uitdrukkings is, waarin veral metaforiek en metonimie 'n groot rol speel. Die GKM'e waarvan daar sprake is hier, is dus veral metafories en metonimies van aard. Sy uiteensetting behels kortliks die volgende:

Onder gewone mense is daar 'n soort volksteorie of volksgeloof oor die fisiologiese gevolge van woede: verhoogde liggaamstemperatuur, verhoogde bloeddruk, opgewondenheid, moeite om akkuraat waar te neem. Hierdie fisiologiese gevolge staan in 'n metonimiese model vir

die woede self, soos in die uitdrukkings **hy word warm, sy het ontplof, my bloed kook, sy was blind van woede, hy sien rooi**, ensovoorts. Die sentrale metafoor in die woedekonsept, **WOEDE IS HITTE**, ontstaan uit hierdie volksteorie en is in Engels leksikaal geweldig produktief. Behalwe vir idioome soos **you make my blood boil** en **letting off steam** is daar ook ander leksikale items wat van hierdie metafoor gebruik maak: **hothead, fume, heated argument, flushed with anger, scarlet with rage**.

Lakoff kom tot die gevolgtrekking dat emosies in terme van fisiese gevolge verstaan word. Die konseptuele metafore en metonimieë is nie lukraak nie, maar word deur ons fisiologie bepaal. Die skakels wat uitdrukkings soos **he's letting off steam** deursigtig maak, (wat met ander woorde die idioome *motiveer*), is die metafore en metonimieë wat binne die GKM aangetref word. Die aanwesigheid van metaforiese en metonimiese kognitiewe modelle in ons konseptuele organisasie verminder die hoeveelheid arbitrariteit in taal. Belangrik vir die semantiek van MLI's en meer bepaald van idiomatiese MLI's, is dat hierdie motiverende skakels die ondeursigtigheid van niekomposisionele uitdrukkings verminder.

Verstraten (1992) ondersoek die konsepte woede en dood in Nederlands en ook sy toon aan dat konvensionele metafore soos **WOEDE IS HITTE** en **DOOD IS WEGGAAN/VERTREK** idioome wat hierdie konsepte uitdruk, motiveer.

Dirven (1985) gebruik idioome waarin die woord **hart** voorkom, om aan te toon hoe die oorkoepelende metafoor **DIE HART IS 'N HOUER VIR DIE EMOSIES** tot 'n uitbreiding van die leksikon lei. Binne dié metafoor staan **hart** metonimies vir 'n hele paar emosies:

HART=LIEFDE

sy hart verloor
jou hart aan iemand gee
iemand se hart steel

HART=MOED

sy hart sak in sy skoene
sy hart klop in sy keel

HART = DIE BELANGRIKSTE DEEL

die hart van die saak

HART=WAAARHEID

hand op die hart lê

Motiverende metafore kan dus aan aan die basis lê van 'n hele paar idiome wat 'n soort netwerk vorm, soos geïllustreer deur die idiome met **hart**. Die verband wat 'n idioom met ander idiome het, kan blootgelê word deur die metafore wat die kognitiewe model struktureer, te beskryf.

5.6.1.2 Metonimiese kognitiewe modelle

Metonimiese kognitiewe modelle kan, net soos metaforiese modelle, die motivering verskaf vir idiome. Carstens (1993:90) gee die volgende voorbeelde van idiome wat metonimies gemotiveerd is:

voet aan wal sit ("aan land gaan")

'n DEEL (voet en wal) staan vir die GEHEEL (mens en land)

ryswater drink ("in die tronk)

GEVOLG staan vir OORSAAK (of: AKTIWITEIT staan vir PLEK)

Verstraten (1992:159), by haar bespreking van die konsep DOOD, wys op die idiome waarin na die graf of om begrawe te word, verwys word. Die graf ('n deel van die konsep DOOD) staan metonimies ter aanduiding van die geheel, soos in **met die een voet in die graf staan, van die wieg tot aan die graf, jou in jou graf omdraai.**

Om metonimie na behore te ondersoek, vra na 'n teoretiese paradigma waarin 'n skeiding tussen semantiese en ensiklopediese kennis nie getrek word nie (Moerdijk 1990:111). Dit is byvoorbeeld ensiklopediese kennis - ons kennis van die gewoonte om iemand wat dood is te begrawe - wat sorg vir die deursigtigheid in die pas genoemde idiome.

Norrick (1981), wat in sy ondersoek 'n aantal metonimiese beginsels gedefinieer het, se eerste beginsel lui as volg:

x is in regular metonymic relation with y, if x and y are conceptualized as identifying an effect and its cause respectively. (reversible)
(Norrick 1981:86).

Tradisionele metonimiese verhoudings is byvoorbeeld:

Die HOUER staan vir die INHOUD

Hy is lief vir die **bottel** (**bottel** staan vir **drank**)

Die MANIER VAN VERVAARDIGING staan vir die PRODUK

Die **pers** is onverantwoordelik (**pers** staan vir die **koerante**)

Die PRODUK staan vir die VERVAARDIGER

Die **pers** is onverantwoordelik (**pers** staan vir die koerantwese, die joernalistiek)

Die **hemel** help ons

Die **DEEL** staan vir die **GEHEEL**

Kan ek die **wiele** vanaand leen? (**wiele** is motorkar)

Die **VERVAARDIGER** staan vir die **PRODUK**

Hy hou van **Monet** (die **skilderye** van Monet)

Die **VOORWERP** staan vir die **GEBRUIKER VAN DIE VOORWERP**

Die **treine** staak

Die oorlog tussen die **taxi's** duur voort

Die **GEHEEL** staan vir 'n **DEEL**

Jou eie **kop** volg (**kop** is **wil**)

Moerdijk (1990) kritiseer die binêre tipologie wat so dikwels in besprekings van metonimie gebruik word:

Zo'n "binaire tipologie" vertekent de taalwerkelykheid, verhult de mogelyke interne samenhangen van de relaties, en suggereert ten onrechte dat betrekkingen in de werkelykheid, om zo te zeggen, 1 op 1 lopen (Moerdijk 1990:111).

Hy wys op die sistematiese terugkeer van metonimiese patrone by verskillende woorde. Die sistematiek lê nie op die vlak van die individuele woordbetekenis nie, maar in 'n konsep. Sy ondersoek na die metonimiese verhoudings in die semantiese klas van handelingswoorde lei hom daartoe om die metonimiese verhoudings in die klas as 'n hele netwerk rondom die konsep **HANDELING** te sien, waarin

verhoudings soos WYSE, PLEK, MIDDEL, INSTRUMENT, RESULTAAT die kognitiewe handelingsraam vorm.

In hoofstuk 6 word metonimiese en metaforiese verhoudings binne 'n groot groep idiome (die idiome met **hand**) nagespeur.

5.6.1.3 Kritiek

Teen die postulering van kognitiewe modelle as die motiverende beginsel wat idiome onderlê, is daar ook kritiek gelewer. Cacciari (1993) se kritiek is daarin geleë dat so 'n benadering impliseer dat motivering op die konseptuele vlak en nie die leksikale vlak nie geleë is. Volgens haar lewer die leksikale betekenis van die woorde in 'n idioom 'n beduidende bydrae tot die figuurlike betekenis van die idioom en kan dit nie geïgnoreer word nie.

Stock, Slack & Ortony (1993) is van mening dat Lakoff en Gibbs te ver gaan as hulle veronderstel dat 'n ondeursigtige, niemetaforiese idioom soos **spill the beans** gegrond is op konseptuele metafore:

In general it seems plausible to suppose that for nonmetaphorical idioms (...) the apparent dissociation between the literal and idiomatic meaning is simply due to the fact that the connection is buried in the history of the language and the culture (...) We suspect (...) that Gibbs underestimated the importance of the historical underpinnings of idioms by investing in an account that imposes on many idioms a rational/cognitive basis that they do not really possess (Stock, Slack & Ortony 1993:231).

Die idee van onderliggende konseptuele modelle op kognitiewe vlak kan 'n verklaring bied vir die groot mate van samehang wat aangetref word tussen (leksikaal verskillende) idiome wat 'n bepaalde konsep uitdruk (vergelyk hoofstuk 6 en Lakoff (1987) en Verstraten (1992) se ondersoek). Stock et al. se kritiek teen Lakoff en Gibbs kan nie hierdie samehang genoegsaam verklaar nie. As mens Lakoff se idee van 'n GKM vir 'n leksikale item soos **Dinsdag** aanvaar, is daar teoreties nie 'n rede waarom so 'n GKM nie ten grondslag kan lê van *meerwoordige* leksikale items nie. Hiermee word die leksikale bydraes van woorde binne 'n idioom nie ontken nie en in hoofstuk 6 word motivering wat op leksikale vlak aangetref word, ook ondersoek. Dit sou trouens dwaas wees om binne 'n teorie van motivering die bydraes van individuele woorde tot die geheelbetekenis van 'n idioom te ignoreer.

5.6.2 Konseptuele beeldskemas


Een van die vier soort kognitiewe modelle wat Lakoff (1987) onderskei, is 'n beeldskematiese model, wat skemas soos bane ("trajectories") en vorms insluit.

Beeldskemas motiveer die verskillende polisemiese waardes van 'n woord in radiaal gestruktureerde kategorieë. Lakoff se uitgangspunt - hier sluit hy aan by Langacker (1987) - is dat ons uitgebreid gebruik maak van beeldskemas in ons konseptuele organisasie. Beeldskemas en transformasies van hierdie skemas dien as skakels tussen waarneming en rede (Lakoff 1987:440). Waar Lakoff praat van beeldskemas het hy, soos Langacker (1987:111), nie in die eerste plek sintuiglike beelde in gedagte nie.

Lakoff (1987:416-461) illustreer die belang van beeldskemas in 'n gedetailleerde uiteensetting van die Engelse voorsetsel **over**. Hiervoor steun hy op die werk gedoen deur Lindner (1983) en Brugman (1983).


Twee terme (afkomstig uit die sogenaamde "Space Grammar" van Langacker) in die onderstaande uiteensetting het verheldering nodig: *trajektor* en *landmerk*. In die kognitiewe linguistiek word verhoudings dikwels in terme van *trajektors* en *landmerke* gedefinieer. 'n Trajektor (TR) is 'n entiteit wat hom in 'n aksie, proses of toestand bevind, met die landmerk (LM) as die agtergrond, die verwysingspunt of baken, waarteen die TR geplaas of gevind kan word. Vergelyk onder andere Brugman (1983:8), Rudzka-Ostyn (1985:237) en Langacker (1987:217). Langacker verwys ook na die TR as die *figuur* binne 'n verhoudingsprofiel. Die term *trajektor* suggereer beweging, maar dit word gebruik in statiese sowel as dinamiese verhoudings. In figuur (1) is die vliegtuig die TR wat in 'n spesifieke verhouding tot die LM geplaas word.

Die primêre, prototipiese betekenis van **over** is 'n fisiese, ruimtelike verhouding: "oor- bo-oor" ("above-across"). Die basiese beeldskema wat met **over** geassosieer word, is 'n *pad*:



(1) Die vliegtuig vlieg oor die veld


Figuur 2 (Lakoff 1987:419)



(2) Piet loop oor die heuwel

Figuur 3 (Lakoff 1987:422)

In die sogenaamde eindpuntfokustransformasie, kom nog 'n betekenis van **over** tot stand:



(3) Piet bly oor die brug


Figuur 4 (Lakoff 1987:423)

Sulke beeldskematransformasies help om radiaal gestruktureerde (polisemiese) kategorieë te vorm (Lakoff 1987:440). Al die verskillende "betekenisse" van **over** kan met behulp van beeldskemas, transformasies van hierdie beeldskemas en metafore verklaar word. Metafore het byvoorbeeld dikwels 'n ruimtelike domein as brondomein. Lakoff gebruik

(4) Sy het die een of ander mag oor hom

om te illustreer hoe 'n metaforiese betekenis gebaseer word op 'n beeldskema. Die primêre ruimtelike verhouding wat deur 'n woord soos **over** uitgedruk word, word gemaklik na abstrakte, nieruimtelike domeine oorgeplaas.

Die beeldskema in sin (4) is dié wat geassosieer word met **over** in die betekenis van "bokant" soos in:



(5) Die kragdraad strek oor die werf
Figuur 5 (Lakoff 1987:426)

Hierby kom daar 'n algemene metafoer: BEHEER IS OP; GEBREK AAN BEHEER IS AF (Lakoff:435) om die uitdrukking **sy het beheer oor hom** te lewer.

Rudzka-Ostyn (1985) gee 'n illustrasie van die konseptuele beeldskemas wat ter sake is by Nederlandse en Poolse deeltjiewerkwoorde. Hieroor meer in hoofstuk 6.

5.6.3 Konvensionele beelde ("image schemas")

Konvensionele beelde vervul 'n belangrike rol in ons verstaan van leksikale items (idiome ingesluit) en selfs sinne (Lakoff 1987:452). Die beelde wat geassosieer word met idioome (die sg. "verbeeldbare idioome") het 'n belangrike kognitiewe funksie. Dit verskaf motiverende skakels om die idioome makliker te verstaan, aan te leer, te onthou en te gebruik.

Een manier waarop sprekers se versweë kennis i.v.m. die metafore wat ten grondslag van baie idiome lê, getoets kan word, is deur te kyk na die beelde wat sprekers vorm van hierdie idiome (Lakoff 1987, Gibbs & O'Brien 1990, Gibbs 1992).

Lakoff (1987) gebruik die idioom **to keep someone at arm's length** om die punt te illustreer. Die klassieke siening van idiome kan nie verklaar waarom sprekers blykbaar almal 'n duidelike beeld assosieer met dié idioom nie en hoe dié beeld die betekenis van die idioom ondersteun nie. Die beeld wat by sprekers van Engels opgeroep word by dié idioom is 'n uitgestrekte arm waarmee iemand anders weggehou of -gedruk word, wat die idee ondersteun dat daar gekeer word teen iemand anders se nabyheid om jouself te beskerm. Die betekenis van die idioom ("to keep someone from becoming intimate, so as to avoid social or psychological harm") is dus vir sprekers "natuurlik". Dit "maak sin", is gemotiveerd.

Na aanleiding van Lakoff se werk voer Gibbs & O'Brien (1990) 'n aantal eksperimente uit. Hulle hipotese is dat die konvensionele beelde wat sprekers van idiome het nie lukraak is nie, maar aan bande gelê word deur die metafore wat die idioom onderlê. Hulle ondersoek 'n hele aantal idiome soos **blow your stack**, **hit the ceiling**, **crack the whip**, **button your lips**, **go off your rocker**, **spill the beans** en nog baie meer. Hulle kom tot die volgende gevolgtrekkings:

1. Mense het deurgaans eenderse beelde van idiome. Die konvensionele beeld wat sprekers van die idioom **spill the beans** het, kom by al die sprekers wat deelgeneem het aan die eksperiment grootliks ooreen: die boontjies is in 'n houer min of meer so groot as 'n mens se kop, die boontjies word per ongeluk uitgemors, die boontjies wat gemors het, is nie in 'n netjiese houpie nie en dit is moeilik om die boontjies weer terug te kry in die houer.

2. Die konvensionele beelde word gestruktureer deur 'n klein aantal konseptuele metafore wat die motiverende skakel verskaf tussen die idiome en hulle figuurlike betekenis. Metafore soos DIE VERSTAND IS 'N HOUER en IDEES IS ENTITEIT domineer die sprekers se mentale beelde van allerlei "geheimhoudingsidiome" soos **keep it under your hat, button your lips, keep it in the dark**. Dieselfde metafore word aangetref by die "openbaarmakingsidiome" soos **spill the beans, let the cat out of the bag en blow the whistle**.

Gibbs & O'Brien (1990:66) wys daarop dat sprekers nie noodwendig hierdie beelde vorm tydens die normale prosessering van idiome nie. Eksperimente het getoon dat idiome geweldig vinnig verwerk en verstaan word. Dieselfde geld ook die metafore wat onderliggend is aan die idiome - sprekers lê waarskynlik nie altyd bewustelik die metaforiese verband nie, omdat die figuurlike betekenis van idiome deel is van die kennis waarvoor sprekers beskik. Konvensionele beelde en konseptuele metafore bied egter wel getuienis vir die aanname dat die figuurlike betekenis van idiome dikwels gemotiveerd is en nie volkome arbitrêr is nie.

Gegee die feit dat die konvensionele beelde wat sprekers van idiome het baie ooreenkomste vertoon van spreker tot spreker en dat hierdie beelde bepaal word deur die metaforiese oordrag van een domein na 'n ander, kan die aard van die beelde wat met idiome geassosieer word, voorspel word - hulle sal konvensioneel wees en inpas by die kulturele agtergrond van die taalgebruiker (Lakoff 1987:450). Dit beteken nog nie dat die betekenis van die idiome voorspel kan word nie, maar die volkome arbitrariteit wat deur die tradisionele siening aan idiome toegedig word, word wel getemper.

5.6.4 Kennissisteme

Daar (moet) by die interpretasie van niekomposisionele uitdrukkings ook rekening gehou word met die omvattende kennisstrukture waarop taalgebruikers terugval om sin van sulke uitdrukkings te maak (Swanepoel 1993:99).

Een van die skakels waarmee taalgebruikers 'n verband kan lê tussen die letterlike betekenis van 'n vrye verbinding en die figuurlike betekenis van die (vormlik ooreenstemmende) idioom kom uit die hele kennissisteme waarvoor hulle beskik. Taalgebruikers dra byvoorbeeld kennis in verband met bulle, hulle woede, wat hulle woede ontlok, hoe gevaarlik hulle horings is, ensovoorts. Dié soort inligting maak 'n idioom soos **die bul by die horings pak** ("om 'n saak by die moeilikste deel daarvan aan te pak") gemotiveerd (vergelyk Swanepoel 1993:101). Dieselfde wêreldkennis speel 'n belangrike rol wanneer idiome tydens taalspel aangepas word. So is die volgende variasie op die idioom **die bul by die horings pak** in 'n gesprek teëgekóm:

Ek sal maar **die leeu aan die baard gryp** en kyk wat ek kan uitrig.

Nie alleen is 'n leeu, soos 'n bul, gevaarlik nie (sy baard kan dus, soos 'n bul se horings, metafories staan vir die moeilikste/gevaarlikste deel), maar die gespreksgenote deel verdere kennis, naamlik dat die persoon oor wie dit gaan 'n baard het. Hierdie gedeelde kennis maak die taalspel geslaagd en is inderdaad ook die rede waarom die idioom aangepas word.

Kennissisteme sluit ook gelowe en mites in (vergelyk die voorbeeld van **halcyon days** in 5.6) asook populêre opvattinge soos die gangbare idee oor die fisiologiese gevolge van woede, byvoorbeeld.

Verstraten (1992:26) wys daarop dat sprekers die betekenis van die uitdrukking soos **kat en hond leef** as natuurlik ervaar vanweë die algemene kennis dat katte en honde mekaar nie kan verdra nie. Ensiklopediese kennis kan help om idiome te verstaan, sodat die komposisionele betekenis amper vanselfsprekend oorgeplaas kan word na die idiomatiese betekenis.

Waarmee mens dikwels te make het wanneer ons kennis van die wêreld ter sprake kom by die verstaan van idiome, is weer eens metaforiese oordrag. Ayto (1988) se siening van metaforiese oordrag is gebaseer op die prototipeteorie. Hy sit dit so uiteen: enige woord beskik oor prototipiese betekenisfasette, wat nie almal ewe belangrik is nie. Sommige betekenisfasette weeg swaarder as ander. Tipies van metaforiese oordrag is dat dié fasette wat die swaarste weeg uit die oog verdwyn en die "ligter" eienskappe na vore tree. Dit is wat gebeur in die onderstaande voorbeelde (nie almal is MLI's nie), waar dié eienskappe van katte wat ter sake is by die verstaan van die idioom, tussen hakies gegee word. Vergelyk hierby Ayto se voorgestelde woordeboekinskrywing by **kat**. In sy definisie gee hy "padaanwysings" wat die metaforiese oordrag van betekenis aandui (Ayto 1988:53).

Dis nie 'n katjie om sonder handskoene aan te pak nie
(Katte het skerp naels waarmee hulle krap)

As die kat weg is, is die muis baas (Katte vang muise, as die kat weg is, het 'n muis dus niks te vrees nie)

'n Kat val altyd op sy pote (Katte is baie rats en daar is 'n volksgeloof dat katte altyd op hulle pote land as hulle val)

Sy is 'n regte kat (Katte word dikwels beskou as venynige diere)

Sy is 'n kwaadkat (Katte word dikwels beskou as sensuele diere; hulle is lenig en beweeg grasieus. Hulle word ook beskou as aggressief)

Die kat kom terug (Katte is bekend daarvoor dat hulle hulle weg terug kan vind na 'n bekende plek)

Wêreldkennis skiet natuurlik soms te kort, die motiverende skakels kan in die vergetelheid verdwyn:

Om 'n kat in die sak te koop

Vergelyk ook Geeraerts (1992) en 5.11 oor die kat die bel aanbind.

Lakoff (1987:449) som die hele motiveringsproses by idiome soos volg op:

- die letterlike betekenis van die idioom gee aanleiding tot 'n konvensionele beeld
- die beeld gaan gepaard met kennis
- metafore dra die letterlike betekenis, die beeld en die gepaardgaande kennis oor na die idiomatiese betekenis.
- die motiverende skakels wat die idioom verbind met sy betekenis is die konvensionele beeld + die kennis wat ons in ons omëdra + metafore. Op dié manier beteken idiome iets op 'n natuurlike manier.

5.7 Die kwessie letterlike en figuurlike taalgebruik

Die hele kwessie van motivering raak die onderskeid letterlike en figuurlike taalgebruik ten seerste. Volgens Langacker (1987:1) moet 'n taalteorie rekenskap kan gee van hierdie verskynsel in taal. Die motiveringsteorie spreek die hele kwessie wel deeglik aan.

In die kognitiewe grammatika word die digotomie letterlike en figuurlike betekenis as 'n vals digotomie beskou (Langacker 1987:5;18;38). Die verhouding tussen letterlike en figuurlike betekenis is nie eenvoudig of digotomies nie, soos wat Rudzka-Ostyn (1985) onder andere aantoon. Sy sien die letterlike betekenis as die

prototipiese betekenis, wat die primêre raamwerk bied waarteen die metaforiese uitbreidings van betekenis herken kan word (Rudzka-Ostyn 1985:234). Vanaf dié prototipiese betekenis is daar 'n oorgang na metaforiese (figuurlike) betekenis. Nóg die letterlike, nóg die metaforiese betekenis word as absoluut gesien (Rudzka-Ostyn 1985:236). In haar ondersoek na die deeltjie **uit** in deeltjiewerkwoorde stel sy 'n skalêre oorgang vanaf die letterlike na die metaforiese betekenis voor:

| | prototipiese betekenis | primêre domein |
|----------------------|---------------------------|-------------------------|
| maksimaal letterlik | die huis uitgaan | ruimte |
| | die hand uitsteek | |
| ----- | ----- | ----- |
| minder letterlik | matte uitklop | ruimte saam |
| | vlekke uitwas | met ander |
| grenslyn | die familie uitmoor | domeine |
| | | |
| meer metafories | iemand uitjou | nie- ruimte- like |
| | bevele uitbrul | domeine |
| ----- | ----- | ----- |
| maksimaal metafories | iets uitdink | |

Ook Cacciari (1993) neem die kwessie van letterlike betekenis in oënskou. Sy wys daarop dat die idee van letterlike taalgebruik al bevraagteken is deur o.a. Glucksberg, Nunberg, Gibbs en Dascal (Cacciari 1993:28).

Dascal brei die bereik van letterlike betekenis uit na die gekonvensionaliseerde betekenis wat by byvoorbeeld dooie metafore aangetref word. Cacciari is van mening dat die begrip "letterlike betekenis" stand hou selfs al loop mens die gevaar van sirkelredenering deur gebruik te maak van die idee van letterlike betekenis om letterlike betekenis te definieer. Die aanvaarding van iets soos 'n letterlike, basiese betekenis kom ooreen met 'n basiese intuïsie van moedertaalsprekers. Ons bly bewus van 'n onderskeid tussen letterlike en figuurlike taalgebruik - 'n onderskeid wat op sy duidelikste is wanneer die twee eindpunte van die skaal met mekaar vergelyk word.

5.8 Idioombegrip

Die vraag in die psigolinguïstiek is dikwels na die wyse waarop idiome verstaan word sodat klarigheid verkry kan word oor die geldigheid van 'n veronderstelde kontinuum vanaf totaal ondeursigtige tot min of meer deursigtige idiome. Op so 'n kontinuum onderskei Cacciari vier moontlike soorte idiome. Haar indeling is maar een van 'n hele aantal moontlike klassifikasies.

- (1) totaal ondeursigtige idiome
- (2) idiome wat retrospektief gesien, a posteriori, deursigtig is (as mens eers die idiomatiese betekenis ken, lei dit jou na die ooreenkoms tussen letterlike konstituente en hulle figuurlike referente)
- (3) direk deursigtige idiome: die betekenis van die woorde in die idioom lei jou deur middel van analogie of metafoor na die idiomatiese betekenis
- (4) figuurlik deursigtige idiome: idiome wat opgebou is uit ander idiome.

Eksperimente oor die manier waarop volwassenes onbekende idiome verstaan (Cacciari, 1993 en Flores D'Arcais, 1993) en kinders betekenis gee aan idiome (Cacciari, 1993) dui op die bestaan van strategieë wat gevolg word.

Flores D'Arcais se gevolgtrekkings strook met die meeste onlangse navorsing oor idioombegrip, naamlik dat die figuurlike betekenis van die meeste bekende idioome baie vinnig verhaal word en dat die letterlike betekenis van die verbinding miskien glad nie ter sprake is nie. Dit ondersteun dus die "direkte-opsoekmodel" van idioomprosessering. Die betekenis van sulke bekende idioome blyk trouens ook ryk te wees aan ekstra semantiese en pragmatiese inligting wat saam met die parafrase van hulle idiomatiese betekenis in die geheue gestoor word. Mens kan in dié verband praat van pluswaardes by idioome, soos wat daar ook pluswaardes by enkelwoordleksikale items is. So weet sprekers byvoorbeeld dat die idioom **hy's die pyp uit** ("hy's dood") nie 'n baie respekvolle manier is om na iemand se heengaan te verwys nie. Daar is ook aanduidings dat idioome gekies word om by 'n spesifieke konteks te pas - daar is dus beperkinge op die gebruik van idioome wat nie in 'n eenvoudige parafrase van hulle betekenis verskyn nie. Sulke beperkinge is 'n aanduiding daarvan dat mense se kennis van idioome verder strek as net die parafrases van hulle betekenis (Cacciari 1993:42).

Die ondersoek van Cacciari en Flores D'Arcais toon ook aan dat idioombegrip afhang van die tipe idioom wat ter sprake is en dat daar 'n duidelike verskil is tussen die prosessering van bekende en onbekende idioome. By onbekende idioome kan die betekenis nie uit die mentale leksikon verkry word nie en verg die berekening van hulle betekenis 'n groter poging. Hulle studies toon aan dat die vermoë om sin te maak uit idioome nie beperk is tot 'n eenvoudige meganiese handeling waardeur die betekenis van die idioom uit die leksikale geheue herwin word nie (Cacciari 1993:41).

Cacciari en Flores D'Arcais se ondersoek toon aan dat taalgebruikers van sekere strategieë of beginsels gebruik maak wanneer sin gemaak moet word uit onbekende idioome.

Cacciari is van mening dat die strategieë nie beperk is tot figuurlike taalgebruik nie:

The general mechanisms for meaning extractions are so powerful and efficient that it is difficult to accept the idea of something special used only for figurative language (Cacciari 1993:43).

Die strategieë wat na vore gekom het in Cacciari en Flores D'Arcais se ondersoek is onder andere die volgende:

(1) Analogie: 'n bekende idioom wat min of meer dieselfde lyk as die onbekende idioom word gebruik om die idioom te interpreteer. Die Nederlandse idioom **op zijn duim fluiten** ("om nie te kry wat jy wil hê nie") word dieselfde geïnterpreteer as die bekende **uit zijn duim zuigen**.

(2) Die semantiese eienskappe van een van die woorde in die idioom word gebruik om die hele idioom te verklaar. So het sprekers gekonsentreer op die betekenis van **perd** in die idioom **uit de paardepoten komen** ("weggaan") in hulle interpretasies: "om van die plaas af te kom" ('n perd is 'n plaasdier) of "om vinnig te hardloop" ('n perd hardloop vinnig).

(3) Moontlike metaforiese uitbreidings word gesoek. In **a straw in the wind** word **straw** gesien as 'n simbool van swakheid.

(4) Die letterlike betekenis word doodgewoon gegee by gebrek aan enige ander interpretasie.

(5) 'n Visuele beeld word gebruik om die idioom te verklaar.

Sowel Cacciari as Flores D'Arcais wys daarop dat bogenoemde strategieë nie altyd gevolg word nie - slegs wanneer idiome baie onbekend is. In ons pogings om na te speur hoe idiome verstaan word, is sulke prosesseringsbeginsels egter van groot waarde.

Bogenoemde ondersoek en resultate ondersteun die hipotese van die motiveringsteorie dat daar motiverende skakels is wat die letterlike aan die idiomatiese betekenis verbind. Die strategieë wat gevolg word, toon ooreenkomste met die motiverende skakels wat deur Lakoff aangedui word.

5.9 Sintaktiese fleksibiliteit

'n Belangrike aanname van die motiveringsteorie is dat die woorde in 'n MLI (ook in idiome) metaforiese referente kan hê. **Beans in spill the beans** verwys na *inligting* wat geheim gehou moet word, **spill** verwys na die *openbaarmaking* van die *inligting*. Dit verklaar die feit dat **spill the beans** in die passief gebruik kan word:

The beans have been spilled.

Beans is 'n NS in die brondomein van die metafoor ("boontjies") asook in die doeldomein ("inligting"). Volgens Lakoff is dit miskien die rede waarom die passieftransformasie toegelaat word (Lakoff 1987:451).

Ook Stock, Slack & Ortony (1993) is van mening dat die semantiese en sintaktiese fleksibiliteit van idiome bepaal word deur die graad van isomorfisme wat die idioom vertoon - hulle noem dit "referent mapping".

5.10 Samevatting: die motiveringsteorie

1. Die tradisionele siening oor idiome, naamlik dat die letterlike, komposisionele betekenis van 'n idoom nie die korrekte betekenis van die idioom lewer nie en as sodanig

nie ter sake is in die verstaan van die idioom nie, word binne die kognitiewe semantiek in twyfel getrek. 'n Nuwe "aksioma" - dat idiome grade van komposisionaaliteit en deursigtigheid vertoon - het die plek ingeneem van die oue.

2. Volle komposisionaaliteit is 'n skaars verskynsel in taal. Linguistiese verskynsels word eerder deur gedeeltelike as volle komposisionaaliteit gekenmerk.

3. Die niekomposisionaaliteit van idiome beteken dat hulle betekenis nie voorspel kan word nie. 'n Groot hoeveelheid idiome is egter wel analiseerbaar en gemotiveerd. Die betekenis van baie idiome is nóg voorspelbaar nóg arbitrêr, maar *gemotiveerd* en dit is dié motivering wat "sin maak" van die idiome (Lakoff 1987:450), selfs van sulke ondeursigtige idiome soos **spill the beans**.

4. Lakoff se motiveringsteorie postuleer dat daar *motiverende skakels* tussen die betekenis van 'n idioom en dié van die letterlike teëhanger is wat die idiomatiese betekenis van die idioom motiveer en sin maak daaruit.

5. Ook ander MLI's soos deeltjiewerkwoorde word gemotiveer deur motiverende skakels.

6. Die volgende motiverende skakels word aangetref:

- Geïdealiseerde Kognitiewe Modelle wat metafories en metonimies van aard is en wat konsepte soos WOEDE onderlê.

- Konseptuele beeldskemas wat byvoorbeeld die "deeltjies" van deeltjiewerkwoorde motiveer.

- Konvensionele beelde.

- Kennissisteme.

7. Die bereik van die motiveringsbeginsel is nie absoluut nie. Daar is MLI's wat volkome arbitrêr en niekomposisioneel is. Dit is belangrik om tussen verskillende soorte idioome te onderskei.

8. Binne die motiveringsteorie word ook die mentale leksikon in 'n ander lig gesien - nie meer as 'n blote lys nie, maar georganiseer m.b.v. motiverende skakels.

5.11 Die semantiese spesialiseringsteorie van Geeraerts.

Geeraerts (1992) bied 'n baie verfynde en genuanseerde manier om idioome semanties meer noukeurig te analiseer as wat tot dusver gedoen is. Ook sy analise hou verband met die begrip *deursigtigheid*, maar nou sonder dat die ondersoeker hom geheel en al op sy eie intuïsie moet verlaat om verskillende grade van deursigtigheid te kan aantoon. Die model word noukeuriger gemotiveer as byvoorbeeld dié van Fernando & Flavell (1981) - vergelyk hoofstuk 3. In die volgende paragraaf word daar volledig ingegaan op Geeraerts se uiteensetting van semantiese spesialisering by idioome.

5.11.1 Referensiële en niereferensiële betekenis

Die eerste onderskeid wat Geeraerts tref, is dié tussen referensiële en niereferensiële betekenis. Die onderskeid is belangrik wanneer daar gepoog word om verskillende soorte semantiese spesialisering te onderskei. In (a) en (b) is dit nie moeilik om vas te stel wat die letterlike betekenis van die uitdrukkings is nie:

- (a) dames en here
- (b) iemand iets op die mou speld
- (c) iemand die loef afsteek

Maar die letterlike betekenis van (c) ("die wind uit iemand se seile neem") is moeilik om te agterhaal. **Loef** is naamlik nie meer 'n woord met 'n herkenbare betekenis in Afrikaans nie. Die verskil tussen (a) en (b) lê in die feit dat die aard van die spesialisasie by (b) metafories is. By (a) is dit nie die geval nie. **Dames en here** het 'n gespesialiseerde, niereferensiële betekenis as aanspreekvorm. Hierdie diskursiewe funksie van **dames en here** kan nie uit die letterlike betekenis afgelei word nie ('n sinonieme uitdrukking **vroue en mans** het byvoorbeeld nie dieselfde pragmatiese rol as aanspreekvorm nie). In (b) word daar nie 'n gespesialiseerde pragmatiese waarde aan die uitdrukking gekoppel nie.

Semantiese spesialisering kan dus die volgende inhoud:

- Die letterlike betekenis kan nie meer afgelei word nie soos in (c).
- Die niereferensiële, pragmatiese betekenis kan nie uit die letterlike betekenis afgelei word nie, soos in (a).
- Die figuurlike, referensiële betekenis kan nie uit die letterlike betekenis afgelei word nie, soos by (b).

5.11.2 Paradigmatiese en sintagmatiese betekenis

'n Tweede onderskeid betref die paradigmatische en sintagmatiese aspekte van betekenis. Beide funksioneer op die letterlike sowel as die figuurlike vlak van betekenis.

Die paradigmatische aspek van die betekenis van idioome is tweeledig. Dit betref eerstens die verhouding tussen die oorspronklike betekenis van die idioom en sy afgeleide, figuurlike betekenis. Tweedens verwys dit na die verhouding tussen die oorspronklike, letterlike betekenis van die aparte woorde in die idioom en die interpretasie wat die woorde kry in die idiomatiese betekenis. Die

sintagmatiese dimensie het eweneens twee fasette: dit betref die verhouding tussen die interpretasie van die dele van die uitdrukking aan die een kant en die interpretasie van die uitdrukking *in sy geheel* aan die ander kant, sowel wat die oorspronklike, letterlike betekenis as die afgeleide, figuurlike betekenis betref.

5.11.3 Isomorfisme en motivering


Derdens voeg Geeraerts 'n verfyning toe tot die motiveringsteorie met sy onderskeid tussen bottom-up en top-down semantiese prosesse. Sy begrippe *isomorfisme* (sintagmatiese deursigtigheid) en *motivering* (paradigmatiese deursigtigheid) is van kernbelang hier.

Met *isomorfisme* bedoel Geeraerts 'n een tot een sistematiese ooreenkoms tussen die dele van die semantiese waarde (m.a.w. die figuurlike betekenis) van die uitdrukking en die letterlike betekenis van die samestellende dele - die woorde - in die uitdrukking. Hy onderskei voorts tussen die niekomposisionaaliteit van 'n uitdrukking (dit is wanneer die betekenis van 'n idioom nie sintagmatis afgelei kan word nie) en paradigmatiese onafleibaarheid. Laasgenoemde het te make met die deursigtigheid van die semantiese proses - die uitbreiding of verandering van die letterlike betekenis na 'n figuurlike betekenis. Vir hierdie soort deursigtigheid gebruik hy die term *motivering*. Die motivering wat hier ter sprake is, is soos by Lakoff veral metafories en metonimies van aard en konvensionele beelde speel ook 'n rol.

Motivering is dikwels eers ter sake wanneer die geheelbetekenis van die idioom geken word. Semantiese interpretasie is nie bloot 'n bottom-up komposisionaaliteit of letterlik-na-figuurlik-oordrag nie. Daar is dikwels ook sprake van 'n top-down semantiese proses waar die figuurlike betekenis van 'n idioom

terugwerkend gesien die letterlike betekenis kan verklaar.

Geeraerts stel die semantiese verhoudings in 'n idioom as 'n prismatiese struktuur voor:



- 1 Eerste samestellende deel in sy letterlike betekenis
- 2 Tweede samestellende deel in sy letterlike betekenis
- 3 Uitdrukking as geheel in sy letterlike betekenis
- 1' Eerste samestellende deel in sy afgeleide betekenis
- 2' Tweede samestellende deel in sy afgeleide betekenis
- 3' Uitdrukking as geheel in sy afgeleide betekenis

Figuur 6 (Geeraerts 1992)

Met behulp van die begrippe *isomorfisme* en *motivering* kan idiome op grond van die soort semantiese spesialisasie wat hulle vertoon, geklassifiseer word.

Isomorfies en gemotiveerd

Die bul by die horings pak ("n probleem by die moeilikste punt aanvat")

Isomorfies: elke deel van die sintagmatiese string kan sistematies verbind word met 'n deel van die idiomatiese

betekenis: **bul**= probleem; **horings** = gevaarlikste/moeilikste deel, **by die horings pak** = die kern van die probleem aanvat.

Gemotiveerd: Die letterlike beeld wat beskryf word deur **die bul by die horings pak** is 'n logiese metafoor vir die betekenis om 'n probleem by die moeilikste punt aan te vat. Dit is nie moeilik om dié verband te lê nie en die beeld is dus gemotiveerd.

Isomorfies en ongemotiveerd

met **spek skiet** ("om leuens te vertel")

Isomorfies: **spek** = leuens, **skiet** = die vertel van die leuens.

Ongemotiveerd: Dit is moeilik om 'n logiese verband tussen die beeld en die betekenis van die uitdrukking te lê. Daar is nie 'n konvensionele metafoor wat hier aan die werk is nie. Die idioom is dus ongemotiveerd.

Nie isomorfies nie, maar gemotiveerd

met **die hande in die hare sit** ("om nie te weet wat om te doen nie")

Nie isomorfies nie: **hande** en **hare** kan nie verbind word met spesifieke dele in die figuurlike betekenis van die idioom nie. Wat sal die hande wees en wat die hare?

Gemotiveerd: Die motivering in dié idioom steun op die konvensionele beeld wat opgeroep word. Wanneer mens radeloos is, sit mens met jou kop tussen jou hande. Dit is 'n metonimiese beeld vir die situasie om in die moeilikheid te wees en as sodanig dus gemotiveerd.

Nóg isomorfies nóg gemotiveerd

as puntjie by paaltjie kom ("as dit daarop aankom")

Nie isomorfies nie: soos by **met die hande in die hare sit**, is dit nie moontlik om **puntjie** en **paaltjie** isomorfies te verbind met dele van die parafrase nie.

Nie gemotiveerd nie: Geen motivering (metafoor, metonimie, beelde) maak sin uit die idioom nie.

Geeraerts noem ook die idioom **die kat die bel aanbind** ("die gevaarlike werk doen") as 'n voorbeeld van 'n ongemotiveerde idioom. As wêreldkennis as deel van die hele motiveringsproses 'n rol speel, is dié idioom egter wel gemotiveerd. Daar is naamlik 'n bekende sprokie waarin 'n muis gekies moet word om 'n klokkie - die **bel** - om die kat se nek te bind sodat die klokkie betyds sal waarsku as die kat op pad is. Om dié klokkie om die kat se nek vas te bind, is natuurlik gevaarlike werk. Dit is nie moeilik om die verband tussen die verhaaltjie en die betekenis van die idioom raak te sien nie.

Isomorfisme en gemotiveerdheid is nie afhanklik van mekaar nie. Die woord **bul** in **die bul by die horings pak** verwys isomorfies na "probleem", maar "probleem" is nóg 'n konvensionele uitbreiding van die betekenis van **bul** nóg deel van 'n onafhanklike metafoor wat **bul** met "probleem" verbind. Die metafoor strek oor die hele idioom heen en word nie paradigmatis aan die individuele woorde in die idioom verbind nie. Die motivering is ook ten dele geleë in die konvensionele beeld wat by mens opkom as mens die idioom teëkom. Die onderste lyn in die figuur wat die individuele woord in die idioom met die figuurlike betekenis verbind, is dus nie aanwesig nie. Isomorfisme is ook nie 'n eenrigtingproses nie. 'n Bottom-up komposisionele proses werk nie hier nie, want

sonder die idiomatiese betekenis in sy geheel kan **bul** nie met "probleem" verbind word nie.

Daar kan ook sprake wees van gedeeltelike isomorfisme en motivering. Die motiverende beeld (metafoor of metonimie) kan swak wees, soos in **die lakens uitdeel**. Dit is nie 'n tipiese beeld van iemand wat opdragte gee nie. Semantiese spesialisasie is 'n kwessie van graad.

Verlies aan of verswakking van motivering is dikwels te wyte aan kultuurveranderinge. Die motiverende beelde, wat ideaal gesien deel is van die kultuur van 'n taalgemeenskap, mag verander soos wat die kultuur verander. Die omgekeerde is ook waar. Waar nuwer kultuursake aanleiding gee tot 'n idioom (**die groen lig kry**) is die motivering weer groter.

Die motivering in idiome is tot 'n groot mate afhanklik van individuele kennis, maar selfs 'n wye ensiklopediese kennis is nie altyd van hulp om die oorspronklike betekenis van 'n uitdrukking te agterhaal en dit te verbind met die idiomatiese betekenis nie. **As puntjie by paaltjie kom** is 'n voorbeeld van so 'n totaal ondeursigtige idioom.

Die motiverende beeld of metafoor kan deel wees van 'n groter kognitiewe model (soos wat Lakoff aangetoon het met die idiome wat die konsep woede uitdruk) en nie beperk wees tot een idioom nie.

Daar is idiome waarin figuur 6 volledig gerealiseer word. Die motivering van die uitdrukking as 'n geheel (die boonste paradigmatische lyn) word aangevul met motivering langs die onderste paradigmatische lyn (die verband tussen die letterlike en die figuurlike betekenis van individuele woorde in die idioom is gemotiveer). Geeraerts gebruik **jou pêrels voor die swyne werp** as 'n voorbeeld hier.

Die globale beeld is gemotiveer: waardevolle dinge word aan die voete van onwaardige wesens gewerp. Die figuurlike betekenis is ten volle isomorfies: **pêrels** = waardevolle dinge; **varke** = minderwaardige wesens. Anders as by die **bul by die horings pak**, is ook die betekenisoordrag van **pêrel** na "waardevolle ding" en **vark** na "minderwaardige wese" gemotiveerd op basis van konvensionele metafore. Die metaforiese betekenis van **vark** en **pêrel** is selfs geleksikaliseer in Afrikaans. **Jou pêrels voor die varke werp** is dus ten volle isomorfies en ten volle gemotiveerd.

Die soektog na isomorfisme (sintagmatiese deursigtigheid) is 'n psigologiese werklikheid vir sprekers en 'n aktiewe krag. Dit word aangetoon in die sogenaamde reïnterpretasieproses - waar 'n woord in 'n idioom buite die idioom, geïsoleer van sy oorspronklike idiomatiese konteks, gebruik word. So 'n voorbeeld is dié van die kompositum **spekverkoper** ("iemand wat spog") in Nederlands. Dieselfde proses word gesien in die idioom **van heinde en verre**, waar **heinde** en **verre** as sinonieme verstaan word deur baie taalgebruikers - asof al twee woorde "ver" beteken.

Ook die soektog na paradigmatische motivering is 'n werklikheid vir taalgebruikers. Dit word geïllustreer deur veranderinge wat idiome se betekenis ondergaan, omdat die "nuwer" betekenis beter gemotiveerd is. Geeraerts noem die verskuiwing in betekenis van **die kat die bel aanbind**. Oorspronklik met die betekenis "om die leiding te neem in 'n gevaarlike aktiwiteit", beteken dit nou vir baie sprekers van Nederlands "om iets openbaar te maak, om 'n klok te laat lui oor iets".

5.12 Die motiveringsteorie versus die generatiewe teorie

In baie opsigte bied die artikel van Geeraerts (1992) antwoorde op 'n vroeër artikel, dié van Weinreich (1969).

Alhoewel Geeraerts nêrens verwys na die artikel van Weinreich nie, kan die twee artikels in 'n sekere sin saam gelees word - die antwoord van die kognitiewe semantiek op vrae en probleme binne die generatiewe aanpak. Interessante opmerkings oor die vordering wat die semantiese ondersoek na figuurlike betekenis in die besonder en die taalteorie in die algemeen ondergaan het, kan gemaak word.

Weinreich (1969) se argumente is geanker in die generatiewe grammatika. In 4.6.5 is daar reeds aan sekere aspekte van sy argument aandag gegee. Hieronder word op ander aspekte daarvan gekonsentreer. Hy motiveer sy belangstelling in idiomatisiteit deur te wys op die probleem wat dit binne die generatiewe grammatika skep. Idiome kan nie gegeneer word soos vrye verbindings nie. Die probleem is hoe om idiome êrens binne die teorie bevredigend onder dak te bring.

In die generatiewe grammatika word alle komplekse uitdrukkings wat nie deur die reëls geakkommodeer kan word nie, in die leksikon gelys. Weinreich noem twee moontlikhede vir idiome binne die generatiewe aanpak: die dele van 'n idioom kan apart gelys word of hulle kan as eenhede in die leksikon opgeneem word.

Weinreich se argumente teen die opname van idiome in hulle geheel in die leksikon is in 4.6.5 gegee, asook die siening van die kognitiewe semantiek in dié verband. Dit is op sy argumente teen die ontleding van idiome in hulle samestellende dele (asof die dele afsonderlik kan bydra tot die betekenis) wat die kollig nou val. In sy bespreking van die Engelse MLI by heart wil Weinreich aantoon dat so 'n ontleding nie opgaan nie. Alhoewel mens met Weinreich saamstem dat idiome 'n eenheidsbetekenis het wat nie teruggekry kan word bloot uit die betekenis van die samestellende dele nie, is dit die inhoud van sy argumente teen so 'n moontlike ontleding van idiome wat

mens uit 'n kognitief semantiese oogpunt interesseer. Dit gaan naamlik oor die bydrae van aparte dele van 'n idioom tot die betekenis van die idioom - 'n bydrae wat deur Weinreich ontken word. Hy verwerp die moontlikheid van isomorfisme tussen die sintaktiese organisasie van 'n idioom en sy semantiese parafrase. Volgens hom kan mens nie **heart** verbind met "geheue" en **by** met "from" nie. Sy argument is drieledig:

(i) Die "spesiale" betekenis van **heart** en **by** word wedersyds geselekteer deur die twee woorde in die idioom. Weinreich is van mening dat sulke tweerigtingseleksiebeperkings deur die semantiese komponent van die grammatika verbied moet word.

(ii) Die spesiale subbetekenis van **heart** wat deur die konteks bepaal word, naamlik "geheue", het geen semantiese komponente gemeen met die subbetekenis "orgaan wat bloed pomp" nie - dit is nie polisemies versoenbaar met die ander betekenis wat in die leksikon gelys word nie. Die betekenisverwantskap is volgens Weinreich dié van homonimie, nie polisemie nie. Die twee subbetekenis van **heart** sluit mekaar volkome uit.

(iii) Die vorm van die idioom is vas. Dit is onmoontlik om te sê ***from heart of *pour cats and dogs**.

Weinreich verwerp isomorfisme onder andere omdat hy die figuurlike betekenis van 'n woord in 'n idioom gekonvensionaliseer, geleksikaliseer wil sien - die betekenis van woorde binne 'n idioom moet met ander woorde in die leksikon gelys word, sodat idiome ontbind kan word in hulle betekenis. Geeraerts (1992) noem dié gevalle voorbeelde van *volkome isomorfisme*.

Weinreich neem nie grade van idiomatisiteit of deursigtigheid in ag nie. Hy tref op dié punt in sy argument geen onderskeid tussen verskillende soorte

idiome nie, alhoewel hy dit wel later doen en die sg. pseudo-idiome en binomiale met unieke elemente opneem in die "gewone" leksikon - Weinreich, 1969:68). Hy is dus onwillig om die moontlikheid van isomorfisme by sommige idiome (**by heart**) toe te laat wanneer 'n ander uitdrukking (**rain cats and dogs**) nie dieselfde isomorfisme vertoon nie. Dat hy egter bewus is van sulke grade van idiomatisiteit blyk daaruit dat hy uitdrukkings uitsonder wat "die hoogste graad van idiomatisiteit" vertoon (Weinreich 1969:41).

Weinreich se oplossing vir die probleem is 'n aparte idioomlys wat vir hom dié voordeel inhou:

It (...) wipes out any expectation of syntactic isomorphism between an idiomatic expression and its paraphrase; the syntax of the sense description of an idiomlist entry need not correspond to the formal syntax of the expression itself (Weinreich 1969:60).

Weinreich se argumente het almal te make met die onderskeid tussen grammatika en leksikon en die vraag na waar idiome gelys moet word, wat nie die belangrikste vraag in die kognitiewe grammatika is nie. Die onderskeid tussen leksikon en grammatika vervaag binne die kognitiewe grammatika.

Motivering en isomorfisme (in die semantiekteorie van Geeraerts) kom tot stand in die verhouding tussen die letterlike en die idiomatiese betekenis van 'n idioom. 'n Basiese probleem vir Weinreich is juis die verhouding tussen die letterlike en figuurlike betekenis van 'n woord. Volgens hom is dié verhouding so onsistematies dat dit geen plek in die teorie verdien nie (Weinreich 1969:77). So is daar volgens hom nie 'n sistematiese verband tussen die letterlike betekenis van **hart** en die figuurlike betekenis "geheue" nie. Binne die kognitiewe

grammatika word die verhoudings tussen letterlike en figuurlike betekenis onder andere verklaar deur die bestaan van GKM'e. In 'n metonimiese GKM is daar wel 'n verband tussen **hart** en "geheue" (vergelyk Dirven, 1985).

Weinreich huldig ook die standpunt dat semantiese motivering iets is wat slegs a posteriori vasgestel kan word. In die motiveringsteorie, waar klem gelê word op die heterogene aard van idioome, word 'n idioomtipe onderskei waar die motivering eers agterna gesien geld, maar daar word ook gewys op ander tipes, meer deursigtige idioome.

'n Ander wesenlike beswaar van Weinreich is dat geen algemene voorspellings oor die aard van die presiese semantiese verhouding tussen letterlike en figuurlike betekenis gemaak kan word nie (en binne die generatiewe grammatika moet 'n grammatika kan voorspel). Hier moet mens hom gelyk gee. Cacciari (1993) en Flores D'Arcais (1993) se eksperimente oor onbekende idioome toon inderdaad aan dat die idiomatiese betekenis van onbekende idioome onbekend bly, ten spyte van die strategieë wat gevolg word om by dié betekenis uit te kom. In die motiveringsteorie is daar 'n tweerigtingverkeer tussen die idioom se geheelbetekenis en die bydrae wat individuele woorde vanuit so 'n top-down-proses gesien, kan maak. Om te sê dat sulke motivering slegs a posteriori bestaan, beteken wel dat die betekenis van 'n MLI nie voorspel kan word nie, maar nie dat daar geen motiverende verband gelê kan word nie, nóg dat hierdie verband nie ondersoek kan word nie. Soos wat Lakoff en Geeraerts onder andere aantoon, kan semantiese prosesse wel ondersoek word en meer sistematies as wat Weinreich sou kon voorsien.

5.13 Samevatting: hoofstuk 5

Gebrek aan komposisionaaliteit by MLI's is nie dieselfde as gebrek aan deursigtigheid of gemotiveerdheid nie.

Analiseerbaarheid, as synde die taalgebruiker se vermoë om komplekse uitdrukkings te interpreteer, lewer 'n wesenlike bydrae tot die verstaan van MLI's.

Die motiveringsteorie van die kognitiewe semantiek toon aan dat daar motiverende skakels is tussen die geheelbetekenis van die MLI en die letterlike betekenis van die verbinding waaruit die MLI ontstaan het.

In hoofstuk 6 word die insigte van die motiveringsteorie toegepas deur 'n aantal Afrikaanse MLI's te ontlead.

HOOFSTUK 6

DIE SEMANTIEK VAN MLI'S IN AFRIKAANS

6.1 Inleiding

Die verhouding tussen die letterlike, komposisionele betekenis van 'n vrye verbinding en die figuurlike betekenis van 'n vormlik ooreenstemmende MLI (m.a.w. die gemotiveerdheid al dan nie van 'n MLI), is 'n ingewikkelde saak:

Een preciese analise is nodig om de aard van de gemotiveerdheid van ieder afzonderlijke verbinding aan het licht te brengen (Verstraten 1992:104).

In die kognitiewe semantiek word dié kwessie ten minste aangespreek.

As mens Langacker se konsep van analiseerbaarheid aanvaar en gebruik maak van die insigte van die motiveringsteorie, word die semantiese analise van idiome 'n geldige en lonende aktiwiteit, al druis dit lynreg in teen die klassieke definisies van idiome. Met behulp van die voorafgaande teoretiese insigte in die aard van motivering en die semantiese prosesse wat voltrek word, word 'n aantal van die MLI's in Afrikaans onder die loep geneem en so geprobeer om 'n meer presiese semantiese analise van MLI's in Afrikaans te verskaf.

In die eerste studie (6.2) word die konsep WOEDE soos wat dit in Afrikaanse idiome geleksikaliseer word, ondersoek. Op die oog af uiteenlopende idiome (wat die woorde betref waaruit die idiome opgebou is) word dus in 'n groter konseptuele veld geplaas en in verband gebring met ander idiome en uitdrukkings wat aan dieselfde konsep

uitdrukking gee, min of meer soos wat Lakoff (1987) gedoen het in sy ondersoek na die konsep ANGER in Engels.

In die tweede studie (6.3) word 'n ander benadering gevolg. Idiome waarin die woord **hand** voorkom, word ondersoek om te kyk of dié woord 'n bydrae lewer tot die totstandkoming van die idiomatiese betekenis van die verbindings waarin **hand** voorkom. Die ondersoek word gedoen teen die agtergrond van 'n kategorietipe wat Lakoff (1987) onderskei, te wete radiaal gestruktureerde kategorieë.

In 6.4 word daar word gekyk na idioime waarin die woord **botter** voorkom, om te probeer bepaal of een woord in 'n idioom ook hier op sistematiese wyse bydra tot die idiomatiese betekenis.

Ten slotte word beeldskemas betrek in 'n ondersoek na die motivering by deeltjiewerkwoorde in 6.5.

6.2 Die konsep WOEDE in MLI's in Afrikaans

Dié konsep is uitvoerig deur Lakoff (1987) en Verstraten (1990) in onderskeidelik Engels en Nederlands ondersoek. As gevolg van die noue verwantskap tussen Afrikaans en sowel Engels as Nederlands is daar gedink dat dit interessant behoort te wees om na te gaan of dieselfde konseptuele struktuur die Afrikaanse idioime onderlê. Daar is vooraf verwag dat daar sowel verskille as ooreenkomste met die idioime in Engels en Nederlands na vore sal tree, maar dat die drie tale min of meer dieselfde kognitiewe model met die basiese metafoor WOEDE IS HITTE sal deel - dat die fisiese gevolge van die emosie met ander woorde ook die kognitiewe model vorm vir baie van die Afrikaanse idioime.

Die idioime in die lys by 6.2.1 is op die volgende manier versamel. As 'n beginpunt is daar 'n lys opgestel uit die

inskrywings in De Stadler se **Groot Tesourus van Afrikaans** onder die uitdrukkings by *Gramskap*. Vervolgens is gaan kyk na die parafrase van die betekenis van hierdie uitdrukkings en slegs die uitdrukkings waar dit gaan om die toestand van "woedend wees" of "woedend word" is behou. Die keuse van idioome word in 6.2.3 verantwoord. Die lys uit die Tesourus is bygewerk met 'n aantal ander idioome.

Verstraten (1992:112-115) teken 'n totaal van 113 idioome aan wat volgens haar uitdrukking gee aan die konsep WOEDE in Nederlands. Hiervan kom 34 (met wysigings) ook in Afrikaans voor. Waar daar getwyfel is aan die bestaan van 'n idioom in Afrikaans is die WAT, HAT, en NW geraadpleeg. Die Nederlandse ekwivalente van die idioome word tussen hakies gegee.

amok maak (amok maken)

hy is briesend (briesen van toorn)

dit is soos 'n rooi lap voor 'n bul (dat werkt op hem als een rode lap op een stier)

die hel het losgebars (de hel is er losgebroken)

mag die duiwel hom haal (de duivel hale hem)

die druppel wat die emmer laat oorloop (de druppel die de emmer doet overlopen)

in 'n kwaai bui wees (een kwaai bui hebben)

'n gesig soos 'n donderwolk (een gezicht als een donderwolk)

'n skewe mond/gesig trek (een scheve mond/ een scheef gezicht trekken)

die skuim staan in sy mond/ skuim aan die mond hê (het schuim stond op zijn mond)

'n hekel hê aan iets (een hekel hebben aan iets)

hy het met die verkeerde voet (uit die bed) opgestaan (hij is met zijn linkerbeen uit bed gestapt/ met het verkeerde been uit bed gestapt zijn)

iemand iets kwalik neem (iemand iets kwalijk nemen)

iemand in gelyke munt terugbetaal (iemand met gelyke munt betalen)

iemand iets ten kwade dui (iemand iets ten kwade (euvel duiden))

iemand met die oë verslind (iemand met de ogen verslinden)

iemand aan die strot gryp (iemand bij die strot grijpen)

in toorn ontsteek (in toorn rakem/ontsteken/ontbranden)

kort gebonde wees (kort aangebonden wees)

kwade bloed sit (kwaad bloed zetten)

loop na die duiwel/bliksem (loop na die duivel/bliksem)

met die vuus op die tafel slaan (met die vuist op tafel slaan)

my bloed kook (mijn bloed kookte)

op sy tande byt (op zijn tanden bijten)

op sy tande kners (op zijn tanden knarsen)

op sy agterpote gaan staan (op zijn achterpoten gaan staan)

opswel van kwaadheid (opzwellen van boosheid)

rooi sien (rood zien als een haan)

stoom afblaas (stoom afblazen)

van woede uit sy vel spring (van woede uit zijn vel springen)

warm word (warm worden)

kook van woede (zij kookte van woede)

gal braak (zijn gal uitbraken)

sy pen in gal doop (zijn pen in gal doopte)

Nie al dié idiome het volgens my die betekenis van **woedend wees** of **woedend word** nie. Hieroor meer in 6.2.3.

6.2.1 Kernlys van Afrikaanse idiome met die betekenis "woedend wees" of "woedend word"

slange vang

buite jouself (van woede) wees

warm word

siedend van woede wees

die stuipe/ aapstuipe / bobbejaanstuipe kry
die piep / blouwildepiep kry
die olel kry
'n kleintjie kry
buite jou sinne wees
buite jouself van woede wees
die duiwel in wees
die josie in wees
(hoog) die hoenders in wees
die harnas in wees
die bliksem in wees
die moer in wees
die hel in wees
die donder in wees
my bloed kook
in toorn ontsteek
op jou agterpote staan
jou warm maak vir iets
jou bloedig(lik) vererg
uit jou humeur wees
jou humeur verloor
warm word onder die kraag
'n gasket blaas

6.2.2 Opmerkings

1. 'n Eerste opmerking betref die variasie in die keuse van die kernwoord of trefwoord: **die stuipe/aapstuipe/bobbejaanstuipe/piep/blouwildepiep kry**. Soos reeds aangetoon in hoofstuk 3 is dit 'n kenmerk van baie idiome. Vergelyk ook al die variasies op **die duiwel in wees**.

2. Sommige van die variasies by **die duiwel in wees** (soos **die bliksem in wees, die moer in wees**) word deur De Stadler aangedui as "plat". Die individuele woorde in die idiome het dus 'n sekere aparte gevoelswaarde wat oorgedra word na die hele idioom. **Die duiwel/ hoenders in**

wees kan as eufemistiese alternatiewe vir die kruer vorme gesien word.

6.2.3 Uitsluiting van idiome uit die kernlys.

'n Vergelykende blik op Verstraten se lys van Nederlandse idiome toon 'n aantal verskille tussen die Afrikaanse en Nederlandse lys te aan. Die Nederlandse lys is byvoorbeeld heelwat langer as die Afrikaanse lys (113 teenoor 30).

Verstraten huldig klaarblyklik 'n baie ruim opvatting oor die emosie WOEDE en oor watter leksikale items die emosie uitdruk. Woede is 'n taamlike ondubbelsinnige emosie. As mens wil aandui dat iemand woedend is, gaan jy skaars sê **hy is in 'n slegte bui of hy trek skewe mond**. Al is dit nie altyd maklik om 'n presiese weergawe van die betekenis van idiome te gee nie, hoef mens ook nie te lomp daarmee om te gaan nie. Dit is waarskynlik vir die deursneetaalgebruiker wat die idioom gebruik vanselfsprekend dat 'n slegte humeur nie gelyk te stel is aan woede nie. Hiermee word nie ontken dat daar grade van intensiteit by 'n emosie soos woede is nie en in die seleksie van Afrikaanse idiome is dit ook in gedagte gehou. Daar is idiome wat volgens my miskien eerder op die randgebied van "woedend wees" lê omdat hulle betekenis meer of minder subtiel (maar insiggewend) van die "suiwere" toestand van woedend-wees afwyk. Idiome wat tot 'n baie ruim siening van die konsep woede behoort, is nie by die kernlys ingesluit nie, soos dié wat hieronder bespreek word.

Idiome wat wisselende grade van slegte humeur of ander emosies (geïrriteerdheid, liggeraaktheid of ontsteltenis) uitdruk en waarvan die fisiese gevolge groot ooreenkomste toon met die fisiese gevolge van woede is die volgende:

met die verkeerde voet opstaan/ uit die bed klim "nors en nukkerig wees"

'n hekel aan iets hê "nie van iets hou nie"
iemand iets kwalik neem "iemand iets verwyf"
hy is kort van draad "opvlieënd"
wat het oor jou lewer geloop? "hoekom is jy in so 'n
slegte bui?"
dit hang my by die keel uit "dit verveel my erg, ek is
sat daarvan"
billik ontstoke "baie verontwaardig, boos"
fyn van nerf "fyngvoelig, opvlieënd"
gou op jou perdjie wees "liggeraak, opvlieënd wees"
die duiwel ry hom bloots "humeurig wees"

Dit lyk ook asof verskillende grade van woedend-wees deur
die volgende idiome aangedui word, vanaf baie ontsteld
tot regtig woedend. Dit is moeilik om te sê presies waar
ontsteltenis ophou en woede begin in die volgende idiome:

'n toeval kry
'n oorval kry
die blouwildepiep kry
die olel kry
die aap-/bobbejaanstuipe kry

Verstraten gee in haar ondersoek 'n uiteensetting van die
verskillende fases van woede (Verstraten 1992:117). Sy
onderskei idiome wat op die oorsaak of aanloop tot woede
dui (fase 1).

dis soos 'n rooi lap voor 'n bul
die druppel wat die emmer laat oorloop
dis die laaste strooi

Die gevolge van die emosie, wat dikwels fisiese
handeling impliseer, vorm die fokus van die volgende
idiome (fase 4):

die hel het losgebars
met die vuus op die tafel slaan

iemand aan die strot gryp

Idiome wat tekenend is van wat Verstraten fase 5 noem (die fase waarin mens die kwaadheid wil vergeld), is ook weer subtiel anders as die idiome wat die emosie self uitdruk. By **gal braak** en **gal afgaan**, **sy pen in gal doop**, is daar byvoorbeeld veral sprake van bitterheid en venyn. Die idiome in fases 1, 4 en 5 is nie by die kernlys hierbo ingesluit nie.

Verwensings of vloeke vorm 'n groepie op hulle eie. Soos wat Verstraten ook opmerk (1992:128) gaan dit hier om iets anders as om die uitdruk van 'n betekenis deur die idioom. Die idioom is 'n taalhandeling en vorm nie deel van die "kernlys" nie.

gaan vlieg

loop in jou verstand in

loop in jou maai

die duiwel haal jou

loop/gaan na die duiwel

te duiwel met jou

mag die josie jou haal

Hierdie idiome toon op die oog af 'n verband met 'n tipies Afrikaanse idioom **die duiwel in wees** (en al sy variante) asook die idiome wat by fase 1 tuishoort: **iemand die harnas in jaag**, **iemand die duiwel in maak**.

Oor **gaan na die duiwel** en die res van die paradigma kortliks die volgende. Volgens Combrink (1981) word **gaan** idiomaties gebruik vir 'n toestandsverandering ten kwade. (Vergelyk hier ook paragraaf 6.5.2 waar **kom** bespreek word). Motivering vir dié verwensings is dus ook in die werkwoorde **gaan/loop** te vind en skakel met die metafoor wat verderaan (6.2.4) bespreek word by **die duiwel in wees**.

In aansluiting by die verwensings, is daar nog 'n soort pragmatiese idioom, naamlik 'n dreigement, wat impliseer dat 'n woedende toestand die resultaat sal wees:

jy soek my (en jy sal my kry)!

Behalwe vir die idiome wat die betekenis van woedend wees uitdruk, is daar ander wat op die een of ander manier 'n verband toon met die hele manier waarop die emosie in ons samelewing funksioneer en beskou word. Hulle kom nie voor in die kernlys nie, maar word vir die interessantheid hier gegee. Selfbeheersing word byvoorbeeld as iets goeds gesien, vandaar die pogings om nie toe te laat dat woede die oorhand kry nie.

Idiome wat die onderdrukking van woede impliseer:

jou probeer inhou

tot tien tel

kalm bly

koelkop bly

Die fisiese gevolge van woede is soms dieselfde as dié by ander emosies, soos skaamte of waansin. So kan **warm word** ook op verleentheid dui.

Ten slotte 'n paar opmerkings oor idiome wat myns insiens glad nie tuishoort by die konsep woede nie (dit is idiome wat deur óf Verstraten óf De Stadler gelys word).

'n Idioom soos **op jou tande byt** het in Afrikaans eerder 'n konnotasie met pyn en vasberadenheid as met woede.

Uit sy vel spring word gewoonlik met opgewondenheid eerder as met woede verbind.

Amok maak dui, kragtens sy parafrase in die WAT ("plotselinge toestand van groot opwinding, veral by

Oosterse volke aangetref, wat tot tydelike verstandsverbystering kan oorslaan en gekenmerk word deur aktiewe neigings tot geweld- en moordpleging sonder inagneming van persoonlike veiligheid") nie soseer op 'n toestand van woede nie, maar op 'n soort waansin. Dieselfde toestand van raserny of waansin word geïmpliseer deur die ander kollokasies met **amok** soos **amok loop**, - **roep**, - **skreeu**, - **spuug**, - **slaan**. (Daar is wel 'n verband tussen woede en waansin, soos wat verderaan ook aangetoon word.)

Die versene teen die prikkels slaan beteken "jou vergeefs tot eie nadeel verset" en hoort nie in hierdie lys nie.

6.2.4 Metaforiese prosesse

As uitgangspunt word Lakoff (1987:380 e.v.) se ondersoek na woede gebruik. Hy begin sy analise met die populêre opvatting oor die fisiologiese gevolge van woede, naamlik verhoogde liggaamstemperatuur, verhoogde druk (bloeddruk en spierdruk), ontsteltenis en inmenging met akkurate waarneming. Met behulp van hierdie populêre idees kan ons sê of iemand kwaad is deur na die persoon se fisiese voorkoms te kyk (hy word rooi in die gesig ensovoorts). 'n Basiese metonimiese beginsel is hier aan die werk: die fisiologiese gevolge van die emosie staan vir die emosie self. Die teorie in die volksmond vorm ook die basis vir die metafoor **WOEDE IS HITTE**, wat aansluit by 'n meer algemene konseptuele metafoor: **DIE LIGGAAM IS 'N HOUER VIR DIE EMOSIES**. Die twee metafore kombineer om die sentrale metafoor te lewer:

WOEDE IS DIE HITTE VAN VLOEISTOF BINNE 'N HOUER.

Met sowel Lakoff as Verstraten se uiteensettings in gedagte val die hittemetafoor by idiome soos **warm word**, **siedend van woede wees**, **my bloed kook**, **jou warm maak vir iets**, **warm word onder die kraag** (almal in die kernlys van

Afrikaanse idiome in 6.1.1) dadelik op. Die uitbreiding op die metafoor (hitte veroorsaak stoom - WOEDE IS STOOM) onderlê 'n idioom soos **stoom afblaas**. As woede nie op dié manier kan ontsnap nie, lei dit tot 'n ontploffing: 'n **gasket blaas, in toorn ontsteek, kort van draad wees**.

Wat die hitte- en ontploffingsmetafore betref, kom die idiome in Afrikaans, Nederlands en Engels ooreen.

Daar is egter drie groepe idiome in die Afrikaanse kernlys wat op die oog af nie inpas by die basiese hittemetafoor nie, naamlik die volgende:

GROEP I

buite jouself (van woede) wees
buite jou sinne wees
uit jou humeur wees
jou humeur verloor

GROEP II

die duiwel (ensovoorts) in wees

GROEP III

die stuipe / aapstuipe / bobbejaanstuipe / piep /
blouwildepiep kry
'n oorval/toeval kry
'n kleintjie kry

Benewens hierdie drie groepe (hulle is voorlopig op grond van hulle komposisionele betekenis saam gegroepeer), is daar twee idiome wat lyk asof hulle by geen groep tuisgebring kan word nie: **slange vang en op jou agterpote staan**.

As mens die drie groepe hierbo van nader bekyk en die metafore wat Lakoff aandui, in gedagte hou, is daar tog 'n patroon te bespeur. Daar word verderaan aangetoon

watter metaforiese prosesse werkzaam is in die motivering van hierdie idiome.

Groep 1 en 11

By nadere betragting kan die idiome in hierdie twee groepe saam gegroepeer word.

Die motivering in die groep kan aangetoon word deur die hittemetafoor eers links te laat lê en te konsentreer op die houermetafoor.

In:

buite jouself van woede wees
buite jou sinne wees
die duiwel in wees
uit jou humeur wees
jou humeur verloor
jou inhou
uitbars van woede

het ons te make met die metafoor DIE LIGGAAM IS 'N HOUER VIR DIE EMOSIES / DIE PERSOONLIKHEID. In bogenoemde idiome is daar sprake daarvan dat hierdie persoonlikheid na buite die liggaam verplaas word. Die krag wat hier aan die werk is, is nie soseer hitte wat tot die opbou van druk lei nie, maar iets anders. Daar is 'n sekondêre metafoor aan die werk: EMOSIES IS KRAGTE. Die implikasie in bogenoemde idiome is dat die woede-emosie 'n krag is wat jou kan verplaas tot buite jou liggaam. 'n Emosie soos woede is 'n krag wat lei tot die verlies aan selfbeheer. Saam lewer die twee metafore 'n meer komplekse metafoor:

VERLIES AAN SELFBEHEERSING IS OM DIE LIGGAAM TE VERLAAT

jouself te buite gaan
buite jouself van woede wees

Nie alleen woede nie, maar ook vreugde en opgewondenheid word as kragte gesien wat allerlei uitwerkings kan hê, onder andere om jou na buite jou liggaam te verplaas:

uit jou vel wees/spring (van opgewondenheid)
buite jouself van vreugde wees
in die sewende hemel/ in die wolke wees

As 'n verdere uitbreiding op dié metafoor kan ons nou kyk na die tipies Afrikaanse idioome (waarvoor daar nie ekwivalente in Engels of Nederlands skyn te wees nie):

die duiwel in wees
die josie in wees
(hoog) die hoenders in wees
die harnas in wees
die bliksem in wees
die moer in wees
die hel in wees
die donder in wees

Bogenoemde idioome vorm nie so 'n aparte en selfstandige groep met eiesoortige metafore soos wat mens aanvanklik mag dink nie. Nie alleen is emosies kragte wat jou na buite jou liggaam kan verplaas nie, dit kan jou in iets anders laat *ingaan*. Dit is moeilik om te sê wat hierdie "iets anders", uitgedruk deur die woorde **duiwel**, **josie**, **harnas**, **bliksem**, **hel**, ens. is. 'n Soort metamorfose word gesuggerer - onder invloed van die emosie (hier woede) verander jy in 'n toestand waar jy nie meer as jou ou self te herken is nie - jou persoonlikheid het as 't ware in iets anders ingevaar. Om weer kortliks te verwys na die hittemetafoor: ons het miskien hier 'n parallelle soort metamorfose met wat gebeur wanneer water in stoom verander as gevolg van hitte. 'n Veranderde toestand - fisies of psigies - is in albei gevalle die resultaat.

As algemene metafoor geld:

OM SELFBEHEER TE VERLOOR IS OM 'N METAMORFOSE TE ONDERGAAN

Daar is reeds gewys op die ooreenkoms wat hierdie laaste idiome toon met die verwensings **gaan / vlieg na die duiwel, loop na jou peetje, loop in jou verstand in ens.** Dit lyk asof die verwensings of vloeke gebruik maak van dieselfde konseptuele metafore as die ander idiome. Vergelyk ook Combrink (1981) se opmerking dat die werkwoord **gaan** dui op 'n toestandsverandering, 'n metamorfose en 6.5.1.3 verderaan.

Uit die getuienis van die idiome wat so pas bespreek is, wil dit voorkom asof Afrikaans gebruik maak van 'n eiesoortige en bykomende konseptuele metafoor wat subtiel anders is as die metafore wat deur sowel Lakoff (1987) as Verstraten (1992) bespreek word. Vanweë die uiteenlopendheid van die Afrikaanse en Nederlandse idiome blyk eintlik net die warmtemetafoor ook van toepassing te wees op die Afrikaanse idiome in die kernlys. Verstraten se uiteensetting is in die geheel gesien nie van veel nut vir 'n ontleding van die Afrikaanse woede-idiome nie.

Die metafore wat hierbo bespreek is, kom nie alleen voor by idiome nie, maar werk deur tot alle soorte leksikale items: enkel woorde, komposita, deeltjiewerkwoorde, ensovoorts, soos wat Lakoff (1987) ook aantoon met sy voorbeelde. Die konseptuele metafoor word baie produktief leksikaal geënkodeer. Die hittemetafoor kom voor in **hy is vuurwarm/smoorkwaad/siedend; hy bereik kookpunt, jy moet afkoel** en die houermetafoor is terug te vind in **uitvaar teen iets/iemand, hy is keelvol/ gatvol, hou jou in.**

Groep 111

die stuipe / aapstuipe / bobbejaanstuipe / piep / blouwildepiep kry

'n oorval/toeval kry

'n kleintjie kry

In Lakoff (1987:386) se uiteensetting van die Engelse idiome

she was **having kittens**

my mother will **have a cow**

sien mens 'n ooreenkoms met die Afrikaanse **kleintjie kry**. Hy bring dit in verband met diere wat geboorte gee, waar iets wat druk veroorsaak het, uitbars.

In die res van die idiome in groep III is daar egter 'n ander proses aan die werk. Hier het ons te doen met 'n ander metafoor, wat weer eens verband hou met die populêre opvatting oor die fisiologiese gevolge van woede. Een van die gevolge van woede is ontsteltenis en dit is ook 'n kenmerk van waansin. Hierdie ooreenkoms lei tot die metafoor **WOEDE IS WAANSIN**, duidelik herkenbaar in die Engelse uitdrukking **I'm mad**. Die tekens van stuipe - armgeswaai, stuiptrekkings, skuim om die mond - word ook aangetref wanneer iemand mal is (altans volgens die algemeen gangbare teorie in die volksmond). Met behulp van die **WOEDE-IS-WAANSIN**-metafoor word 'n stuipe-aanval metafories gelykgestel aan 'n woede-aanval. Vandaar idiome soos '**n toeval/stuipe kry** met al die moontlike variasies daarop. Die variasies lyk asof hulle die funksie het om verskillende grade van woede uit te druk: iemand wat die blouwildepiep het, is waarskynlik woedender as iemand wat bloot die piep kry.

Ten slotte die twee idiome **slange vang en op jou agterpote staan**. Laasgenoemde kom ook in Nederlands voor. Ek volstaan met Verstraten se opmerking waarin sy dit as 'n dieremetafoor verklaar en daarop wys dat mens jou groter voordoën as die teenstander om hom sodoende af te skrik. **Slange vang** lyk vir my na een van die idiome

waarin daar hoogstens sprake is van 'n beeld en assosiasie: iemand wat so kwaad is dat gevaar vergeet word en bomenslike dinge moontlik is soos om slange te vang. Die indruk word versterk deur die feit dat die idioom dikwels binne 'n vergelyking aangetref word:

Sy is so kwaad dat sy kan slange vang

6.2.5 Samevatting: die konsep WOEDE

'n Onderzoek na verskillende idioome wat almal dieselfde konsep uitdruk (al is daar subtiele variasies in betekenis by die idioome) is lonend omdat so 'n ondersoek 'n verbasende ooreenkoms tussen die idioome aandui. Dit is 'n ooreenkoms wat nie op die leksikale vlak nie (letterlike betekenis) maar op die konseptuele vlak geleë is. 'n Interne samehang en reëlmatighede wat onderliggende metafore betref, word blootgelê. Volgens Lakoff se teorie is al die idioome deel van 'n GKM. So 'n siening verklaar die sistematiek in die betekenis by die verskillende idioome. Verstraten (1992) ondersoek ook die konsep DOOD soos wat dit in verskillende idioome uitgedruk word. Ook hier is daar basiese metaforiese en metonimiese verhoudings wat in verskillende idioome terug te vind is, soos die beeld van die graf wat metonimies staan vir die dood, die idee van die hiernamaals, dood as slaap ens.

Die tipe motivering waarvan daar sprake is in bogenoemde ondersoek betref die manier waarop ons die werklikheid konseptualiseer. Volgens Lakoff gebruik ons kognitiewe modelle om dit te doen. In diverse leksikale items, ook idioome, word dieselfde kognitiewe model onder woorde gebring. Wat hierdie ondersoek aandui, is dat daar inderdaad onderliggende modelle is wat bepaalde idioome verklaar. In drie Westerse tale, Afrikaans, Nederlands en Engels, kom die kognitiewe modelle trouens ook ooreen. Daar word ook aangetoon dat Afrikaans van 'n bykomende

model - wat nie in die idiome in Engels en Nederlands aangetref is nie - gebruik maak.

6.3 Idiome met *hand*

6.3.1 Radiaal gestruktureerde kategorieë by idiome

Een van die soorte kategorieë wat in die kognitiewe semantiek onderskei word, wyk op 'n belangrike manier af van die klassieke siening van kategorieë: die sogenaamde radiaal gestruktureerde kategorieë (Lakoff 1987).

Polisemiese kategorieë is radiale kategorieë. Daar is 'n sentrale betekenis en niesentrale betekenis in die kategorie en die verhouding tussen die betekenis is dié van familiegelykenis eerder as van gedeelde eienskappe. Die niesentrale betekenis is dikwels metaforiese of metonimiese uitbreidings van die sentrale betekenis. Die lede van die kategorie word nie almal aan mekaar verbind nie, maar daar is 'n kettingverbinding ("chaining") tussen die verskillende betekenis. (Vergelyk hoofstuk 4.)

Lakoff gebruik die kategorie **moeder** om die konsep te illustreer. (Hou in gedagte dat leksikale items as natuurlike kategorieë van betekenis gesien word, vergelyk Lakoff 1987:418). Lakoff (1987:76 e.v.) toon aan dat dit nie moontlik is om die kategorie **moeder** in terme van 'n stel noodsaaklike en afdoende voorwaardes te definieer nie. Hy betrek sy teorie van Geïdealiseerde Kognitiewe Modelle om die struktuur van hierdie tipe kategorie te verduidelik. Binne die konsep **moeder** is daar 'n sentrale subkategorie (subbetekenis) wat uit 'n paar kognitiewe modelle bestaan. Een van dié modelle is die geboorte-en-versorgermodel. Die verskillende modelle kom bymekaar uit om 'n subkategorie te vorm. Uitbreiding binne die kategorie sorg vir variante van die sentrale

subkategorie: aannemingsmoeders, biologiese moeders, pleegmoeders, surrogaatmoeders ens.

Hierdie variante word nie d.m.v. algemene reëls uit die sentrale model gegenerer nie. Hulle is konvensioneel (hulle word deur konvensie uitgebrei) en moet een vir een aangeleer word. Die uitbreiding is egter nie lukraak nie. Die sentrale kognitiewe model bepaal die moontlikhede vir uitbreiding - die uitbreidings word *gemotiveer* deur die sentrale model sowel as deur sekere algemene uitbreidingsbeginsels. Daar is dus nie 'n eienskap (soos om geboorte te skenk) wat gedeel word deur biologiese moeders, skenkermoeders (moeders wat 'n eiersel skenk), surrogaatmoeders (wat die kind dra en geboorte skenk aan die kind maar nie 'n eiersel skenk nie), aanneemmoeders, ongehude moeders wat hulle kinders laat aanneem en stiefmoeders nie. Hulle is almal moeders a.g.v. hulle verwantskap met die model van die ideale moeder, waar verskillende kognitiewe modelle konvergeer om die konsep te vorm. Lakoff toon aan dat uitbreidings van die sentrale kategorie nie arbitrêr of voorspelbaar is nie, maar wel gemotiveer.

Polisemie is 'n spesiale geval van kategorisering. Die betekenis van 'n woord vorm 'n kategorie en hierdie betekenis is sistematies verwant aan mekaar. Die tradisionele siening van polisemie is dat woorde met verwante betekenis (dit wil sê een leksikale item) almal 'n soort abstrakte betekenis gemeen het (Lakoff 1987:416). Die tradisionele siening kan nie sê hoekom een betekenis meer sentraal is as ander nie. Zgusta praat byvoorbeeld van die "dominant sense", maar hy beskou dit as 'n suiwer psigologiese idee: "the psychologically founded notion of the dominant sense" Zgusta 1971:65)

Die kognitiewe semantiek se insigte in die aard van radiaal gestruktureerde kategorieë kan van hulp wees in 'n ondersoek na idioome wat dieselfde trefwoord bevat. In

die onderstaande gevallestudie is idiome saam gegropeer bloot op grond van die feit dat dieselfde trefwoord (**hand**) in almal voorkom. Die klassieke siening van idiome sluit die moontlikheid uit dat so 'n trefwoord op 'n sistematiese wyse kan bydra tot die betekenis van die idiome in 'n groep. So 'n aanname vorm egter juis die vertrekpunt vir die ondersoek hieronder. **Hand** is 'n polisemiese woord wat 'n radiaal gestruktureerde kategorie vorm, met 'n sentrale betekenis en subbetekenis wat metafories of metonimies verwant is aan die sentrale betekenis. Die moontlikheid bestaan dat idiome waarin die woord **hand** voorkom wel tot 'n sekere mate gemotiveer word deur gedeelde metaforiese of metonimiese modelle wat die kategorie van die trefwoord struktureer en dat die bydrae van die trefwoord in hierdie motiveringsproses nie negeer kan word nie.

Anders as by die idiome wat die konsep WOEDE uitdruk, gaan dit in die onderstaande ondersoek nie om 'n ooreenkoms op konseptuele vlak tussen idiome nie, maar word daar gekyk in watter mate 'n woord in 'n idioom die betekenis van die idioom motiveer al dan nie. Die ondersoek word onder andere gemotiveer deur Cacciari (1993) en Flores D'Arcais (1993) se bevindinge dat een van die strategieë wat mense volg om 'n onbekende idioom se betekenis te probeer verstaan, daaruit bestaan om na die betekenis van een van die woorde in die idioom te kyk.

Nagenoeg 200 Afrikaanse idiome met die trefwoord **hand** word in die ondersoek betrek. Die idiome is hoofsaaklik uit die WAT versamel.

Die vraag waarop die ondersoek 'n antwoord wil kry, is die volgende: Is daar sprake van sistematiese motivering by idiome met die trefwoord **hand** wat verband hou met die feit dat daar by **hand** 'n radiaal gestruktureerde kategorie is, of is die motivering by die idiome so

onsistematies dat so 'n gevolgtrekking nie gemaak kan word nie?

6.3.2 Die kategorie hand

In die volgende uiteensetting word uitgegaan van die standpunt dat die betekenis van een van die woorde in die groep idiome, naamlik **hand**, as vertrekpunt geneem kan word vanwaar tot die figuurlike betekenis van die idioom geraak kan word.

Hand is 'n polisemiese leksikale item wat 'n radiaal gestruktureerde kategorie vorm. In die kategorie is daar 'n sentrale subbetekenis of betekenisonderskeiding naamlik "liggaamsdeel". Dié subbetekenis word deur middel van metaforiese en metonimiese prosesse verbind aan ander subbetekenisse. Die belangrikste uitbreidings in die betekenis van **hand**, soos aangegee deur die WAT, word hier kortliks uiteengesit, omdat dieselfde metafore en metonimieë ook in die idiome aangetref word.

Die primêre betekenis: ("liggaamsdeel")

Sy het mooi hande

Uitbreidings:

Die saak is in goeie hande ("sorg")

Die regering in hande hê ("toesig")

In die verkeerde hande kom ("besit")

Jou vyande in jou hande hê ("mag")

Berigte uit tweede hand ("bron, besitter")

Die hand van die gereg ("gesag")

"Ek het in die skaduwee van my hand jou verberg"

Jes.51:16 ("beskerming")

Die hand van 'n meester ("vaardigheid"))

Die plank is 'n hand breed ("maat")

Die hand van 'n vrou vra ("toestemming tot die huwelik")

'n Mooi hand ("handskrif")

Daar is twintig hande nodig ("helpers")

6.3.3 Leksikografiese praktyk

Daar is baie probleme met die huidige woordeboekpraktyk wat idiome onder 'n sogenaamde trefwoord (gewoonlik die eerste selfstandige naamwoord in die idioom) lys. Daar word hier nie ingegaan op die hele problematiek nie, maar vergelyk hier onder andere Gouws (1989b), Botha (1991) en Verstraten (1992). As mens alle idiome as lemmas in hulle geheel sou lys, gee mens erkenning aan hulle MLI-status, maar laat die motiverende bydrae van individuele woorde buite rekening. Die huidige woordeboekpraktyk in Afrikaans gee 'n sekere mate van prominensie aan die trefwoorde in idiome. Daar word kortliks gekyk na die manier waarop idiome in drie woordeboeke gelys word.

(i) WAT IV

WAT IV onderskei verskillende betekenisonderskeidings by die lemma *hand*, maar lys geen idiome onder die afsonderlike betekenisonderskeidings nie. Die laaste tekskategorie in die woordeboekartikel, *uitdrukkings*, staan los van die betekenisonderskeidings en beslaan sowat sewe en 'n half kolomme. Elke uitdrukking word voorsien van een of meer parafrases, byvoorbeeld:

Hy kan sy hande nie tuishou nie, (1) betas alles; (2) kan hom nie weerhou van steel nie; (3) kan geen vrou met rus laat nie.

(ii) HAT (1993)

HAT (1993) volg die praktyk van WAT. Die trefwoord word as lemma gekies en *uitdrukkings* word "om verskeie redes" apart aan die einde van die artikel gegee. Een van dié

redes is "om te verhoed dat aan 'n woord as onderdeel van 'n uitdrukking 'n aparte betekenisonderskeiding toegeken word wat nie in die woord as sodanig geleë is nie, maar net in die verband geskep word deur die uitdrukking waarvan hy deel is" (Voorwoord by die derde uitgawe).

(iii) Nasionale Woordeboek

Die werkswyse van WAT en HAT verskil tot 'n mate van dié wat gevolg word deur Nasionale Woordeboek (NW). NW ken wel individuele betekenis toe aan 'n bepaalde woord binne die idioom deur uitdrukkings volgens hierdie "betekenis" by die verskillende polisemiese waardes van die woord (in dié geval *hand*) te rangskik. Dit druis duidelik in teen die klassieke definisie van die idioom (soos uiteengesit in die aanhaling uit HAT), maar gee weer aan die ander kant blyke van die nuwer benadering van die kognitiewe semantiek, waar individuele woorde 'n motiverende bydrae kan lewer tot die geheelbetekenis. Daar word by elke idioom 'n parafrase van die betekenis van die idioom gegee, wat weer aantoon dat die idioom nie 'n komposisionele betekenis het nie. Daar is dus 'n sekere mate van bevrediging in NW se werkswyse, alhoewel dit nie konsekwent deurgevoer word nie. Die grootste aantal idiome word apart, aan die einde van die artikel, gelys.

By elke betekenisonderskeiding in NW word 'n paar idiome gelys wat waarskynlik volgens die oordeel van die leksikograwe by die bepaalde betekenisfaset tuishoort. By 1 ("liggaamsdeel aan die einde van die arm") word die volgende idiome aangetref:

my hande is afgekap
hande uit die mou haal
hande in onskuld was
die hand in eie boesem steek
hande vol geld
die hand gee

Daar is egter inkonsekwentheid. Met **hand en tand verdedig/beveg** word nie hier gelys nie, terwyl **hand** hier ook in sy eerste, dominante betekenisonderskeiding 'n bydrae lewer, net soos by die idiome wat wel gegee word. Dié leksikografiese praktyk is dus oor die algemeen gesien onbevredigend.

In elk geval, sowel in WAT en HAT as in NW kan mens nie uit die woordeboekartikel enige sistematiese verband aflei tussen 'n bepaalde betekenisfaset van die woord **hand** en die idioom nie. Dat daar wel 'n verband bestaan by sommige idiome word duidelik as mens hulle nader ontleed. (Daar moet steeds in gedagte gehou word dat enige "ontleding" van idiome slegs sin maak binne 'n teorie van motivering. Binne die klassieke siening is ontleding per definisie onmoontlik.) Die polisemiese aard van die woord **hand** speel duidelik 'n rol in die betekenis van die idiome waarin **hand** voorkom.

Verskillende motiveringsbeginsels kan uitgelig word as mens die semantiek van die MLI's bekyk: metaforiek, metonimie, konvensionele beelde en ensiklopediese kennis.

6.3.4 Metaforiek en metonimie

Daar is 'n paar oorheersende metafore wat aangetref word wanneer mens kyk na die idiomatiese betekenis van die idiome met **hand**. Dit is terselfdertyd ook metafore wat die kategorie **hand** (die woord los van die idioom dus) struktureer. Hierdie metafore het nie op lukrake wyse ontstaan nie, maar vorm deel van die manier waarop ons liggame in ons konseptuele sisteem funksioneer - "the body in the mind" in Johnson se woorde. Die metafore is deel van 'n Geïdealiseerde Kognitiewe Model en hulle hou verband met die sentrale betekenis in die model, naamlik "liggaamsdeel aan die einde van die arm" en die kennis wat ons van 'n hand het. Hierdie sentrale betekenis

bepaal ook die metonimieë wat 'n rol speel by baie van die idiome.

Deel van die GKM is kennis soos die volgende, kennis wat waarskynlik reeds prekonseptueel deur ervaring of selfs voorbewuste ervaring (dink aan die refleks by 'n pasgebore baba om haar vingers in 'n vuus toe te vou) vasgelê word: 'n hand kan *dinge doen* en *iets maak*. 'n Hand kan *iets vashou*, hande kan oop- en toegemaak word in 'n vuus. As jy jou hand toemaak, kan jy dit wat jy het, bly vashou. Van vroegs af weet kinders hoe om hulleself met hande (en naels en tande!) te verdedig of ander seer te maak, mag uit te oefen, besit te bevestig of te verkry. Hierdie kennis bepaal dan metafore soos 'N HAND IS BESIT, 'N HAND IS BEWARING, 'N HAND IS MAG wat in verskeie MLI's uitgedruk word.

DIE HAND AS BEWARING:

in goeie hande
op die hande dra
in Gods hand
iemand die hand bo die hoof hou

DIE HAND AS MAG

my hande is afgekap
in die hande van die gereg gee

DIE HAND AS BESIT

'n oop/milde hand hê
'n toe hand hê
in die hande kry /hê
van die hand sit
aan die hand gee
van die hand wys
die hand in eie sak steek

jou hand diep in die sak steek
in vreemde hande val
met leë hande

By die idioom 'n oop hand hê word die hand gesien in die prototipiese gebaar van gee, die instrument by uitstek waarmee iets oorhandig word. Ook 'n toe hand hê speel in op dié betekenis. Die hand is ook dié liggaamsdeel wat ontvang, dit is kennis wat meespeel in die betekenis van met leë hande.

Ons kennis van 'n hand as die instrument waarmee iets gedoen kan word, bepaal 'n aantal ander metafore wat saam gegroepeer kan word, met die oorkoepelende metafoor DIE HAND AS WERKSAAMHEID OF VERMOË. Die hand is by uitstek dié handelende en vervaardigende liggaamsdeel van *homo fabricus*. Die metaforiese betekenis, wat verband hou met die funksies waarvoor 'n hand gebruik kan word, is reeds gekonvensionaliseer (dit word as die tweede betekenisonderskeiding in al die genoemde woordeboeke aangegee). Die idiome waarin **hand** in hierdie betekenis voorkom, is relatief deursigtig, sy dit dan nie volkome voorspelbaar nie, vergelyk

Die saak is uit my hande geneem.
Ek laat dit in jou hande.

Die GKM waarbinne **hand** voorkom, is 'n model waarin daar naas die metaforiese uitbreiding van die letterlike na die figuurlike betekenis ook metonimiese verhoudings uitgedruk word. Mens kan dit so sien: die GKM word gestruktureer deur 'n paar metafore, maar metonimie speel ook 'n rol. In die meeste idiome is daar naas die metaforiese betekenis ook sprake van 'n bepaalde metonimiese verhouding - die tipiese DEEL-GEHEEL-verhouding, waarin **hand** metonimies staan vir 'n groter geheel, gewoonlik die persoon wat die aksie verrig.

Binne die metafoor DIE HAND AS HULP, staan **hand** ook metonimies vir die hele hulpaksie:

'n helpende/reddende hand reik/bied (hulp aanbied)

HANDE AS VERMOË/AANLEG/WERKVERRIGTING

Ook binne dié metafoor staan **hand** metonimies vir die persoon wat die werk doen.

sy hande staan vir niks verkeerd nie
hande uit die mou(e) haal
sy hande jeuk om iets te doen
haar hande aan die saligheid belowe
die hand aan die ploeg slaan
met gevoude hande sit
die hande vol hê
doen wat jou hand vind om te doen
vele hande ligte werk
nie jou hande in koue water steek nie
doen wat jou hand vind om te doen

In van die idiome tree die metaforiese betekenis selfs op die agtergrond en is dit die metonimiese verhouding wat uitgedruk word:

HAND staan vir HANDESKRIF

om 'n mooi hand te skryf

HAND staan vir die hele PERSOON

om haar hand vra
uit die tweede hand koop
nuus uit die eerste hand kry

HANDE staan vir ARBEIDERS

vele hande ligte werk

HAND staan vir INSTRUMENT WAT DIE WERK DOEN

sy hand aan sy eie lewe slaan
jou hande die saligheid belowe
doen wat jou hand vind om te doen

Die bydrae van die ander woorde in die idiome tot die betekenis:

Deur te sê dat die trefwoord die betekenis van die idioom kan motiveer, word die motiverende bydrae van ander woorde in die idioom natuurlik nie ontken nie. By baie van die idiome word die betekenis gemotiveer deur die bydrae van die metaforiek en metonimie wat aan **hand** gekoppel is, saam met die bydrae van die ander woorde in die idioom. By van die idiome waarin **hand** voorkom, speel die ander woorde in die idioom 'n ewe prominente rol in die totstandkoming van die idiomatiese betekenis.

sy hande is afgekap ("hy is magteloos")

Die idioom is gemotiveerd in die lig van die metafoor **HAND IS MAG**, en die verband tussen vernietig en afkap word maklik gelê.

hand aan die ploeg slaan ("begin werk")

Die idioom is gemotiveerd omdat **hand** metonimies staan vir die persoon wat werk en **ploeg** as 'n simbool van werk gesien kan word.

Ook by meer ondeursigtige idiome help die metafore in die GKM van **hand** om by die idioom se betekenis uit te kom.

uit iemand se hand eet ("jou aan iemand se mag onderwerp")

Die metafoor **HAND IS MAG** help om dié idioom ten dele te motiveer. Dit is egter nie baie duidelik waarom **eet** in verband gebring word met onderwerping nie. Dit mag verband hou met ons kennis van wilde diere - hulle sal slegs as hulle baie mak is (dus onderwerp is) uit mens se hand eet.

van die hand in die tand leef ("alles uitgee wat verdien word")

As **hand** verstaan word om besit aan te dui (m.a.w. dit wat verdien word) en **tand** metonimies staan vir die eetproses, kan die idioom so verstaan word: alles wat besit word (verdien is), word opgeëet, uitgegee. **EET** kan op sigself ook gesien word as 'n metafoor vir vernietiging, tot niet making, tot niks making. Alhoewel hierdie idioom na ontleding wel gemotiveerd is teen die agtergrond van sekere kognitiewe modelle, is dit nie seker dat taalgebruikers hierdie motiverende stappe volg wanneer die idioom gebruik of verstaan word nie.

die hand in eie sak steek

Hand staan hier metonimies vir die persoon wat uitdeel wat besit word, terwyl **sak** op besit of geld dui. Mens dink hier aan 'n ander idioom (eerder 'n spreekwoord) met **sak**:

'n doodskleed het geen sak nie

waar **sak** ook 'n metafoor vir besit of geld is.

Daar is ook idiome met **hand** wat deur die soort selfverklarende lewenswaarhede wat hulle in vol sinne uitdruk soos spreekwoorde optree. Die betekenis in

hierdie uitdrukkings kom duidelik tot stand deur die bydrae van al die woorde:

As twee hande mekaar was, word al twee skoon.

Die hande wat die wieg skommel, regeer die wêreld.

Van die hand na die mond, val die pap op die grond.

6.3.5 Konvensionele beelde

'n Verdere meganisme wat ook motivering in die hand werk (*sic*) by die groep idiome onder bespreking, is die konvensionele beelde wat met baie van die idiome geassosieer word, beelde wat ook bepaal word deur ons kulturele agtergrond. (Vergelyk hoofstuk 4) By dié beelde is dit veral die beeld van 'n hand in die eerste betekenisonderskeiding (die hand as liggaamsdeel) wat voorop staan. Daar moet beklemtoon word dat dit die hele uitdrukking in sy letterlike betekenis is wat die beeld oproep, nie net die een woord in die idioom nie. Dit is nie bloot 'n interessante opmerking om te maak dat die idiome beelde oproep by die taalgebruikers nie. Die beelde motiveer inderdaad ook die idiomatiese betekenis van die idiome.

Die volgende idiome roep die beeld op van iemand wat 'n uitgestrekte hand aan iemand anders uitsteek en die ander persoon se hand skud:

die hand van vriendskap (reik)

hand gee ("groet, meegevoel betuig")

WAT se verduideliking by dié idioom is interessant. Daar word nie 'n parafrase van die betekenis gegee nie, maar op die beeld gekonsentreer, deurdat die tipiese situasie waarbinne die handeling uitgevoer word, geskets word: "gebruiklike gebaar by groet, verwelkoming, afskeid, gelukwensing, betuiging van medelye ens." Hier speel die

hele sosio-kulturele agtergrond mee waardeur dié beeld konvensionele status kry en waardeur die idioom gemotiveerd is.

Die volgende idiome roep eweseer beelde op:

my hande is afgekap
met gevoude hande sit
hand uit die mou steek
kaalhand inklim

Die beeld wat in lg. idioom ter sake is, is dié van die hand as vuis, die hand (geheel) staan metonimies vir die vuis (deel).

met die hande in die hare sit

Dit is 'n tipiese metonimiese beeld van iemand wat rade-loos is.

hand in eie boesem steek ("jouself ondersoek en skuld erken")

jou hand teen iemand lig ("jou teen iemand verset")

met die hande in die sakke staan ("ledig wees")

jou hande in onskuld was ("alle verantwoordelikheid vir iets van jou afwerp")

die hande saamslaan ("jou verbasing toon")

hand aan hand gaan ("saamgaan")

iets met albei hande aangryp

die hande vol hê ("baie te doen hê")

met die hand op die hart ("plegtig, opreg, in alle erns")

jou hand teen iemand lig

die hef in die hand hê

By laasgenoemde idioom speel die metaforiese betekenis (HAND IS BESIT) ook 'n rol en staan hef metonimies in 'n DEEL-GEHEEL-verhouding vir mes. Die metaforiese en metonimiese prosesse saam met die konvensionele beeld

help om die betekenis van die idioom ("die mag hê, in beheer van sake wees") te motiveer. Die bydrae van die leksikale betekenis van **hef** in hierdie idioom kan nie misgekyk word nie.

6.3.6 Ensiklopediese kennis

By die volgende bespreking, soos wat ook hierbo opgemerk is, is die letterlike, komposisionele betekenis van die hele idioom ter sake, met inagneming van die bydrae van al die individuele woorde tot sowel die letterlike betekenis as die idiomatiese betekenis.

Saam met die konvensionele beelde wat help om die idiome te motiveer, speel ons algemene kennis, ons kennis van die wêreld, ook 'n rol. Dié kennis kan taamlik verskil van individu tot individu, maar is soms so gekonvensionaliseerd dat dit as ekstra inligting by die parafrase van 'n idioom se betekenis gegee word. Baie idiome het hulle oorsprong in die Bybel (vergelyk De Beer s.j.) en kennis van die Bybel kan dus help om 'n idioom meer deursigtig te maak.

WAT gee die volgende bykomende inligting by die idioom **jou hande in onskuld was**: "ontleen aan 'n ou Israelitiese gewoonte. Deut.21:6,7; Matt. 27:24". Alhoewel WAT dit nie noem by hierdie idioom nie, (wel by die idioom **jou hande van iemand afwas**), is die motiverende beeld by hierdie idioom vir die gewone taalgebruiker waarskynlik in die eerste instansie ontleen aan die sinnebeeldige handewassing van Pilatus en nie aan enige handewassery by die ou Israeliete nie. Pilatus het wel gebruik gemaak van 'n simboliese gebaar wat hy by die Jode leer ken het en wat hulle dus goed verstaan het, maar dié (verdere) kennis is nie vandag ter sake by ons verstaan van die idioom nie. As kanttekening is dit net interessant om te wys op die totstandkoming van so 'n idioom in 'n taal. Die idoom word voorafgegaan deur 'n simboliese, juridiese

gebaar wat baie oud is - die Deuteronomiumgebeure dateer uit die 5de tot 6de eeu v.C. (persoonlike mededeling deur dr. Paul Kruger). Die oorspronklike gebaar van skuldaflegging het gestol - ons ken nie vandag meer die gebaar nie, maar die idioom wat daaruit ontstaan het, is steeds baie bekend, ook in moderne Hebreeus.

Inligting in die Bybel motiveer ook twee ander idiome:

Die skrif is aan die muur

Die hand is teen die muur

Albei hierdie idiome steun op dieselfde gebeurtenis wat in Daniël 5 verhaal word: tydens 'n ete van koning Belsasar het 'n hand verskyn wat iets teen die muur geskryf het. Die profesie van die skrif teen die muur ("getel, getel, geweeg en verdeel") is voltrek toe Belsasar dieselfde nag vermoor is. Volgens HAT verskil die twee idiome egter subtiel in betekenis:

Die skrif is teen die muur: "Die einde, straf, is naby".

Die hand teen die muur: "Wat gebeur, is 'n voorteken van onheil".

Ensiklopediese kennis (kennis van die Bybel in dié geval) kan dus die idioom motiveer, maar nie die betekenis volledig voorspel nie.

Terloops, uit dieselfde gedeelte in Daniël 5 kom 'n ander bekende idioom in Afrikaans: **geweeg en te lig bevind**. In die vertaling van 1983 vind ons nie meer hierdie woorde nie en dit kan wees dat die motivering (kennis van die Bybelgebeure) verswak soos wat kennis van die woorde wat vroeër gebruik is, minder word in die taalgemeenskap.

Konvensionele simbole - wat deel uitmaak van ons wêreldkennis - speel dikwels nog 'n rol by van hierdie

idiome. In **met die hand op die hart** staan hart byvoorbeeld metafories vir die setel van emosies, hier spesifiek opregtheid en eerlikheid. Hierby word 'n duidelike beeld geassosieer met die idioom. Kennis van die tipe gebare wat gepaard gaan met die sweeraksie speel 'n rol in die motiveringsproses, soos die tradisie om die Bybel te gebruik as 'n eed in die hof afgelê word. Dié kennis word betrek by **met die hand op die Bybel** (belowe/sê/ sweer). In die idioom **die hand in eie boesem steek** is die semantiese fokus miskien eerder op **boesem**, waar **boesem** eerstens metonimies staan vir **hart** (die PLEK staan vir die DING) en, soos **hart**, metafories dui op die innerlike gemoed, gevoelens, gewete, beweegredes ens.

Daar is idiome waar die betekenis minder deursigtig is en die motivering nie so opvallend en voor die hand liggend nie. Die letterlike betekenis van die woord **hand** dien egter in die meeste gevalle nog steeds as die beginpunt vanwaar tot die idiomatiese betekenis geraak word. Die volgende paar idiome steun byvoorbeeld op die wete dat 'n hand iets is wat nie ver van die spreker/persoon af is nie:

by die hand hê

Dit is ook 'n voorbeeld van 'n MLI wat mettertyd as een woord gespel is - **byderhand**.

voor die hand lê, voor die hand liggend ("klaarblyklik")

WAT gee 'n addisionele verklaring by die voorbeeldsin 'n *oplossing wat voor die hand lê*: "'n oplossing wat nie ver gesoek hoef te word nie".

op hande wees ("op die punt staan om te gebeur, naby, amper onmiddellik")

Alhoewel dit waarskynlik nie gedeelde kennis van alle taalgebruikers is nie, is daar 'n verband tussen hierdie idioom en die idioom **van heinde en verre**, waar **heinde** 'n vervorming van **hand** is. Op **hande wees** het die betekenis "naby in tyd"; **heinde** is weer "naby in ruimte".

In 'n metonimiese DEEL-GEHEEL-funksie staan **hand** vir die hele persoon in om **haar hand vra**. Daar is 'n verband tussen hierdie idioom en die pragmatiese idioom **gee mekaar die regterhand** waar ons kulturele kennis 'n verklaring bied vir die deursigtigheid in die idioom. Dit is selfs moontlik dat iets van hierdie kulturele kennis en die waarde wat aan die woord **hand** geheg word binne die hele huweliksopset meespeel in die idioom **sy hand in die as slaan** ("hom uitsit by 'n nooi") wat 'n ondeursigtige idioom is. Een van die strategieë wat gebruik word wanneer die betekenis van 'n onbekende idioom agterhaal moet word, is om na ander idiome wat dieselfde lyk, te kyk. Of so 'n strategie egter die gewenste resultaat lewer (die idiomatiese betekenis), is te betwyfel. In **sy hand in die as slaan** is die redenasie so spekulatief dat dit kwalik sorg vir meer deursigtigheid.

6.3.7 Ondeursigtige idiome

Die motiverende skakels wat hierbo bespreek is, is nie altyd voldoende om 'n sinvolle verband tussen die komposisionele samestelling van woorde en hulle idiomatiese betekenis af te lei nie. Dit is byvoorbeeld nie heeltemal duidelik hoekom **aan die hand gee** spesifiek "voorstel" moet beteken nie, maar dit is in dié spesifieke betekenis dat die idioom wel gebruik word. Ander voorbeelde van sulke idiome sonder duidelike motivering is onder andere die volgende:

sy hand in die as slaan ("hom uitsit by 'n nooi")

iets in die hand werk ("dit bevorder")

iemand in die hand werk ("in iemand se belang werk")

aan die hand van ("volgens")
van die hand wys ("weier")

As mens egter motivering soek, kan jy dit dikwels kry. Motivering vir laasgenoemde idioom kan daarin geleë wees dat iets wat "van die hand" is, weg is van jou, daar is m.a.w. afstand tussen die iets en die hand (wat metonimies staan vir die persoon). As jy dus afstand plaas tussen jouself en dit wat aangebied word, weier jy die aanbod. Die teenoorgestelde proses vind dan plaas by **aan die hand gee**.

Wanneer een idioom twee taamlik verskillende betekenisse kan hê, is dit ook duidelik dat konvensionaliteit oorheersend is en dat dit moeilik is om te bepaal wat die motivering is:

iets/iemand onder hande neem (1. "teregwys", "berispe" 2. "aandag gee aan")

hand oor hand toeneem (1. "met gelykmatige snelheid" 2. "hoe langer hoe meer")

6.3.8 Samevatting: idiome met hand

Die leksikale item **hand** vorm 'n radiaal gestruktureerde kategorie waarin verskillende subbetekenisse aan die sentrale betekenis ("liggaamsdeel") verbind word deur metaforiese en metonimiese skakels.

In 'n groot aantal idiome waarin **hand** voorkom, word dieselfde metaforiese en metonimiese betekenisse wat aan die leksikale item **hand** gekoppel word, ook in die idiome as een van die motiverende skakels tussen die letterlike en die idiomatiese betekenis teruggevind. (Daar moet onthou word dat die ander woorde in die idiome ook 'n bydrae lewer.)

Die aard van die motiverende skakels dui op 'n GKM waarin die verskillende betekenis van die idiome op die een of ander manier skakel met die sentrale subbetekenis in die GKM. Metaforiese en metonimiese prosesse motiveer die verskillende uitbreidings wat die sentrale subbetekenis ondergaan in verskillende idiome.

Ander motiverende skakels soos konvensionele beelde en ensiklopediese kennis speel ook 'n rol en dui daarop dat die hoeveelheid arbitrariteit by die idiome nie so groot is as wat die klassieke definisie van idiome dit wil hê nie. Die huidige woordeboekpraktyk wat kragtens die manier waarop die idiome gelys word wel 'n verband (sy dit dan baie lossies) lê tussen 'n woord binne die idioom en die idioom self, gee (op 'n weliswaar onbewuste manier) tog blyke van 'n moontlike motiverende verband.

6.4 Idiome met botter

6.4.1 Lys van idiome met botter

Dis botter teen die boom "kop in een mus, dikbevriend met mekaar"

Botter aan die galg "vergeefse moeite"

Botter in sy hande hê "iets maklik laat val" [Let op die tipiese WAT-opmerking: "gesê van diensbodes"]

Met sy neus/ agterent in die botter val "om dit gelukkig te tref deur byvoorbeeld ryk te trou"

Botter by die vis "kontantbetaling"

Botter sal tussen dié twee nie afkom nie "die twee sal nooit met mekaar klaarkom nie"

Botter smelt nie in sy mond nie "hy doen hom onskuldig voor"

Hy wil sy brood albei kante gebotter hê "alles moet hom in die skoot val"

Die botter het alleen geslaap "die botter is hard"

Die botter sal braai "misdad sal uitkom"

Botter en brood en vis is beter as botter en brood en twis "liefde sonder geld is beter as geld sonder liefde"
Vars botter en warm brood is die ou man se bittere dood
"gesê wanneer 'n ou man met 'n jong mooi trou"
Dis botter op sy brood "dis net wat hy wil hê
So maklik soos botter en brood "baie maklik"
Hy laat die botter nie van sy brood neem nie "hy laat hom nie maklik fop nie"
So waar as botter en brood "beslis waar"
Dis jou brood en botter "inkomste"

By die eerste deurlees van die lys idiome waarin die trefwoord **botter** voorkom, val die voorkoms van nog 'n trefwoord, **brood**, in baie van die idiome op. Vir die doel van hierdie ondersoek en met die gemotiveerdheid al dan nie van die idiome in gedagte, is daar ook gekyk na idiome waarin **brood** voorkom.

Die opmerking dat brood en botter dikwels saam geëet en saam genoem word, is hier ter sake, omdat dit te make het met die onderskeiding tussen semantiese en ensiklopediese kennis wat ook in die leksikografie gehandhaaf is en word. Die feit dat botter tipies op brood gesmeer word, word nie in die definisies van WAT, HAT, NW of VAW vermeld nie. HAT se voorbeeldsin by sy definisie is wel **botter op jou brood smeer**, wat 'n sekere mate van leksikografiese status aan die tipiese gebruik wat van botter gemaak word, gee. Dié soort inligting is 'n voorbeeld van sogenaamde ensiklopediese kennis wat onderskei word van semantiese inligting. Sonder om nou op die hele saak in te gaan, kan die opmerking tog gemaak word dat dit nie so maklik is om semantiese inligting en ensiklopediese inligting te skei nie, soos wat die definisie in HAT byvoorbeeld aantoon deur te verwys na die proses by bottermaak: "vetterige stof uit room verkry deur dit te karring".

Dat botter op brood gesmeer word, lyk vir my so deel van ons kennis van botter dat dit in die tipe definisie wat Wierzbicka (1985) ontwikkel het van natuurlike dinge wel 'n plek behoort te kry. In so 'n definisie van **botter** kan daar byvoorbeeld die volgende inligting voorkom: (daar word hier nie in die eerste plek gepoog om 'n volledige definisie van **botter** te gee nie, maar om 'n verklaring te probeer gee vir die feit dat **botter** en **brood** so dikwels saam voorkom in idiome. Die "definisie" hieronder moet dus in dié lig gesien word.)

BOTTER

IETS WAT MENS EET

WAT OP 'N SEKERE MANIER GEMAAK WORD

WAT OP DIESELFDE MANIER EN VIR DIESELFDE DOEL GEBRUIK WORD

AS MENS DAARAAN DINK KAN MENS DIE VOLGENDE DINGE DAARVAN SÊ:

dit word gemaak van room
deur dit te karring

OORSPRONG

dit word op brood gesmeer
mens kan dit ook smelt in 'n pan
op die stoof om iets in te braai
mens gebruik dit ook in gebak

HOE GEËET

dit is liggeel van kleur
dit word baie hard as dit koud is
dit smelt maklik as dit warm word
of as mens dit eet
dit is baie vetterig

VOORKOMS

dit is nogal duur

STATUS

Hierdie tipe inligting word teruggevind in van die idiome. Juis omdat dit so deel is van ons kennis van én brood én botter, kan idiome waarin die woord **botter** nie voorkom nie, maar **brood** wel, ook hier genoem word. **Botter** is wel by implikasie aanwesig in die idiome:

dit op sy brood kry "verwyte te hoor"

om dit elke dag op sy brood te smeer "om hom dit elke dag te verwyte"

om iemand iets op sy brood te smeer "om iemand iets ter harte te laat neem, om hom die waarheid te sê"

Soos wat dit tipies is van botter dat dit op brood gesmeer word, so is dit tipies van brood dat mens iets daarop smeer.

In Langacker se terme: die domeine van brood en botter oorvleuel daar waar dit gaan om die eetproses (hulle is ook albei deel van die groter domein van **voedsel**).

Die vraag is nou: wat is die rol van dié ensiklopediese kennis by die gemotiveerdheid al dan nie van die idiome? Dit is gou duidelik dat verskillende aspekte van ons kennis van botter as gedeeltelike motivering kan dien by die betekenis van die volgende idiome:

Hy laat die botter nie van sy brood neem nie. (Botter wat eers op brood gesmeer is, kan nie maklik weer afgehaal word nie.)

Botter in sy hande hê (Botter is baie vetterig en glad.)

Hy wil sy brood albei kante gebotter hê (Mens smeer normaalweg botter net aan die een kant van 'n sny brood. Meer as die normale word dus verwag.)

Die botter het alleen geslaap (Daar is 'n verwysing na twee sake: as mens saam slaap, kry jy nie so koud nie en koue botter is baie hard.)

Dis jou brood en botter (Dit wat mens eet word dikwels metafories gesien as verdienste.)

Hy het in die botter geval, hy wil sy brood albei kante gebotter hê (Botter is vir lank - vandag nog - gesien as 'n luukse.)

Daar is egter 'n aantal idiome waar dié soort kennis eksplisiet genoem word, maar waar dit nie bydra tot die motivering van die betekenis van die idiome nie. Dit is asof taalgebruikers in die skepping van idiome hulle juis beroep op die kennis wat hulle van die saak botter en brood het sodat iets gepas oor 'n situasie gesê kan word, maar die motiverende skakel tussen die kennis wat as vanselfsprekendheid genoem word en die idiomatiese betekenis van die idiome is nie altyd duidelik nie: **botter smelt nie in sy mond nie; dis botter op sy brood; dit op sy brood kry; om dit elke dag op sy brood te smeer; om iemand iets op sy brood te smeer.** Ook by die vergelykings **so maklik soos botter en brood; so waar as botter en brood** is die motivering nie heeltemal duidelik nie.

Die kennis dat botter as smeermiddel op brood gebruik word, speel dus soms nie soseer 'n rol by die gemotiveerdheid van die uitdrukkings nie (by die *dekodering* van die idiome nie), maar by die *enkodering* van die idiome en die sprong na die idiomatiese betekenis is nie noodwendig gemotiveerd nie. Die ensiklopediese kennis wat in die idiome genoem word, kan in der waarheid misleidend wees, sodat dié idiome meer deursigtig voorkom as duidelik ondeursigtige idiome, waar geen kennis van **botter** mens help by die presiese betekenis van byvoorbeeld **botter by die vis, botter aan die galg,**

botter teen die boom of vars botter en warm brood is die ou man se bittere dood nie.

6.4.2 Samevatting: idiome met botter

Daar is gekyk na idiome waarin dieselfde trefwoord (in dié geval **botter**) voorkom as 'n soort kontrole-oefening vir die ondersoek na idiome met **hand**.

By die idiome met **hand** is daar gevind dat die aard van die kategorie **hand** - 'n radiaal gestruktureerde polisemiese kategorie - die motivering wat aangetref word by baie van die idiome bepaal. Die kategorie word gestruktureer deur metaforiese uitbreidings en 'n reeks metonimiese verhoudings. Dieselfde is nie die geval met die idiome waarin **botter** voorkom nie.

In teenstelling tot die groot groep idiome met **hand**, is daar nie in die idiome met **botter** ook 'n reeks metonimiese verhoudings gevind wat meespeel in die motivering van die idiome nie. Ensiklopediese kennis in verband met die saak **botter** speel wel 'n rol by die motivering van 'n paar van die idiome. Dit lyk egter asof die ensiklopediese kennis veral geld as die rede vir die totstandkoming van die idiome - by die enkoderingsproses.

Soos wat ook die geval was by die idiome met **hand** is daar idiome wat doodgewoon ondeursigtig is en nie gemotiveerd nie.

6.5 Deeltjiewerkwoorde

Deeltjiewerkwoorde vorm 'n baie groot groep onder die meerwoordige leksikale items. Hulle word onder andere in hierdie studie opgeneem omdat hulle, in teenstelling tot die tradisionele manier waarop baie van hulle in woordeboeke staan, dikwels "geskei" word in twee dele:

**aap na, gaan na, hou aan, heet welkom, trap
klei, kom teë, deins terug**

Daar bestaan verskil van mening oor die meerwoordige status van deeltjiewerkwoorde. In hoofstuk 7 word daar nader ingegaan op die verskynsel van deeltjiewerkwoorde as MLI's en word die vraag of die dele wel as woorde beskryf moet word, gevra. Voorlopig beskou ons hulle wel as MLI's. Wat ons nou veral interesseer, is die semantiese aspek van deeltjiewerkwoorde, geplaas binne die kader van die kognitiewe semantiek. Soos wat ook die geval is met idioome, bied dié teorie bepaalde insigte wat andersyds daartoe lei dat daar opnuut gekyk word na die semantiese gedrag van deeltjiewerkwoorde en wat andersyds definitiewe winste oplewer wanneer so 'n semantiese ondersoek wel gedoen word.

Deeltjiewerkwoorde is in sowel die Engelse as die Afrikaanse vakliteratuur al deeglik ondersoek (vergelyk vir Afrikaans onder andere Du Plessis 1972, De Villiers 1975, Ponelis 1979, Van der Merwe 1980 en Ponelis 1989b.) Bepaalde uitsprake oor die semantiese gedrag van dié tipe werkwoorde word hier kortliks opgesom.

'n Eerste opvallende kenmerk is die *semantiese eenheid* van die deeltjiewerkwoord. Die deeltjiewerkwoord is 'n semantiese Gestalt (o.a De Villiers 1975 en Ponelis 1979). 'n Deeltjiewerkwoord kan byvoorbeeld dikwels vervang word met 'n eenwoordsinoniem (Quirk et al.1972:812; Van der Merwe 1980:36):

**toon aan : wys
tref aan : vind
brand los : skiet
vreet uit : skel**

Die semantiese eenheid van die idiomatiese deeltjiewerkwoorde blyk verder daaruit dat die werkwoordelike deel soms slegs binne die deeltjiewerkwoord voorkom (die voorbeelde is van De Villiers 1975 en Ponelis 1979):

aap na, boesem in, dam op, dam by, skeep af, deins terug, dok op.

Ook die deeltjie kom in sommige gevalle net binne die deeltjiewerkwoord voor (Ponelis 1979):

hou dop, slaan gade, raak slaags

Ook waar die deeltjie meerwoordig is, tree die deeltjie soms net as deeltjie op en het dié woorde nie 'n verdere optrede nie: **te berde bring, in hegtenis neem, in duie stort, in die steek laat.** (Gevalle waar ons wel dieselfde verbinding ook as vrye verbinding kan hê, is byvoorbeeld **om die bos lei, in die pad val, oor die hoof sien.** As mens daaraan dink dat **hoof** nie die gebruikelike woord is nie maar wel **kop**, sal 'n vrye verbinding soos **oor die hoof** waarskynlik nie baie voorkom nie.)

Deeltjiewerkwoorde verskil wat hulle komposisionaaliteit en deursigtigheid betref. Sommige deeltjiewerkwoorde het 'n totaal idiomatiese en niekomposisionele betekenis, wat onder andere duidelik blyk as hulle met (idiomatiese) homonimiese teëhangers (insgelyks deeltjiewerkwoorde) vergelyk word:

I a Hy **maak** die mat **droog**.

b Hy **maak droog**. ("verbrou")

II a Die voël **vlieg** die huis **in**.

b Sy **vlieg** die man **in**. ("uitskel, slegsê")

Wat die komposisionele samestelling van die betekenis van deeltjiewerkwoorde betref, kan daar op die volgende gewys word:

(i) By sommige deeltjiewerkwoorde behou nóg die werkwoordelike deel nóg die deeltjie die betekenis wat hulle as selfstandige woorde het. Hulle kan as idiomaties beskou word: **brand vas, breek aan.**

(ii) Daar is komposisioneel-saamgestelde deeltjiewerkwoorde waar sowel die werkwoord as die deeltjie hulle leksikale betekenis behou:

klim op, vee af, vee uit, doen oor ("doen weer") druk toe, bind vas.

(iii) Soms behou die werkwoordelike deel die basiese leksikale betekenis en het die deeltjie die funksie om die betekenis te intensiveer (Quirk et al. 1972:812):

vind uit, vee (die krummels) op, lei die werkers op.

Die tradisionele digotomie is tussen nie-idiomatiese en idiomatiese deeltjiewerkwoorde. Die idiomatiese deeltjiewerkwoorde kan dan verder verdeel word (vergelyk byvoorbeeld Van der Merwe (1980) se indeling en hoofstuk 7 hier).

Wat die sogenaamde idiomatiese (ondeursigtige) deeltjiewerkwoorde betref, is die meeste ondersoekers dit oor die algemeen eens dat verdere semantiese analise nutteloos is (vergelyk o.a. Van der Merwe 1980:42). Hierdie deeltjiewerkwoorde se semantiese eenheid is so heg dat hulle nie in komponente verdeel kan word waar elke komponent dan 'n bepaalde semantiese waarde verteenwoordig nie. Ons vind met ander woorde geen georganiseerde samehang tussen die vorm en die semantiese

inhoud van die woorde nie. Met sulke uitsprake kan daar oor die algemeen nie verskil word nie - voorbeelde hier is volop.

In die onderstaande uiteensetting gaan dit veral om 'n bepaalde tipe deeltjiewerkwoord. 'n Groot groep deeltjiewerkwoorde is van die soort waar die deeltjie óf setselagtig óf bywoordagtig is (Ponelis 1979). Ons kry tipies deeltjies soos die volgende: **aan, af, agter, in, na, om, uit, oor, agteroor**. Wanneer hierdie deeltjies in die deeltjiewerkwoorde voorkom, behou die setsel of bywoord dikwels sy leksikale betekenis en is die deeltjiewerkwoord deursigtig:

gaan uit, leun agteroor, staan op

Hierdie leksikale betekenis word nie altyd net so behou nie en dit is by voorbeelde soos die volgende dat die betekenis van die deeltjiewerkwoorde al hoe meer geïdiomatiseer word en dat die tradisionele siening van die idioom - dat daar geen semantiese inligting gesassosieer word met 'n deel van 'n idioom nie - skyn te geld:

**moor uit, tree op, hang af, skakel uit, los op,
pas op, voed op**

Die deeltjie het dus 'n letterlike, rigtingbetekenis in party kombinasies, maar nie in ander nie. Die verskil tussen die letterlike en 'n meer idiomatiese, figuurlike betekenis is byvoorbeeld duidelik wanneer 'n deeltjiewerkwoord verskillende polisemiese waardes vertoon:

- (1) Hy **gooi** die bal **op**.
- (2) Hy **gooi** sy ontbyt **op**.

Deur te sê dat die deeltjiewerkwoord **opgooi** polisemies is en dat ons nie te make het met homonieme vorme nie, druis in teen die siening dat idiomatiese deeltjiewerkwoorde geen verband vertoon met hulle letterlike teëhangers nie. Dat daar soms wel so 'n verband bestaan, word in die volgende paragrawe betoog.

Studies gedoen deur Lindner, (1983) Brugman (1983) en Rudzka-Ostyn (1985) bevraagteken die "inhouds- of betekenisloosheid" van hierdie setselagtige of bywoordagtige deeltjies. Lakoff (1987) verwys veral na die studie deur Brugman wanneer hy die gemotiveerdheid van sulke deeltjies bespreek. Volgens hierdie ondersoekers kodeer die deeltjie wel 'n deel van die geheelbetekenis van sulke deeltjiewerkwoorde en kan die rol wat die deeltjie speel in die uitbreiding van betekenis van die werkwoord wel ondersoek word.

Lindner (1983) ondersoek die deeltjiewerkwoord-konstruksie in Engels binne die konteks van die nuwe kognitiewe grammatika (by haar nog bekend as "Space Grammar") en sy konsentreer op die deeltjies wat tipies in Engels voorkom: **about, across, in, off, on, out, through** - die setselagtige deeltjies, met ander woorde. Soos elders in die kognitiewe semantiek word analiseerbaarheid en deursigtigheid met mekaar verbind en die ineengestremeldheid van die twee begrippe gedemonstreer deur die tipe analyses wat sy doen. Vir haar is daar nie 'n streng onderskeid tussen die deursigtige en ondeursigtige (idiomatiese) konstruksies nie, maar is daar graduele oorgange vanaf totaal deursigtige tot minder deursigtige konstruksies. Sy werk met die idee van 'n prototipiese betekenis. Kombinasies van werkwoorde met deeltjies waarin die prototipiese betekenis (dit is die ruimtelike en rigtingbetekenis) sterk aanwesig is, is goed analiseerbaar en daarom deursigtig; uitbreidings van hierdie prototipiese betekenis verhoog die graad van ondeursigtigheid in die

kombinasie. Die semantiese onafhanklikheid van die deeltjie hang verder ook af van die rol wat dit speel in die konstruksie as geheel.

I assume that individual VPC's, (verb particle constructions - H.J.B.) like any (*sic*) complex structures, vary along interrelated, though distinct, parameters expressing degrees of regularity, conventionality, unit status, distance from the relevant prototype, and analyzability (Lindner 1983:54).

Lindner se ondersoek na deeltjiewerkwoorde in Engels met **out** en **up** toon aan dat daar uitbreidings van betekenis is vanaf die prototipiese betekenis, dat hierdie verskillende betekenis 'n netwerk van semantiese uitbreidings vorm en dat die deeltjie, in die lig van hierdie uitbreidings, wel bydra tot die betekenis van die konstruksie as geheel.

In dieselfde trant kyk Brugman (1983) na die verskillende polisemiese waardes van **over**. Die verskil tussen haar ondersoek en dié van Lindner en Rudzka-Ostyn, is dat sy geïnteresseerd is in die semantiese gedrag van die woord **over** en nie konsentreer op die verskynsel van deeltjiewerkwoorde as sodanig nie, alhoewel die voorkoms van **over** in deeltjiewerkwoorde ook ondersoek word. Soos Lindner, beskou sy die primêre betekenis van die woord **over** as behorende tot die fisiese, ruimtelike domein. Die ruimtelike verhouding wat deur **over** uitgedruk word, word in kombinasie met bepaalde woorde oorgeplaas na abstrakte nieruimtelike domeine.

Die idee van analiseerbaarheid staan ook in haar ondersoek sentraal:

Verb-particle constructions in general have often been relegated the status of 'idioms',

which in many cases has exempted them from being studied any further. But we have seen that noncompositionality is not a dead end, and that even constructions we would be comfortable classifying as 'idiomatic' can be analyzed to some degree or another" (Brugman 1983:46).


Eerder as om **over** in verskillende leksikale kategorieë te plaas, maak sy gebruik van die idee van 'n konseptuele kategorie, waarin die verskillende betekenisonderskeidings met mekaar verbind word en die betekenisonderskeiding van die nievoorsetsels afgelei word van die betekenisonderskeiding wat deur die voorsetsel aangedui word. Voorsetsels is meer dikwels suiwer fisies-ruimtelik as ander kategorieë. Sy gaan ook uit van die prototipeteorie in haar analise. Nie alle betekenis van **over** hou verband met die sentrale prototipiese betekenis nie, maar word met dié sentrale betekenis verbind deur 'n ooreenkoms met ander lede van die kategorie.

Die verskil tussen meer tradisionele sienings en die siening van die kognitiewe grammatika in verband met polisemie is hier ter sake. Die tradisionele siening van polisemie is dat 'n alomvattende eenheidsbetekenis uit die verskillende polisemiese waardes van 'n leksikale item geabstraheer kan word, 'n betekenis wat so vaag is dat dit byna niksseggend is. Vergelyk De Villiers (1975:71-72) en Lakoff (1987:416) vir 'n uiteensetting van die klassieke siening. Daarteenoor staan die idees van die kognitiewe semantiek, soos verwoord deur onder andere Lakoff (1987). De Stadler (1992:132) gee 'n duidelike uiteensetting van dié siening deur 'n netwerkbeeld te gebruik. In so 'n netwerk van betekenis is daar 'n prototipiese kern wat sentraal staan. Verskillende polisemiese waardes vorm die knooppunte in die netwerk, terwyl die verbinding tussen die knooppunte die aard van die verhouding tussen hulle aandui. Dit is

die aard van dié verhoudings wat in die volgende paragrawe ondersoek word.

Ook Rudzka-Ostyn (1985) werk binne die raamwerk van die kognitiewe grammatika in haar ondersoek na die Nederlandse deeltjie **uit** en die Poolse **wy**. Sy sien die uitbreidings van die betekenis van die deeltjies (sy beskou hulle as prefikse) as 'n proses wat in wese metafories is. Die vraag wat haar interesseer, is of daar 'n (sistematiese) verband aangetoon kan word tussen die betekenis van verskillende deeltjiewerkwoorde waarin dieselfde deeltjie voorkom. Met haar analise toon sy wel so 'n verband aan.


Sy aanvaar dat 'n deeltjie soos **uit** polisemies is. Die verskillende betekeniswaardes van **uit** hou dus verband met mekaar in 'n radiaal gestruktureerde kategorie. Die prototipiese betekenis van **uit** in Nederlands kom uit die ruimtelike domein. Dit roep 'n beeld na vore van 'n houer met iets wat uit die houer uit beweeg. 'n Minder tipiese beeld is dié van 'n houeragtige voorwerp wat byvoorbeeld toegevou of opgerol was en nou oopgaan en 'n groter ruimte as aanvanklik beset. Rudzka-Ostyn toon aan dat daar 'n beeldskema bestaan vir elke polisemiese betekenis van **uit**. Van die beeldskemas in die ruimtelike domein wat sy gebruik, is die volgende: (Vergelyk Rudzka-Ostyn 1985:213.)



uit die nes vlieg

LM: driedimensionele ruimte ('n gebou, 'n kamer)


TR: enige voorwerp wat binne die LM kan wees



'n skat uitgrawe


LM: 'n soliede of vloeibare voorwerp

TR: enige voorwerp wat binne die LM geplaas kan word



'n standbeeld uitkap

LM: die materiaal waaruit die TR (bv. 'n stuk beeldhouwerk) gemaak kan word



sy naam uitkerf

LM: die materiaal waarin die TR (bv. 'n groefie) gemaak word

Vanuit die ruimtelike domein brei die betekenis van **uit** uit na ander domeine; domeine wat bepaal word deur die werkwoord waarmee die deeltjie verbind of die ander woorde (soos substantiewe) wat met die werkwoord kollokeer. (In hoofstuk 7 word aandag gegee aan die produktiwiteit van deeltjies.) Hierdie uitbreidings na nieruimtelike domeine word volgens Rudzka-Ostyn bepaal deur konseptuele metafore soos die volgende:

'N PERSOON IS 'N HOUER

FISIESE EN EMOSIONELE TOESTANDE IS ENTITEITE BINNE 'N PERSOON

Hierdie metafore sorg vir die uitbreiding van die betekenis van **uit** vanaf die ruimtelike domeine na ander domeine en verklaar die betekenis van uitdrukkinge soos:

sy gevoelens uitdruk
jou uitleef
dit uitkerm van die pyn

Met haar analise toon sy aan dat die uitbreiding van betekenis by **uit** die gevolg is van 'n bepaalde meganisme:

The presence of (...) **uit** (...) activates appropriate conceptual metaphors which relate the newly created words to a schema grounded in space (Rudzka-Ostyn 1985:226).

Die betekenisuitbreiding beïnvloed die betekenis van die hele deeltjiewerkwoord, nie net van die deeltjie nie.

Dat die woorde waarmee die deeltjiewerkwoorde kollokeer (die konteks) die betekenisuitbreiding (die ander domeine, met ander woorde) bepaal, word deur die volgende voorbeelde geïllustreer:

(3) a Die waarheid kom uit.
b Hy kom by die huis uit.

(4) a Hy stort sy hart uit.
b Hy stort die water uit.

Dit is tipies van polisemiese items dat een polisemiese waarde geaktiveer word wanneer hulle saam met ander items in sinne gebruik word (vergelyk De Stadler 1989:71). Die kombinasie van leksikale items kan trouens so ver gaan dat 'n spesifieke "kombinatoriese waarde" (De Villiers 1975:142) tot stand kan kom, byvoorbeeld in bepaalde

verbindings tussen adjektief en substantief. Hierdie waardes is nie nou ter sprake nie.

Soos Lindner, beskou Ruzka-Ostyn ook die prototipiese betekenis as die letterlike betekenis wat gekoppel word aan 'n primêre domein. Ruzka-Ostyn se ondersoek bevraagteken die tradisionele siening wat baie van die deeltjiewerkwoorde met **uit** as ondeursigtig of idiomaties sou afmaak. Sy toon aan dat daar 'n onderliggende sisteem is wat die betekenis van die verskillende werkwoorde aan mekaar verbind. Die motiverende skakels wat die betekenis aan mekaar verbind, is beeldskemas wat die ruimtelike uitbreidings onderlê en konseptuele metafore wat die uitbreidings na ander domeine motiveer.

Lakoff (1987) gaan verder as Brugman in sy gevallestudie van **over** deurdat hy wys op die rol van sogenaamde beeldskematransformasies en metafoor in die uitbreiding van die ruimtelike betekenis van die voorsetsel.

Vir die tipe ontleding wat hierbo bespreek is, is 'n kognitief-grammatiese uitgangspunt noodsaaklik, met die aanvaarding van die konseptuele waarde van beeldskemas as deel van ons kognitiewe funksionering. Hierby kom ons vermoë tot die transformering van die een konseptualisering na 'n ander. In die lig van die pas genoemde ondersoek word daar nou gekyk na die gemotiveerdheid van 'n groep deeltjiewerkwoorde in Afrikaans waarin die deeltjie **om** optree.

6.5.1 Deeltjiewerkwoorde met om

Die ontleding van die betekenis van **om/om-** hieronder maak geensins aanspraak op volledigheid nie. So 'n ondersoek sal ten beste as 'n selfstandige studie op sy eie aangepak moet word. Die omvang van Lindner en Brugman se gedetailleerde studies toon dit reeds aan. Daar word hier gepoog om aan te toon dat, in teenstelling tot meer

tradisionele beskouings oor deeltjiewerkwoorde, so 'n ontleding wel gedoen kan word binne die motiveringsteorie. Hierdie uitgangspunt word in die onderstaande ontleding gemotiveer.

Die deeltjiewerkwoorde met **om** skyn geweldig produktief te wees in Afrikaans. Oorsigtelik beskou, vertoon hulle die tipiese spektrum van idiomatisiteit vanaf deursigtig tot baie idiomaties, soos wat aangetoon kan word met 'n paar voorbeelde:

Deursigtig

Pieter het net daar **omgedraai** en teruggekom.

Susan het met haar elmboog die lamp **omgestamp**.

Mens moet die pap goed **omroer** om te voorkom dat dit klonte kry.

Vir dramatiese effek **hang** die akteur 'n groot swart mantel **om**.

Om by die regte kantoor uit te kom, moet jy heeltemal **omloop**.

Minder deursigtig

Die kinders het die kamer weer behoorlik **omgekras**.

Jy moet haar maar probeer **omhaal** om saam te kom.

Hoe mens die tyd hier **om** moet **kry** weet die vet alleen.

Ondeursigtig/Figuurlik

Die vrou se opmerkings het my vreeslik **omgekras**.

Honderde soldate **kom** in die winter van 1812 **om** van die koue.

Die gevangenes is wreedaardig **omgebring**.

Ek **gee** nie meer **om** oor wat gebeur nie.

Selfs in die deursigtige optredes van die deeltjiewerkwoorde is daar sprake van verskillende

polisemiese onderskeidings (nie net by deeltjiewerkwoorde met **om** nie).

Draai die matras **om** sodat die onderkant bo is. ("keer om")

Draai die portret aan die muur **om** ("agtertoe keer")

Hy **draai** in sy slaap **om** ("van die een kant na die ander draai")

Hy **draai** by die kerk **om** en gaan terug huis toe ("in die teenoorgestelde rigting gaan")

Sy **draai** 'n verband **om** haar arm ("draai rondom").

Soos by Rudzka-Ostyn (1985) is dit wat my interesseer die verband (indien enige) tussen die verskillende betekenis van die deeltjiewerkwoorde; 'n verband wat deur die konstante, die deeltjie, gelê word.

'n Paar opmerkings:

1. 'n Kort opmerking oor die sogenaamde onskeibare werkwoorde is ter sake. Ter sprake is die werkwoorde **omarm, omsingel, omseil, omring, omhul** e.d.m. HAT gee by hierdie werkwoorde die volgende betekeniswaardes vir **om**-aan: "omsluiting" en "omringing". Wat interessant is, is dat hierdie betekenis ook na vore kom in die beeldskemas van die verskillende betekenis van **om** in die deeltjiewerkwoorde wat ondersoek is, soos wat hieronder sal blyk.

2. Die tweede opmerking sluit aan by punt 1. Wanneer Brugman (1983) dit het oor die polisemiese aard van die woord **over**, het sy 'n *konseptuele kategorie* eerder as leksikale kategorieë in gedagte. Ook Lindner (1983:195) skyn dieselfde standpunt te huldig. Hoewel ons konsentreer op die betekenis van die deeltjie **om** soos dit in deeltjiewerkwoorde voorkom, word die betekenis van die

voorsetsel om ook betrek in die ondersoek en word daar ook gekyk na die optrede van die stam om- in onskeibare werkwoorde.

3. Wanneer daar gebruik gemaak word van beeldskematiese voorstellings soos in die onderstaande uiteensettings, is die begrippe *trajektor* (TR) *landmerk* (LM) en *baan* ("trajectory") van groot waarde. (Vergelyk hoofstuk 5).

Eenvoudig gestel, kan die rolle van onderwerp en direkte voorwerp in 'n sin verbind word met die begrippe TR en LM. Vergelyk Lindner (1983:60 en 107). Om haar voorbeelde te gebruik:

(5) Sy gaan uit.

In (5) is SY die TR, die baan is die beweging van die TR deur tyd en ruimte en die LM (byvoorbeeld 'n kamer) word nie volledig gespesifiseer nie.

In gevalle soos (6) is daar sprake van meer as een trajektor, naamlik JAN en DIE KAT.

(6) Jan gooi die kat uit.

DIE KAT (en nie JAN nie) is die TR van uit - die kat volg die baan wat deur uit beskryf word.


Die rolle wat die NS'e in sinne binne die beeldskemas vervul, nl. dié van TR of LM, is dus belangrik.

Brugman (1983) maak in haar ontledings ook baie vrugbaar gebruik van die vorm van die baan wat die TR volg om die verskillende betekenis van **over** aan te dui.

Lakoff (1987:430) wys op die belang van 'n onderskeid wat Lindner tref waar sy gebruik maak van die begrip *refleksiewe trajektor*. Die TR en LM val as 't ware saam:

(7) Die oliekol op die see brei vinnig uit.

Die TR (die oliekol) beweeg nie uit ten opsigte van die een of ander LM nie, die oliekol is sy eie LM wat al groter word.




Ook Brugman wys op gevalle waar die TR en LM identies is.

4. 'n Deeltjiewerkwoord vorm 'n semantiese eenheid waarin die bydrae van die werkwoordelike deel vanselfsprekend nie onbelangrik is nie. Wanneer daar in die onderstaande skemas onderskei word tussen die verskillende betekenis van **om**, is dit 'n poging om die betekenis van **om** te isoleer sodat die bydrae van die deeltjie nader bepaal kan word.

6.5.1.1 Die voorsetsel en bywoord **om**

In aansluiting by Lindner en Brugman beskou ek ook die betekenis van die voorsetsel en bywoord **om** as die prototipiese betekenis waaruit die ander betekenis voortvloei. Die primêre betekenis van **om** (die voorsetsel en die bywoord) kan deur die volgende figure voorgestel word:



Figuur 1


(8) Daar is 'n lamferlap om sy arm.

Die rolle van TR en LM word in dié sin uitgedruk deur die NS'e. Die LM is 'n fisiese objek in 'n bepaalde ruimte - ARM, byvoorbeeld. Die TR is 'n fisiese objek wat die LM volledig omsluit- byvoorbeeld LAMFERLAP.

Hierdie betekenis word effens aangepas in gevalle soos die volgende:


- (9) Hulle sit om die vuur.
- (10) Haar kinders staan om haar.
- (11) Haar hare hang lossies om haar gesig.
- (12) Die aarde draai om die son.

Die aard van die TR het hier verander. Daar is sprake van meer as een TR in (9-10) en die LM word nie, soos in die vorige skema, volledig of ononderbroke omsluit nie (figuur 2). Die TR kan staties wees (figuur 3) of beweeg (figuur 4).




Figuur 2

Hulle sit om die vuur



Figuur 3

Haar hare hang om haar gesig




Figuur 4 Die aarde draai om die son

Opmerking

'n Sirkelvormige beeldskema word dikwels in die kognitiewe grammatika gebruik vir die voorstelling van betekenis. Lindner en Rudzka-Ostyn maak byvoorbeeld van sirkelvormige beeldskemas gebruik wanneer hulle die beeldskemas van **uit** voorstel. Soos wat vroeër opgemerk is (vergelyk hoofstuk 4), is hierdie beeldskemas nie visuele of andersins letterlike voorstellings nie, maar abstrakte beelde. In die geval van **om**, waar daar ook gebruik gemaak word van 'n sirkel in baie van die beeldskemas, is dit egter moeilik om nie hierdie sirkel direk in verband te bring met 'n meer konkrete beeldvoorstelling nie. As jy byvoorbeeld jou pols met jou duim en middelvinger **omsluit**, vorm die vingers 'n sigbare sirkel. Dit onderstreep die geweldige gewig wat fisiese, ruimtelike betekenis dra in hierdie konseptuele kategorie.

Figure 1-4 is konkrete voorstellings van die basiese skema van **om**:




Skema 1

Die betekenis van **om** hier is "rondom". Dit is hierdie skema wat ook die basis vorm vir 'n groot aantal van die betekenis wat by die deeltjiewerkwoorde met **om** aangetref word.

6.5.1.2 Die deeltjie **om**

SKEMA 1

In die volgende deeltjiewerkwoorde met **om** is die verband met skema 1 (die voorsetsel- en bywoordbetekenis) duidelik:



Figuur 5

- (13) Hy sit sy nuwe das **om**.
- (14) Hang vir jou 'n tjalie **om**, dis koud.
- (15) Sy gord die band **om** haar middel.
- (16) Boor die moue met 'n kontrasterende kleur **om**.
- (17) Bind 'n toutjie **om** die stok.
- (18) Hou die verband 'n week lank **om**.

Die LM is tipies 'n fisiese objek, dikwels 'n deel van die liggaam soos die skouers of nek, maar ook iets anders. In (13-14) word die LM nie gespesifiseer nie.

Die TR is 'n fisiese objek wat die LM volledig of gedeeltelik omsluit. Soos wat Lindner aangetoon het, is

die TR van om nie die onderwerp van die sin nie, maar die sogenaamde *subtrajektor*, nl. DIE DAS, DIE TJALIE, DIE BAND, DIE MOUE ens.

Dit is interessant om hier te kyk na 'n ander voorkoms van om, naamlik as stam in die sogenaamde onskeibare werkwoorde soos *omgord*, *omarm*, *omring*, *omsingel*, *omsluier*, *omhein*, *ommuur*, *omsoom* ens. Die betekenis van om- in hierdie werkwoorde skyn by skema 1 in te pas. 'n Opvallende verskil tussen (15) en (19) is die figuurlike betekenis wat deur (19) uitgedruk word.

(19) Omgord jou lendene met die waarheid.

In paragraaf 6.5.1.3 word daar na die uitbreiding van betekenis vanaf die fisiese na ander domeine gekyk.

Dit is ook nodig om iets te sê oor die tipe *beweging* waarvan daar hier sprake is. Daar is aanvanklike *beweging* van die TR om die LM, maar dan kom die TR tot rus in 'n vaste posisie om die LM. Dit verskil van die gedrag van die TR in figure 6 en 7.

In figure 6 en 7 word die sirkelvormige baan wat die TR ten opsigte van die LM volg, behou. Die LM is telkens 'n bepaalde ruimte en die baan wat die TR volg, is óf binne in óf buite om dié ruimte. Die LM kan óf gedeeltelik óf volledig omsluit word deur die aksie. Figuur 6 dek gevalle soos die volgende:


(20) Om by die winkel te kom, moet jy die hoek omgaan.

(21) Hierdie pad is gesluit - jy sal moet omry.


In (20) word die LM gespesifiseer - DIE HOEK (figuur 6.1); in (21) is die LM nie volledig gespesifiseer nie - daar is bloot sprake van 'n ruimte waarom beweeg moet

word. Die TR beweeg om en verby die LM in 'n transformasie van die beeldskema (figuur 6.2).

Die betekenis van **om** hier is "om en verby".




Figuur 6.1



Figuur 6.2

Figuur 7 stel die gevalle voor waar daar "om", "rondom" beweeg word binne 'n bepaalde ruimte.

(22) Roer die pap om, anders brand dit.




Figuur 7

Die ooreenkomste tussen figure 5, 6 en 7 is opvallend. In teenstelling met figuur 5 is die TR in figure 6 en 7 nie staties is nie, maar aan die beweeg. Dié aspek van die betekenis van hierdie deeltjiewerkwoorde word gekoppel aan die werkwoordelike dele, wat werkwoorde van beweging is. Werkwoorde van beweging dui gewoonlik aan dat hulle

TR'e 'n reeks aangrensende punte in die ruimte inneem, terwyl die deeltjie (byvoorbeeld **om**, **uit**, **deur**) aandui watter punte in die ruimte ingeneem word (vergelyk Lindner 1983:61). Dit is opvallend hoe baie werkwoorde van beweging met **om** verbind: **draa**, **stamp**, **ploeg**, **slaan**, **val**, **kantel**, **gooi**, **loop**, **ruk**.

Die beeld van 'n sirkel, waar die baan wat die TR om die sirkel volg enigiets van 0 tot 360 grade is ('n kurwe met ander woorde), is ook baie sterk aanwesig in van die ander betekenis wat vir **om** aangedui kan word.

- (23) Die bobbejane rol al die klippe om op soek na skerpioene.
- (24) Hy draai nog in sy graf om.
- (25) Hy draai na sy ander sy om.
- (26) Sit eers die kaarte met die prente na onder neer en draai hulle dan een vir een om.
- (27) As jy onderaan die bladsy kom, blaai dan om.



Figuur 8 (vergelyk Lakoff 1987:433)

Sinne (23-27) is illustrasies van die sogenaamde refleksiewe trajektor (Lakoff 1987:430) waar daar nie onderskei kan word tussen die TR en die LM nie, maar waar hulle saamval (vergelyk ook Lindner (1983) en Brugman (1983)). Die TR in elke sin is "om" relatief tot homself (sy vorige posisie) en nie "om" in verhouding tot enige ander LM nie. Soos wat Lakoff (1987:432) opmerk, moet die TR en LM egter nie as volkome identies gesien word nie.


Dele van dieselfde entiteit tree op as TR en ander dele as LM. In (23) word die klippe so beweeg dat dat sekere dele ná die omrol nou bo die ander dele is.

Die TR/LM in (23-27) word nie gekoppel aan óf die onderwerps- óf die voorwerpsposisie in die sinne nie: Die bobbejane draai **die klippe** om; **die man** draai in sy slaap om. Soos Brugman (1983:51) opmerk, speel die idee van "die ander kant" 'n rol in die betekenis hier. "Die ander kant" van die LM word bereik wanneer die TR die spesifieke baan gevolg het en weer tot rus kom.

Die baan wat die TR volg, is weer die kurwe wat in die ander figure aangetref word. Die TR in figuur 8, soos in figure 6 en 7, is nie staties nie, wat weer te make het met die werkwoorde waarmee die deeltjie verbind, naamlik werkwoorde van beweging - **rol, draai, blaai**.

Om beteken hier "van die een kant na die ander".

Waar die rigting waarin beweeg word by (23-26) nie belangrik is nie, soos aangedui deur die pyltjies, is dit wel so dat die bladsy wat omgedraai word in (27) in 'n bepaalde rigting, naamlik van regs na links omgeblaai word. Figuur 8.1, wat 'n variasie is op figuur 8, maak hiervoor voorsiening:



Figuur 8.1

Om aan te dui dat daar van links na regs geblaai moet word, sal (28) meer toepaslik wees:

(28) Blaai bietjie terug.

'n Verdere aansluiting by figuur 8 kry ons in (29-31) waar daar ook 'n refleksiewe TR optree.

(29) In die lente sal hy die lande omploeg.

(30) Die polisie dolf die grond by die pedofiel se huis om op soek na leidrade.


(31) Hy het die kamer behoorlik omgekeer en niks gekry nie.

Die beweging van die TR/LM is in hierdie geval nie so "netjies" van die een kant na die ander as in (23-27) nie, maar figuur 8, waar die verandering van die posisie van die TR relatief tot sy vorige posisie aangedui word, kan ook vir dié gevalle behou word. Die aard van die TR in (29-31) verskil ook van dié in (23-27). In (29-31) word die TR opgedeel in losstaande, onafhanklike dele waarvan die posisie relatief tot die ander dele van die TR verander.

Figuur 9 hier onder is dieselfde as dié wat Brugman (1983:47) voorstel vir nog 'n geval waar die LM en TR presies dieselfde is. Die werkwoord is onoorganklik - daar is geen voorwerpsnaamwoordstuk wat as LM kan funksioneer nie.

(32) Die dronkie het ongeval.

(33) Die kind het gister op die spelterrein omgekap.



Figuur 9

Let op dat die baan van die TR/LM nog steeds 'n kurwe volg. Vergelyk dit met (34-36) waar die TR dieselfde baan volg. Dieselfde betekenis van die deeltjie naamlik "van bo na onder"; "vanaf 'n hoë posisie na 'n laer een"; "onderstebo". word aangetref in (34-36):

(34) Hy stamp die lamp om.

(35) Jy kon my met 'n veertjie omtik/omslaan.


(36) Met die uitloop skop hy sommer die emmer ook om.

Omstamp, omslaan, omtik, omskop is opvallend oorganklik, in teenstelling tot die werkwoorde in (32-33). (Deeltjiewerkwoorde kom oor al die hoofwoordklasse heen voor - vgl. 7.3.4.4) Die verhouding wat deur **om** uitgedruk word, is egter basies dieselfde as in figuur 9. In (34) byvoorbeeld, is die beweging van die lamp die gevolg van die aksie wat deur die werkwoord uitgedruk word, maar dit is 'n aparte gebeurtenis (Brugman 1983:50). Daar is in (34-36) telkens sprake van twee gebeurtenisse (die stamp van die lamp en die val van die lamp in (34) byvoorbeeld) en by die tweede gebeurtenis (die omval van die lamp) is die lamp tegelykertyd TR en LM, soos in figuur 8. Die TR/LM kom in 'n nuwe posisie tot rus na die aanvanklike beweging. Die verandering was van 'n vertikale na 'n horisontale posisie.

Wat opvallend is van figuur 9, is dat dit taamlik drasties verskil van skema 1. Die siening van die kognitiewe semantiek is dat nie alle betekenis (hier van die deeltjie om) noodwendig met mekaar verband hou nie, maar dat hulle deur 'n proses van kettingbinding met die prototipiese betekenis (soos verteenwoordig deur skema 1) verband hou. Lakoff (1987:433) verduidelik die verhouding tussen figure 8 en 9 soos volg: In figuur 8 volg die helfte van die TR (of dan 'n deel van die TR) die hele refleksiewe baan; in figuur 9 volg die hele TR die helfte van die refleksiewe baan.

Die konsep van "die ander kant" word ook in (37-38) aangetref, waar die verhouding tussen TR en LM in figuur 10 weer van 'n ander aard is as in figuur 8:

- (37) Vou die boonste deel van die papier om.
- (38) Sy broekspye is altyd netjies omgeslaan.




Figuur 10

Die TR vertrek van 'n posisie waar dit gelyk is met die LM, trouens deel is van die LM: TR=LM. Die eindposisie van die beweging is waar die TR hom nou onderskei van die LM deurdat dit nou bo-op die LM te lande gekom het. Anders as in figuur 8, is die TR nou "om" ten opsigte van die LM, wat in dieselfde posisie gebly het. In figuur 8 verander die posisies van sowel TR en LM in die proses van "omgaan" en daar kom nie 'n punt in die proses waar

die TR hom duidelik onderskei van die LM soos in figuur 10 nie. Let op dat die baan wat gevolg word in figuur 10 dieselfde geboë baan is wat in die ander figure aangetref word.

In (39) is die verhouding van TR en LM baie dieselfde as in figuur 8, waar hulle onderskeibare dele van dieselfde enititeit is. om beteken hier min of meer "binneste buite".

(39) Dop 'n bietjie jou sakke om dat ek kan sien wat daarin is.



Figuur 11

Ook (40-42) maak nog deel uit van skema 1, waar die belangrikste aspekte van die betekenis van om soos wat dit hier verskyn, soos volg opgesom kan word:


Daar is 'n TR en 'n LM, maar hulle kan ook saamval, soos in (41). Daar is sprake van 'n beweging van die TR relatief tot die LM, en die beweging neem die vorm aan van 'n kurwe, 'n geboë baan, soos om 'n sirkel. Die beweging om die sirkel (hier word daar natuurlik nie 'n konkrete sirkel bedoel nie) voltooi nie altyd die volle 360 grade nie. Daar word nog altyd "om" 'n punt beweeg.

(40) Ons het verkeerd gery en moes omdraai.

(41) 'n Ent verder het hy omgekyk.

(42) Sy het skielik omgeswaai en hom gesien.

Die onderwerpsnaamwoordstuk vertolk die rol van TR. Die LM word nie gespesifiseer nie, maar word verstaan as 'n punt in die ruimte vanwaar en waarom beweeg word. Daar is tog 'n subtiele toevoeging tot die betekenis van **om** hier. Die betekenis van **om** is nie meer primêr "rondom", "om en verby" die punt (soos in figuur 6) nie, maar eerder "terug", "in die teenoorgestelde rigting". Daar is 'n duidelike verandering van koers. Die basiese skema, skema 1, wat 'n (min of meer) sirkelvormige beweging aandui, geld nog steeds, maar die sirkelvormige beweging word nie voltooi nie.



Figuur 12

SKEMA 2

'n Opvallende kenmerk van 'n tweede subskema wat by **om** onderskei kan word, is die TR wat op die een of ander manier verander.

(43) Ek het my ou masjien omgeruil vir 'n nuwe.

Die TR word volledig vervang deur 'n ander. In (44-46) word die TR nie vervang deur 'n ander een nie, maar verander van voorkoms, word op die een of ander manier anders gemaak; ondergaan 'n metamorfose:


(44) Ek het my armband laat omsmelt.

(45) Die tuin word in 'n tennisbaan omgeskep.

(46) Hy moes sy roman heeltemal omwerk op aandrang van die uitgewer.

Die domein van **om** is hier nie meer 'n primêr ruimtelike een nie en selfs nie meer altyd fisies nie, soos wat (46) aantoon. Daar word met hierdie skema oorbeweeg na die meer abstrakte domein van geestesgoedere. Die betekenis van **om** is hier iets soos "weer, anders maak". Die LM word nie gespesifiseer nie. 'n Moontlikheid is om die "omvormde" of "omgeruilde" TR te sien in kontras tot die "ou" TR, wat dan as LM dien vir die nuwe TR: TR → LM/TR. Die skema hier is noodsaaklikerwys baie abstrak, maar wat duidelik is, is dat dit oënskynlik nie 'n verband vertoon met skema 1 nie. Die vermoede is hier dat **om** se betekenis baie nader verband hou met 'n ander voorsetsel in Afrikaans, naamlik **uit** (soos in (47)) en dat mens 'n vergelyking kan tref tussen bepaalde beeldskemas van **uit** wat dalk meer verband hou met hierdie betekenis van **om**. (**om** se betekenis in (43) is hier ter sake.)

(47) Hulle het idees uitgeruil.



Skema 2

SKEMA 3

Die bywoord **om** het, as een van sy polisemiese waardes (vergelyk HAT 1994) die betekenis van "verby", "verstreke". Die primêre domein hier is dié van tyd:

(48) Die jaar is om.

Dié betekenis word net so aangetref in 'n hele aantal deeltjiewerkwoorde:

(49) Hulle het die hele middag omgebabbel.

(50) Die dag het gou omgegaan.

(51) Die ure kruip om.

(52) Hoe gaan ons die tyd omkry?


In een van die sentrale metafore oor tyd (vergelyk byvoorbeeld ook Lakoff & Johnson (1980)) word tyd gesien as 'n bewegende voorwerp. Vergelyk die ou Latynse spreekwoord **tempus fugit**. Hierdie metafoor is van hulp om die spesifieke betekenis van **om** in (49-52) te verklaar. Die verhouding tussen die TR en LM is soos altyd ook van belang in so 'n verklaring.

In teenstelling tot die voorbeelde waarmee ons tot dusver te doene gehad het, is dit die TR wat in (49-52) ongespesifiseer is en die LM wat gespesifiseer word - die middag, die dag, die ure, die tyd. Die LM is telkens 'n spesifieke tydsduur wat verby gaan - en die TR beweeg "verby" hierdie LM. Maar wat is die aard van hierdie TR? As die LM die groter tydsproses (die lineêre opeenvolging van bepaalde tydspunte) is, is die TR kleiner dele van hierdie groter tyd. Konvensioneel word tyd ingedeel in meetbare eenhede - sekondes, minute, ure, dae, ens. Die TR (ure, byvoorbeeld) beweeg op hierdie lineêre skaal todat dit "verby" die LM (die middag byvoorbeeld) beweeg het; sodra dit "om", verby" hierdie punt is, is die tyd "om", die middag "verby". Die TR is

dus volledig deel van die LM maar word terselfdertyd met die LM gekontrasteer juis sodat daar 'n punt kan wees waar gesê kan word dat die LM verbygesteek is. Tyd beweeg as't ware "deur tyd".

In skema 1 was daar 'n betekenis van **om** wat aansluit by hierdie voorstelling, waar **om** gesien is as 'n beweging om en verby 'n bepaalde punt (figuur 6). Skema 3 sluit aan by hierdie betekenis, maar die domein is nou nie meer 'n ruimtelike domein nie. In Lakoff se terme het ons hier te make met 'n transformasie van die basiese betekenis van **om**, 'n transformasie vanaf die ruimtelike na 'n tydsdomein. Die transformasie word moontlik gemaak deur die metafoor TYD IS 'N BEWEGENDE VOORWERP.

In skema 3 stel die opeenvolgende punte die "beweging" van die TR deur die LM voor.



Skema 3

6.5.1.3 Uitbreiding na die figuurlike betekenis.

Die vraag is nou na die manier waarop die figuurlike betekenis van die deeltjiewerkwoorde met **om** in verband gebring kan word met die skemas wat hierbo voorgestel is. Dit is 'n belangrike vraag, want die motiveringsteorie (waarvan hierdie hele uiteensetting deel vorm) maak juis aanspraak daarop dat sulke figuurlike uitbreidings dikwels gemotiveer is.

In die gevalle hieronder is dit veral metaforiese prosesse - een van die algemene maniere waarop betekenis uitgebrei word - wat die betekenisuitbreiding bepaal.

I

(53) Hy het my uiteindelik omgepraat om saam te gaan.

(54) As hy nie wil help nie, koop hom om.

(55) Sy laat haar nie sommer omhaal om iets te doen nie.

(56) Met die verkiesing het hy na die ander party omgeswaai.

Die figuurlike betekenis in (53-56) kan met behulp van 'n metafoor in verband gebring word met die betekenis wat in figuur 6 uitgedruk word.

OM 'N BESLUIT TE NEEM IS OM IN 'N BEPAALDE RIGTING TE GAAN

Dit is 'n metafoor wat in uitdrukkings soos die volgende aangetref word:

Die Nasionale party het in 1990 'n nuwe koers ingeslaan.

Die verandering van koers wat deur die deeltjiewerkwoorde in I uitgedruk word, hou verband met die betekenis van **om** in **omdraai**. Die handeling wat deur die werkwoordelike deel uitgedruk word, lei daartoe dat daar "omgedraai", "verander" word, wat die besluit betref.

II

(57) Wat jy vir my gesê het, het my geweldig omgekrap.

Die letterlike betekenis van **omkrap** word metafories (GEVOELENS IS ENTITEITE) oorgedra na 'n abstrakte domein.

Die abstrakte betekenis in I en II word met behulp van die genoemde metafore almal nog verbind aan skema 1.

III

(58) Sy het in die Groot Griep omgekom.

(59) Hy het al die gevangenes omgebring/ om die lewe gebring.

Die werkwoorde waarmee **om** in hierdie voorbeelde verbind, naamlik **kom** en **bring**, speel so 'n interessante rol in die totstandkoming van die idiomatiese betekenis in dié twee woorde, dat ek kortliks by hulle gaan stilstaan.

Soos Combrink (1981) aantoon, tree **kom**, **gaan**, **neem** en **bring** as deiktiese werkwoorde op. Hy som die kernbetekenis van **kom** so op: "beweeg na 'n bestemming, nl. die deiktiese sentrum" (Combrink 1981:93). Een van die ander betekenisaspekte ("sememe") wat hy by **kom** identifiseer, is 'n verandering van toestand en wel na 'n gewenste toestand. (**Gaan** dui dan 'n verandering na 'n ongewenste toestand aan.) Interessant is sy opmerkings oor die idiomatiese **om die lewe kom**. Hy sien dit as 'n eufemisme, waarin die betekenis van "doodgaan" (dit is 'n verandering van toestand van lewe na dood) vergoelik word. By hierdie opmerkings van Combrink voeg ek graag die volgende by.

In die eerste instansie moet die opvallende betekenisraakpunte tussen **om die lewe bring** en **om die lewe kom** nie misgekyk word nie. Daar moet ook raakgesien word dat die twee deeltjiewerkwoorde **omkom** en **ombring** elliptiese vorme van die genoemde idiome is. Aanvullend tot Combrink se lesing stel ek die volgende lesing voor.

Die semantiese gewig in **omkom** en **ombring** lê nie swaarder by die werkoordelike dele as by die deeltjie **om** nie. Die manier waarop die betekenisuitbreiding hier plaasvind,

kan dus tegelykertyd by die deeltjie as by die werkwoordelike deel ondersoek word.

Binne die hele beeldskematiese opset van hierdie ondersoek, pas die betekenis van **om** trouens by die voorafbespreekte beeldskemas in. Die betekenis van **om** hier skyn verband te hou met die betekenis wat in skema 3 uitgedruk is, waar **om** "verby" beteken. Om "om die lewe" te beweeg, is om verby 'n bepaalde punt in tyd (die duur van 'n lewe) te beweeg. Lewe word gemeet in tyd, lewe IS tyd. Die metaforiese aard van dié betekenisuitbreiding van **om** word hierdeur geïllustreer.

In sy beskrywing van die betekenis van **kom** gee Combrink nie aandag aan die metaforiese aard daarvan nie, maar mens kan die betekenisaspek van **kom** wat hier ter sake is ook met behulp van 'n metafoor stel:

OM TE KOM, IS OM VAN TOESTAND TE VERANDER

Saam met die betekenis van **om** wat hier aangetoon is, kan die betekenis van **omkom** dus só uitgedruk word:

Om om die lewe te kom, is om verby 'n bepaalde punt te beweeg en 'n verandering van toestand te ondergaan.

Bring pas maklik by hierdie verduideliking in, omdat dit die kousatief van **kom** is: "veroorzaak om te kom" (Combrink 1981:101).

Om iemand om die lewe te bring, is om te veroorsaak dat daar verby 'n bepaalde punt (die lewe) beweeg word en 'n verandering van toestand ondergaan word.

IV

(60) Hy gee baie om vir sy familie.

(61) Gee jy om dat ek rook?

Die betekenis van **om** in (60-61) is dermate geleksikaliseer in die deeltjiewerkwoord dat ek geen verband kon aantoon met enige van die beeldskemas wat hierbo genoem word nie.

6.5.1.4 Samevatting: deeltjiewerkwoorde met **om**

Lindner, Brugman, Rudzka-Ostyn en Lakoff is dit eens dat deeltjies in deeltjiewerkwoorde soos **uit**, **op** en **oor** konseptuele kategorieë is wat 'n polisemiese betekenis vertoon. 'n Sogenaamde prototipiese betekenis word onderskei en ander, uitgebreide betekenis word óf direk (deur 'n metaforiese of transformasieproses) óf indirek (deur kettingverbinding) met hierdie prototipiese betekenis verbind.

In teenstelling tot 'n meer tradisionele siening van polisemie waar 'n sentrale, meer abstrakte betekenis by al die verskillende polisemiese waardes van 'n woord veronderstel word, word hier uitgegaan van 'n prototipiese betekenis waarmee die ander betekenis op die een of ander manier verbind kan word. Dié siening sluit regstreeks aan by die prototipeteorie.

Die aanpak behels meer as beeldskemas. Ook ander kognitiewe prosesse soos metaforiek is ter sake.

In aansluiting by die teorie, wil die ondersoek wat hier gedoen is na deeltjiewerkwoorde met **om**, gesien binne die groter raamwerk van hierdie studie, aantoon dat die motiveringsteorie (meer bepaald die rol wat beeldskemas binne die teorie speel) die moontlikheid bied om die betekenis van deeltjies te analiseer.

Die vraag wat aan die begin van die ondersoek hierbo gestel is, is na die verband tussen die verskillende betekenis van **om**. In die geval van skema 1 kan die verskillende betekenis almal tuisbring word onder een

beeldskema. Die verskillende betekenis kan beeldskematies voorgestel word as variasies van een oorkoepelende skema. As mens die verskillende betekenis van **om** egter as polisemies wil sien, sal mens die skakeling van die verskillende betekenis met die sogenaamde prototipiese betekenis moet verantwoord. Rudzka-Ostyn sien veral die proses van letterlike na figuurlike betekenis as 'n metaforiese proses en Lakoff maak veral gebruik van transformasies en metafore.

'n Belangrike transformasie in die betekenis van **om** is dié van die nierefleksiewe TR na 'n refleksiewe TR, soos aangetoon by skema 1 (figure 8 en 9). Skemas 1 en 3 beeld verskillende domeine uit waar dieselfde betekenis van **om** geld. Met behulp van verskillende metafore word die betekenis van **om** uitgebrei na abstrakte, figuurlike betekenis. Skema 2 beeld 'n betekenis van **om** uit wat nie geredelik inpas by die ander beeldskemas nie. Dit lyk asof daar nie gesê kan word dat al die betekenis van **om** op die een of ander manier in verband gebring kan word met een prototipiese betekenis nie.

Vir die uiteensetting hierbo is daar gekonsentreer op 'n sogenaamde setselagtige deeltjie met 'n aantoonbare fisiese of ruimtelike betekenis. Deeltjiewerkwoorde met ander tipe deeltjies (**handgee**, **kleitrap**) kan vanweë hulle idiomatiese aard op dieselfde manier ontleed word as ander idiome op die manier wat al aangetoon is in paragrawe 6.2, 6.3 en 6.4 hierbo.

6.6 Samevatting hoofstuk 6

In hierdie hoofstuk is die motiveringsteorie getoets deur te kyk na 'n hele aantal MLI's in Afrikaans.

1. Uit die ondersoek het geblyk dat die betekenis van MLI's nie voorspelbaar is nie en nie sistematies uit die

betekenis van die dele opgebou word nie. Die betekenis is 'n gestalt, maar dit is dikwels gemotiveerd.

2. Die ontleding van idiome wat woede uitdruk, toon aan dat daar sekere konseptuele metafore is wat grondliggend is aan 'n hele aantal van die idiome. Hierdie konseptuele begroning bied 'n verklaring vir die samehang wat aangetref word tussen van die idiome.

3. Die ontleding van idiome waarin die trefwoorde **hand** en **botter** onderskeidelik voorkom, toon aan dat die bydrae van individuele woorde in 'n idioom nie altyd onbeduidend is nie. 'n Woord soos **hand** vorm 'n radiaal gestruktureerde polisemiese kategorie waarin metaforiek en metonimie die motiverende skakels vorm tussen verskillende polisemiese waardes. Dieselfde metaforiek en metonimie motiveer in baie gevalle die idiome waarin die woord voorkom.

4. By idiome met **botter** is dit veral ensiklopediese kennis wat die motiverende skakel tussen die vorm van die idioom en sy betekenis verskaf.

5. Die ondersoek na deeltjiewerkwoorde met **om** toon aan dat konseptuele beeldskemas van hulp is wanneer die gemotiveerdheid van 'n bepaalde soort deeltjiewerkwoord, nl. dié met setsel- of bywoordagtige deeltjies, ondersoek word.

6. Ander motiverende skakels soos kennissisteme, konvensionele beelde en ensiklopediese kennis is ook aangetref.

7. Nie alle idiome is gemotiveerd nie - sommige idiome bly ondeursigtig.

HOOFSTUK 7

SOORTE MEERWOORDIGE LEKSIKALE ITEMS IN AFRIKAANS

7.1 Inleiding

Die omvang van die meerwoordige leksikale items in Afrikaans is geweldig. Om 'n greep te kry op die groot hoeveelheid data is dit nodig om so goed as moontlik te onderskei tussen die verskillende soorte MLI's wat aangetref word.

Ten aanvang word daar weer gekyk na die begrip MLI self. Ter aanvulling van die definisie van die MLI wat in 3.5 gegee is, word Rosamund Moon (1988) se omskrywing van 'n idioom betrek omdat dit ook die standpunt is wat hier ingeneem word. Haar opsomming van die insiggewendste kriteria kan gesien word as 'n sametrekking van die kenmerke van MLI's wat volledig in hoofstuk 3 bespreek is. Sy gebruik die term *idioom* soos wat ek die term *MLI* gebruik - as 'n sambreelterm vir enige opeenvolging van twee of meer woorde wat saam as eenheid funksioneer. Die laaste deel van die vorige sin ("wat saam as 'n eenheid funksioneer") moet natuurlik verduidelik word om die gevaar van 'n sirkeldefinsie (wat part en deel skyn te wees van 'n gesprek oor MLI's en idiome) te verminder.

Leksikale eenheid impliseer dan vir Moon die volgende:

1. Daar is 'n opvallende mate van *semantiese spesialisering*. Die spesialisering kan daarin geleë wees dat die MLI niekomposisioneel is, m.a.w. daar is 'n verskil tussen die semantiese waardes van die individuele elemente in die string en die betekenis van die string as 'n geheel, of daar is pragmatiese of diskoers-spesialisering. Die betekenis van die geheel is telkens meer as die som van sy dele.

2. Die string is dikwels vas op die een of ander manier. Daar is met ander woorde die een of ander sintaktiese of morfologiese beperking binne die string.

3. Die string is *geïnstitutionaliseer* - dit word m.a.w. herken en gebruik as 'n MLI.

Aan die hand van hierdie kriteria kan elke moontlike MLI getoets word, om te bepaal watter verbindings wel tot die groot groep behoort of om 'n soort glyskaal daar te stel.

Wanneer dit kom by 'n klassifikasie van MLI's in Afrikaans, is die eerste vraag na die kriteria wat gebruik kan word by so 'n klassifikasie. In paragraaf 7.2 word gekyk na werk wat gedoen is deur 'n aantal ondersoekers in 'n poging om meer duidelikheid te kry oor sulke kriteria en om 'n aanduiding te gee van die hoeveelheid werk wat reeds in Engels, Duits en Nederlands gedoen is op die gebied.

Die heterogeniteit van die MLI in Afrikaans (en ander tale) sorg daarvoor dat daar met omsigtigheid te werk gegaan moet word:

Mehr noch als in anderen Bereichen der Sprache wird man sich in der Phraseologie vor starren Klassifikationsschemata hüten (Burger, Buhofer & Sialm 1982:20).

Klassifisering behoort nie 'n doel op sigself te wees nie. Sulke werk het slegs sin wanneer bepaalde insigte daaruit na vore kom - insigte wat maklik kan verdwyn as MLI's as 'n groot groep bespreek word. Die massa data maak so 'n groep taamlik onoorsigtelik. Uit die bespreking van die soorte MLI's in Afrikaans wat volg, sal daar hopelik sulke insigte na vore kom. Uit die oorsig in paragraaf 7.2 word dit duidelik dat dié insigte

gekoppel word aan die hoek (sintakties, semanties) waaruit daar na 'n bepaalde MLI gekyk word. Hoe groter die verskeidenheid van invalshoeke, hoe groter die insig.

Die res van hoofstuk 7 en ook hoofstuk 8 word dan gewy aan die beskrywing en ontleding van dié tipe MLI's wat volgens my in Afrikaans aangetréf word. Aspekte van die aard van die MLI wat in vorige hoofstukke belig is, word weer betrek in hierdie hoofstukke.

7.2 Klassifikasiesisteme in geselekteerde literatuur

By die bespreking van die volgende klassifikasies van verskillende outeurs moet daar in gedagte gehou word dat dit nie altyd alle MLI's is wat in aanmerking geneem word nie. Dikwels val die klem slegs op *idiome*, d.w.s. dié MLI's waar komposisionaaliteit geen rol speel nie. (Vergelyk 7.3.5 oor *idiome* as sodanig.)

7.2.1 Makkai

Makkai se *Idiom Structure in English* (1972) is 'n baie omvattende werk oor *idiome* in Engels. In hierdie werk klassifiseer hy op strukturele gronde verskillende idioomtipes in Engels.

7.2.1.1 Enkoderings- en dekoderingsidiome

Om die verwarring omtrent *idiomatisiteit* uit die staanspoor uit die weg te ruim, tref Makkai 'n onderskeid tussen *enkoderings-* en *dekoderingsidiome*. Hy is veral geïnteresseerd in *dekoderingsidiome* soos om die bul by die horings te pak, waar die betekenis van die uitdrukking anders gedekodeer moet word as om die betekenis van die individuele komponente bymekaar te tel. *Enkoderingsidiome* vertoon die eienaardighede van 'n bepaalde taal. Dit is byvoorbeeld *idiomatiese Engels* om

te sê he drove at 70 m.p.h. In Afrikaans is dit korrek om te sê hy ry teen 70 m.p.u. Semanties is daar geen probleme by die dekodering van hierdie sinne nie, maar niemoedertaalsprekers sal sulke "idiome" moeilik produseer. Dekoderingsidiome is moeilik om te verstaan én om te produseer. Dekoderingsidiome is tegelykertyd ook enkoderingsidiome.

7.2.1.2 Lekseem- en semeemidiome

Uitgaande van die konsepte van die Stratifikasieteorie onderskei Makkai twee (moontlik drie) idiomatisiteitsgebiede in Engels. Die eerste tipe idioom wat hy onderskei, is die lekseemidioom, 'n polileksoniese (d.i. meerwoordige) lekseem. Lekseemidiome word veral gekenmerk deur hulle vermoë om die hoorder te mislei (Makkai 1972:122). Uit hierdie definisie vloei die veel aangehaalde onderskeid wat Makkai tref tussen egte en pseudo-idiome voort. Uitdrukkings soos **kith and kin** en **spick-and-span** kan nie 'n hoorder mislei nie, omdat die unieke elemente in dié idiome nie iets beteken buite die idioom nie. Hulle is volgens Makkai nie ware idiome nie. (Ondersoekers soos Weinreich (1969) en Fernando & Flavell (1981) is ook dié mening toegedaan.)

Makkai onderskei die volgende soorte lekseemidiome:

1. Deeltjiewerkwoorde (**make up, turn out**)
2. Tournures (**kick the bucket, fly off the handle**)
3. Onomkeerbare binomiale (**back and forth**)
4. Komposita (**hot dog, blackmail**)
5. Pseudo-idiome (**lo and behold, to and fro**)

Semeemidiome is polisememiese sins- of woordgroeputings. Met 'n semeemidioom word 'n hele netwerk van onvoorspelbare geïnstitusionaliseerde kulturele en pragmatiese kennis geaktiveer. Tipiese semeemidiome is spreekwoorde en gesegdes soos **don't count your chickens**

before they're hatched, aanhalings, beleefdheidsformules, ens. Makkai praat van 'n *hipersememiese* verbinding tussen byvoorbeeld 'n spreekwoord en die "lessie" wat daarin opgesluit word. Die "hipersememiese netwerk" is die hele kultuur van die moedertaalspreker.

'n Moontlike derde idiomatisiteitsgebied is dié van kulturele idiome, wat afhanklik is van 'n bepaalde soort kulturele kennis.

7.2.1.3 Kritiek teen Makkai

Fernando & Flavell (1981) is onder andere krities oor Makkai se onderskeid tussen lekseem- en semeemidiome omdat daar volgens hulle nie 'n fundamentele verskil tussen die twee soorte idiome is nie. Makkai is ook nie besonder oortuigend in sy argumentering oor dié onderskeid nie (vergelyk 7.3.4?). Sodra mens egter begin praat oor die aard van die gemotiveerdheid by idiome, word die konsep van 'n hipersememiese netwerk bruikbaar. Dit lyk vir my tog nuttig om so 'n basis te hê vir die onderskeid tussen bepaalde soorte idiome.

7.2.2 Burger

Burger (1973) onderskei in navolging van Makkai (1972) drie tipes idiome: (1) idiome wat soos 'n leksikale item in 'n sin ingevoeg kan word; (2) spreekwoorde en verwante verskynsels wat soos sinne optree; (3) pragmatiese idiome. Binne die eerste groep (dié wat Makkai *lekseemidiome* noem) kan dan verbale, nominale en adverbiale idiome onderskei word.

Die waarde van Burger (1982) [in Burger, Buhofer & Sialm (1982)] se klassifikasie van Duitse MLI's, is dat hy onderskei tussen die verskillende klassifikasiekriteria wat gebruik kan word - sintaktiese, semantiese, ensovoorts.

7.2.2.1 Sintakties

Burger gee die volgende sintaktiese klassifikasie (vir sy Duitse voorbeelde het ek Afrikaanse ekwivalente gesoek):

1. MLI's kleiner as 'n sinsdeel:

Hieronder groepeer hy MLI's in die rol van konjunkte, voorsetsels of adjektiewe:

groepsetsels soos **aan die hand van, in die lig van** en binomiale soos **finish en klaar**.

2. MLI's in die funksie van 'n sinsdeel (onderwerp, voorwerp, predikaat)

Jan Burger, gebore in staat (wees),

3. MLI's in die funksie van meer as een sinsdeel (predikaat + voorwerp, predikaat + bywoord)

**in die stof byt
steen en been kla
iemand ore aansit**

4. MLI's as volle sinne

Dit gaan klopdisselboom en spreekwoorde soos die oggendstond het goud in die mond.

Wat Burger hier doen, is om die MLI's volgens hulle vormlike (interne) struktuur te klassifiseer. Dit is nie 'n baie bevredigende soort klassifikasie nie - iets waarop Burger self wys. Sintaktiese en semantiese insigte kom nie noodwendig ooreen in so 'n klassifikasie nie. **Steen en been** in **steen en been kla** is byvoorbeeld formeel gesien die voorwerp van die werkwoord, maar semanties

tree die twee woorde as bywoord by die werkwoord op. 'n Streng formele strukturele klassifikasie loon volgens hom dus nie die moeite nie.

7.2.2.2 Semanties

Burger verwys na die klassifikasie van Pilz (vergelyk hiervoor ook Pilz (1983)) van MLI's in endosemiese en eksosemiese MLI's (vergelyk 7.2.5). Burger beskou 'n semantiese klassifikasie as van groter belang as 'n sintaktiese klassifikasie. Hy kom tot die gevolgtrekking dat daar nog nie 'n beter klassifikasie gegee kan word as die volgende nie:

1. ongemotiveerde MLI's
2. deelsgemotiveerde MLI's
3. gemotiveerde MLI's wat direk of metafories gemotiveerd kan wees

7.2.2.3 Strukturesemantiese mengklassifikasie

So 'n mengklassifikasie kan 'n goeie aanduiding gee van die wye verskeidenheid tipes MLI's wat aangetref word vanaf spreekwoorde en "fraseologiese gehele" tot binomiale en vergelykings. Hy onderskei hier 'n aantal groepe, onder andere: fraseologiese gehele (iets op die lange baan skuif), fraseologiese verbindings (die koue oorlog), "modelverbindings" ('n man van formaat) vergelykings (so dood soos 'n mossie), "tweelingformules" (binomiale) (heen en weer), terme (die Rooi kruis, vrye radikale) en spreekwoorde.

7.2.2.4 Pragmaties

Laastens wys Burger daarop dat MLI's ook geklassifiseer kan word volgens hulle pragmatiese gedrag. Die meeste MLI's skyn pragmaties neutraal te wees, maar voorbeelde

van pragmaties gemerkte MLI's is onder andere die groet- en hoflikheidsformules.

Hy wy besondere aandag aan twee tipes MLI, te wete gevleuelde woorde en kinegramme.

7.2.3 Fleischer

Fleischer (1982) gee 'n uitvoerige klassifikasie en beskrywing van fraseologies in Duits. Ook hy gebruik sintaktiese, morfosintaktiese en semantiese kriteria om sodoende telkens die klem anders te laat val. Hy onderskei 'n wye verskeidenheid soorte MLI's en sonder onder andere dié met eiename as komponente (**die ware Jakob**), vergelykings (**skel soos 'n viswyf**) en binomiale (**vuur en vlam wees**) uit.

7.2.4 Pilz

Pilz (1983) wys op onder andere die volgende kriteria wat gebruik kan word om 'n volledige klassifikasiesisteen daar te stel: semantiese, strukturele / morfosintaktiese, sintaktiese, stilistiese, retoriese, sosiokulturele en pragmatiese kriteria. Met behulp van soveel kriteria kan die MLI-skat in 'n taal waarskynlik taamlik uitputtend beskryf word.

7.2.5 Fillmore, Kay & O'Connor

Fillmore, Kay & O'Connor (1988) onderskei op verskillende gronde tussen soorte idiome. Hierdie verskille tussen idiome kan 'n basis bied vir 'n tipologie van idiome.

1. Die eerste onderskeid wat hulle tref, is in navolging van Makkai dié tussen enkoderings- en dekodeeringsidiome.

2. Grammatikale en niegrammatikale idiome.

'n Grammatikale idioom is byvoorbeeld **kick the bucket**; 'n niegrammatikale idioom soos **all of a sudden** het 'n anomale grammatiese struktuur.

3. Idiome wat leksikaal gevul is (*substantive idioms*) en formele idiome (leksikaal oop).

Leksikale idiome is leksikaal reeds min of meer ten volle gespesifiseer. Formele idiome is sintaktiese patrone wat spesifieke semantiese en/of pragmatiese funksies het. Voorbeelde hier is die sintaktiese patrone **the X-er the Y-er** soos in

The more carefully you do your work, the easier it will get

en **X let alone Y** soos in:

I barely got up in time to eat lunch, let alone cook breakfast.

4. Idiome met en sonder pragmatiese funksies.

Sekere MLI's word gebruik om 'n bepaalde pragmatiese doel te dien, maar dit lyk asof die meeste pragmaties neutraal is.

Fillmore, Kay & O'Connor gaan dan voort om leksikale idiome en formele idiome onder drie verskillende struktuurtypes te bespreek. Vir dié drie tipes gebruik hulle twee leksikale en grammatikale aanwysers naamlik die konsepte *familiar* en *unfamiliar* en onderskei dan die volgende kategorieë:

1. Unfamiliar pieces unfamiliarly arranged.

Hier is daar sprake van idiome met unieke elemente, soos **kith and kin**. 'n Formele idioom soos **the X'er the Y'er** val ook in hierdie groep. Volgens Fillmore e.a. is hierdie gebruik van die vergelykende konstruksie uniek:

the use of the definite article that we find in this construction is not, as far as we can tell, found generally elsewhere in the language; nor is the two-part structure uniting the two atypical *the*-phrases found in any of the standard syntactic forms in English (Fillmore e.a. 1988:507).

2. Familiar pieces unfamiliarly arranged.

Leksikale idiome soos **in point of fact** en die formele idioom **second cousin three times removed** val in hierdie kategorie.

3. Familiar pieces familiarly arranged

Hierdie tipe idiome, wat grammatikaal en leksikaal normaal is, word aan hulle idiomatiese betekenis uitgeken - die sogenaamde egte idiome van Makkai, dus.

Leksikale idiome in hierdie groep is **to pull someone's leg** en 'n formele idioom is byvoorbeeld **let alone**.

Dit is duidelik dat Fillmore en kie nie die onderskeid tussen pseudo-idiome en egte idiome wat so belangrik is vir Makkai en Fernando & Flavell as 'n fundamentele onderskeid sien nie.

7.2.6 Gläser

Gläser (1988) maak gebruik van die begrippe *kern* en *rand* in haar taksonomie van fraseologiese eenhede. Sy gebruik hier nie idiomatisiteit as die basiese kriterium nie, maar eerder die grootte van die MLI. In die sentrum of kern van die fraseologiese sisteem in Engels plaas sy dié MLI's met 'n nominatiewe funksie, soos **bred in the bone, to rack one's brain, by leaps and bounds**. Naas hierdie kerngroep plaas sy MLI's wat deel vorm van proposisies, soos **a rolling stone, bread and butter, to fight like cat and dog**. Die randgroep bestaan uit spreekwoorde, gemeenplase, slagspreuke e.d.m. en hulle is almal proposisies in eie reg.

7.2.7 Klimaszewska

Klimaszewska (1990a) onderskei 'n tipe MLI in Nederlands, die verbale fraseologisme, wat sy uitvoerig struktureel en semanties bespreek. Voorbeelde van verbale fraseologiese is **luchtkastelen bouwen, zijn eigen graf graven, duizend angsten uitstaan, met lange tanden eten**. Struktureel word hulle ingedeel in groepe soos S + V (**afscheid nemen**); [Adj + S] + V (**een zwaar kruis dragen**); pS + V (**tot uitdrukking brengen**) ens. Semanties onderskei sy ook (vergelyk ook Burger (1982) en Pilz (1983)) tussen endosentriese en eksosentriese fraseologiese. In 'n endosentriese verbinding behou die werkwoord sy gewone betekenis in 'n parafrase van die uitdrukking:

met een open mond luisteren - "aandachtig luisteren".

In 'n eksosentriese verbinding vorm die werkwoord nie meer die kern van die groep nie. Die verbale en die nieverbale komponente detymer mekaar: **hoofd boven water houden** - "niet ondergaan". Sy gee veral aandag aan die tipe met 'n sogenaamde leë of swak werkwoord: **een**

besluit nemen, een bezoek brengen en onderskei hier weer subgroepe.

Mens vermoed dat haar klassifisering van verbale MLI's in Nederlands ook veel te sê kan hê vir Afrikaanse MLI's.

7.2.8 Korhonen

Korhonen (1992) stel voor dat idiome eerstens ingedeel word volgens hulle basiskomponente in verbale, substantiewiese, adjektiewiese of adverbiale idiome en vervolgens volgens hulle funksie in 'n sin as onderwerp, voorwerp, predikaat, attribuut of bywoord. Syne is dus 'n sintaktiese klassifikasie.

7.2.9 Verstraten

Verstraten (1992) wys op die verskillende sintaktiese verskyningsvorme wat vaste uitdrukkings kan hê. As sinsdele kan hulle ingedeel word in nominale, verbale, adjektiewiese, adverbiale en voorsetselverbindings. Hulle kan ook as sinne optree. Vervolgens onderskei sy dan die struktuurtypes vergelykings, binomiale en MLI's met unieke elemente.

7.3 Soorte MLI's in Afrikaans

Uit die voorafgaande oorsig behoort dit duidelik te wees dat die aantal klassifikasiemoontlikhede geweldig groot is (Pilz 1983 illustreer dit goed). MLI's kan duidelik uit 'n verskeidenheid gesigspunte bekyk word.

Burger se werk gee byvoorbeeld 'n goeie aanduiding van die probleme waarmee mens sit as daar gepoog word om MLI's te klassifiseer. Die beskrywingsprobleme spruit regstreeks uit die heterogeniteit van MLI's - vergelyk Korhonen (1992:14). Die groeperinge is byvoorbeeld nie altyd disjunk nie, maar oorvleueling vind plaas. Die

verskillende groeperinge laat telkens die klem op ander aspekte van MLI's val.

Daar is geen "absolute" klassifikasie moontlik nie - daarvoor is die verskynsel te heterogeen.

Met al dié verskillende klassifikasies in gedagte, kan mens miskien 'n onderskeid soos die volgende begin tref waarin *idiomatisiteit* die klassifikasienorm is. Daar word dan onderskei tussen idiomatiese en nie-idiomatiese MLI's met pragmatiese MLI's as 'n derde groep (vergelyk byvoorbeeld Everaert et al (1995:4) hier:

Idiomatiese MLI's

Binne die groep idiomatiese MLI's is daar wisselende grade van idiomatisiteit. Sentraal binne die groep MLI's (ook sentraal in die belangstellingsveld van die meeste ondersoekers) staan die prototipiese idioom - dié verbinding van woorde waar die betekenis taamlik radikaal verskil van die komposisionele betekenis van die woorde binne die idioom en waarvan die vorm baie vas is. Die prototipiese voorbeeld hier is **to kick the bucket** - 'n voorbeeld waarsonder bykans geen ondersoeker blykbaar kan klaarkom nie!

Ander idiomatiese MLI's is byvoorbeeld:

- idiome op sinsvlak soos spreekwoorde en gesegdes (**hoe groter pronker, hoe kaler jonker**)

- idiome op frasevlak soos formele idiome (**hulle sê , X let alone Y**) en nominale, adjektiewiese en voorsetselselfrases ('n **vars briesie**).

Nie-idiomatiese MLI's

Hieronder word MLI's ingesluit wat meer deursigtig, komposisioneel of analiseerbaar is as die idiome wat hierbo genoem is. Dit sluit MLI's in soos:

Binomiale: **moeder en kind**

Vergelykings: **so swaar soos lood**

Of kollokasies (**sterk tee**) en verbindings met leë werkwoorde ('n vraag **vra**) MLI's is soos wat Everaert (1995) impliseer, is 'n vraag waarop ek later 'n antwoord probeer gee.

MLI's met pragmatiese spesialisering

Sulke MLI's is nie noodwendig idiomaties in die sin dat hulle volkome niekomposisioneel of ondeursigtig is nie - soos **dames en here, hoe gaan dit** - maar vervul 'n spesifieke pragmatiese funksie wat nie sonder meer af te lei is uit die komposisionele betekenis van die verbinding nie.

Die bestaande literatuur in Afrikaans (Ponelis 1989b; Gouws 1990) dui op die volgende struktureelsemantiese indeling van MLI's:

- Leenwoordgroepe (**ex post facto, alma mater**)
- Groepsetsels (**aan die hand van**)
- Sirkumposisiesetsels (**van nou af**)
- Vaste uitdrukkings (**tussen die boom en die bas**)
- Deeltjiewerkwoorde (**opklim, dophou**)

Om 'n formele of strukturele klassifikasie aangevul deur semantiese kriteria te gebruik as basiese uitgangspunt lyk vir my om die volgende redes bevredigend:

1. Groepe MLI's wat struktureel en vormlik gesien baie duidelik bymekaar hoort, kan bymekaar gegroepeer word. Ek dink veral aan leenwoordgroepe (wat tussen hakies met uitsondering van Gouws (1989b; 1990) feitlik nie vermeld word in die literatuur nie), meerwoordsetsels (groepletsels en sirkumposisiesetsels), ander onderbroke MLI's en deeltjiewerkwoorde.

2. Idiome of vaste uitdrukkings (dit is idiome in 'n baie spesifieke sin van die woord, vergelyk 7.3.4) word in so 'n klassifikasie baie duidelik afgebaken van ander MLI's. Hulle verkry sodoende 'n prominensie wat die aansien wat hulle nog altyd geniet het, weerspieël.

3. Idiomatisiteit word in so 'n indeling nie dié kenmerk waarmee tussen verskillende soorte MLI's onderskei word nie. In stede daarvan word gepoog om telkens aan te dui dat idiomatisiteit skalig is.

Idiomatisiteit sny deur feitlik alle indelings. Deeltjiewerkwoorde vertoon byvoorbeeld die hele spektrum vanaf idiomaties tot komposisioneel. Vergelyk byvoorbeeld **uitkom** (deursigtig en komposisioneel), **uitmoor** (deelskomposisioneel) en **uitvreet** (ondeursigtig en niekomposisioneel). Binomiale en vergelykings, om twee ander soorte te noem, is net so divers. Vergelyk die verskillende grade van idiomatisiteit in **sout en peper**, **kop aan kop**, **pimpel en pers**, **land en sand**; **so swart soos 'n kraai**, **so taai soos 'n ratel**, **so dood soos 'n mossie**.

Idiomatisiteit kan dus gebruik word om binne 'n groter groep tussen soorte MLI's te onderskei.

In aansluiting by Ponelis en Gouws vertrek ek dus vanuit 'n struktureelsemantiese klassifikasie en onderskei die volgende tipes MLI's in Afrikaans:

1. Meerwoordsetsels (**onder leiding van**)

2. Leenwoordgroepe (**ex post facto, alma mater**)
3. Idiomatiese formules (**so (skelm) as wat kan kom**)
4. Deeltjiewerkwoorde (**ingaan, gadeslaan**)
5. Idiome (vaste uitdrukkings) (**tussen die boom en die bas**)

Daar word ook gekyk na 'n paar tipes MLI's wat op grond van vormlike of ander eienskappe uitgesonder kan word: pragmatiese MLI's, kinogramme, binomiale, vergelykings, spreekwoorde, verwysings en aanhalings.

Binne die verskillende groepe sal subtipies aangedui word. Die groepe sluit mekaar nie noodwendig uit nie. Deeltjiewerkwoorde waarvan die deeltjie self meerwoordig is, soos **om die bos lei** en **aan die hand doen** kan ook beskou word as werkwoordelike idiome; baie binomiale maak deel uit van groter idiome soos **gesels land en sand**; spreekwoorde kan beskou word as 'n soort idioom, sirkumposisiesetsels is ook 'n soort idiomatiese formule ensovoorts. Die indelings wat hieronder gemaak word, word nie voorgedra as 'n rigiede klassifikasie waar lidmaatskap in die een groep lidmaatskap in 'n ander uitsluit nie. Ook om hierdie rede is 'n model van strukturele of vormlike klassifikasie gekies.

7.3.1 Meerwoordsetsels

Ponelis (1989a) onderskei twee soorte meerwoordsetsels in Afrikaans te wete groepsetsels (**aan die hand van**) en sirkumposisiesetsels (**van ... af in van nou af**).

7.3.1.1 Groepsetsels

Groepsetsels tree as 'n geheel soos enkele leksikale items, soos simplekse setsels, op: **onder leiding van, ten gunste van, deur middel van, by gebrek aan, in stede van, ten behoeve van, uit hoofde van, by monde van.**

Groepsetsels is vormlik interessant. Die eerste twee woorde in 'n groepsetstel vorm saam 'n eenheid, die presetstel, wat histories uit 'n setselsgroep ontwikkel het (Ponelis 179:173 e.v.). Unieke of argaïese elemente is dikwels deel van groepsetsels. Die vorms **ten/ter** word byvoorbeeld nog baie aangetref en beïnvloed die fleksie van die daaropvolgende naamwoorde: **ten huise van, ten tyde van, ten opsigte van, ten koste van, ter wille van, ter ere van**. Die naamwoorde binne groepsetsels het nie altyd leksikale-itemstatus buite die groepsetsels nie: **stede, spyte, behoefte en weerwil** byvoorbeeld (vergelyk ook Ponelis 1979:174).

Die aard van die naamwoordelike aanvulling het implikasies vir die leksikale eenheid van die presetstel. As die ou naamwoordelike aanvulling in die presetstel nog as naamwoord geïdentifiseer kan word, kan voorbepalings binne die groepsetstel gebruik word (Ponelis 1979:175):

**in samewerking met x in noue samewerking met
 onder die beheer van x onder die strenge beheer van.**

Daar kan dus woorde toegevoeg word tot die presetstel. Die vastheid van die verbinding is relatief - so ook die hegtheid van die strukturele eenheid van die groepsetstel. In dié groepsetsels waar die ooreenkoms tussen die naamwoordelike aanvulling en naamwoorde wat tans in die taal aangetref word, vervaag het, vorm die presetstel stuktureel een woord: **ten spyte van, ten behoefte van, te midde van**. Die presetstel en die tweede lid van die groepsetstel kan geskei word deur bywoorde: **ter wille dus van groter helderheid**.

Leksikologies gesien, is hulle volwaardige leksikale items. Hulle is meerwoordig, maar verrig dieselfde funksie as 'n simplekse leksikale item. Hulle kan byvoorbeeld deur simplekse setsels vervang word: **ten tyde van haar siekte en tydens haar siekte, aan die hand van**

en volgens, met behulp van en met ensovoorts. Vervanging deur 'n eenwoordsinoniem is een van die kriteria wat Zgusta (1971) noem vir die herkenning van MLI's. Behalwe vir die **-kant-** en **plaasgevalle** (Ponelis 1979:176), waar daar 'n ontwikkeling was van groepvoorsetsel tot simplekse setsel (**in plaas van word plaas, aan die bokant van word bokant**), vorm die hele groepsetsel 'n leksikale eenheid en word so gebruik.

Hulle vorm ook 'n betekeniseenheid. Die presetsel se betekenis kan soms minder deursigtig en idiomaties wees: **aan die hand (van)**, (vergelyk 6.3.7) maar ook meer deursigtig en selfs komposisioneel: **ten tyde (van)**, **in antwoord (op)**, **by monde (van)**. Die semantiese swaartepunt lê in elk geval by die tweede komponent van die presetsel, normaalweg die tweede woord in 'n groepsetsel. Dit is as gevolg van die semantiese gewig van dié woorde dat hulle tradisioneel - en dikwels ten onregte - onder hierdie lemmas in woordeboeke verklaar word. Soms is daar inderdaad ook semantiese ooreenkomste tussen die woord in die groepsetsel en die vormlik ooreenstemmende leksikale item: **in die lig van, ten koste van**. Soos by die ander MLI's wat onderskei word, is daar sprake van wisselende grade van idiomatisiteit ook by die groepsetsels.

Gouws (1989b) lewer kritiek teen die huidige woordeboekpraktyk wat nie erkenning gee aan die status van groepsetsels as MLI's nie. Hulle word nie as selfstandige leksikale items opgeneem nie, maar word as mikrostruktuurelemente in die artikel van die tweede komponent van die presetsel opgeneem - as deel van 'n ander lemma dus. Vergelyk Gouws (1989b:103 e.v.) vir leksikologiese en semantiese kritiek teen dié manier van opname.

Daar kan min twyfel wees dat groepsetsels MLI's is en hierdie status behoort ook deur woordeboeke aan hulle toegeken te word.

7.3.1.2 Sirkumposisiesetsels

Sirkumposisiesetsels, die tweede tipe meerwoordsetsel, is een van die soorte onderbroke MLI's wat ons in Afrikaans aantref. Onderbroke MLI's word tydens gewone taalgebruik deur ander leksikale elemente van mekaar geskei. (Gouws 1989b:106, Gouws 1990:266). (Die onderbroke MLI's word ook as idiomatiese formules verderaan bespreek.)

Die voor- en agtersetsel in die volgende voorbeelde is interafhanklik van mekaar en die een tree nie sonder die ander op nie: **VAN gister AF, DEUR al die probleme HEEN, OP een NA, OP die gevaar AF, TOT satwordens TOE**. Nog voorbeelde is onder andere **oor...heen, buite...om, tussen ...deur, op..af** (vergelyk Ponelis 1979:176 e.v.) Dit is nie moontlik om enige voorsetsel met enige agtersetsel so te verbind nie - die groep is vas. Die twee setsels vorm saam 'n leksikale eenheid en vorm die aanloop en slot van 'n groter woordgroep. Die setselaanvulling, met ander woorde dit wat tussen die twee sirkumposisiekomponente staan, word telkens deur ander leksikale items ingevul. Die setselaanvulling is nie 'n vaste deel van die MLI wat gevorm word deur die twee setsels nie, maar is 'n noodsaaklike deel van die hele formule. Die formule kan as volg geformaliseer word: **X...Y**. Dit kan nie na willekeur ingevul word nie. Die sirkumposisiesetsels sal bepaal wat die aard van die setselaanvulling kan wees.

van ... af kan byvoorbeeld 'n temporele of lokatiewe aanvulling kry. Dit kan 'n bywoord wees: **van gister / nou / môre / hier af**; of 'n naamwoordstuk: **van die huis / die eerste dag af**.

By **tot ... toe** is daar 'n klein paradigma van woorde wat ingevul kan word: **satwordens, oorlopens, vervelens**. Hierdie woorde kom nie as leksikale items buite die uitdrukking voor nie, wat impliseer dat nie alleen die

sirkumposisiesetsels nie, maar die hele uitdrukking, 'n MLI is.

op ... na vereis weer dikwels 'n telwoord as aanvulling: **op drie (deelnemers) na**. Vergelyk ook: **op hierdie uitsondering / enkele gevalle na**.

Die verhouding tussen sirkumposisiesetsels en ander simplekse setsels is interessant en betref ook hulle status as meerwoordige leksikale items. Gouws (1989b:106 e.v.) wys daarop dat die komponente van baie sirkumposisiesetsels vormlik en semanties ooreenkom met simplekse setsels. In sulke gevalle is die sirkumposisie-komponent en die simplekse setssel vormlike variante van dieselfde leksikale item. **deur** in **deur die jare heen**, die setssel **deur** en die bywoord **deur** is byvoorbeeld variante optredes van een leksikale item.

In ander gevalle is daar egter 'n homonimiese verhouding tussen sirkumposisiesetsels en simplekse setsels. Die sirkumposisiesetssel kan as betekeniseenheid geleksikaliseer wees, soos wat die geval is by **op ... na** in **op twee na**. Die sirkumposisiesetssel beteken hier "behalwe" of "uitgesonderd" en het geen semantiese verband met die simplekse tyd- en/of ruimtesetsels **na** en **op** onderskeidelik nie. Waar daar sulke homonimiese verhoudings bestaan tussen sirkumposisiesetssel en simplekse setsels, is die sirkumposisiesetsels as eenhede leksikale items in eie reg.

Wat betref hulle relatiewe vastheid, idiomatiese betekenis en geleksikaliseerdheid, is meerwoordsetsels duidelik MLI's in Afrikaans.

7.3.2 Leenwoordgroepe

Onder *leenwoordgroep* verstaan ek die volgende:

1. 'n Groep woorde wat volgens sy spelling duidelik vreemd is, wat dit wil sê uit 'n ander taal oorgeneem is. Die "ander" taal is in die eerste plek Latyn, maar leenwoordgroepe uit Frans en baie beperk uit Italiaans kom ook voor.

2. Die woordgroep tree as 'n leksikale item met eenheidsbetekenis op.

Latyn

Uit die talle voorbeelde (WAT lys byvoorbeeld meer as 40 woordgroepe met ad +...) kan die volgende onder andere genoem word:

a capella, alter ego, alma mater, a priori, bona fide, in absentia, memento mori, nota bene, Deo Volente, de facto, et alia, et cetera, ex officio, ad hoc, Anno Domini, (conditio) sine qua non, contradictio in terminis, ex gratia, pro Deo, sito-sito, staus quo, vice versa, ad libitum, post mortem, cum laude, corpus delicto, in flagrante delicto, sub iudice, in camera, in memoriam, persona grata, persona non grata.

Frans

Die Franse leenwoordgroepe is nie so talryk soos die Latynses nie:

vis à vis, art nouveau, nouvelle cuisine, pas de deux, aide de camp, avant-garde, fin de siècle, à la carte, au revoir, bain marie, déjà-vu, eau de cologne, hors d'oeuvre, poste restante, cabernet sauvignon, carte blanche, nom de plume.

Italiaans

spaghetti bolognese, allegro ma non troppo.

7.3.2.1 Leenwoordgroepe as MLI's

"Leenwoordgroepe is tans die tipe multileksikale item met die frekwentste en mins omstrede optrede in Afrikaanse woordeboeke" (Gouws 1989b:98).

Die redes vir dié frekwente en onomstrede opname in woordeboeke is waarskynlik hulle status as *vreemde* MLI's asook hulle gespesialiseerde betekenis. Met die eerste oogopslag word hulle maklik herken as 'n aparte groep - hulle is opvallend nie-Afrikaans en vreemd. Volgens hulle spelwyse is hulle meerwoordig - 'n leenwoordgroep bestaan duidelik uit aparte woorde.

Leenwoordgroepe vorm nie 'n homogene groep MLI's nie. Subtipes kan onderskei word:

- *terme* soos **art nouveau, audi alteram partem**
- *uitdrukkings* soos **avant garde, cum laude, cherchez la femme**
- *spreekwoorde* of gevleuelde woorde soos **carpe diem**
- *variëteitname* soos **cabernet sauvignon**

7.3.2.1.1 Eenheidsbetekenis

Soos ander MLI's het hulle 'n eenheidsbetekenis. Deur na die parafrases van die betekenis van selfs net 'n klein aantal leenwoordgroepe te kyk, kan 'n paar algemene kenmerke van hulle betekenis al raakgesien word.

a capella: in kapelstyl, onbegeleid (sonder instrumentale begeleiding)

alter ego: ander ek

alma mater: voedende moeder - ere naam vir die onderwysinrigting waar 'n mens jou opleiding ontvang het

a priori vooraf beskou, vantevore

bona fide: te goeder trou

cum laude: met lof

contradictio in terminis: teenstrydigheid in redenering, in die woorde van 'n stelling

sub judice: nog in die hande van die reg, onbeslis

avant-garde: eerste linie (militêr); groep vooruitstrewende kunstenaars wat met nuwe vorme eksperimenteer

au revoir: totsiens

carte blanche: onbeperkte volmag

hors d'oeuvres: voorgereg; dit wat voorafgaan

nom de plume: skuilnaam, pseudoniem

poste restante: by die poskantoor gehou totdat die geadresseerde dit kom afhaal.

Uit die parafrases is dit duidelik dat die betekenis van die groepe nie deur 'n blote vertaling van die vreemde woorde weergegee word nie. Om **carte blanche** te kry, is iets meer en iets anders as om 'n skoon vel papier te kry. Om te sê **a capella** beteken "in kapelstyl" gee nog nie die betekenis presies genoeg weer nie. Dit word naamlik gebruik om aan te dui dat die sang ongeleed is. Vergelyk ook die letterlike betekenis van die Latynse uitdrukking **sine qua non** ("sonder wat nie") met sy groepsbetekenis ("noodsaaklike voorwaarde"). Die tydskrif *De Kat* het dié uitdrukking byvoorbeeld gebruik op sy buiteblad, om daarmee aan te dui dat dié tydskrif 'n noodsaaklike voorwaarde is. Waarvoor dit noodsaaklik is, word dan oorgelaat aan die verbeelding van die lesers van die tydskrif. Die blote gebruik van so 'n Latynse uitdrukking plaas die tydskrif in 'n sekere register. Oor die algemeen is leenwoordgroepe stilisties en wat betref die register gemerk.

Soos hierbo gesien, is die betekenis van die leenwoordgroepe nie sonder meer komposisioneel nie. Hulle betekenis is dikwels meer as die som van die betekenis van die dele. Dit is reeds die geval in die betekenis wat so 'n uitdrukking in die oorspronklike taal het. Hulle

word met (uitgebreide) betekenis en al uit die vreemde taal oorgeneem, wat 'n aanduiding van hulle leksikale-itemstatus is. Semantiese spesialisering was deel van hulle betekenis voor ontlening en dikwels juis die rede vir ontlening - mens dink hier byvoorbeeld aan die talle Latynse regsterme.

Die betekenis van die spreekwoord-leenwoordgroepe is weer spesiaal op 'n ander manier. Hulle is dikwels aanhalings en lewenswysede tegelyk. Die lewensiening van 'n hele kultuur kan opgesluit lê in so 'n spreekwoord: **carpe diem, ecce homo, alea jacta est, de mortuis nil nisi bene bonum, ex Afrika semper aliquid novi, memento mori.**

Hierdie klassieke spreekwoorde toon ooreenkomste met ander MLI's omdat hulle ook as gehele met 'n gespesialiseerde eenheidsbetekenis (wat meer is as die som van die dele) geken en gebruik word. **Alea jacta est** beteken byvoorbeeld meer as die vertaling ("die lot is gewerp") en word gebruik om te sê dat 'n beslissende stap geneem is.

Alle vreemde spreekwoorde, segswyses, gevleuelde woorde, aanhalings en dergelike meer soos dié wat pas aangehaal is, kan sekerlik nie sonder meer beskou word as deel van die Afrikaanse taalskat nie. Soos vakterme is baie van hulle net aan 'n klein groepie taalgebruikers bekend. Hulle behoort tot 'n meer algemene ensiklopediese vorm van kennis wat nie spesifiek gekoppel is aan die woordeskat nie, maar wat daarin uitdrukking kry. Vergelyk ook 8.6 in verband met aanhalings.

Die gebruik van so 'n aanhaling in 'n koerant wat vir die algemene publiek bedoel is, is egter wel 'n aanduiding van sy geïnstusionaliseerde status. Vergelyk byvoorbeeld die *Vrye Weekblad* se vraag in 'n opskrif aan genl. Constand Viljoen: **Quo Vadis Generaal?** wat tegelykertyd ook 'n verwysing is na dr. Malan se vraag

aan die Afrikaner. (Volgens Van Dale word dié woorde oorspronklik aan Petrus toegeskryf. Terwyl hy aan 't vlug is uit Rome ontmoet hy Jesus wat na Rome op pad is en hy vra Hom dan: "Quo Vadis?". Die oorspronklike verwysing het waarskynlik al dermate vervaag dat taalgebruikers dit nie meer herken nie.)

Wisselende grade van deursigtigheid en idiomatisiteit is 'n kenmerk van MLI's. Die deursigtigheid van leenwoordgroepe is gekoppel aan die kennis van die taalgebruiker. Afhangende van die spreker se kennis van die vreemde tale kan die groep komposisioneel verstaan word - wat deursigtigheid in die hand kan werk - of dit kan heeltemal niekomposisioneel en ondeursigtig wees. Vir die deursneetaalgebruiker is hulle vreemd en die betekenis van die individuele woorde binne die groep onbekend, terwyl die eenheidsbetekenis wel geken word.

7.3.2.1.2 Ander aspekte

Benewens die feit van hulle eenheidsbetekenis blyk die leksikale-itemstatus van leenwoordgroepe ook uit die volgende aspekte.

- Hulle betekenis kan polisemies wees.

Hulle het dié kenmerk met ander leksikale items gemeen. **post mortem** kan naas sy betekenis van "lykskouing" ook "nabetragting" beteken; **hors d'oeuvres** het 'n figuurlike betekenis: "wat voorafgaan". Vergelyk ook die inskrywing by **avant-garde** in die WAT:

1. (*mil.*) Eerste linie van 'n leër; voortroepe, voorhoede.
2. (*by uitbr.*) Groep vooruitstrewende s.b. v. [jong] kunstenaars wat met nuwe vorme eksperimenteer.

- Hulle kan soms vervang word met 'n Afrikaanse eenwoordsinoniem:

post mortem : lykskouing; nabetragting,

post scriptum : naskrif

et cetera: ensovoorts

fata morgana: lugspieëling

en soms met 'n groep woorde ('n ander MLI):

in flagrante delicto: op heterdaad

in camera: met geslote deure

nota bene: let wel

- Vastheid

Die woorde binne die leenwoordgroep kan nie vervang word nie. Dit is veral hulle vreemdheid wat hier verhinder dat hulle vervang kan word deur sinonieme. Om dieselfde rede is hulle ook vas wat hulle sintaksis en morfologie betref.

- Hulle is geïnstitutionaliseerd.

Vanweë onder andere hulle ondeursigtigheid, maar ook as gevolg van hulle geïnstitutionaliseerde aard, word hulle as gehele, soos eenwoorditems, aangeleer en gebruik. Hulle word gemaklik opgeneem in die sinstruktuur:

Advokaat Jordt het **pro Deo vir** Pienaar verskyn.

Die saak is nog **sub judice** en ek kan nie daaroor praat nie.

Slegs **de facto** politieke vlugteling word in die kampe toegelaat.

Die **bona fides** van sommige van die aansoekers word in twyfel getrek.

Sy hele oeuvre adem 'n **fin de siècle**-gees.

Ons sal D.V. môre hier wees.

Ekstra lede sal **ad hoc** aangestel word.

Sy **alma mater** het hom met 'n eredoktorsgraad vereer.

Vryheid van kreatiwiteit beteken nie kliënte kry **art nouveau** in plaas van advertensies nie.

- Hulle vorm deel van komposita:

in vitro-bevrugting, **prima facie**-bewyse, **ad hoc**-komitee, **ex officio**-lid.

- Die individuele woorde binne die groep word nie normaalweg buite die groep gebruik nie. Daar is wel gevalle soos die volgende:

Hy het **gecum**.

Ek maak kos **à la** Pretoria.

Ons kos is 'n voorbeeld van **haute Karoo**.

- Soms word afkortings in plaas van die hele groep gebruik:

ad lib, et al, D.V. c.v.

- Verafrikaansing van sommige groepe het hier en daar plaasgevind:

oliekolonie vir eau de cologne, per abuis (< per abussus).

Die verafrikaansing is waarskynlik die rede waarom die lemma **per abuis** nie in HAT opgeneem is nie, maar onder **abuis** aangehaal word.

- Leenwoordgroepe word soms in kollokasies saam met Afrikaanse woorde gebruik: **die status quo handhaaf**.

Baie van die leenwoordgroepe word in hoër registers of uitsluitlik as vakterme gebruik: **otitis media, in nuce,**

horribile visu. Latyn is veral gewild vir regsterme en in die medisyne; Franse terme word dikwels in die kookkuns en die wêreld van veral die beeldende kunste aangetref.

Leenwoordgroepe vorm 'n ondubbelsinnige subgroep van die MLI's in Afrikaans.

7.3.3 Idiomatiese formules

Vir die tipe MLI wat Fillmore, Kay & O'Connor (1988) 'n *formal idiom* noem, gebruik ek die term *idiomatiese formule*. Dié struktuurtype word ook deur ander ondersoekers onderskei. Verskillende terme kom voor. Fleischer noem hulle *Phraseoschablonen* en omskryf hulle as volg:

Es handelt sich um syntaktische Strukturen (...) deren lexikalische Füllung variabel ist, die aber eine Art syntaktischer Idiomatizität aufweisen (Fleischer 1982:135-6).

Burger (1982:34) praat van *Modellbildungen*.

Voorbeelde van sulke idiome is die volgende:

so (astrant) as wat kan kom
die (onskuld) (van)self
dis net (bloed) waar jy kyk
hoe (verder ons ry) hoe (warmer word dit)
hoe (later) hoe (kwater)
'n (man) van (formaat)
(dom) is (dom)
Wat 'n (skurk)!
So 'n (skelm)!
'n (blok/reus) van 'n (man/kêrel)
dit is om van te (lag/huil)
wie weet hoe (ver)
die moeder van alle (oorloë)

('n karnallie) **van die eerste water**
ek lag (hy kom iets oor)
des te (meer/harder)
(vyand) **nommer** (een)
(punt) **nommer** (twee)
sê nou (hulle kom nie weer terug nie)

Die idiomatiese formules vorm 'n heterogene groep. Wat hulle gemeen het, is dat hulle almal gekenmerk word deur 'n vaste sintaktiese struktuur, wat as 't ware 'n raam vorm wat deur leksikale elemente ingevul moet word. Die sintaktiese struktuur dra in sigself reeds betekenis en bepaal voorts ook met watter tipe woorde, woordgroepe of sinne die gleuwe gevul kan word. Behalwe vir dié bepaling is daar origins 'n vrye keuse van woorde wat as aanvulling by die formules kan dien. Die formules vorm nie volledige leksikale items op sigself nie - hulle moet aangevul word.

Volgens Fillmore, Kay & O'Connor (1988:505) is idiomatiese formules "(s)yntactic patterns dedicated to semantic and pragmatic purposes not knowable from their form alone".

Ter illustrasie:

Ek lag... beteken byvoorbeeld nie noodwendig dat daar gelag sal word nie, maar dui op 'n soort leedvermakerige behae in die "voorspelling" wat volg op die formule. **Ek lag** vereis dan ook 'n sin as invulling. Die uiting het 'n heel spesifieke pragmatiese betekenis.

In **die moeder van alle...** dui die formule daarop dat die substantief wat ingevul word die grootste, die belangrikste, die allervoorbeeld is van sy soort. Dié uitdrukking word sedert die Golfoorlog so baie gebruik dat daar inderdaad sprake is van leksikalisering.

So 'n.../ Wat 'n... word gebruik as uitroep van verontwaardigde ongelooft.

Sê nou ... met 'n sin as aanvulling, stel dikwels 'n toekomsgebeure wat tot 'n mate gevrees word of wat in ieder geval ongewens is, in die vooruitsig.

Uit bogenoemde voorbeelde is dit al duidelik dat die som van die dele van die formules nie genoeg is om hulle semantiese of pragmatiese betekenis te voorspel nie. In hierdie eienaardigheid van betekenis of gebruik is hulle idiomatisiteit geleë. Vir die moedertaalspreker is die kennis van sulke strukture of formules, met hulle spesifieke semantiese en pragmatiese waardes, deel van sy kennis van sy taal. Die niemoedertaalspreker deel nie noodwendig dié kennis nie, maar MLI's word natuurlik ook deur niemoedertaalsprekers aangeleer, waarskynlik op dieselfde wyse as wat moedertaalsprekers hulle leer.

Burger (1982) beskou ook die tipiese binomiale struktuur as 'n idiomatiese formule. Hy haal as voorbeelde van (dag) tot (dag) en von Mann zu Mann aan. Binomiale vorm egter duidelik 'n groep op hulle eie en hulle word nie in hierdie studie as idiomatiese formules beskou nie maar as MLI's in eie reg. Die skakel is nie iets wat na willekeur ingevul kan word nie, maar vorm 'n vaste deel van die MLI (vergelyk 8.4).

Met die MLI hoe later hoe kwater het ons 'n geval van 'n idiomatiese formule wat in 'n leksikale idioom gebruik word, waar nie net die formule nie, maar die hele uitdrukking vas is.

Daar kan gevra word of daar hoegenaamd sprake is van formules in die aangehaalde voorbeelde. Is hulle nie maar net MLI's met groot variasiemoontlikhede nie? So veel variasie by MLI's sou egter uitsonderlik wees. Dit lyk meer logies dat die taalgebruiker die formule ken en

gebruik, as dat hy alle moontlike uitdrukkings waarin die formule mag voorkom, sou ken.

'n Besondere tipe MLI, die korrelatiewe neweskickers, (Ponelis 1979:609) kan ook as 'n tipe idiomatiese formule beskou word. Gouws (1989b) noem hulle as een van die soort *onderbroke MLI's* wat mens kry. (Die ander tipe wat hy onderskei, is die sirkumposisiesetsels, wat ek as gevolg van hulle funksie by die meerwoordsetsels gegroep het.)

Voorbeelde hier is die volgende:

én (filosoof) én (kok)
óf (jy vertel my wat gebeur het) óf (ek vind self uit).
nóg...nóg
hetsy...hetsy
sowel ... as
nie alleen ... maar ook
beide ... en

Gouws (1983) verdeel korrelatiewe neweskickers in drie groepe, dié met, dié sonder en dié met gedeeltelike niekorrelatiewe neweskickerskorrelate. Op grond van die bestaan van die tipe *hetsy ... hetsy*, wat geen niekorrelatiewe korrelaat het nie en dus van meet af aan 'n korrelatiewe neweskikker is, kan gekonstateer word dat korrelatiewe neweskickers leksikale items uit eie reg is (Gouws 1989b).

Korrelatiewe neweskickers is interafhanklik (Ponelis 1979:609) en word as 'n paar geleksikaliseer. Hulle het 'n duidelike semantiese funksie wat hulle onderskei van ander neweskikkende konstruksies. Hulle is naamlik nadrukliker. Dit is hierdie semantiese funksie wat tot hulle leksikalisering lei (Gouws 1983).

'n Interessante gebruik van die korrelatiewe neweskikers kry mens waar hulle as eenheid per se, sonder invulling deur leksikale elemente, gebruik word:

Ons moet die een doen en die ander nie nalaat nie - nie óf...óf nie, maar én...én.

Die semantiese gewig van die formule is swaar genoeg sodat dit op sy eie, sonder leksikale invulling, kan optree.

Idiomatiese formules is uit die aard van die saak baie produktief omdat die moontlikhede van leksikale vulling so groot is. Hulle kan ook vasgelê word in idiome, soos wat gebeur het met **hoe later hoe kwater**.

Dit is veral hulle geïnstitusionaliseerdheid - die feit dat hulle in hulle vaste vorm geken en gebruik word - wat hulle MLI-status verseker.

7.3.4 Deeltjiewerkwoorde

7.3.4.1 Inleiding

Die deeltjiewerkwoord in Afrikaans word deur o.a. Du Plessis (1972) en Ponelis (1979) beskryf. Du Plessis gee 'n uitvoerige beskrywing van die sintaktiese gedrag van deeltjiewerkwoorde en noem ook kortliks die feit dat hulle op grond van hoofsaaklik semantiese oorwegings in subklasse ingedeel kan word. Van der Merwe (1980) gee in haar ondersoek na idiomatiese werkwoordelike verbindings in Afrikaans ook aandag aan die deeltjiewerkwoord en sy konsentreer meer as Du Plessis op semantiese aspekte, alhoewel haar ontledings ook in bepaalde opsigte te kort skiet. Vergelyk ook hoofstuk 6, waar daar aandag gegee is aan die semantiek van die sogenaamde setselagtige deeltjies, met spesifieke verwysing na deeltjiewerkwoorde met **om**, met die doel om aan te toon dat die

motiveringsteorie van die kognitiewe semantiek in staat is om die tekortkominge van meer tradisionele ontledings aan te vul.

Op grond van hulle vormlike eienskappe (vergelyk veral 7.3.4.3 en 7.3.4.4 waar die plasing van die deeltjie bespreek word) word deeltjiewerkwoorde apart as 'n soort MLI hanteer. Dit is ook moontlik om idiomatiese deeltjiewerkwoorde in te deel by 'n groter groep idiomatiese werkwoordelike frases, soos wat Van der Merwe (1980) doen. Ek vind dit meer bevredigend om hulle as 'n duidelik onderskeibare groep MLI's te sien, wat semanties die hele spektrum van verhoudings vanaf deursigtig of komposisioneel tot idiomaties kan vertoon. In hierdie opsig stem hulle ooreen met die groot groep MLI's in geheel beskou.

Van der Merwe gee in 'n bylae (:222-226) 'n groot aantal voorbeelde van deeltjiewerkwoorde.

7.3.4.2 Skryfwyse

By 'n groot aantal deeltjiewerkwoorde word die deeltjie en die werkwoordelike element slegs disjunktief geskryf, alhoewel hulle hulle net soos die ander gedra: **koning kraai, om die bos lei, om die lyf hê, in hegtenis neem, in kennis stel** (De Villiers 1975:158). Volgens Van der Merwe is die rede vir dié aanmeekaarskryf die feit dat die verbindings mettertied as semantiese eenhede beskou is (1980:56).

7.3.4.3 Meerwoordig of nie?

Ten aanvang word die kwessie van die meerwoordigheid al dan nie van deeltjiewerkwoorde onder die loep geneem.

Du Plessis (1972:66) praat van multi-woord-leksikale-eenhede (*sic*). Ponelis (1989) noem deeltjiewerkwoorde

meerwoordige leksikale eenhede, as gevolg van hulle sintaktiese geleedheid. Die verbale element (byvoorbeeld *hou*) en die deeltjie (*dop*) gedra hulle sintakties verskillend. Die verbale element staan in die spilposisie in die sin, terwyl die deeltjie in die sentrumgrens staan. Semanties tree die twee dele van 'n deeltjiewerkwoord soos *dophou* egter nie apart op in die sin nie en is dié tipe deeltjiewerkwoord nie semanties geled nie. In teenstelling met dié tipe is deeltjiewerkwoorde soos *uitgaan en afval* wel semanties geled. Die deeltjie en die werkwoordelike deel dra elkeen afsonderlik by tot die betekenis van die hele deeltjiewerkwoord. Geleedheid is nie 'n diskrete kenmerk hier nie.

Quirk et al (1972) noem ook die sogenaamde "phrasal" en "prepositional verbs" meerwoordige eenhede (:811). Crystal (1992) sê 'n "phrasal verb" bestaan uit 'n leksikale element plus een of meer deeltjies ("particles") - 'n definisie wat ook meerwoordigheid impliseer.

Die meerwoordigheid van deeltjiewerkwoorde blyk die duidelikste daaruit dat hulle bo die woordvlak in sinne kan optree. Ponelis (1989) noem hulle *middellike* of *niefinale sintaktiese eenhede* wat uit kleiner sintaktiese eenhede bestaan.

Die term *meerwoordig* is egter tog in 'n mate problematies wanneer dit gebruik word in verband met deeltjiewerkwoorde. Die deeltjie word naamlik nie beskou as 'n woord nie:

(...) deeltjies (is) in die eerste plek almal *deeltjies* (...). Die deeltjie is (...) iets *sui generis*, wat wel in sekere gevalle verbande kan vertoon met, maar nie klakkeloos herlei kan

word tot iets anders (soos 'n setsel) nie (Ponelis 1989:233-234).

Die deeltjie is dus 'n hoogs uitsonderlike element in die taal. Vergelyk ook Crystal wat die deeltjie nie beskou as 'n leksikale element nie. Daar is setselagtige deeltjies (byvoorbeeld **aan** in **aangluur**, **af** in **afbaken**, **onder** in **onderdoen**); bywoordagtige deeltjies (**rondloop**); adjektiwiese deeltjies (**besighou**); naamwoordelike deeltjies (**spoorsny**, **feesvier**); voorsetselgroepe as deeltjies (**aan die hand** doen) (Ponelis 1979). Die naamwoordelike deeltjies word deur Ponelis bepalinglose of niereferensiële substantiewe genoem (Ponelis 1979:234). Daar is ook deeltjies soos **dop** in **dophou** en **pos** in **posvat** wat net as deeltjies voorkom.

Tog is mens huiwerig om deeltjiewerkwoorde as enkele woorde te beskou as gevolg van die skeibaarheid van die twee dele (Du Plessis 1972:40). Woorde kan nie geskei word nie. Die twee dele vorm wel 'n leksikale eenheid. Die argumente hier steun onder andere op Zgusta (1971) en is kortliks die volgende:

- deeltjiewerkwoorde funksioneer semanties as 'n eenheid (Zgusta 1971:144; Du Plessis 1972:40).
- hulle kan vervang word deur 'n enkele leksikale item (Zgusta 1971:148; Du Plessis 1972:43).
- nie een van die momente in 'n deeltjiewerkwoord kan vervang word sonder dat die betekenis van die hele verbinding verander nie (Zgusta 1971:151).

Van der Merwe (1980) wys op die eiesoortige aard van die deeltjiewerkwoord as leksikale eenheid. Hulle is naamlik nie altyd 'n lineêre verbinding nie. Die morfologiese aanduiding van die verlede tyd staan nie voorop soos by leksikale items wat net uit een woord bestaan nie: nie

het geopenmaak die deur nie, maar het die deur oopgemaak. Hierdie kwessie raak die integriteit van die woorde binne 'n meerwoordige leksikale item - iets wat in 3.4.4.2 bespreek is.

Lindner (1983), in die gees van die kognitiewe linguistiek, wys 'n digotomiese benadering, waar sintaksis en leksikon/morfologie skerp geskei word, af. Binne so 'n digotomie pas deeltjiewerkwoorde nêrens volkome in nie. Hulle tree as komplekse strukture bo die woordvlak op, op die vlak van die sintaksis en hulle betekenis kan soms gesien word as die komposisionele som van die betekenis van die twee momente. Sommige deeltjiewerkwoorde is dus volkome analiseerbaar. Sommige tipe deeltjies tree produktief op. **uit** kan byvoorbeeld met bykans enige werkwoord van beweging verbind: **loop uit, hardloop uit, gaan uit, klim uit, spring uit, skuif uit**. Daar is egter ook deeltjiewerkwoorde met **uit** waarvan die betekenis duidelik niekomposisioneel en onvoorspelbaar is (**uitvreet**). In 'n meer tradisionele, generatiewe grammatika hoort hierdie tipe deeltjiewerkwoord binne die leksikon (en nie in die sintaksis nie) waar hulle as idiome gelys kan word. Eenheidstatus word gewoonlik aan woorde toegedig, maar groter eenhede soos idiome (**in die war**) deel ook hierin. Eenheidstatus korreleer nie streng met die aard van die kompleksiteit van 'n struktuur (woord of sin) nie. Soos wat Ponelis (1989) ook beklemtoon, is verskynsels soos klaslidmaatskap en geleedheid (semanties of sintakties) skalig. Vastheid, analiseerbaarheid, onreëlmatigheid en produktiwiteit is paramaters op 'n skaal eerder as digotomieë (Lindner 1983).

Om aan te sluit by Lindner en samevattend: die dele van deeltjiewerkwoorde, veral die deeltjies, val nie in 'n duidelike kategorie nie. Alhoewel mens huiwerig is om die deeltjie 'n *woord* te noem, is daar argumente daarteen om 'n deeltjiewerkwoord presies soos ander eenwoord-

werkwoorde in die leksikon te beskryf. Die deeltjie dra soms semanties by tot die betekenis van die hele deeltjiewerkwoord en soms kan sy semantiese bydrae vergelyk word met dié van die afsonderlike woorde in 'n idioom, naamlik niekomposisioneel. Deeltjiewerkwoorde besit leksikale itemstatus en daar is altyd sprake van twee duidelik onderskeibare "momente". Met dié kenmerke in gedagte en met die besef dat die behoefte om taalelemente altyd in duidelike kompartemente in te deel dikwels deur die taalelemente self gefnuik word, gebruik ek sonder huiwering die term *meerwoordige leksikale item* vir deeltjiewerkwoorde.

7.3.4.4 Sintakties en morfologies gesien

Sowel Van Merwe (1980) as Du Plessis (1972) het intensiewe sintaktiese ondersoeke na die deeltjiewerkwoord gedoen.

Du Plessis begin met 'n strukturele bepaling van deeltjiewerkwoorde. Vir hom gaan dit veral daaroor om deeltjiewerkwoorde te onderskei van ander "skeibaar saamgestelde werkwoorde". 'n Eerste beswaar wat ek teen sy strukturele toetse wil inbring, raak sy begrip *skeibaar saamgestelde werkwoord*. Sy definisie van 'n skeibare werkwoord gaan vir my nie op nie. Dit is byvoorbeeld vir my glad nie duidelik waarom Du Plessis *loop met* in sy voorbeeld

Die Bolandse klonkies *loop met* klapperende tande

as 'n *skeibaar saamgestelde werkwoord* beskou nie (:10 e.v.).

Sy toetse kan op grond van hierdie onduidelikheid dus nie gesien word as toetse wat die klas *skeibaar saamgestelde werkwoorde* onderling verdeel in

deeltjiewerkwoorde en ander skeibaar saamgestelde werkwoorde nie. Dit is eerder toetse wat wil onderskei tussen byvoorbeeld 'n voorsetsel + werkwoord of 'n substantief + werkwoord en 'n deeltjiewerkwoord.

Sy "omvattende toets" vir die identifisering van 'n deeltjiewerkwoord is om dit saam met 'n hulpwerkwoord en die skakelwerkwoord **bly** te gebruik. Die deeltjie kan dan net een posisie inneem, naamlik onmiddellik voor die werkwoordelike moment (:27).

- (1) a die bende sal ons bly **aanrand**
*b die bende sal ons **aan** bly rand

Volgens hierdie toets van hom is talle van die voorbeelde wat ek as deeltjiewerkwoorde aanhaal, dan nie deeltjiewerkwoorde nie. In die volgende gevalle lyk (b) byvoorbeeld vreemd en (a) natuurlik, wat volgens Du Plessis impliseer dat **om die bos lei** dan nie 'n deeltjiewerkwoord kan wees nie.

- (2) a Hulle het my **om die bos** bly lei
?b Hulle het my bly **om die bos** lei

- (3) a Sy het **ten gronde** bly gaan
?b Sy het bly **ten gronde** gaan

Na my gevoel klink beide (a) en (b) by die volgende pare byvoorbeeld aanvaarbaar:

- (4) a Hy het die hele jaar deur **stokkies** bly draai
b Hy het die hele jaar deur bly **stokkiesdraai**
- (5) a Dinge het maar van die begin af **skeef** bly loop
b Dinge het maar van die begin af bly **skeefloop**
- (6) a Hy het kop en skouers bo almal **uit** bly troon
b Hy het kop en skouers bo almal bly **uittroon**

Volgens my kan dié toets nie sonder meer op alle deeltjiewerkwoorde van toepassing gemaak word nie. Die volgende klink in elk geval vreemd (waar die deeltjie 'n aspekdeeltjie is):

- (7) *Sy sal bly **lostrek** met vrae.
- (8) *Hy het bly **omkom** van die honger.

Meer aanvaarbaar is die volgende, waar die onderwerp meervoudig is, sodat die handeling telkens opnuut begin of voltooi kan word:

- (9) Hulle sal bly **lostrek** met vrae.
- (10) Hulle het bly **omkom** van die honger.

Ek vind Du Plessis se toets dus nie so "omvattend" as wat hy dit sien nie. Sowel semantiese as strukturele oorwegings behoort in ag geneem te word wanneer daar besluit word of daar sprake is van deeltjiewerkwoorde. Met "semantiese oorwegings" word veral bedoel die betekeniseenheid wat gevorm word deur die deeltjie en die werkwoordelike deel. In hierdie studie wil ek die term *deeltjiewerkwoord* gebruik vir werkwoorde wat saam met hulle deeltjies 'n hegte semantiese eenheid vorm. In baie gevalle kan dié semantiese eenheid in der waarheid as idiomaties beskou word. Op grond van die betekeniseenheid tussen werkwoord en deeltjie beskou ek **om die bos lei** (wat die sintaktiese toets van Du Plessis faal) ook as 'n deeltjiewerkwoord. Ek beskou dus die terme *deeltjiewerkwoord* en *skeibaar saamgestelde werkwoord* as sinoniem. Die term *deeltjiewerkwoord* word verkies, omdat 'n *woord* nie skeibaar is nie. Daar is vir my byvoorbeeld nie twyfel dat die werkwoorde by (2-8) as leksikale eenhede funksioneer, dat deeltjies soos **om die bos** wel (meerwoordige) deeltjies is en dat die hele verbinding soos een werkwoord funksioneer nie.

Du Plessis noem dat deeltjiewerkwoorde enige van die vier tipes hoofwerkwoorde kan wees:

Onoorganklik

(11) Die Springbokspan **kom** vandag **aan**

Oorganklik

(12) Ons sal die span maklik **kafdraf**

Voorsetseldeeltjiewerkwoorde

(13) Hy **lê** **aan** op die bok

Koppeldeeltjiewerkwoorde

(14) Dit **kom** verdag **voor**

Du Plessis bespreek ook aspekte soos die plasing van die deeltjie in die sogenaamde pre- en postposisie. In die preposisie staan die deeltjie direk voor die werkwoordelike deel sodra daar medewerkwoorde is:

(15) Julle moet maar self **uitmaak** of julle so wil voortgaan.

(16) Die vlugteling word aan die polisie **uitgelewer**.

In die postposisie staan die werkwoordelike deel in die spilposisie in die sin, terwyl die deeltjie in die sentrumgrens staan.

(17) Hy **lei** die mense **verskriklik** **om** die **bos**.

Du Plessis stel 'n klassifikasie van deeltjiewerkwoorde voor en verdeel hulle op grond van semantiese oorwegings in 'n sistematiese en onsistematiese klas (7.3.4.5). In

die sistematiese klas onderskei hy (op grond van die semantiese bydrae van die deeltjie) die leë deeltjie (op in opbel); die aspekdeeltjie (aan in aankom en uit in uitmoor) en die letterlike deeltjie (weg in wegslaan). Hy noem die volgende subklasse by die letterlike deeltjies: voorsetselagtige deeltjies, substantiewiese deeltjies, adjektiewiese deeltjies en bywoordelike deeltjies. Hy verdeel nie die onsistematiese klas in subklasse nie.

Voorsetselagtige deeltjies is nie so produktief as die voorsetsels wat vormlik en dikwels ook semanties ooreenkom met dié deeltjies nie (Du Plessis 1972:62).

Ponelis (1979:233-235) se indeling sluit aan by dié van Du Plessis, maar hy onderskei nie tussen sistematiese en onsistematiese deeltjies nie. Hy onderskei verder ook voorsetselgroepe as deeltjies: **aan die hand doen, in hegtenis neem.**

Van der Merwe kyk veral na kwessies van transformasionele defektiwiteit. Sy ondersoek passivering by idiomatiese werkwoordelike verbindings, maar kom tot die gevolgtrekking dat "daar baie verskille is wat die toelating van gewone passivering en daar-passivering betref" (1980:152). Passivering is soms moontlik:

(18) Hy word afgedank.

(19) Die voorstel is van die hand gewys.

en soms nie:

(20) * Hy is nie daardeur aangestaan nie.

(21) * Ek is daardeur bygeval

Geen algemene reël kan afgelei word nie. Van belang is haar opmerkings oor die verband tussen idiomatisiteit en formele vastheid (:176 e.v.). Ook sy kom tot die

gevolgtrekking dat grade van idiomatisiteit nie korreleer met die formele vastheid van verbindings nie. Vergelyk die opmerkings oor transformasionele defektiwiteit in 3.4.2. Ook De Villiers vind dat die semantiese eienaardigheid van deeltjiewerkwoorde nie noodwendig verband hou met die sintaktiese of leksikale vorm nie (1975:157).

Ponelis (1979) wys op 'n tipe konstruksie wat groot ooreenkomste vertoon met deeltjiewerkwoorde, naamlik oorganklike werkwoorde met komplemente (1979:237):

(22) Hy **ag** dit **onnodig**

(23) Hulle **erken** hulle foute

Deeltjiewerkwoorde verskil van dié tipe werkwoorde daarin dat die deeltjiewerkwoorde nie noodwendig altyd oorganklike werkwoorde bevat nie en ook nie kopulatiewe teëhangers het nie:

Komplementskonstruksie

stel hom beskikbaar

hy is beskikbaar

Deeltjiewerkwoord

koning kraai

* hy is koning

om die bos lei

* hy is om die bos

van kant maak

* hy is van kant

7.3.4.5 Semanties gesien

Ons is al twee duisend jaar lank bewus van die misterie van die semantiek van die deeltjiewerkwoord (Weinreich 1969:70). Dit is veral in hulle semantiese gedrag dat deeltjiewerkwoorde groot interne diversiteit vertoon - vanaf semantiese simplisiteit tot semantiese geleedheid of deursigtigheid. Subtipes word geredelik onderskei.

Du Plessis (1972) onderskei op grond van semantiese kriteria twee subklasse: 'n sistematiese klas en 'n onsistematiese klas. So 'n semantiese indeling sny deur 'n moontlike (sintaktiese) indeling wat gebaseer is op die aard van die deeltjie self. Hy onderskei tussen oorbodige deeltjies, aspekdeeltjies en letterlike deeltjies, wat weer ingedeel word in voorsetselagtige, adjektiwiese, substantiwiese en bywoordelike deeltjies. In die sistematiese klas dra die deeltjie volgens hom wel by tot die betekenis van die geheel (25% word deur die deeltjie bygedra en 75% deur die werkwoordelike deel): **uitkamp, aankom, uitbreek, uitmoor, aanspreek, skyfskiet, grootpraat, mooipraat**. In die onsistematiese klas is daar slegs sprake van 'n geheelbetekenis en kan die onderskeie bydraes van deeltjie en werkwoordelike moment nie bepaal word nie. Du Plessis stel dit so:

Hierdie klas word daardeur gekenmerk dat daar weinig of geen betekenis van een van die twee momente waaruit dit afgelei is, oorgebly het nie (1972:66).

Voorbeelde van deeltjiewerkwoorde wat hy in die onsistematiese klas plaas, is: **liefhet, oppas, omgee, kortkom, agterkom, afknou, waarneem**.

Du Plessis se indeling kom basies neer op 'n onderskeid tussen idiomatiese en nie-idiomatiese deeltjiewerkwoorde, maar sonder om voorsiening te maak vir die skalêre aard van idiomatisiteit. Dit is moeilik om te sê waarom hy met soveel stelligheid sê dat die deeltjie in die sistematiese (nie-idiomatiese) klas nou juis 25% tot die geheelbetekenis bydra, of waarom **lief** in **liefhet** of **kort** in **kortkom** nie bydra tot die geheelbetekenis nie. Sy semantiese "ontleding" van deeltjiewerkwoorde is tekenend van die manier waarop daar vir lank na die semantiese aspekte van deeltjiewerkwoorde gekyk is, naamlik taamlik rigied.

Ook De Villiers (1975:156) merk op dat die sogenaamde skeibare werkwoorde nie almal semanties dieselfde verhoudings verteenwoordig nie. Vir hom lê die basiese onderskeid tussen die komposisioneel saamgestelde deeltjiewerkwoorde soos **aanstruikel** en **oormeet** ("weer meet") en die idiomatiese deeltjiewerkwoorde.

Van der Merwe (1980) konsentreer nie uitsluitlik op deeltjiewerkwoorde nie. Haar invalshoek is idiomatisiteit en sy kyk na alle idiomatiese werkwoordelike verbindings. 'n Groot deel van haar data is wel deeltjiewerkwoorde. Sy werk nog buite die kognitiefsemantiese raamwerk en gaan nie verder in haar ondersoek na die idiomatiese werkwoordelike verbindings as om te wys op grade van idiomatisiteit en om die historiese betekenis van die verbindings na te spur nie. Sy wys wel op die belangrike rol wat metaforiek speel in die totstandkoming van idiomatiese betekenis. In hoofstuk 6 is daar getoon hoe die insigte van die kognitiewe semantiek (met behulp van die prototipeteorie) tot fyner en meer presiese ontledings lei. So 'n ontleding het veral waarde omdat verbande gelê word tussen verskillende polisemiese waardes van die deeltjie - iets wat voorheen nie gedoen is nie.

Van der Merwe onderskei twee groot groepe, naamlik "egte idiomatiese verbindings" en "effens deursigtige" verbindings (1980: 59-82). (Haar voorbeelde is nie almal deeltjiewerkwoorde nie, of die deeltjiewerkwoord is deel van 'n groter idioom, soos in **jou ore uitleen**.) Egte idiomatiese verbindings is byvoorbeeld **afkam**, **droogmaak**, **stokkiesdraai**, **uitvaar**. Die effens deursigtige verbindings vertoon grade van idiomatisiteit en sy onderskei hier 'n paar kategorieë:

A. Daar is 'n duidelike metaforiese verband tussen die letterlike betekenis wat in 'n vrye verbinding aangetref word en die idiomatiese betekenis.

(24) Sy preek het ons **aangegryp**.

(25) Wag tot jy **afgekoel** het voordat jy met hom praat.

B. Die letterlike waarde is onsinnig.

(Jou ore) uitleen

'n keel opsit

C. Verbindings met duidelike komponente, maar in so 'n ongewone kombinasie dat hulle nie as vrye verbindings in die taal herken word nie.

aan die pen ry

aan die man bring

op die lyf loop

D. Idiomatiese verbindings met nie-idiomatiese teëhangers waar die ondeursigtigheid eintlik net aan een komponent gewyt kan word. (Die werkwoordelike komponent is ondeursigtig.)

oorsteek, wegskram, opdis, voortsit, omdop ("omval").

E. Idiomatiese verbindings sonder letterlike teëhangers waar die ondeursigtigheid aan een komponent gewyt kan word.

uitmunt, spoorsny, uitblaker, uitlap.

F. Semi-idiomatiese verbindings met ondeursigtige unieke of seldsame komponente

afrokkel, opsmuk, aanskaf, afskaf.

Volgens Van der Merwe is die idiome in groep F semi-idiomaties omdat die meeste van hulle benewens die unieke of seldsame komponente ook komponente bevat wat wel 'n geringe semantiese bydrae maak tot die betekenis van die geheel (Van der Merwe 1980:81-82). **Uit** in **uitmunt** het byvoorbeeld 'n semantiese waarde wat ooreenstem met dié van **uit** in **uitsteek**, **uittroon**, of **uitblink**. **Af** in **afrokkel** het dieselfde betekenis van "weg" as in **afroom**, **afruk** en **afskraap**.

Unieke komponente in deeltjiewerkwoorde beklemtoon voorts die feit dat sulke deeltjiewerkwoorde semanties ondeelbaar is (De Villiers 1975:157).

Geeraerts (1992) maak gebruik van die begrippe isomorfisme en motivering wanneer hy die idiomatisiteit (of semantiese spesialisering) van idiome meer noukeurig wil tipeer. Hy onderskei vier groepe (vergelyk hoofstuk 6). 'n Mens kan die idiomatiese deeltjiewerkwoorde, net soos idiome, ook in hierdie groepe indeel. Die nie-idiomatiese deeltjiewerkwoorde is deursigtig en motivering en isomorfisme speel nie 'n rol nie. 'n Onderzoek na die polisemiese aard van die *deeltjie* in hierdie nie-idiomatiese deeltjiewerkwoorde is wel interessant en lewer belangrike insigte op (vergelyk 6.5).

Wat die idiomatiese deeltjiewerkwoorde betref, dui die toepassing van Geeraerts se model op die volgende subgroepe:

I [+ isomorfies, + gemotiveerd]

'n Deeltjiewerkwoord kan as isomorfies (sintagmatis deursigtig) gekarakteriseer word as daar 'n een tot een verhouding tussen die dele van die deeltjiewerkwoord en die dele van die semantiese interpretasie is. Die gemotiveerdheid van 'n idioom is die mate waarin die

figuurlike betekenis in verband gebring kan word met die letterlike betekenis van die dele van die idioom (die twee dele van die deeltjiewerkwoord in dié geval).

skeefloop "verkeerd gaan "

Isomorfies: loop = gaan; skeef= verkeerd.

Gemotiveerd: die figuurlike uitbreiding van **skeef** se betekenis om ook "verkeerd" in te sluit, is al geleksikaliseer (vgl. bv. HAT). In **skeeftrap** ("doen verkeerd") sien ons dieselfde proses.

boekevat "Bybel lees "; "huisgodsdien doen"

Isomorfies: vat = doen of lees; boeke = Bybel of huisgodsdien.

Gemotiveerd: Metonimies staan **boek** of **die Boek** in Afrikaans vir die Bybel.

II [+isomorfies, -gemotiveerd]

aanval "begin veg"

uitoefen "laat geld"

losbrand "begin skiet"

spekskiet "leuens vertel"

III [-isomorfies, +gemotiveerd]

koning kraai "jou sin kry"

Die motivering lê in die ooglopende verband tussen koning wees en heers.

skipbreuk ly "misluk"

Die fisiese stranding van 'n skip word figuurlik oorgedra op ander ondernemings.

aangryp "ontroer, ontstel"

Die motivering lê in die fisiese gryp wat oorgedra word op iets abstraks wat gryp:

(26) Haar verhaal het die Waarheidskommissie aangegryp.

afkoel "kalmte, bedaar"

Die metafoer wat die motivering hier verskaf, hou verband met die bekende WOEDE IS HITTE-metafoer.

voet slaan "te voet loop"

Die motivering hier is veral die beeld van 'n voet wat op die grond geslaan/geplaas word.

IV [-isomorfies, -gemotiveerd]

rondval "haastig en sonder patroon iets probeer reël"

om die bos lei "bedrieg"

stokkiesdraai "skelm uit die skool bly"

kleitrap "verbouereerd raak, van koers raak"

droogmaak "verbrou"

V Gedeeltelike isomorfisme en gemotiveerdheid

Idiome kan ook net gedeeltelik isomorfies en gemotiveerd wees. By die deeltjiewerkwoorde, omdat hulle uit twee duidelike dele bestaan, tref ons nogal dikwels so 'n gedeeltelike isomorfisme of gedeeltelike motivering aan - sulke deeltjiewerkwoorde is dan deels deursigtig. Ver al deeltjiewerkwoorde met unieke komponente kan hier genoem word (vergelyk ook Van der Merwe 1980:77-78). Hulle kan

nie sonder meer in die groepe wat hierbo aangedui is, ingedeel word nie.

In die voorbeelde hieronder is die deeltjie gemotiveerd - die unieke komponent is vanselfsprekend ondeursigtig.

afrokkel "op 'n skelm manier kry"

Die gedeeltelike motivering hier lê by **af**, wat dieselfde betekenis van "weg" het as in ander deeltjiewerkwoorde soos **afsit**, **afstap**.

naboets "namaak"

Na is nie ondeursigtig nie, die betekenis "soos, volgens, ooreenkomstig" word ook in ander deeltjiewerkwoorde aangetref (byvoorbeeld in **na-aap**, **nadoen**, **namaak**, **navolg**, **naleef**) en hou verband met een van die polisemiese betekenisonderskeidings van die voorsetsel **na** soos in **die mens is na God se beeld geskape**.

saamflans "op 'n slordige of haastige manier iets aanmeekaarsit"

Saam het hier die betekenis van "bymekaar" soos in **saamvoeg**, **saamstel**.

uitmunt "uitstekend wees"

Uit in die betekenis van "oortref", "uitstekend wees", het ongeveer dieselfde betekenis as in **uitsteek**, **uitblink**.

spoorsny

Spoor behou hier sy gewone betekenis - dit is **sny** wat ondeursigtig is.

opskiet ("vinnig groei"), wat isomorfies is (op = vinnig; skiet = groei), is wel tot 'n mate gemotiveerd, omdat skiet geassosieer word met iets wat baie vinnig geskied en **op** dui natuurlik die rigting aan waarin die skietproses geskied. Die deeltjiewerkwoord is egter nie baie deursigtig nie - dit is onduidelik waarom "skiet" en "groei" nou juis met mekaar in verband gebring word.

Wat hulle semantiese gedrag betref, kan die deeltjiewerkwoorde met setselagtige of bywoordagtige deeltjies hier in die besonder uitgesonder word. Soos aangetoon in 6.6 is die semantiese gedrag van sulke deeltjies baie interessant. Die verband met die gelykluidende voorsetsels of bywoorde wat polisemiese kategorieë met verskillende betekenisonderskeidings vorm, is baie duidelik. Sulke deeltjies is dan ook geweldig produktief - in sterk kontras met die unieke komponente waarmee hulle ook, sowel as met ander werkwoorde, verbind. Die idiomatisiteit word veral deur die werkwoordelike komponente bygedra.

Dit lyk vir my, te oordeel aan die manier waarop verskillende taalgebruikers verskillend oordeel oor idioome, asof die gemotiveerdheid al dan nie van 'n idioom nie altyd 'n ondubbelsinnige en ooglopende kwessie is nie. Kennis van die betekenis van onbekende of argaïese woorde kan 'n groot invloed hê, maar dit bly 'n vraag of dié kennis voor of nadat die betekenis van die idioom as geheel geken is, bestaan het. Ek het byvoorbeeld die betekenis van **duig/duie** eers geleer lank nadat ek die idioom **in duie stort** ("instort, misluk") al geken het en spesifiek as gevolg van die bestaan van die idioom. Nou is die idioom wel vir my gemotiveerd.

By **hokslaan** het ek altyd gedink dat dit iets te doen het daarmee dat iemand in 'n hok toegemaak word. Die betekenis van die idioom was vir my veral "beperking van vryheid", "om beperk te word in wat jy mag doen". WAT se

verklaring dui egter, uit 'n motiveringsoogpunt gesien, op 'n ander oorsprong. As eerste betekenis by hokslaan word aangegee: *[Met 'n hokstok] slaan sodat hy trustaan, veral 'n kalf op die neus slaan om hom van 'n koei se uier weg te keer.* As uitgebreide betekenis kry ons dan die idiomatiese, meer algemene gebruik van die deeltjiewerkwoord. Die motivering vir dié MLI kan dus verskillend wees vir verskillende taalgebruikers.

7.3.4.6 Samevatting: deeltjiewerkwoorde

1. Vanweë die manier waarop deeltjiewerkwoorde *sintakties* optree, lyk dit nie teenstrydig om hulle as meerwoordige leksikale items te beskou nie. Soos hierbo aangetoon, is daar deeltjiewerkwoorde wat in elk geval nog nie tot een woord vasgegroeï het wat hulle spelling betref nie: **om die bos lei, koning kraai, aan die hand doen.**

2. Baie MLI's is semanties op die een of ander manier eienaardig - dit is trouens een van die opvallende kenmerke van 'n groot aantal MLI's in Afrikaans. Ook wat hierdie kenmerk betref, is deeltjiewerkwoorde soos ander MLI's in Afrikaans. Semanties wissel hulle vanaf volkome deursigtig tot volkome idiomaties, met allerlei subtiele graderings en verskil in die interne semantiese verband tussen die dele (of woorde). Dit is tekenend van idioome oor die algemeen dat sekere woorde binne idioome wel nog betekenis het en ander nie of slegs in geringe mate. Die idiomatiese deeltjiewerkwoorde kan semanties op dieselfde manier ontleed word as ander idioome.

3. Deeltjiewerkwoorde is volkome vas en bevrore - aan hulle vorm kan niks verander word nie. Hulle is ook volkome geleksikaliseerd.

4. Ek sien geen rede om hulle nie te beskou as volwaardige MLI's nie, mits daar rekening gehou word met

hulle uitsonderlike gedrag - hulle is die enigste MLI's wat ook ortografies as een woord voorgestel kan word. Dit raak egter nie hulle status as meerwoordgehele nie.

7.3.5 Idiome

7.3.5.1 Die idioom: 'n definisie

Ter inleiding moet die afgrensing van 'n subgroep *idiome* binne die groot groep MLI's regverdig word.

Soos gesien in hoofstuk 3 word die term *idioom* oor die algemeen in die literatuur én as sinoniem vir meerwoordige leksikale item of fraseologisme én as term vir 'n spesifieke soort MLI gebruik. Wanneer dit as term vir 'n subgroep MLI's gebruik word, word daarmee MLI's bedoel wat semanties "spesiaal" is - ondeursigtig, niekomposisioneel, onanaliseerbaar. Idiome het die kenmerke vastheid, idiomatisiteit en geleksikalisierdheid (of geïnstansionaliseerdheid) met ander MLI's gemeen. Om aanspraak te maak op eiesoortige status binne die groep MLI's moet hulle meer spesifiek omskryf word.

Idiomatisiteit as sodanig is in 'n mindere of meerdere mate 'n kenmerk van alle MLI's. Omdat idiomatisering 'n dinamiese proses is, is daar nie definitiewe grense tussen idiomatiese en nie-idiomatiese MLI's nie, maar geleidelike oorgange. Ek wil stel dat dié proses by idioome voltrek is. Ter onderskeiding van ander MLI's wil ek konsentreer op die gebrek aan komposisionaliteit by idioome om hulle as groep uit te sonder.

Ek sal dus huiwerig wees om MLI's wat komposisioneel saamgestel is as idioome te beskou:

Deeltjiewerkwoorde soos **opstaan, uitkyk**

Groepsetsels soos **onder leiding van, in aansluiting by**

Spreekwoorde en gesegdes soos hoogmoed kom voor die val, al haas die leuen hom ook hoe snel, die waarheid agterhaal hom wel.

Kollokasies soos flou tee

(Die vraag of kollokasies hoegenaamd as MLI's beskou kan word, word in hoofstuk 8 bespreek. Voorlopig sluit ek hulle wel in by die bespreking, ook omdat dit hier gaan om die afgrensing van idiome teenoor ander tipes woordverbindings).

In die klassieke definisie van idiome word hulle gebrek aan komposisionaaliteit gewoonlik uitgelig as dié definiërende kenmerk (vergelyk byvoorbeeld Cruse 1987:3). Carstens pas die tradisionele definisie aan sodat 'n sterker interpretasie van die komposisionaaliteitsbeginsel daarin uitdrukking vind:

'n Idioom is enige komplekse uitdrukking (...) waarvan die geheelbetekenis nie verantwoord kan word as 'n komposisionele funksie van die betekenis wat die konstituente daarvan in vrye sintaktiese verbindings het nie (Carstens 1990:183).

Die gebrek aan komposisionaaliteit is dan die oorsaak van die wisselende grade van deursigtigheid wat by idiome aangetref word en die rede waarom hulle *volkome idiomaties* is.

'n Aanduiding van idioomstatus wat saamhang met die gebrek aan komposisionaaliteit is verder die feit dat 'n idioom nie letterlik vertaal kan word en sy betekenis behou nie.

Gouws (1990), wat vier soorte MLI's onderskei, grens vaste uitdrukkinge (idiome) af van ander MLI's

hoofsaaklik op grond van hulle niekomposisionele betekenis. Hy sluit spreekwoorde hier in.

Presies hoe moeilik dit is om 'n bepaalde groep MLI's van ander te onderskei, word deur Makkai (1972) self geïllustreer. Hy kan byvoorbeeld nie presies sê wat die verskil tussen 'n lekseemidroom en 'n semeemidroom (spreekwoord) is nie. Sy onderskeid berus in die eerste plek op die parafrases wat van die idiome gegee kan word, maar hy sê self dat dit 'n baie onbetroubare metode is (Makkai 1972:152). Parafrases kan gemanipuleer word om 'n bepaalde standpunt te onderskryf. Fernando & Flavell (1981) argumenteer oortuigend dat Makkai se onderskeid nie 'n fundamentele een is nie omdat ook spreekwoorde dikwels niekomposisioneel is.

Waaroor dit ten slotte gaan as mens praat oor idiome (of vaste uitdrukkings) as 'n bepaalde groep MLI's binne die groot groep meerwoordige uitdrukkings in Afrikaans, is om die prototipiese idioom te probeer afbaken en om hiervoor die komposisionaliteitsbeginsel te gebruik (vergelyk Carstens 1990). Selfs dan is daar nie sprake van 'n waterdigte skeiding tussen idiome en die ander soorte MLI's nie. Veral spreekwoorde bly 'n probleemarea. Om redes wat aangetoon word in 8.5 word hulle as 'n aparte groep bespreek. Wat betref idiomatiese deeltjiewerkwoorde: hulle is natuurlik volkome tuis te bring onder die groep idiome. Die bedoeling is ook nie om hulle uit te sluit nie, maar as gevolg van hulle sintaktiese struktuur word hulle saam met die nie-idiomatiese deeltjiewerkwoorde (wat ook MLI's is,) bespreek.

Die prototipiese idioom dan, is dié tipe MLI wat niekomposisioneel is en wat veral funksioneer op die middelgrond tussen woord en sin. Omdat sintaktiese welgevormdheid nie 'n kriterium is wat hier gebruik word nie en die kwessie van letterlike teëhangers van idiome (die vereiste van homonimie wat sowel Makkai as Fernando

& Flavell stel - 'n vereiste wat op onvaste voete staan, soos aangetoon in 3.4.3.3) nie van soveel belang geag word nie, word hier nie onderskei tussen pseudo- en ware idiome nie.

In die volgende paragrafe word gekonsentreer op die sintaktiese en semantiese eienskappe van idiome.

7.3.5.2 Uiterlike vormkenmerke

Idiome verskil soms wat hulle uiterlike vorm betref van vrye woordverbindings. Waar dit 'n rede is vir Makkai en Fernando & Flavell om tussen egte en pseudo-idiome te onderskei, kan dit ook as kenmerkend van die vastheid van idiome beskou word en so 'n identifiserende rol speel.

Idiome is dikwels grammaties afwykend. Behalwe vir die feit dat daar unieke of argaiëse elemente in idiome kan voorkom (op jou hoede wees / 'n poets bak / die loef afsteek / met rasse skrede / in sy noppies wees / vir 'n appel en 'n ei), is hulle dikwels ook sintakties anomaal (hond haaraf maak / die duiwel in wees / hoog tyd / myns insiens / min of meer). Die ou Nederlandse genitiefsvorm wat nie in vrye woordverbindings in Afrikaans gebruik word nie, kom in 'n hele aantal idiome voor: 'n kind des doods / 'n kwelling des geestes / 'n steen des aanstoots / in (my) dag des lewens.

Anders as by vrye woordverbindings speel ritme en rym dikwels 'n belangrike rol by idiome en spreekwoorde: die laaste sien van die blikkantien, soort seek soort, boontjie kry sy loontjie, in die jaar nul, as die hingste vul.

7.3.5.3 Sintaktiese klassifikasie

Die bevredigendste soort sintaktiese klassifikasie is 'n klassifikasie gegrond op die sintaktiese funksie van die

idioom, aangevul deur 'n bespreking van die interne sintaktiese struktuur - die vorm van die idioom. Omdat hulle nie eenwoorditems is nie, maar meerwoordig, lyk dit logies om hulle as die sintaktiese konstruksies wat hulle is, te klassifiseer. Ek volg Gouws (1989b:214 e.v.) en Gouws (1990) se voorstelle vir 'n leksikale klassifikasiestelsel.

In die klassifikasie wat volg, word eerstens gekonsentreer op die vorm, die interne struktuur, van die konstruksie en tweedens gekyk na die funksie wat die idioom binne groter sintaktiese verband vervul.

7.3.5.3.1 Vorm

Na vorm kan die volgende konstruksies onderskei word: werkwoordstuk, naamwoordstuk, adjektiefstuk, setselgroep, sin.

Afkortings:

S: Sin

NS: Naamwoordstuk

N: Naamwoord

A: Adjektief

W: Werkwoord

SG: Setselgroep

DET: Determineerder

(i) Sin

Spreekwoorde hoort tipies in hierdie groep.

Sy gô is uit.

Jakkals prys sy eie stert.

Werp jou brood op die water en na vele dae sal dit na jou terugkeer.

Jou dag sal kom.

Dit kan nie hoër of laer nie...
Die gort is gaar.
Die appel val nie ver van die boom nie.
Doller as kopaf kan dit nie gaan nie.
Baie mak skape gaan in 'n kraal.
Die koeël is deur die kerk.
Al sy varkies is nie op hok nie.
Die tonge is los.
Die poppe (gaan) dans.
Elke voël moet sing na hy gebek is.
Sy is nie 'n katjie om sonder handskoene aan te pak nie.
In die jaar nul as die hingste vul.

Idiome wat sonder werkwoord ook die funksie van 'n sin het:

Hoe later, hoe kwater
Aangename kennis
My aarde!

Sommige idiome kan op hulle eie as byvoorbeeld uitroepe of verwensings gebruik word. Ek reken hulle ook tot die sinsidiome:

Aardjie na sy vaartjie
Eers baas dan klaas
Red wat te redde is
Nie te waffers nie (as antwoord op Hoe gaan dit?)

Die sinsidiome kan op hulle eie staan:

Die teerling is gewerp.

of deel wees van 'n groter sin:

Die tonge is los oor die nuwe skoolhoof en die bibliotekaresse.

(ii) Werkwoord

Die idiomatiese deeltjiewerkwoorde wat in 7.3.4.5 bespreek is, ressorteer ook in hierdie groep.

te berde bring

(iii) Werkwoordstuk

In 'n idioom wat as werkwoordstuk beskryf kan word, moet die kernwoord natuurlik 'n werkwoord wees. Die meeste idiome in Afrikaans kan hier ingedeel word. Die onderwerp van die sin waarin die idiome voorkom, kan vrylik ingevul word. So 'n *gleuf* of invulbare plek is nie deel van die idioom self nie, maar vorm die idioom se *eksterne valensie* (Klimaszewska 1990). Dit en iemand in die voorbeelde hieronder is dus nie deel van die idiome nie, maar moet ingevul word sodat die idioom by 'n sin kan aansluit.

(Dit) gaan nie sommer in mens se klere sit nie

(Dit) sit (my) in die bed/kooi

(Dit) slaan my dronk

(Iemand) met 'n kluitjie in die riet stuur

Ook hier is die voorbeelde dikwels deeltjiewerkwoorde:

stort in duie

lei om die bos

Wat die interne struktuur van die verbale idiome betref, kan die volgende groepe aangetoon word. Vergelyk ook Klimaszewska (1991) wat die verbale idiome in Nederlands betref.

N/NS + W

witvoetjie soek

die mas opkom
die voortou neem
die kitaar slaan
die fort hou
'n kraak maak
'n gasket blaas
die rieme neerlê
(jou) rieme styfloop

SG + W

in duie stort
vir 'n /die vale klou
in die steek laat
in die rug steek
in die oog hê
in die hand werk
van stapel stuur
ter ruste lê
aan die kaak stel
te bowe kom
vir soetkoek opeet
van kant maak

N/NS + SG + W

'n rat voor die oë draai
die bul by die horings pak
die huis op horings neem
'n spanner in die works gooi
voet aan wal sit
die kastaiings uit die vuur krap
bloed uit 'n klip tap
'n klip in die bos werp

SG + SG + W

agter die kap van die byl kom

met die (blinde) punt van die sambok slaan
met die deur in die huis val

N/NS + W + verpligte voorsetsel

'n beroep doen op
weg baan vir
gewag maak van

NS + bywoord + W

jou voet dwars sit

Binomiaal + W

hand en tand beveg
hart en mond belowe

A + W

seepglad verloop
koud laat
touwys maak
broekskeur gaan
dronk slaan

Skakelwerkwoord + W

laat spat/ spaander/vat

SG + skakelwerkwoord + W

op (sy) neus laat kyk

NS + NS + W

die boer die kuns afvra

NS + W + Sin

die yster smee terwyl dit warm is

Met verpligte nie

Nie 'n haan kraai daarna nie

Nie doekies omdraai nie

Nie boe of ba sê nie

Slegs passief

op die keper beskou

uit die veld geslaan

NS + bywoord + W

einde se kant toe staan

W + sin

wys waar Dawid die wortels gegrawe het

(Opm. Hê is nie altyd deel van die idioom nie.)

(26) Piet het groen vingers.

(27) Piet het nie kind of kraai nie.

Die idioom **groen vingers** kan ook sonder **het** gebruik word:

(28) Piet se **groen vingers** is duidelik in sy tuin te sien.

Groen vingers is die idioom en dit is nie 'n werkwoordelike idioom nie.

Ook **nie kind of kraai nie** kan sonder **het** optree. In (29) is **het nie** semanties by **sonder** ingesluit:

(29) Daar sit hy toe - **sonder kind of kraai.**

(iv) **Naamwoordstuk**

Verskillende struktuurtypes word ook hier aangetref.

(DET) + A + N

die laaste strooi

'n (snaakse /vreemde ens.) **entjie mens**

jong Turke

'n **dooie punt**

'n **heilige koei**

'n **taai toffie**

N/NS + SG

'n **wet van mede en perse**

die laaste spyker in die doodskis

die wortel van die kwaad

'n **kind des doods**

'n **lam ter slagting**

'n **klippie in die skoen**

'n **riem onder die hart**

'n **hart van goud**

Maljan onder die hoenders

hemel op aarde

die puntjie van die ysberg

die man op straat

die lang arm van die gereg

te veel hooi op (jou) vurk

NS + S

die strooi wat die kameel se rug gebreek het

By die naamwoordstukke vorm MLI's met eponieme 'n besondere groep. 'n Eponiem is die persoon na wie iets of

iemand vernoem is. Hierdie MLI's kan beskrywende idiome wees vir 'n mens of mense of vir dinge. Die ware Jakob kan byvoorbeeld na 'n mens of 'n ding verwys. Eponieme kom binne komposita voor (Jobstrooster, Oedipuskompleks) en ook binne idiome:

Die swaard van Damokles

Job se geduld

Dawid en Jonatan

'n Ongelowige Thomas

'n Wet van Mede en Perse

Balsem Gileads

Eponieme is nie noodwendig altyd *idiome* nie, wel MLI's:

Down se sindroom

Halley se komeet

Jehova se getuies

'n Besondere soort eponiem in Afrikaans is die soort **Jan Burger/ Taks / Tuisbly**, met as variasie hierop **Jan en Alleman**. Dit is nie 'n eponiem in die ware sin van die woord nie, omdat **Jan** nie verwys na 'n spesifieke persoon nie, maar metonimies staan vir die gewone man.

(v) Setselgroep

in die war

onder die loep

voor dooiemansdeur

in die haak

na regte

op eie houtjie

in sy skik

uit sy kassie

(vi) Adjektief

die voor die hand liggende (oplossing)

7.3.5.3.2 Funksie

Idiome kan binne sinne ook verskillende funksies vervul soos dié van adjunk, kopulapredikaat, voor- en nabepaling ens. Dat hulle die funksie van byvoorbeeld onderwerp of voorwerp kan verrig, is 'n goeie aanduiding van hulle leksikale-itemstatus, omdat dié funksies dikwels deur simplekse leksikale items verrig word. Die oorgrote meerderheid idiome word nie as selfstandige sinne gebruik nie, maar binne groter sinsverband, net soos ander (simplekse) leksikale items, trouens.

Vormlike gelykheid beteken nie gelykheid van funksie nie. 'n Setselgroep kan in een sin as kopulapredikaat optree (30) en in 'n ander sin as adjunk by die werkwoord (31):

(30) Hy is op moedverloor se vlakke.

(31) Hy sit op moedverloor se vlakke.

(i) Voor- en nabepalings by snwe.

'n stuk of

(Charlie Brown) en kie

(bagasie) en al

die een of ander (skeet)

'n mag der menigte (mense)

(ii) Onderwerp of voorwerp

Naamwoordstukke en sinne kan in hierdie funksie optree.

'n Mag der menigte het opgedaag

Al wat leef en beef was daar

Hy het die eerste die beste gevat

Hy het die swart skaap van die familie met ope arms verwelkom.

(iii) Adjektiefstuk

Hy het die eerste die beste vrou gevat

(iv) Kopulapredikaat/predikaataanvulling

'n Funksie waarin idiome geweldig baie voorkom, is dié van kopulapredikaat as aanvulling by die koppelwerkwoord **wees**.

'n Paar opmerkings by die afgrensing van die idiome met **wees** is ter sake. Is **wees** in hierdie idiome deel van die idioom of nie? In teenstelling tot werkwoordelike idiome soos 'n rat voor die oë draai waar die werkwoord 'n deel van die idioom is en 'n wesenlike semantiese rol (kan) speel, is die koppelwerkwoord **wees** semanties kleurloos (Ponelis 1979:218). Die eintlike betekenis van **wees** word in die kopulapredikaat gevind. **Wees** is die middel waardeur die idioom by die res van die sin aansluit - dit dien om die onderwerp met die kopulapredikaat te verbind, en is in dié sin dus 'n deel van die idioom, maar lewer nie semanties 'n bydrae nie.

Die Frage danach, ob in einer Konstruktion mit *sein* das Verb als Komponente des Phraseologismus anzusehen ist (...) oder nicht, ist (...) nicht im Blick auf die phraseologische Bedeutung zu entscheiden (Fleischer 1982:145).

Fleischer is van mening dat **wees** wel deel is van idiome wat slegs in die funksie van kopulapredikaat kan optree:

- (32) a Hy is in die wolke
b * Hy lê / dans/ verkeer in die wolke.

Die volgende idiome val ook in dié groep:

Nie op sy bek geval wees nie

Siek en sat wees
Dit roerend eens wees
Uit (jou) kassie wees
Op pad wees
Aan die orde van die dag wees

Die toestand van mal of waansinnig wees word byvoorbeeld verwoord deur 'n hele aantal idiome wat as kopula-predikate (maar nie as attributiewe adjektiewe nie) optree:

**Van lotjie getik/ met die maan gepla / sy varkies kwyd /
van sy trollie af / nie goed wys nie / van sy verstand af
/ in die bol gepik / van sy sinne beroof / die kluts kwyd
wees.**

Ander idiome het 'n taamlike groot keuse van werkwoorde waarmee hulle kan verbind en hulle tree ook in die funksie van adjunkte op:

(33) a Hy is agter slot en grendel.
b Hy sit agter slot en grendel.

(34) a Hy is op vrye voet.
b Hy verkeer op vrye voet.

(35) a Hulle is in 'n flat spin om klaar te kry voor die konsert.
b Hulle jaag in 'n flat spin om klaar te kry voor die konsert.

(36) a Die stoel is in sy kanon in.
b Hy sit toe die stoel in sy kanon in.

of as adjektief:

(37) a Die vrou is baie kort gebaker vandag.
b Wat 'n kort gebakerde tipe is die ontvangsklerk!

- (38) a Dit is voor die hand liggend dat die projek voltooi moet word.
b Die voor die hand liggende oplossing is om jou goudaandele te verkoop.

Idiome soos **siek en sat en in sy peetje** kan slegs as kopulapredikate optree en nie as attributiewe adjektiewe nie.

Naamwoordelike idiome soos **'n snaakse entjie mens**, **'n heilige koei**, ensovoorts kan as kopulapredikate optree, maar ook in die onderwerps- of voorwerpsposisie in 'n sin, sodat **wees** nie 'n deel is van die idioom hier nie.

- (39) a Sy is darem **'n snaakse entjie mens**
b **'n Besonder vreemde entjie mens** het gister hier opgedaag.

Wat die interne struktuur van kopulapredikate betref, kan 'n hele aantal tipes onderskei word. Daar word slegs 'n paar voorbeelde van struktuurtypes gegee, omdat dit hier nie in die eerste plek om vormlike kenmerke gaan nie (dié het in 7.3.5.3.1 aan bod gekom), maar om funksie.

N + SG

kop in een mus wees

Infinitief

te koop / te huur wees

Met verpligte nie

Nie alles pluis wees nie

Nie op sy bek geval wees nie

Nie gebore in staat wees nie

Nie te waffers wees nie.

Telwoord + setsel

(Iemand) een oor wees

SG

op pad wees

in die rooi wees

op jou hoede wees

SG + deelwoord

in die bol gepik wees

van sy sinne beroof wees

NS + bywoord

die kluts kwyd wees

(v) Adjunk

Deur die loop van die dag

Die een of ander tyd

Vroeër of later

Voor die voet

Tong in die kies

Vir 'n vale

Van hoek tot kant

Van tyd tot tyd

Teen wil en dank

Male sonder tal

Setselgroepe tree dikwels as adjunkte op: uit die bloute, deur die bank, met ope arms, op 'n kol, op eie houtjie. Binomiale is dikwels deel van so 'n setselgroep - van heinde en verre, vir 'n appel en 'n ei, met dapper

en stapper - of tree alleen as adjunkte op: nou en dan, vroeër of later.

Argaïese voorsetselverbindings kom voor: ten einde laaste/ einde ten laaste, ter elfder ure, te goeder trou. Ook vergelykings tree as adjunkte op: soos gou soos nou.

7.3.5.3.3 Die waarde van 'n sintaktiese klassifikasie

1. 'n Sintaktiese klassifikasie het die waarde dat dit die groot strukturele verskeidenheid onder idiome aantoon.

2. 'n Sintaktiese klassifikasie toon aan dat idiome soos ander (simplekse) leksikale items in 'n spesifieke funksie in 'n sin kan optree. Dit toon aan dat daar voldoen word aan die kriterium wat Zgusta (1971) en Matesic (1983) as so belangrik vir die definiëring van 'n MLI ag, naamlik "Einfügung in den Satz" - die vermoë van 'n idioom om soos 'n simplekse leksikale item sintagmaties in 'n sin op te tree.

3. Die gebrek aan ooreenkoms tussen die sintaktiese en semantiese struktuur van 'n idioom is een van die kenmerkende eienskappe van idiome. Sintakties kan 'n idioom 'n naamwoordstuk wees (**vel en been**) maar semanties as kopulapredikaat optree. 'n Sintaktiese klassifikasie is dus nie genoeg nie. Die semantiese struktuur van idiome sal ander insigte oor die aard van die idiomatistiteit oplewer.

7.3.5.4 Transformasionele defektiwiteit

In hoofstuk 3 is daar baie aandag bestee aan die kwessie van die transformasionele gedrag van idiome, wat saamhang met hulle formele vastheid. Ek beskou dit wat daar gesê is as voldoende en wys net ter opsomming op die volgende: Daar is blykbaar 'n verband tussen die isomorfisme en

semantiese analiseerbaarheid van 'n idioom en sy sintaktiese gedrag. Die hele kwessie is kompleks gesien die wye spektrum semantiese moontlikhede wat die gemotiveerdheid van idiome betref. Daar is ruimte vir baie gedetailleerde ondersoek hier. Dit lyk nie asof algemene uitsprake gemaak kan word nie, wat weer eens nie verbasend is as mens die heterogeniteit van die onderwerp in gedagte hou nie.

7.3.5.5 Semantiese klassifikasie

Fernando & Flavell (1981) stel 'n deursigtigheidskaal van deursigtig tot ondeursigtig voor; Fleischer (1982) gebruik die begrippe vol- en deelsidiomaties vir 'n semantiese klassifikasie; Burger in Burger, Buhofer & Sialm (1982) maak gebruik van die begrip motivering in 'n moontlike klassifikasie; Klimaszewska (1990) onderskei tussen endo- en eksosentriese MLI's - dit is maar net 'n paar van die maniere waarop idiome semanties gekarakteriseer word.

In die onderstaande paragrawe word daar weer eens (vergelyk hoofstuk 3) kortliks gekyk na die begrippe deursigtigheid, komposisionaliteit en gemotiveerdheid soos wat hulle in die diskoers oor idiome gebruik word.

7.3.5.5.1 Deursigtigheid

Idiome vertoon grade van deursigtigheid, maar uit die aard van die definisie van die idoom wat hier gebruik word, kan hulle nooit volkome deursigtig wees nie. Om idiome semanties vanaf baie deursigtig tot geheel en al ondeursigtig te klassifiseer, kan geredelik gedoen word. 'n Ernstige beswaar teen so 'n werkswyse is dat dit grotendeels die subjektiewe oordeel van die ondersoeker, wat op sy intuïsie staatmaak, reflekteer.

Verstraten (1992:45) gee byvoorbeeld so 'n indeling, waarin sy 'n verskil maak tussen die twee idioome **agter slot en grendel** ("in die gevangenis, goed toegesluit") en 'n **bitter pil om te sluk** ("iets onaangenaams wat verwerk of aanvaar moet word") op grond van hulle relatiewe ondeursigtigheid. Vir haar is 'n **bitter pil om te sluk** "intuïtief" minder deursigtig as **agter slot en grendel**. Na my gevoel weer, verskil die twee idioome mininaal wat hulle deursigtigheid betref en is albei gemotiveerd.

Deursigtigheid as norm vir 'n onderlinge onderskeid tussen idioome is nie bruikbaar nie - mens moet meer presies kan werk.

7.3.5.5.2 Komposisionaaliteit

Verstraten (1992:69-75) onderskei semanties tussen verskillende MLI's (sy praat van *vaste verbindings*) deur komposisionaaliteit as maatstaf te gebruik. Sy steun hier op die formele logika se idee van implikasie.

(40) Mitterand neurie die Marseillaise

(41) Mitterand neurie 'n melodietjie

Tussen (40) en (41) is daar 'n implikasieverhouding, wat verklaar word deur 'n hiponimieverhouding. Die **Marseillaise** is 'n hiponiem van 'n **melodietjie** en 'n **melodietjie** 'n hiperoniem van die **Marseillaise**. Hierdie verhouding is een van *meer informatief as*. Die superordinaat (**melodietjie**) bevat naamlik minder informasie as die hiponiem (**die Marseillaise**). Die meer-informatief-as-verhouding word deur Verstraten as uitgangspunt gebruik om die komposisionele aspekte van MLI's te bepaal. Verstraten onderskei op dié manier vier groepe vaste verbindings :

1. Eksosentriese verbindings met unieke elemente

Vervanging van 'n element in die idioom met iets minder informatief is nie moontlik nie, omdat daar unieke elemente in die idioom is. Uit die aard van die saak is die idioom dan niekomposisioneel: **op jou hoede wees, van meet af aan.**

Sintakties anomale idiome soos **met iemand die draak steek** hoort ook in hierdie groep.

2. Eksosentriese/ Eksosemantiese verbindings

Hierdie idiome is heeltemal niekomposisioneel. Vervanging van een van die elemente in die idoom met 'n sogenaamde hiperoniem, d.i. 'n element wat minder informasie bevat, vernietig die korrekte implikasieverhouding tussen die twee verbindings wat so ontstaan.

Om nie 'n gegewe perd in die bek te kyk nie
("Mens kritiseer of verwerp nie 'n geskenk nie")

- (42) a Mens kyk nie 'n gegewe perd in die bek nie.
* b Mens kyk nie 'n dier in die bek nie.
* c Mens kyk nie na 'n perd se tande nie.

As 'n algemene reël kan mens sê dat nie een van die woorde in 'n eksosemantiese verbinding in die parafrase van dié verbinding weer terug te vind is nie.

3. Endosentriese/ endosemantiese verbindings

As daar wel 'n implikasieverhouding bestaan tussen die idioom en nog 'n verbinding waarin 'n element vervang word met 'n hiperoniem, is die verbinding deelskomposisioneel.

Jakkals prys sy eie stert ("gesê van iemand wat homself prys")

- (43) a Jakkals prys sy eie stert.
b Iemand prys iets/ iemand is besig om te spog.
*c Jakkals is besig om te spog.

Tussen (a) en (b) is die implikasieverhouding in ooreenstemming met die betekenis van die idioom, maar tussen (a) en (c) is daar nie so 'n korrekte implikasieverhouding nie. Die idioom is dus nie volkome komposisioneel nie.

By die endosentriese verbindings is dit moontlik dat die sintaktiese kern saamval met die semantiese kern.

4. Volkome komposisioneel

Hierdie tipe verbindings is heeltemal komposisioneel. Hulle is slegs sintakties vas: **iemand op die skouer tik**.

Die vaste verbindings in die laaste groep wat Verstraten onderskei, kan nie meer as idiome beskou word nie, omdat idiome per definisie niekomposisioneel is.

Die manier waarop Verstraten tussen MLI's onderskei, is baie bevredigend omdat dit nie afhanklik is van die intuïsie van die ondersoeker nie. Met komposisionaliteit as maatstaf kan daar dus tussen idiome en ander MLI's onderskei word. Deelskomposisionele MLI's lê op die grens tussen idiome en ander soorte MLI's en komposisionele MLI's kan nie meer beskou word as idiome nie.

Met behulp van die meer-informatief-as-metode kan mens ook probeer om die verskil tussen **agter slot en grendel** en 'n **bitter pil om te sluk** te bepaal.

'n Bitter pil om te sluk

("Iets onaangenaams wat verwerk moet word")

- (44) a. 'n Bitter pil om te sluk

- *b. Bitter medisyne om te sluk
- *c 'n Bitter pil om in te neem

Tussen (a), (b) en (c) bly die implikasieverhouding nie konstant nie - die letterlike betekenis van die uitdrukking neem oor.

Agter slot en grendel

("In die tronk; goed toegesluit")

- (45) a. Agter slot en grendel
*b. Agter 'n sluitmeganisme

Ook hier kan die implikasieverhouding nie in stand gehou word nie. Beide idiome is dus eksosentanties. As daar wel 'n verskil in deursigtigheid by dié twee idiome vasgestel kan word, moet mens verder gaan en die motiveringsteorie betrek.

Ook Klimaszewska (1990a) verdeel verbale MLI's in Nederlands in twee hoofgroepe, endosentriese en eksosentriese MLI's (fraseologismes), maar sonder om soos Verstraten implikasieverhoudings te betrek. In endosentriese MLI's soos **met die hand op die hart sweer, uit sy kop ken, land en sand gesels, jou 'n papie lag, dra een van die woorde in die idioom** (in bogenoemde gevalle die werkwoord) tot groot mate nog die betekenis van die hele idioom, maar kan die res van die idioom nie komposisioneel verstaan word nie. By eksosentriese MLI's moet die uitdrukking as geheel verstaan word en kan geen woord in die uitdrukking as die semantiese kern beskou word nie.

7.3.5.5.3 Gemotiveerdheid

Komposisionaliteit is as heuristiese middel onmisbaar om tussen idiome en ander tipes MLI te onderskei (vergelyk Carstens 1990). Die insigte van die kognitiewe semantiek

wat in hoofstukke 5 en 6 bespreek is, bied egter die beste moontlikheid om die interne semantiek van idiome te ondersoek. Hierin word daar verder gegaan as klassifisering en word daar gekyk na die prosesse wat grondliggend is aan die semantiek van idiome.

In hoofstukke 5 is daar in meer besonderhede ingegaan op die motiveringsteorie en die implikasies daarvan vir 'n semantiese ondersoek na MLI's. In hoofstuk 6 is die motiveringsteorie getoets aan 'n aantal MLI's in Afrikaans.

In die lig hiervan kan daar nou weer gekyk word na die twee idiome **agter slot en grendel** en **'n bitter pil om te sluk**. Verstraten (1992:45) oordeel verskillend oor die deursigtigheid in dié twee idiome. Ondersteun 'n analise gebaseer op die motiveringsteorie hierdie oordeel?

Beide **agter slot en grendel** en **'n bitter pil om te sluk** is gemotiveerd. By **agter slot en grendel** is die motivering geleë in 'n dubbele metonimiese verhouding. **Slot en grendel** dui op 'n tronk of gevangenis en dié betekenis kom stapsgewys tot stand. **Slot en grendel** staan eerstens in 'n deel-geheel-verhouding vir GESLOTE DEUR. GESLOTE DEUR op sy beurt, in 'n volgende deel-geheel-metonimiese verhouding staan dan vir TRONK. Om **agter slot en grendel** te wees beteken dus om agter 'n geslote deur te wees en by verdere implikasie om in die gevangenis te sit.

By die ander betekenis ("goed toegesluit") is daar ook sprake van 'n metonimiese proses. **Slot en grendel** staan hier metonimies ook vir kleiner deure, soos dié van 'n kas of kluis.

By **'n bitter pil om te sluk** is die motivering metafories van aard. **'n Bitter pil** is 'n metafoor vir iets onaangenaams. Hierdie metafoor is reeds geleksikaliseerd.

In twee ander idiome met **pil** tref ons ook dié geleksikaliseerde metafoor aan: **versuikerde pil** ("iets wat onaangenaam is word beter voorgestel") en **die pil verguld** ("laat iets wat onaangenaam is beter lyk").

Wat die isomorfisme van die twee idiome betref, is daar wel 'n verskil. **Agter slot en grendel** word geparafraseer as "in die tronk; goed toegesluit" - dit is dus nie isomorfies nie. 'n **Bitter pil om te sluk** kan geparafraseer word as "iets moeiliks/onaangenaams om te aanvaar". Hierdie parafrase dui op 'n groter graad van isomorfisme by dié idioom.

Omdat 'n **bitter pil om te sluk** groter isomorfisme vertoon en bowendien gebruik maak van 'n geleksikaliseerde metafoor, kan dié idioom as meer deursigtig beskou word as **agter slot en grendel**. (Van de Voort & Vonk (1992:147) beskryf selfs idiome wat sowel isomorfies as gemotiveerd is as komposisioneel. Dit is egter 'n baie wye en idiosinkratiese interpretasie van die term komposisionaaliteit.) Dié gevolgtrekking verskil dus van Verstraten s'n (vergelyk 7.3.5.5.1). Wat die oefening wel aantoon, is dat die interne semantiek van idiome die beste beskryf kan word met behulp van die motiveringsteorie.

7.3.5.5.4 Semantiese verhoudings

Bekende semantiese verhoudings soos sinonimie, antonimie en polisemie kan ook by idiome onderling en tussen idiome en simplekse leksikale items aangetoon word.

(i) Sinonimie

Hier word aanvaar dat daar selde gepraat kan word van volkome sinonimie. Die term word dus in die sin van naby- of gedeeltelike sinonimie verstaan.

Wat sekere idiome betref, is daar uitgebreide reekse om 'n bepaalde begrip oor te dra. Daar is al gewys op die baie uitdrukings wat "woedend wees" of "mal wees" verwoord.

'n Paar ander sinoniemreekse is byvoorbeeld die volgende:

"Dieselfde": Voëls van eenderse vere, op dieselfde lees geskoei, dis vinkel en koljander, die een is soos die ander.

"Bedrieg": (Iemand) aan die neus lei, 'n rat voor die oë draai, die vel oor die ore trek, op 'n dwaalspoor lei, 'n streep trek, iets diets maak, iets op die mou speld, 'n bril opsit, 'n poets bak, vet om die oë smeer, om die bos lei.

"Dronk wees": buite weste wees, skapies/ganse aanja, twee rye spore loop, hoog in die takke wees, gekoring wees.

"Verlief wees": (iemand se) kop is vol muisneste, rooi hakskene hê, jou latjiebeen hou by 'n meisie, ogies maak, oor die onderdeur loer.

"Sterf": die laaste asem uitblaas, die tydelike met die ewige verwissel, bokveld toe gaan, die gees gee, die oë sluit, na beter oorde verhuis, die lepel in die dak steek, die pyp uit wees.

(ii) Antonimie

Antonimie tussen idiome is geweldig skaars.

aan die kortste/langste end trek

(iii) Polisemie

Teoreties behoort idioome nie polisemies te wees nie. Hulle vorm per definisie 'n vaste betekenisgeheel waarbinne bepaalde woorde nie komposisioneel en dus moontlik polisemies verstaan kan word nie. Idioome kan egter, wat hulle parafrases betref, twee subtiel verskillende maar nog verwante betekenisonderskeidings hê. Dit is in sulke gevalle waar polisemie dan ter sprake kom. Dit is, weer eens uit 'n motiveringsoogpunt beskou, tog voorstelbaar dat idioome wat as deursigtig ervaar word, in twee onderskeibare maar verwante betekenisonderskeidings gebruik kan word. Uit die aard van die saak is die voorkoms van polisemie by idioome uiters skaars, maar dit kom wel voor:

agter slot en grendel 1. in die tronk 2. goed toegesluit
hokslaan 1. Belet om te doen wat jy wil 2. iemand skerp teregwys
gaan blaas doppies 1. jy probeer verniet 2. gaan bars
in die stof byt 1. val 2. verloor 3. sterf
iemand onder stof loop 1. hom onderstebo loop 2. hom baasraak
uit Noag se ark kom 1. baie oud 2. heeltemal uit die mode
iemand droomland toe stuur 1. 'n kind aan die slaap maak 2. iemand uitslaan in 'n geveg
tussen die boom en die bas 1. weifelagtig 2. besluiteloos

'n Derde betekenis van **tussen die boom en die bas** ("middelmattig") word gegee as antwoord op die vraag **Hoe gaan dit?** en hou nie direk verband met die twee genoemde betekenis nie. Dit is miskien 'n voorbeeld van 'n homonimiese verhouding wat besig is om tot stand te kom.

(iv) Homonimie

Homonimie tussen twee meerwoordige leksikale items toon ooreenkomste met homonimie tussen twee simplekse

leksikale items. Twee idiome wat vormlik dieselfde is, maar met onverwante betekenis, is homoniem. So 'n homonimiese verhouding kan onder andere die gevolg wees van betekenisverskuiwing by idiome. Die oorspronklike betekenis van 'n idioom verander in die volksmond na 'n ander betekenis. Aanvanklik mag die twee betekenis nog verwant wees, maar dié ooreenkoms kan mettertyd vervaag.

aan die man bring "verkoop"
aan die man bring "arresteer"

die knoop deurhak "die beswaar deur 'n kragtige besluit verwyder"

die knoop deurhak "trou"

(v) Betekenisvelde

'n Paar idiome kan ook saam 'n betekenisveld vorm. Die idiome kan saam gegroepeer word op grond van hulle betekenis, wat op 'n logiese manier by mekaar aansluit. Hierdie betekenisverwantskap berus in nie geringe mate nie op die betekenis van een van die woorde in die idioom:

met vuur speel ("jou met gevaarlike sake bemoei")

jou vingers verbrand ("boet vir 'n fout, d.w.s in die moeilikheid beland")

dit vir iemand warm maak ("dit vir iemand onaangenaam maak")

'n heksetel stook ("onheil of moeilikheid aanwakker")

die vuur is in die gras ("daar is moeilikheid")

tussen twee vure sit ("tussen twee moeilikhede beland")

in die brand sit ("in die moeilikheid wees")

vir iemand deur die vuur loop ("jou lewe vir iemand waag")

Die woorde **vuur**, **verbrand**, **stook** en **warm** hou semanties verband met mekaar. 'n Soort oordragtlike semantiese verband waar al die woorde dui op "moeilikheid, gevaar,

onaangenaamheid" bly behoue in die betekenis van die verskillende idioome waarin hulle voorkom.

So 'n semantiese ooreenkoms tussen verskillende idioome is egter die uitsondering eerder as die reël en druis om die waarheid te sê in teen die tradisionele definisie van die idioom, waarvolgens individuele woorde nie op sistematiese wyse bydra tot die geheelbetekenis van die idioom nie. Vergelyk die volgende idioome waar daar nie 'n verband met bogenoemde aangetoon kan word nie:

'n saak warm hou ("n saak gedurig onder die aandag bring")

langs een vuur sit ("van dieselfde mening wees")

vuur en vlam wees ("baie geesdriftig wees")

vol vuur wees ("baie geesdriftig wees")

Die motiveringsteorie, soos wat al dikwels gesê is, plaas egter die tradisionele definisie van die idioom in perspektief, sodat dit nie vergesog is om op die genoemde ooreenkomste te wys nie.

7.3.5.7 Samevatting: idioome

Idioome onderskei hulle in bepaalde opsigte van ander MLI's:

1. Idioome is per definisie niekomposisioneel. As sodanig vertoon hulle in die hoogste mate die semantiese spesialisering wat 'n kriterium is om as MLI te kwalifiseer.

2. Transformasionele defektiwiteit, wat gepaardgaan met 'n hoë mate van formele vastheid, is kenmerkend van idioome.

3. Idioome kan beskou word as die prototipiese MLI.

7.4 Samevatting hoofstuk 7

In hierdie hoofstuk is daar begin met die klassifikasie van die MLI's in Afrikaans. Daar is besluit op 'n struktureelsemantiese ordeningsbeginsel. Die volgende tipes MLI is bespreek: meerwoordsetsels, leenwoordgroepe, idiomatiese formules, deeltjiewerkwoorde en idiome.

In hoofstuk 8 word die klassifikasie voortgesit.

HOOFSTUK 8

MEERWOORDIGE LEKSIKALE ITEMS IN AFRIKAANS:
VERDERE GROEPERINGE

In hierdie hoofstuk word 'n aantal opvallende tipes MLI's wat telkens om 'n bepaalde rede saam gegropeer kan word, uitgesonder. Die feit dat hulle hieronder bespreek word, beteken nie dat hulle nie ook in die ander groeperings wat in hoofstuk 7 aangedui is, opgeneem kan word nie.

8.1 Pragmatiese MLI's

In die literatuur word 'n spesiale groep MLI's, waarvan die gebruik en betekenis sterk gekoppel is aan die situasie waarin hulle gebruik word, uitgesonder. Burger, Buhofer & Sialm (1982) wy uitvoerig uit oor pragmatiese fraseologieses wat aan spesifieke taalhandelinge soos bevels, beloftes, waarskuwings en dreigemente gekoppel word. Fleischer (1982) se term vir dié tipe MLI is *kommunikatiewe formules*. Ook Pilz (1983) onderskei pragmatiese formules waaronder hy twee hoofgroepe aandui. Hoflikheidsformules sluit uitdrukkings in soos **dames en here** en **veels geluk** en kommentaarformules word gebruik om 'n bepaalde situasie te karakteriseer, soos om te sê **amper sluk jy my in** wanneer iemand gaap. Combrink (1985) gebruik die term *situasionele idiome*. Geeraerts (1992) praat van pragmatiese idiome, MLI's wat in 'n gespesialiseerde, niereferensiële betekenis gebruik word. Hierdie pragmatiese betekenis kan nie outomaties uit die referensiële betekenis van die woorde afgelei word nie. 'n Goë aanduiding van so 'n gespesialiseerde betekenis is wanneer sinonieme (**mans en vrouens** byvoorbeeld) met die MLI (**dames en here**) vergelyk word. Die sinonieme kan nie as aanspreekvorm gebruik word nie.

Die sogenaamde illokusionêre idiome van die tipe

Kan (jy die deur oopmaak)?
Sal (jy) miskien (die mense ontvang)?
ens.

word nie hier ingesluit nie. Vergelyk Levinson (1983:268 e.v.) wat oortuigend argumenteer dat ons nie hier met idiome te make het nie. Bogenoemde tipes is duidelik nie MLI's nie, want die sinne waarin hulle voorkom, is nie geleksikaliseer met 'n spesifieke gespesialiseerde betekenis nie - selfs nie noodwendig een spesifieke pragmatiese betekenis nie. **Kan jy die deur oopmaak?** se twee moontlike lesings is nie as gevolg van die spesiale MLI-status van die uiting as geheel nie, maar die gevolg van die meerduidige betekenis van die een woord **kan**.

Die situasie is 'n bietjie anders by taalhandelingsuitings wat 'n bepaalde kulturele konvensie verwoord, soos

Ek doop jou in die naam van die Vader, die Seun en die Heilige Gees.

Ek verklaar julle nou man en vrou.

Hierdie en soortgelyke uitings voldoen wel aan die vereiste van institutionalisering. Hulle is voorts ook baie vas - om as taalhandeling te funksioneer, kan daar niks aan die uiting verander word nie. Wat 'n derde kriterium betref, dié van semantiese spesialisering, is dit so dat die uiting volkome komposisioneel is - die spesialisering is geleë in die baie spesifieke pragmatiese funksie waarin dié en soortgelyke uitings gebruik word.

Ingevolge 'n kriterium wat deur sommige ondersoekers vereis word voordat daar van MLI's gepraat word, word hierdie tipe taalhandelinge egter nie as MLI's beskou nie. Matesic (1983) onderskei MLI's van sinne en tekste

deur te stel dat MLI's nie alleen, op sigself, 'n teks kan vorm nie, maar by ander woorde in 'n sin moet kan aansluit. Ook Zgusta (1971:151) beskou die kriterium dat 'n MLI in 'n sin en in die leksikon dieselfde sintaktiese en onomasiologiese funksie moet kan vervul as enkelwoorde, as 'n fundamentele vereiste waaraan alle MLI's moet voldoen. Hierdeur word lang MLI's wat op hulle eie 'n volledige teks daarstel, soos spreekwoorde, aanhalings en so meer dan uitgesluit by die kerngroep MLI's. Ek sou sulke MLI's nie as prototipiese MLI's beskou nie, maar omdat hulle wel voldoen aan ander kriteria, kan hulle ook nie heeltemal uitgesluit word nie. Sommige van die pragmatiese MLI's wat hieronder aangegee word, behoort ingevolge die vereiste dat hulle by 'n sin ingelyf moet kan word, dus nie tot die kerngroep MLI's (soos wat hulle in hoofstuk 7 bespreek is nie); ander weer wel.

As algemene aanduiding ter onderskeiding van so 'n groep MLI's geld die volgende riglyn: pragmatiese MLI's is geïnstitutionaliseerde leksikale items met baie spesifieke pragmatiese funksies.

Daar is ook 'n ander aspek van MLI's wat in 'n mate aansluit by 'n bespreking van die spesifieke diskoers- of pragmatiese funksies wat hulle mag vervul. Dit is naamlik so dat die werklike gebruik van MLI's in gesprekke nog nie sistematies ondersoek is nie. Die ondersoek van Drew & Holt (1992) na telefoongesprekke dui strukturele en opeenvolgingspatrone aan wat geassosieer word met die keuse van 'n idioom (eerder as 'n nie-idiomatiese uitdrukking) in gesprekke. Hulle doen verslag van 'n patroon wat die duidelikste uit hulle ondersoek na vore getree het, naamlik die gebruik van 'n idioom om die onderwerp van gesprek op te som en tegelykertyd ook af te sluit sodat 'n nuwe onderwerp ingelei kan word. Uit hulle gevolgtrekkings blyk dit dat idiome in 'n soort sekondêre funksie (naas die funksie om 'n sekere betekenis oor te

dra) 'n bepaalde rol in 'n diskoers kan vervul. As mens so daarna kyk, kan om 't ewe welke idioom dus ook 'n pragmatiese funksie hê, veral in gesprekke.

Dit is egter nie dié tipe pragmatiese funksie waarvan daar hier sprake is nie. By die onderstaande idiome gaan dit om funksies wat baie spesifiek aan bepaalde MLI's gekoppel kan word.

As groep is die pragmatiese MLI's nie homogeen nie. Hulle vertoon sintakties groot verskeidenheid, van volle sinne tot woordgroepe:

Moenie my laat lag nie!

Kan jy nou meer!

En hoe!

Veels geluk

Hygend hert!

Sê jy!

jy weet

Wat hulle betekenis betref, kan hulle volkome komposisioneel wees (**dames en here**) of sterk idiomaties (**dis nou mooi!**).

Hulle is vormlik baie vas en laat weinig variasie toe, vanweë die feit dat hulle wat 'n spesifieke pragmatiese funksie betref, sterk geïnstitusioneel is.

'n Aanduiding daarvan dat 'n MLI pragmatiese status het, is wanneer daar by 'n parafrase van sy betekenis ook verwys word na die pragmatiese funksie van die MLI:

Apie kyk vir peanuts - "gesê as jy iemand fop of uitoorlê".

Praat van die duiwel dan trap jy op sy stert - "gesê van iemand wat aankom juis wanneer hy bespreek word".

Kom ek om, so kom ek om - "gesê, wanneer jy voortgaan met 'n gevaarlike taak".

Wiefer of waffer, die meid of die kaffer? - "vroeër gesê wanneer die skuldige gesoek word". (Rassisties)

As is verbrande hout - "gesê aan iemand wat telkens 'as' sê".

So 'n bek moet jam kry - "gesê as iemand net mooi die regte ding sê, die gevoel van die hoorder baie goed uitdruk".

Kleine muisies, grote ore - "gesê as kinders in die grootmensgeselskap sit en luister".

8.1.1 Diskoersmli's

Diskoersmli's word onderskei deurdat hulle as bakens in die verloop van 'n diskoers kan dien. Hulle help met die teksvloei in storievertelling en gesprekke. Hulle neig dikwels na die cliché-agtige, veral waar dit gaan om tydsaanduiding, sowel in 'n verhaal as ter aanduiding van waar in die diskoers mens jou bevind.

Die volgende MLI's is geïnstitusioneel in bepaalde tipe verhale soos sprokies en word as eerste en laaste uitings in sulke vertellings gebruik:

Eendag, lank lank gelede ...

Daar was eendag ...

Hulle het lank en gelukkig saam gelewe.

Fluit, fluit, my storie is uit.

Ander geykte uitdrukkings wat met tydsverloop te make het en wat tipies in verhale aangetref word, is byvoorbeeld:

Voor jy kan sê "mes"

Sy woorde was nog nie koud nie

Voor jy jou oë kan uitvee

In 'n ommesientjie

Laaste, maar nie die minste nie

Oor en uit

So gesê, so gedaan word feitlik slegs binne die konteks van 'n storievertelling aangetref.

'n MLI wat baie direk gekoppel is aan 'n sekere tipe diskoers is die Voorwaar, voorwaar ek sê vir julle waarmee Jesus (in die 1933-Bybelvertaling) 'n punt wou onderstreep.

Mens kan sekere tipe diskoerse ontleed vir die MLI's wat tipies daarin voorkom, soos byvoorbeeld doodsberigte:

in lewe

MLI's wat in die verloop van 'n diskoers voorkom en selfkomentariërend werk, is:

Om die waarheid te sê

Hoe dit ook al sy

Met ander woorde

Per slot van rekening

Jy weet

En dis dit

Met apologie en myns insiens stel dit wat die spreker sê in 'n bepaalde perspektief.

MLI's wat kommentaar lewer op wat gesê word en dui op verstomming, instemming, twyfel ensovoorts het dikwels ook die bykomende funksie om die kommunikasiekanaal as 't ware oop te hou:

Kan jy nou meer!

Wat vertel jy my!

Kan jy dit oorvertel!

Nou toe nou!

Bid jou dit aan!

Hulle word baie spesifiek gekoppel aan die situasie van die oomblik.

Nie waar nie? het die funksie dat 'n sekere reaksie of betrokkenheid van die aangesprokene verlang word.

Sekere MLI's het geïnstitusioneel geraak as antwoorde op moeilike vrae, of vrae wat die spreker nie wil beantwoord nie:

Husse met lang ore
As die perde horings kry
In die jaar nul as die hingste vul
Nugter weet (alleen)
Geen kommentaar

8.1.2 Kommunikatiewe formules

8.1.2.1 Hoflikheidsformules

Alle groet- en aanspreekformules asook MLI's wat as die begin- en afsluiting van gesprekke dien, is sterk geïnstitusioneel:

Dames en here
Broers en susters
Bly te kenne
Die uwe
U Edele
Wel te ruste
Mooi loop
Hoe gaan dit?

8.1.2.2 Troos- en kalmeerwoorde

Toe maar
So nou
Ho nou

8.1.2.3 Vloeke, dreigemente en verwensings

Daar is baie MLI's wat in dié funksie geïnstitutionaliseerd geraak het:

As ek my sonde nie ontsien nie ...

Gaan na die duiwel

Die duiwel haal jou / Mag die duiwel jou haal

Jy soek my (en jy sal my kry)

Vandag is die dag...

Ook eufemismes val in dié groep:

Hond se doilie

Afrikaans is nogal arm aan besonder kleurryke vervloekinge. Dink aan die geweldige krag van *may a thousand fleas nest in your armpits*.

8.1.2.4 Gelukwensings

Veels geluk

Mooi so

8.1.2.5 Uitroepe en tussenwerpsels

Hygend hert!

Op dees aarde!

Grote Griet!

Liewe hemel!

Alla wêreld

In hemelsnaam!

Notte wiel!

Dit sal die dag wees! (<Engels)

Hoe / Wat de duiwel!

Oor my dooie liggaam!

Dank jou die duiwel!

Jou voet!

Se voet!

8.1.2.6 Heildronke

Gesondheid in die rondheid

Daar gaat hy!

8.1.3 Pragmatiese MLI's as taalhandelinge

Die een tipe MLI wat as taalhandeling kan optree, is reeds hierbo onder 8.1 bespreek. Daar is MLI's wat minder sterk rus op bepaalde konvensies, maar wat ook as taalhandelinge beskou kan word.

Sekere MLI's wil byvoorbeeld duidelik 'n spesifieke reaksie by die aangesprokene ontlok:

Daar's as op jou toon - "gesê as iemand se gulp oop is"
Jou melk kook oor - "gesê as iemand se onderrok uitsteek"
Stadig oor die klippe - "moenie so haastig wees nie";
"wees versigtig"

Sulke MLI's is dikwels bevel wat in die vorm van 'n vraag gestel word - 'n vraag met 'n obskure betekenis as jy nie die pragmatiese waarde daarvan ken nie:

Is jou pa 'n glasmaker? ("Moenie in my son staan nie.")
Het jy nie ore nie/ Waar's jou ore? ("Luister na my.")
Is jy in 'n kerk gebore? ("Maak toe die deur.")
Het jy rooimiere? ("Sit stil.")

Ander MLI's met die funksie van 'n bevel is weer heeltemal deursigtig:

Hou jou mond /bek.

8.1.4 Samevatting: pragmatiese MLI's

By die pragmatiese MLI's is dit die mate van geïnstusionaliseerdheid (die feit dat hulle 'n vaste, herkenbare vorm het wat so gebruik word) tesame met hulle gespesialiseerde betekenis en die feit dat hulle baie bevrore uitdrukkings is wat min variasie toelaat, wat hulle as MLI's kenmerk. Deel van hulle gespesialiseerde betekenis is die feit dat hulle in bepaalde pragmatiese funksies gebruik word - hetsy as kommunikatiewe formules, in 'n bepaalde funksie tydens 'n diskoers of as taalhandelinge. Hierdie tipe MLI's kan nie altyd vryelik in alle situasies gebruik word nie, maar slegs in die "reële momentsituasie" (Combrink 1985).

Die pragmatiese funksie is iets wat nie duidelik is uit hulle komposisionele samestelling nie. Ek beskou hulle dus as deel van die MLI-skat in Afrikaans.

8.2 Kinegramme

Burger in Burger, Buhofer & Sialm (1982) wys op 'n tipe MLI waarin 'n interessante verhouding tussen talige en nietalige kommunikasie tot stand kom. Met die konvensionele betekenis van 'n idioom soos rooi word ("jou skaam") word tegelykertyd ook 'n definitiewe fisiese gebeurtenis verbind. Kinegramme is talige verteenwoordigers van buitetalige (kommunikatiewe) gedrag - hulle verbaliseer nieverbale gedrag. Hulle het dus besondere pragmatiese en stilistiese eienskappe.

Die nietalige gedrag waaraan die MLI's gekoppel word, is gekonvensionaliseer in die kultuur waaruit die idioom stam. Hierdie konvensionalisering word in die taal weerspieël. Volgens Burger is die moontlikhede wat daar in 'n taal bestaan om dié gedrag in taal uit te druk 'n aanduiding van die graad van konvensionalisering van die nietalige kommunikasiemiddele.

Die buitetalige gedrag kan verskeie emosionele toestande aandui wat mettertyd geassosieer geraak het met die fisiese handeling. Die fisiese handeling staan dan metonimies vir die emosionele gevoel wat uitgedruk word:

GEBAAAR OF GEDRAG

EMOSIE

| | |
|---------------------------------|--|
| die hande saamslaan | ongeloof, afgryse |
| die hare uit die kop trek | radeloosheid |
| met die vuus op die tafel slaan | woede |
| aan die boesem druk | toegeneentheid |
| die kop skud | aanduiding van onder andere ongelooft; |
| | weiering |
| skouers optrek | aanduiding van onkunde of onbetrokkenheid |
| geen spier vertrek nie | onbewoënheid; kalmte |
| hare rys | afgryse; angs |
| geen oog toemaak nie | bekommernis; |
| | slapeloosheid |
| hoendervel kry | emosioneel beweeg |
| wenkbroute lig | verbasing, skeptisisme |
| mond val oop | verbasing |
| neus optrek | minagting |

Semanties kan kinogramme vanuit twee hoeke bekyk word. Eerstens beskryf hulle die fisiese handeling, gedrag of gebaar en tweedens gee hulle die kommunikatiewe waarde van die bepaalde gedrag weer.

Wat die beskrywing van die fisiese gedrag betref, wys Burger (1982:58) daarop dat baie van die gebare vandag nie meer produktief is nie, alhoewel die beeld nog lewendig is. Tot in die sewentiende eeu was daar nog algemeen gebruikte treurgebare, soos om die hande te wring en die hare uit die kop te trek. Vandag word dié gedrag slegs in die leksikale items lewendig gehou, maar

bestaan die emosie wat daardeur uitgedruk word inderdaad nog.

Sommige kinegramme beskryf ook uit die aard van die saak nie realistiese gedrag nie - **in (sy) graf omdraai** - en is dan ook nie ware kinegramme nie. Hulle kan op dieselfde manier as ander idioome beskou word.

Die gebare of gedrag waarvan daar sprake is, het geïk geraak en word gekoppel aan baie spesifieke emosies. Die verhouding tussen die emosie wat deur die MLI uitgedruk word en die oorspronklike nietalige gedrag is in die taal geïnstitusioneel. Dit is byvoorbeeld ook duidelik by simplekse leksikale items soos **frens**. As deel van die definisie by **frens** meld HAT (1994): "meestal om verbasing, ontevredenheid of nadenke te kenne te gee". Hierdie spesifieke verband tussen emosie, gebaar en leksikale item is verder ook sterk kultuurgebonde. Die MLI's beskryf nie bloot sekere liggaamlike gedrag nie, maar kodeer ook die kommunikatiewe bedoeling van sulke gedrag.

By die meeste kinegramme lê die semantiese gewig van die leksikale item nie meer by die beeld van die fisiese gedrag nie, maar gaan dit daarvoor om die korrekte emosie talig te kommunikeer.

Lakoff (1987) wys in sy bespreking van die metafore wat ten grondslag lê aan idioome waarin woede uitgedruk word daarop dat emosies direk gekoppel word aan fisiologiese prosesse (ten minste wat populêre opvatting betref). Waar emosie en fisiologiese gedrag met mekaar in verband gebring word, is daar op kognitiewe vlak sprake van metaforiese en metonimiese prosesse. Ook by die kinegramme kan 'n basiese metonimiese verhouding tussen die fisiese gebaar en die leksikale item wat die gebaar verwoord, vasgestel word. Die fisiese gebaar (byvoorbeeld

hare wat rys) staan metonimies vir die emosie (angs) wat aan die gebaar gekoppel word.

Ek wil graag op twee sake wys wat Burger onvermeld laat. Eerstens is dit nie so dat die kinegramme altyd aan menslike gebare of gedrag gekoppel kan word nie. Mense kan byvoorbeeld nie fisies hulle ore spits nie en 'n mens se hare rys nie - altans nie so opvallend soos dié van 'n dier nie. Honde of perde kan wel hulle ore spits en die aandagtige nuuskierige houding van die diere word beeldend gebruik om 'n nuuskierige, aandagtige houding by mense te beskryf. As 'n hond of kat se hare rys, merk hulle onraad - as mense dus onraad merk, word dit leksikaal verwoord deur gebruik te maak van 'n fisiese handeling by diere. Kinegramme kan dus nie altyd direk gekoppel word aan liggaamlike gedrag by mense nie. Soos by talle idiome kom die betekenis oordragtelik tot stand.

Tweedens wil ek wys op 'n sekere tipe gebaar wat van 'n ander aard is as dié wat hierbo bespreek is. In die voorbeelde hierbo gaan dit om fisiese gebare wat amper vanselfsprekend en vanself ontstaan - jou neus optrek, rooi word (van woede of skaamte), hoendervel kry. Juis die feit dat hulle so tipies gepaard gaan met sekere emosies lei tot hulle konvensionalisering as gebare en die latere leksikalisering van hierdie gebare in leksikale items. Dit beteken natuurlik nie dat hierdie gedrag altyd aanwesig is wanneer die leksikale items wat hierdie gedrag beskryf, gebruik word nie, maar dit kan gebeur.

Die tipe gebare wat ek hier wil uitsonder, is die simboliese gebare wat in die idiome **duim vashou** en (**jou**) **hande in onskuld was** uitgedruk word. Sowel idioom as gebaar is baie oud en die gebare het hulle oorspronklike lewendige simboliese betekenis verloor - anders as wat die geval is met die kinegramme wat hierbo bespreek is.

(Jou) hande in onskuld was is in hoofstuk 6 bespreek.

Oor duim vashou sê Combrink die volgende:

Die uiting van hierdie idioom gaan (...) dikwels gepaard met 'n handgebaar wat van so 'n aard is dat die duim van die regterhand verbergend vasgeklem word met die ander vingers van die regterhand (Combrink 1990:61).

Hy sit die herkoms en geskiedenis van die idioom dan uiteen. Die gebaar dateer uit antieke Rome, waar die toegehoue duim aangedui het dat die oorwonne gladiator se lewe gespaar moes bly. Uit hierdie ou gebaar ontwikkel vandag se betekenis: "vir iemand die beste of sukses wens". Soos by (jou) hande in onskuld was lê daar dus 'n simboliese gebaar, en nie 'n gebaar wat direk gekoppel kan word aan 'n bepaalde emosie nie, ten grondslag aan dié idioom. Die ooreenkoms met die ander soort kinogramme lê daarin dat die simboliese gebare leksikaal gestalte gekry het.

Kinogramme is 'n interessante tipe MLI, wat 'n goeie illustrasie bied van die vervlegtheid van liggaam en taal.

8.3 Onomkeerbare binomiale

'n Onomkeerbare binomiaal kan as volg omskryf word: 'n opeenvolging van twee woorde (A en B) wat tot dieselfde woordsoortelike kategorie behoort, hiërargies op dieselfde sintaktiese vlak funksioneer, verbind word met die een of ander skakel (S) en waarvan die volgorde nie omgekeer kan word nie: **heen en weer, pimpel en pers, tjok en blok, finish en klaar, stadig maar seker, herwaarts of derwaarts**. Voorts het die hele formule (F) 'n betekenis wat nie altyd gelyk is aan die som van die betekenis

van die dele nie. Vergelyk Malkiel (1959) vir dié definisie van binomiale.

8.3.1 Binomiale as MLI's

8.3.1.1 Vastheid: onomkeerbaarheid

As daar gekyk word na binomiale as sodanig (d.w.s. neweskikkende konstruksies), is dit duidelik dat onomkeerbaarheid nie 'n kenmerk is van almal nie: **vrke en messe** is ewe aanvaarbaar as **messe en vrke** en voorbeelde soos die volgende is volop:

"As mens **passief en ontvanklik** genoeg bly" (Beeld 24 Junie 1997).

Dit is Sondagaand opnuut bewys in 'n program waarin **Brahms en Schubert** gehuldig is" (Beeld 24 Junie 1997).

Die binomiale in bogenoemde neweskikkende konstruksies is nie onomkeerbaar nie, is nie leksikale items nie en verteenwoordig geen besonder interessante stuktuurtype nie. By *onomkeerbare binomiale* is die vaste volgorde A + S + B juis die definiërende kenmerk. Leksikale-itemstatus kom ter sprake wanneer daar 'n vaste, bevrore volgorde is wat nie variasie toelaat sonder verlies van betekenis nie. 'n Onomkeerbare binomiaal word altyd as geheel gebruik, wat 'n verdere aanduiding is van sy volwaardige status as leksikale item. Hulle vaste vorm dra daartoe by dat hulle as MLI's beskou word.

Fonologiese en morfologiese aspekte soos die sillabelengte asook semantiese aspekte kan die vaste woordvolgorde van binomiale beïnvloed (De Beer 1989:210).

8.3.1.2 Idiomaticiteit

Die onomkeerbare volgorde dui op 'n asimmetriese verhouding (normaalweg is neweskikkende konstruksies simmetries, dit wil sê omkeerbaar,) wat 'n aanduiding is van idiomaticiteit (Ponelis 1979:605). Idiomaticiteit hier word gekoppel aan formele vastheid. Idiomaticiteit as niekomposisionaaliteit is 'n ander saak. In hoofstuk 3 is gesê dat idiomaticiteit (in hierdie betekenis) nie 'n sine qua non is vir die totstandkoming van meerwoordige leksikale items nie. Idiomaticiteit is dan ook nie vanselfsprekend 'n kenmerk van binomiale nie (tee en koffie, sout en asyn, vis en tjips), maar hulle is dikwels idiome of maak deel uit van 'n idioom: **sonder om te blik of te bloos, dit reën katte en honde, kla steen en been, gesels land en sand, weet nie herwaarts of derwaarts nie.**

Hulle idiomaticiteit wissel dus.

8.3.1.3 Geleksikaliseerdheid

Daar is 'n kontinuum in die taal vanaf vrye verbindings van "gewone" binomiale tot die stolling van twee woorde tot een item. Wanneer binomiale in 'n vaste volgorde geleksikaliseer is, blyk hulle leksikale-itemstatus onder andere daaruit dat hulle komposita kan vorm: **kat-en-muis-speletjies, jakkals-en-wolf-stories.**

8.3.1.3.1 Unieke elemente

Die voorkoms van unieke of argaiëse elemente by onomkeerbare binomiale (soos wat ook die geval is by ander MLI's) is nog 'n aanwyser dat die verbinding gestol het as leksikale item, die kombinasie is geleksikaliseer: **teen heug en meug, huis en haard, herwaarts en derwaarts, hot en haar, met snaar en stramboel, in rep en roer, tot tyd en wyl.**

toet en taal is hier 'n interessante voorbeeld. Dit is 'n vervorming van **totaal en al**. Soos wat hy egter dikwels gebruik word, bestaan die binomiaal uit twee unieke elemente.

8.3.2 Die struktuur van binomiale

In sy studie oor onomkeerbare binomiale wys Malkiel (1959) op die volgende kenmerke: rym en alliterasie, formele patrone, semantiese verhoudings, die aard van die skakels en die redes vir die onomkeerbaarheid van die volgorde in die binomiale. Daar word vervolgens op 'n paar van dié kenmerke gekonsentreer.

8.3.2.1 Rym en alliterasie

Binomiale se formuleagtige karakter word versterk deur die ritmiese patroon (die twee woorde in 'n binomiaal het dikwels dieselfde aantal sillabes) en die groot mate van herhaling, rym en alliterasie wat aangetref word. Malkiel praat van die "powerful welding effect" van rym en alliterasie.

8.3.2.1.1 Alliterasie van die eerste konsonant(e)

paal en perk
pimpel en pers
bont en blou
wel en wee
daar en dan
wik en weeg
willens en wetens
bak en brou
rep en roer
hot en haar
blik of bloos
buig of bars

Opvallend is die afwesigheid van assonerende vokale aan die begin van die woorde - iets waarop Malkiel ook wys.

8.3.2.1.2 Rym

raap en skraap
tjok en blok
hiet en gebied
land en sand
tyd en wyl
huidjie en muidjie
heug en meug
rond en bont
hoog en droog
wyd en syd

8.3.2.2 Herhaling

herwaarts en derwaarts
van bakboord na stuurboord
die wis en die onwis

8.3.2.3 Formele patrone

A en B is identies.

Malkiel verwys na die baie ou (uit Hebreeus) 'n oog vir 'n oog en 'n tand vir 'n tand wat so 'n identiese herhalingspatroon vertoon. Ander voorbeelde is keer op keer, dag vir dag, kop aan kop, van aangesig tot aangesig, voetjie vir voetjie.

8.3.3 Semantiese patrone

A en B staan dikwels in spesifieke semantiese verhoudings soos dié van sinonimie, antonimie of hiponimie tot mekaar. Malkiel (1959: 126-129) noem die volgende verhoudings:

1. A en B is naby-sinonieme (**checks and balances**)
2. A en B is wedersyds komplementêr (**cheek by jowl, hammer and tongs**)
3. A en B is teenoorgesteldes (**heads or tails**)
4. B is 'n onderafdeling van A en omgekeerd (**dollars and cents**)
5. B is die logiese gevolg van A (**to shoot and kill**)

Ook wat Afrikaanse voorbeelde betref, geld die semantiese verhoudings wat Malkiel aangedui het.

1. A en B is sinonieme of naby sinonieme, met die gevolg dat daar iets tautologies in die uitdrukking is:

peis en vrede

'n ieder en 'n elk

goed en wel

finish en klaar

geheel en al

ditjies en datjies

kruis en dwars

sak en pak

vinkel en koljander word dikwels aangevul met die woorde **die een is soos die ander**. Vir die meeste sprekers lyk vinkel en koljander egter nie dieselfde nie en is die binomiaal seker nie (meer) 'n voorbeeld van twee sinonieme nie.

'n Ander interessantheid doen hom voor by **van heinde en verre**. Die woorde **heinde** en **verre** word blykbaar deur baie sprekers vandag as sinoniem gesien (Geeraerts 1992:50) alhoewel hulle in der waarheid teenoorgesteldes uitdruk.

2. A en B komplementêr mekaar en vorm saam 'n geheel.

By hierdie tipe binomiale word 'n eenheid benoem wat kan dui op 'n saak, gedrag, handeling of houding. A en B dien

as aanvulling vir mekaar om die geheel of 'n hele spektrum uit te druk.

vis en tjips
sout en asyn
raad en daad
dag en datum
bont en blou
stadig maar seker
spek en eiers
dames en here
van A tot Z
alfa en omega
broers en susters
gebore en getoë
meet en pas
teen wil en dank
op en wakker
met mag en mening
van hoek tot kant
kant en wal
skering en inslag

3. A en B is teenoorgesteldes

deur dik en dun
vroeër of later
van heinde en verre
wel en wee
vir die wis en die onwis
dag en nag
min of meer
die lewendes en die dooies

4. B is 'n hiponiem van A of omgekeerd

rand en sent

5. A en B is ko-hiponieme

koeitjies en kalfies

vis nog vlees

hand en tand (beveg)

bak en brou (vir sover **brou** gesien kan word in die betekenis van "bier brou")

Die semantiese verhouding waarin A en B mekaar komplementeer, skyn 'n baie produktiewe verhouding by die binomiale te wees. Dit lyk asof dit 'n belangrike funksie van binomiale is om so op kriptiese wyse 'n geheel aan te dui. Dit lê natuurlik ook in die aard van die neweskikker **en** (wat in die meeste van hierdie gevalle die skakel is tussen A en B) om sulke komplementêre gehele te vorm deur die aaneenskakeling van begrippe.

Nie alle binomiale kan ingepas word by een van die verhoudings wat hier aangedui is nie. Dikwels kan die semantiese verhouding tussen A en B doodeenvoudig nie meer vasgestel word nie omdat een of albei woorde nie meer bekend is nie. In die betekenis van die binomiaal as geheel (F) kan die onbekende lid 'n intensiverende funksie hê:

pimpel en pers

hiet en gebied

paal en perk

wik en weeg

rot en kaal

Dikwels is albei woorde in 'n binomiaal onbekend en is daar nie sprake van komposisionaliteit nie. Die binomiaal as geheel bevat iets nadrukliks of oordrewe as deel van sy betekenis. In binomiale met onbekende, unieke of argaïese elemente is die betekenis uit die aard van die saak volledig ondeursigtig:

jota en tittel
vers en kapittel
raap en skraap
op en top
teen heug en meug
huitjie en muijie

Soms is die verhouding tussen A en B dié van oorsaak en gevolg (vergelyk Malkiel), maar die enigste voorbeeld wat ek in Afrikaans kon kry is **tref en trap**. Dit is dus nie 'n baie produktiewe semantiese verhouding nie.

Die verhouding tussen A en B sê nog nie alles wat te sê is oor die semantiek van die binomiale nie. Die wisselende grade van idiomatisiteit by binomiale is die resultaat van die graad van of gebrek aan komposisionaaliteit, die graad van deursigtigheid of die feit dat die betekenis van die formule meer is as die som van die dele.

In die verbinding van A en B tot F, is die betekenis van F nie altyd net die somtotaal van A en B nie.

man en vrou
sout en asyn
spek en eiers
finish en klaar
yster en staal
sout en peper

Die komposisionele betekenis van die binomiale in bogenoemde voorbeelde lewer die betekenis van die hele MLI. Tog is daar 'n ekstra betekeniswaarde aanwesig. **Man en vrou** word geassosieer met die egtelike verbinding tussen man en vrou, **sout en asyn** word ook verstaan as die gangbare smaakmiddels by vis en skyfies (in Suid-Afrika altans), **spek en eiers** kan gebruik word vir die

prototipiese ontbyt (waar daar meer as net spek en eiers geëet kan word), ensovoorts.

Deel van die idiomatiese aard van baie binomiale is die feit dat 'n nuwe niekomposisionele betekenis tot stand kom, dikwels deur middel van metafore. So staan **melk en heuning** metonimies vir voorspoed en vrugbaarheid, **skering en inslag** word ontleen aan die weefbedryf en met **kruis of munt?** word meer bedoel as bloot die kop- en stertkant van 'n munt - die hoorder word betrek by 'n dobbelspel. Die deursigtigheid by sulke deelskomposisionele voorbeelde wissel. **Deur dik en dun** is byvoorbeeld volkome ondeursigtig, terwyl **skering en inslag** gemotiveerd en meer deursigtig is.

Die verbinding van die twee woorde in 'n binomiaal lewer dikwels 'n onsinnige en anomale betekenis op:

(gesels) **land en sand**

(soek) **rond en bont**

(sit) **hoog en droog**

(sweer) **hoog en laag**

Binomiale as geheel kan bydra tot die intensivering en selfs oordrywing van die werkwoord se betekenis:

Hy **slaan** haar toe **pimpel en pers** (bont en blou).

Hy **sweer hoog en laag** hy weet van niks nie.

Sy kan altyd met **vers en kapittel** bewys dat sy reg is.

Binomiale is soms toutologies:

'n **ieder en 'n elk**

goed en wel

finish en klaar

geheel en al

kant en wal

Soos by alle idiome is die stilistiese waarde van binomiale baie belangrik. 'n Paar binomiale - **broers en susters, dames en here** - het ook 'n sterk pragmatiese betekenis.

8.3.4 Die skakels

Die skakels is voorsetsels of neweskickers en lewer ook 'n bydrae tot die betekenis van die binomiaal. Die verskil tussen **kant en wal** en **kant nog wal** lê by die skakels.

8.3.4.1 Voorsetsels

Waar die twee woorde in 'n binomiaal identies is, is die skakel dikwels 'n voorsetsel:

voetjie vir voetjie
dag na dag
wonder bo wonder
skouer aan skouer
man teen man
keer op keer
'n oog vir 'n oog
hoog om hoog
van huis tot huis

Die kombinasie **van ... tot** kom voor:

van A tot Z
van hoek tot kant
van kop tot toon

Saam met die herhaling van die eerste woord dui die voorsetsel byvoorbeeld op tydsverloop (**dag na dag, keer op keer**) of voortgang (**voetjie vir voetjie**). 'n Ander semantiese verhouding wat deur die voorsetsels tot stand

kom, is afbakening in ruimte of tyd (van kop tot toon, van dag tot dag).

8.3.4.2 Neweskickers

(i) Die aaneenskakelende neweskickers (Ponelis 1979:607) en en nog

Die neweskikker en kom verreweg die meeste voor. Wanneer en in binomiale gebruik word, is dit meestal om begrippe te verbind tot 'n groter geheel.

In kant nog wal tree nog waarskynlik op as een helfte van die korrelatiewe neweskikker nóg ...nóg:

(1) Sy argumente raak kant nog wal

kan anders gestel word as

(2) Sy argumente raak nie kant of wal nie.

(ii) Die alternatiewe neweskikker of

Met die HAT-verklaring van of (dat dit normaalweg teenstelling uitdruk of dui op die uitsluiting van een van twee sake) moet daar versigtig omgegaan word. Of is 'n alternatiewe neweskikker. Van teenstelling is daar min sprake. In kop of munt gaan dit byvoorbeeld daarvoor om 'n bepaalde keuse te maak, waardeur die een lid uitgesluit word. In min of meer en herwaarts of derwaarts is daar wel sprake van 'n soort teenstelling - minder en meer, herwaarts en derwaarts is trouens antonieme.

Die betekenis van die binomiaal is dikwels heg gekoppel aan die betekenis van die hele idioom waarvan hy deel uitmaak:

Nie kind of kraai hê nie

Oor dié idioom sê Combrink (1992:77) dat **kraai** die kraaier (d.w.s. die hoenderhaan) is, wat volgens 'n Middeleeuse bygeloof vir jou in die hof sou kon getuig as jy niemand anders het nie. As jy nie kind of kraai het nie, het jy niemand of niks nie, nie eers 'n hoenderhaan nie. Die binomiaal word altyd as deel van die groter idioom gebruik, met sy spesifieke betekenis.

(iii) Die teenstellende neweskikker **maar**

Soos wat die geval is by **of**, spreek die betekenis van sekere binomiale nie ondubbelsinnig van 'n teenstellende verhouding wanneer **maar** gebruik word nie. In **raar maar waar** en **mossie maar man** is daar sprake van 'n teenstelling (alhoewel die teenstelling nie noodwendig baie logies is in **mossie maar man** nie). By **stadig maar seker** lê die saak anders. Logieserwyse pas **stadig** en **seker** eerder komplementêr bymekaar as dat hulle 'n teenstelling uitdruk.

8.3.5 Sintaktiese gedrag

Onomkeerbare binomiale is bevrore en vas, behalwe vir vloekwoordinvoeging wat alle vastheidreëls by idiome skyn te kan oortree (vergeelyk Feinauer 1983:149):

Doen dit **maar vir die wis en die blerrie onwis**.

Binomiale is soms grammaties afwykend: **min of meer, tot tyd en wyl**.

De Beer (1989:128) wys op sg. binomiale uitbreidings waar twee binomiale met mekaar verbind word:

by die een oor in en die ander oor uit
hier raap en daar skraap

8.3.6 Samevatting: onomkeerbare binomiale

Onomkeerbare binomiale is vaste woordkombinasies. Hulle betekenis wissel van komposisioneel tot nie-komposisioneel. As geïnstusionaliseerde kombinasies maak hulle deel uit van die MLI-skat in Afrikaans.

8.4 Vergelykings

Daar is vergelykings wat geleksikaliseerd is as MLI's in Afrikaans. Die kern van die idiomatiese vergelyking in Afrikaans bestaan uit die vergelykingswoorde soos of as plus 'n woord, 'n woordgroep of 'n sin. In die meeste gevalle begin die vergelyking as geheel met so plus 'n substantief, werkwoord of adjektief (dit wat vergelyk word) in die betekenis wat hulle in 'n vrye verbinding het, gevolg deur die vergelykingsgroep wat die kern vorm.

As stylfiguur is die vergelyking geweldig gewild en produktief. Veral die sogenaamde volksvergeelyking (Kok 1942) met sy sterk beeldende krag (omkrullippe soos 'n natgereënde velskoen, intrekboude soos 'n trekos, hangwange soos 'n baadjiesak) kom volop voor in Afrikaans. Hierdie tipe vergelyking vertoon baie goed die oorspronklikheid en kreatiwiteit van taalgebruikers, maar kan nie as geleksikaliseerde uitdrukkings beskou word nie (vergeelyk 8.4.3).

8.4.1 Struktuurtypes

8.4.1.1 so + A + [soos + X]

so maklik soos brood en botter
so slim soos die houtjie van die galg
so gou soos nou
so mak soos 'n lam
so vry soos 'n bobbejaan aan 'n paal
so arm soos 'n kerkmuis

so dood soos 'n mossie
so bang soos die duiwel vir 'n slypsteen
so swart soos 'n kraai
so doof soos 'n kwartel

8.4.1.2 so + A + [as + X]

so waar as padda manel dra
so waar as vet

8.4.1.3 so + A + S

so (kwaad) dat jy met haar kan toor
so donker dat jy nie jou hand voor jou oë kan sien nie

8.4.1.4 NS + [soos + X]

skurwe hakskene soos 'n kombuisherder
tong soos 'n skeermes
'n ploogsig soos 'n mofskaap

8.4.1.5 WS + [soos + X]

drink soos 'n vis
speel (jou) soos 'n viool
klou soos 'n neet
pas hom soos 'n handskoen
leef soos kat en hond
lieg soos 'n tandetrekker
sink soos 'n klip
behandel (iemand) soos 'n hond

8.4.1.6 soos + NS/ bywoord

soos 'n vis in die water
soos 'n vetgesmeerde blits
soos 'n pyl uit 'n boog
soos 'n dief in die nag

soos 'n vis op droë grond
soos 'n splinternuwe sikspens
soos die man in die maan
soos nogiets
soos môre/gister die heeldag

8.4.1.7 lyk soos + NS

(...) lyk soos die dood in Sluyters / sluiters
(...) lyk soos 'n hond wat vet gesteel het

8.4.1.8 (...) lyk asof/of/soos + S

(...) lyk of (...) uit die ark kom
(...) lyk asof die honde (...) kos afgevat het

Die struktuur van die vergelyking beïnvloed die manier waarop dit in 'n sin ingevoeg kan word. Soms staan die vergelyking op sy eie as sin (die dit lyk asof-tipe). By die struktuurtypes so + A + [...] kan die vergelyking byvoorbeeld as kopulapredikaat (3) of adjunk (4) optree:

- (3) Sy was gister so kwaad dat jy met haar kon toor.
(4) Hulle het so arm soos kerkmuse gelewe.

8.4.2 Semanties gesien

Soos alle MLI's vertoon die geleksikaliseerde vergelykings wisselende grade van deursigtigheid. Die ondeursigtigheid al dan nie van baie vergelykings word gevind in die *tertium comparationis*. Die logika van die *tertium comparationis* - die deel van die vergelyking wat ingelei word deur die vergelykingswoord soos of as - soos 'n vis in drink soos 'n vis is byvoorbeeld nie bo verdenking nie, terwyl die *tertium comparationis* soos 'n kraai in so swart soos 'n kraai weer meer deursigtig is.

8.4.2.1 Ondeursigtige vergelykings

By die ondeursigtige vergelykings is die tertium comparationis dikwels onlogies of nie gemotiveerd nie. Daar is onduidelikheid oor die betekenis van die vergelykingsgroep.

soos 'n vetgesmeerde blits
soos 'n uil op 'n kluit
so slim soos die houtjie van die galg
so waar as padda manel dra
so waar as vet

8.4.2.2 Deursigtige vergelykings

Die tertium comparationis is 'n logiese deel van die vergelyking. Die vergelyking is gemotiveerd.

so mak soos 'n lam
so vry soos 'n bobbejaan aan 'n paal
skurwe hakskene soos 'n kombuishoender
swyg soos die graf
soos 'n splinternuwe sikspens

Veral drie semantiese funksies wat deur vergelykings verrig word, kan uitgelig word.

(i) Die vergelyking werk versterkend.

Die adjektief of werkwoord behou die betekenis wat dit ook buite die vergelyking het en die tertium comparationis intensiveer of beklemtoon hierdie betekenis.

so waar as padda manel dra ("baie waar")
so mak soos 'n lam ("baie mak")
so dood soos 'n mossie ("definitief dood")
so arm soos 'n kerkmuis ("baie arm")

lieg soos 'n tandetrekker ("lieg verskriklik")

(ii) Die vergelyking kan dien om die substantief of werkwoord nader te omskryf.

Die tertium comparationis by hierdie tipe is dikwels sterk beeldend, maar nie noodwendig altyd baie deursigtig nie.

**skurwe haxskene soos 'n kombuishoender
leef soos kat en hond
lyk soos 'n hond wat vet gesteel het**

(iii) Die uitdrukking as geheel druk 'n bepaalde betekenis uit.

In stede daarvan dat die vergelyking semanties verdeel kan word in twee onderskeibare dele (dit wat vergelyk word en die tertium comparationis) kom 'n eiesoortige simplekse betekenis tot stand.

**tong soos 'n skeermes "skerp of kwetsend"
soos 'n uil op 'n kluit "verleë; in die war; onnosel"
soos 'n vis op droë grond "om in 'n omgewing te wees waar jy nie inpas nie"
soos 'n pyl uit 'n boog "baie vinnig"**

Wat die ontstaansgeskiedenis van sekere vergelykings betref, word volks- of bygelowe soms vermoed:

so bang soos die duiwel vir 'n slypsteen

8.4.3 Die vergelykingsformule

Daar is ook 'n idiomatiese formule wat bestaan uit 'n vergelykingsgroep, waar die eerste lid (adjektief of werkwoord byvoorbeeld) oop is.

so ... soos môre/gister die heeldag
so ... soos die man in die maan
so ... soos nogiets

Vergelyk ook Kok (1942).

In skooltaal vroeër is 'n sekere soort vergelykingsformule gebruik in 'n baie sterk pragmatiese funksie met die doel om die toehoorder sleg te sê of uit te skel:

jou + NS + soos + NS

jou toe neusgate soos 'n dadelkas
jou plat voorkop/ afdraand gesig soos 'n dors bobbejaan

Hierdie formule kan deur 'n kreatiewe taalgebruiker gebruik word om die lys onbeperk uit te brei.

8.4.4 Samevatting: vergelykings

Geleksikalisserde vergelykings is MLI's vanweë hulle vaste vorm en die feit dat hulle betekenis in mindere of meerdere mate idiomaties is.

8.5 Spreekwoorde

In woordeboekdefinisies word 'n verskil gemaak tussen idiome en spreekwoorde. By die definisies van spreekwoorde word die klem geplaas op die tipiese inhoudelike karakter van spreekwoorde, wat baie kenmerkend is.

idioom Vaste uitdrukking, segswyse wat eie is aan 'n bepaalde taal, bv. *noustop trek, in die broek sit*. (HAT 1994)

Spreekwoord Kort, kernagtige gesegde, gewoonlik welbekend en oud, waarin 'n algemene waarheid

of wyse les uitgedruk is: *Die môrestond het goud in die mond.* (HAT 1994).

proverb A short, pithy, rhythmical saying which expresses a general belief or truth (Crystal 1992:319).

Malherbe wys op die volgende kenmerke van die spreekwoord:

gangbaarheid in die volksmond; innerlike en uiterlike vormeienskappe wat dit bo alledaagse prosa verhef (veredelde vorm); didaktiese strekking (meedeling van lewenservaring, lewenswysheid, waarskuwing, ens.); 'n vaste, selfstandige geheel wat sintakties onafhanklik en onveranderd verskyn, byv. *baie hande maak ligte werk.* (Malherbe 1924:21.)

Meer nog as by idiome, speel rym en ritme 'n besondere rol (Malherbe 1924; Fleischer 1992). Spreekwoorde is dikwels goeie voorbeelde van volksdigkuns:

Stille waters diepe grond, onder draai die duiwel rond.
Al haas die leuen hom ook hoe snel, die waarheid agterhaal hom wel.
Wat jy saai, sal jy maai.
Skoonheid vergaan maar deug bly staan.
Donkerwerk is konkelwerk.
Erfgeld is swerfgeld.
Geld wat stom is, maak reg wat krom is.
Soort soek soort
Boontjie kry sy loontjie

In hulle aanhalingsvorm is hulle atemporeel (Ponelis 1979:261). Wat hulle sinsvorm betref, is hulle gewoonlik stelsinne, maar vraagsinne kom ook voor:

**Ek meneer en jy meneer en wie sal dan die wa moet smeer?
Is ek my broer se hoeder?**

Op strukturele en semantiese gronde word spreekwoorde (dikwels in 'n subgroep saam met ander MLI's soos aanhalings of gevleuelde woorde) van veral idiome onderskei. As idiome dan die prototipiese voorbeeld van MLI's is, wyk spreekwoorde veral in twee opsigte van hulle - en ander MLI's wat tot die kerngroep gereken word - af.

Die eerste rede ter onderskeiding van spreekwoorde en ander MLI's is 'n strukturele een. Spreekwoorde vorm altyd volledige sinne:

Wie laaste lag, lag die lekkerste.

Hoë bome vang die meeste wind.

Ander man se boeke is duister om te lees.

'n Goeie begrip het 'n halwe woord nodig.

Ou liefde roes nie.

Hulle is mikrotekste, wat as 't ware aangehaal word wanneer hulle gebruik word. Hulle sluit nie formeel met behulp van byvoorbeeld ingevulde gleuwe, soos ander idiome wat binne sinne gebruik word, of deur tekslinguistiese verwysende elemente by die konteks aan nie, maar tree volledig afgerond en as 'n geheel binne die diskoers op.

Op grond van hierdie kenmerk word hulle as aparte groep, wat nie tot die sentrum van die fraseologie behoort nie, uitgesonder (Burger, Buhofer & Sialm 1982:39 e.v.; Fleischer 1982:80 e.v.; Verstraten 1992:54 e.v.; Korhonen 1992).

Spreekwoorde voldoen dus nie aan een van die basiese kriteria wat Zgusta stel vir 'n MLI nie:

that a multiword lexical unit must perform, in a sentence (syntagmatically) and in the lexicon, in the lexical stock of language (paradigmatically) the same *syntactic* and *onomasiological function* as a morphologically more simple unit which frequently coincides with the word (Zgusta (1971:151).

Met hierdie kriterium onderskei hy dan tussen *set groups of words* (d.i. spreekwoorde, gesegdes, aanhalings) en ware MLI's.

Ook Matesic vereis dat volwaardige MLI's (*Phraseme* is sy term) moet voldoen aan die volgende kriterium:

Phraseme fungieren als Satzglieder oder schliessen sich an den Satz an, ohne alleine einen eigenen Text zu bilden (Matesic 1983:115).

Tweedens kan daar ook op semantiese gronde 'n onderskeid getref word tussen spreekwoorde en idiome. Spreekwoorde gee op bondige wyse die een of ander lewenswysheid, algemene waarheid, raad of se deleessie wat berus op algemene ervaring, weer. Dit is veral hierdie eienskap wat hulle semanties as 'n duidelik herkenbare groep MLI's uitsonder.

Wat eienskappe soos vastheid, geleksikaliseerdheid en idiomatisiteit betref, gedra spreekwoorde hulle origins nie anders as ander MLI's nie.

8.5.1 Vastheid

Spreekwoorde is vormlik baie vas - niks word aan hulle toegevoeg nie, met uitsondering van die metalinguistiese merkers **spreekwoordelik** of soos die spreekwoord sê:

Die *spreekwoordelike* nuwe besem vee nog mooi skoon.
Een swaeltjie maak nog nie 'n somer nie, soos die
spreekwoord sê.

Vervanging van woorde binne 'n spreekwoord (met 'n parafrase van die betekenis van dié dele) lewer óf 'n komposisionele betekenis wat met die betekenis van die spreekwoord niks te make het nie, óf 'n onsinnige, onlogiese betekenis:

Ou liefde roes nie # ou liefde word nie bruin of geel
deur oksidering nie
'n Profeet word nie in sy eie land geëer nie # 'n
profeet ontvang nie eerbewyse in sy land van herkoms nie

Hulle vastheid word soms gereflekteer in grammaties afwykende vorme of unieke of argaïese elemente:

Wie nie pas op sy tyd is sy maaltyd kwyt.
Eie haard is goud waard.

Soos by ander MLI's, moet mens dadelik die vastheid van spreekwoorde ook relativeer. Ook hier kan daar baie variasie voorkom op die onderliggende vaste vorm.

Die kenmerkendste vorm van variasie by spreekwoorde is die ellipsis. Die feit dat hulle so dikwels in elliptiese vorm verskyn, is 'n aanduiding van hulle status as leksikale items. Slegs items wat vas en bevrore is en bowendien deur die meerderheid taalgebruikers geken word, kan nog verstaan word as die helfte van die item weggelaat word:

Stille waters ...
'n Goeie begrip ...
Ja, ander man se boeke, né...
Beproof alle dinge...

Makkai (1972:125) wys daarop dat spreekwoorde in der waarheid vryelik aangepas kan word en tog dieselfde boodskap kan oordra (die uitdrukking word dus nie verletterlik deur die variasie nie):

Too many cooks spoil the broth - this soup certainly suffers from too many cooks - there seems to be too many cooks at work on your broth.

Vergelyk ook:

Wel, hy hét toe laaste gelag, né.

Sy is toe uit die oog, uit die hart en uit die land.

8.5.2 Geleksikaliseerdheid

Die gereproduseerde karakter van spreekwoorde, waaruit hulle geleksikaliseerdheid blyk, is baie duidelik. Hulle is trouens dikwels baie oud en word geslagte lank al oorgedra sodat spreekwoorde baie sterk geïnstansionaliseerd is.

8.5.3 Idiomatisiteit

Spreekwoorde wissel wat hulle idiomatiese aard betref. Uit die HAT-definisie is dit al duidelik dat spreekwoorde tot 'n mate deursigtig is - hulle moet wees vir die sedelessie of algemene waarheid om verstaan te kan word. Daar kan byvoorbeeld 'n onderskeid gemaak word tussen komposisionele (letterlike) en niekomposisionele (figuurlike) spreekwoorde.

By komposisionele spreekwoorde kan die woorde op sigwaarde verstaan word en is die woorde binne die spreekwoord baie soos leksikale items in eie reg:

Gekke en dwase skryf op mure en glase.

Onbekend maak onbemind.

**As die son sak in die Weste is die luiaard op sy beste.
Die armes is altyd met ons.**

Bekende voorbeelde van letterlike spreekwoorde is die Engelse *early to bed and early to rise, makes a man healthy, wealthy and wise* en *an apple a day keeps the doctor away*.

Maar selfs by komposisionele spreekwoorde is die betekenisgeheel meer as die som van die dele:

Gekke en dwase skryf op mure en glase ("dit is verspot om jou naam op alles te wil skryf")

Onbekend maak onbemind ("'n mens is dikwels afkerig van dit wat jy nie ken nie")

As die son sak in die Weste is die luiaard op sy beste ("gesê van iemand wat eers laat in die dag begin werk)

Die armes het julle altyd met julle ("daar sal altyd arm mense wees")

Fernando & Flavell (1981:73) noem deursigtige spreekwoorde en vergelykings *low-level idioms*, waardeur hulle 'n onderskeid skyn te maak tussen dié tipe MLI's en ander idiome op grond van komposisionaliteit.

Spreekwoorde is dikwels niekomposisioneel en moet figuurlik (dikwels metafories) verstaan word:

Ou liefde roes nie ("jou liefde vir iemand van lank gelede verdwyn nooit heeltemal nie")

Die hoogste bome vang die meeste wind ("hooggeplaaste persone kry die meeste kritiek")

Die beste stuurman staan aan wal ("dit is makliker om te kritiseer as om die werk self te doen")

Spreekwoorde het dikwels 'n pragmatiese funksie wat nie sommer uit hulle komposisionele betekenis duidelik is is nie:

As is verbrande hout ("gesê aan iemand wat telkens 'as' sê")

Haastige hond verbrand sy mond ("gesê as waarskuwing vir iemand wat oorhaastig is, omdat so iemand dikwels verbrou wat hy wil doen")

Laasgenoemde spreekwoord kan ook gebruik word as 'n meer letterlike waarskuwing, wanneer die kos inderdaad baie warm is.

Spreekwoorde se figuurlike, niekomposisionele aard kom duidelik na vore as daar gekyk word na die uitgebreide parafrases wat soms nodig is om hulle betekenis weer te gee:

Ek meneer en jy meneer en wie sal dan die wa moet smeer? ("as almal bevele wil gee, wie sal dan die werk doen?")

In die donker is alle katte grou ("in die donker kan mens nie die verskil tussen lelike en mooi meisies sien nie")

Stille waters, diepe grond ("mense wat min sê, verras jou dikwels")

Rus roes ("as mens nie in oefening bly nie, verloor jy bepaalde vaardighede en vermoëns")

Hoogmoed kom voor die val is deels letterlik, deels figuurlik. **Hoogmoed** kan letterlik verstaan word, terwyl **val** in sy figuurlike betekenis gebruik word.

8.5.4 Oorsprong

Dieselfde spreekwoorde kom dikwels in 'n hele aantal tale voor, waarskynlik omdat spreekwoorde so nou verbind kan word met 'n bepaalde kultuur en lewenswyse, 'n lewenswyse wat nie tot een taalgroep beperk hoef te wees nie:

Der Sprichwort(...) wird in starkem Masse von der aussersprächlichen Realität geprägt und stellt eine gewisse Widerspiegelung der

kulturhistorische Entwicklung ihrer Sprach-träger da (Klimaszewska (1990b:362).

Baie spreekwoorde gaan terug tot die Klassieke (Grieks-Latynse) Oudheid, die Bybel en die Middeleeue, met die Bybel as ongetwyfeld die rykste bron, nie alleen van spreekwoorde nie maar ook van idiome, verwysings en aanhalings. Vergelyk byvoorbeeld die meer as 300 spreekwoorde en idiome wat De Beer (s.j.) versamel het. Dit is dus nie verbasend dat dieselfde spreekwoord in verskillende tale voorkom nie. Die volgende spreekwoorde kom byvoorbeeld almal in meer as een taal voor:

Een swaeltjie maak nog nie 'n somer nie word ook in Nederlands, Duits en Engels aangetref en is afkomstig uit die blyspel *Die voëls* van Aristophanes (Reinsma 1991:22).

Al dra 'n aap 'n goue ring, hy is en bly 'n lelike ding kom in Nederlands, Duits en Frans voor (Reinsma 1991).

'n Jakkals verander van hare maar nie van snare nie kom ook uit die Klassieke Oudheid (*vulpes pilum mutat*) en lui in Nederlands een vos verliest wel zijn haren maar niet zijn streke; in Duits *der Fuchs verkehrt wohl sein Haut, aber nicht sein Gemut* en in Frans *le loup change de poil, mai non de naturel*.

Vir nog talle voorbeelde kan Reinsma (1991) vergelyk word.

Klimaszewska (1990b) wys op die ooreenkomste tussen Nederlandse, Duitse en Poolse spreekwoorde, soos die volgende spreekwoord wat in Afrikaans, Duits, Nederlands en Pools voorkom en sy oorsprong in die Bybel het:

Waar die hart van vol is, loop die mond van oor (Mat. 12:34)

'n Groot aantal spreekwoorde ontstaan ook spontaan, omdat hulle die alledaagse ervaring van die klein man uitbeeld. 'n Soort algemene volkswysheid word uitgedruk:

**Elkeen is 'n dief in sy eie nering
Driemaal is skeepsreg
Trou is nie perdekoop nie
Ledigheid is die duiwel se oorkussing**

Die morele uitgangspunte van die ontstaanstyd van die spreekwoorde leef voort. Die "waarheid" van **as die son sak in die weste is die luiaard op sy beste** geld nie meer letterlik vandag nie.

Die sogenaamde gemeenplaas is eintlik maar net dieselfde as 'n spreekwoord. Dit neig miskien meer na die clichéagtige en het dus 'n verhoogde vermoë om te irriteer vanweë die groter geyktheid van die uitdrukking, wat gepaardgaan met 'n verminderde stilistiese waarde:

**Ons leef net eenmaal
Om 'n fout te maak is menslik**

8.5.5 Apologiese spreekwoorde

Daar is 'n interessante soort spreekwoord in Afrikaans met 'n spesifieke soort struktuur. Malherbe (1924), wat sê dat dié soort spreekwoord nie in Afrikaans voorkom nie, praat van die "verhalende vorm van die spreekwoord" en gee die volgende voorbeelde uit Nederlands:

"De jeugd wil er uit," zei besje, en zij reed op een bezemstok.

"Alles met maten," zei de kleermaker, en hij sloeg zijn vrouw met de el.

Hy noem dat ons wel brokstukke van dié soort spreekwoorde oor het, soos veel geskreeu (lawaaï) en weinig wol uit "veel geschreeuw en weing wol," zei de duivel, en hij schoor een varken.

Fleischer (1982:83) noem dié tipe die *Sagwort* en gee die volgende voorbeelde:

Viel Kinder, viel Segen, sagte der Küster, als er den Taufschilling in die Tasche steckte.

Scherben bringen Glück, sagte der Glaser, der den Leuten über nacht die Scheiben einwarf.

Die apologiese spreekwoord begin tipies met 'n aanhaling, wat dadelik uitgebrei en verduidelik word. Dit is dan ook 'n besondere lang soort spreekwoord en die lengte tas miskien die leksikale status van die geheel aan. Dikwels is dit ook net die eerste deel wat gebruik word - die verduideliking word nie altyd gegee nie.

"Wat klaar is, is klaar", sê die tannie toe sy haar hoed opsit voor sy gaan bad.

"Alle bietjies help", sê die bobbejaan toe hy in die see spoeg.

Dan begin ons weer van vooraf aan, soos die koster met psalm 119.

'n Tipe sonder 'n aanhaling is die volgende:

Dog het 'n veer geplant (en gedog daar sal 'n hoender opkom).

8.5.6 Samevatting: spreekwoorde

Spreekwoorde is, soos idiome, vaste uitdrukkings in die sin dat hulle 'n vaste vorm het. Wat hulle betekenis betref, kan dit wissel vanaf komposisioneel tot

niekomposisioneel. Dit is veral hulle sinskarakter wat hulle diskwalifiseer as "ware" of prototipiese MLI's. Hulle voldoen wel in ander opsigte aan die kriteria vir MLI's soos uiteengesit in hoofstuk 3 en word daarom in hierdie studie wel as MLI's beskou, sy dit dan MLI's wat in 'n bepaalde opsig afwyk van ander soos deeltjiewerkwoorde en idiome. Hulle staan om dié rede nie in die sentrum van ondersoek in die fraseologie nie.

8.6 Gevleuelde woorde en aanhalings

Die term *gevleuelde woord* is afkomstig van Büchmann (Burger, Buhofer & Sialm 1982). Alhoewel Van Dale (1984:3601) blykbaar onderskei tussen gevleuelde woorde en aanhalings, word die twee begrippe oor die algemeen feitlik sinoniem gebruik en is die onderskeid (as daar een is) slegs gradueel van aard.

Volgens Van Dale is *gevleuelde woorde* treffende, min of meer spreukagtige gesegdes, veral ontleen aan literêre werke, wat as gevolg van hulle beeldende krag deur almal oorgeneem word. Die aanhalings is gewoonlik taamlik kort - gewoonlik nie langer as 'n sin nie. (In 7.3.4 is sulke gevleuelde woorde of aanhalings uit veral Latyn onder *leenwoordgroepe* bespreek.) Hulle word dus in die eerste plek van ander MLI's onderskei op grond van hulle herkoms.

Aanhalings en gevleuelde woorde word hier bespreek omdat hulle (sommige natuurlik meer as ander) deel vorm van die groot groep vaste frases in 'n taal. As sodanig toon hulle ooreenkomste met MLI's en word dikwels ook te berde gebring wanneer MLI's ter sprake kom. Zgusta (1971) beskou hulle, soos spreekwoorde, nie as MLI's nie, alhoewel hy hulle tot die vaste woordkombinasies in 'n taal reken. Makkai (1972) klassifiseer aanhalings as semeemidiome. Burger en Fleischer bespreek hulle as

gevleuelde woorde (Burger, Buhofer & Sialm 1982; Fleischer 1982).

Tussen aanhalings (gevleuelde woorde) aan die een kant en ander MLI's soos idiome en spreekwoorde aan die ander kant is daar vloeibare oorgange, wat sowel idiolekties as spraakhistories kollektief bepaal word (Burger, Buhofer & Sialm 1982). Dit hou veral verband met die verstaan en/of gebruik van die aanhaling as aanhaling.

Gevleuelde woorde, dikwels in vertaalde vorm, geniet 'n wye bekendheid - hulle is nie beperk tot die oorspronklike taal waarin hulle geskep is nie. Die oorspronklike outeur is trouens dikwels nie meer bekend nie en die uitdrukking word waarskynlik nie altyd as aanhaling beskou nie. Voorbeelde van sulke aanhalings is:

Die geskiedenis herhaal homself - Onbekend

Die tyd vlieg - Latynse opskrif (*tempus fugit*) op sonnewysers

Tyd bring genesing - Euripides

So dood soos 'n mossie - William Langland, *Piers Plowman*

Ek is seker die druiwe is suur - Esopus

As mens 'n onderskeid wil tref tussen aanhalings en gevleuelde woorde kan mens sê dat daar by aanhalings nog 'n baie sterker band tussen die woorde en die outeur aangetoon kan word. Voorbeelde van sulke bekende aanhalings in Afrikaans is die volgende:

Alles sal regkom - Jan Brand

Ek hou van 'n man wat sy man kan staan - J.F.E. Celliers

My nooi is in 'n nartjie, my ouma is in kaneel - D. J. Opperman

Vergewe en vergeet - Totius

Engels! Engels! Alles Engels! Engels wat jy sien en hoor!

- C.P. Hoogenhout

Stil broers, daar gaan 'n man verby - J.F.E. Celliers

Goed genoeg was nog nooit goed genoeg nie - C.J. Langenhoven

Die wêreld is ons woning nie - Totius

Afrikaner, Quo Vadis? - D.F. Malan

Glo in God! Glo in jou volk! Glo in jouself! - D.F. Malan

Dit is die maand Oktober, die mooiste, mooiste maand! - C. Louis Leipoldt

Plesier is nes 'n jong komkommer, as jy hom pluk, verlep hy sommer - F.W. Reitz

Voor in die wapad brand 'n lig - A.G. Visser

Dikwels word die bron of outeur saam met die aanhaling gegee:

"Daar is niks nuuts onder die son nie", sê die Prediker.

Makkai (1972) gee as voorbeelde van wat hy "familiar quotations as idioms" noem, onder ander die volgende:

Not a mouse stirring (Shakespeare, *Hamlet*)

Frailty, thy name is woman! (Shakespeare, *Hamlet*)

Neither a borrower, nor a lender be (Shakespeare, *Hamlet*)

Bybelse aanhalings is byvoorbeeld:

Moenie jou pêrels voor die swyne werp nie

Vanwaar Gehasie?

Doen wat jou hand vind om te doen.

Die gees is gewillig, maar die vlees is swak

Is ek my broer se hoeder?

Uit die gesangeboek:

Werk want die nag kom nader

Kyk hoe dat die landman swoeg

Die bronne vir Afrikaanse aanhalings is veral die Bybel, die psalm- en gesangeboek, die letterkunde, politieke

uitsprake en advertensies. Laasgenoemde tipe aanhaling het egter maar 'n kort lewensduur:

Braaivleis, rugby, sonskyn en Chevrolet

Ons laat die wiel rol

Verwysings verskil van aanhalings in dié opsig dat daar nie 'n direkte aanhaling gegee word nie, maar dat daar in 'n MLI verwys word na die oorspronklike aanhaling, soos in **Quo Vadis Generaal?** Verwysings is dikwels aanhalings wat volwaardige leksikale status verwerf het - wat gefraseologiseer is. 'n Aanhaling wat so as MLI kan funksioneer moet baie bekend wees. Uit die fabels van Esopus kry ons byvoorbeeld **suur druiwe, na iemand se pype dans, die vere maak nie die voël nie** - almal volwaardige MLI's.

Verwysings is nie altyd na aanhalings nie, maar kan ook na gebeurtenisse wees:

'n Babelse verwarring.

Nou betaal genl. Viljoen die prys vir die ondersoekende **Praagse lente.** (*Vrye Weekblad*)

Dit is 'n regte **Catch 22-situasie.**

Daar is in Afrikaans weinig oorspronklike gevleuelde woorde. Die talle aanhalings en verwysings uit die Bybel vorm, veral omdat daar so baie van hulle is, 'n interessante groep onder die MLI's in Afrikaans.

Met die kriteria wat in hoofstuk 3 bespreek is as riglyn, kan die MLI-status van aanhalings en gevleuelde woorde vervolgens bespreek word.

8.6.1 Vastheid

Aanhalings is taamlik vas. Dit gaan per slot van sake om identifiseerbare tekste wat bekend is in die

spraakgemeenskap. Ter wille van byvoorbeeld woordspeling kan dit egter voorkom dat 'n aanhaling aangepas word om by 'n situasie aan te sluit. Soos wat dikwels die geval is by woordspelings en ander tipes woordspel, is daar 'n soort dubbele, gelyktydige leksikale teenwoordigheid - die onderliggende vaste vorm van die aanhaling bly beskikbaar om die kontras daar te stel. Dit is dus variasie van 'n spesifieke soort (modifikasie genoem in hoofstuk 3), met 'n spesifieke stilistiese doel wat by aanhalings aangetref kan word. Mens wil waag om te voorspel dat dié soort modifikasie slegs by baie bekende aanhalings sal voorkom:

"Die geskiedenis herhaal homself; dit is een van die dinge wat verkeerd is met geskiedenis." Clarence Darrow

"Die geskiedenis herhaal homself net vir mense wat nie in staat is om die lesse daarvan te leer nie." Anoniem

"Die geskiedenis herhaal homself; historici herhaal mekaar." Philip Guedalla

Die gees is gewillig maar die vlees vou dubbeld (< die gees is gewillig maar die vlees is swak)

Nou maar haal dan die kalf uit die put! (< die kalf is in die put)

"Spieëltjie aan die kleedkamerwand, wie's die mooiste tennisspeler in die land?" *Huisgenoot* 17 Julie 1997 (< Spieëltjie, spieëltjie aan die wand, wie is die mooiste in die land?)

"Die aankom, die afslaan, die wegstap van haar..." *Huisgenoot* 17 Julie 1997. (< Die aankom, die inkom, die wegstap van haar - A.G. Visser)

8.6.2 Semantiese spesialisering

MLI's vertoon 'n sekere graad van semantiese spesialisering. Dit is nie noodwenig die geval by aanhalings nie. Aanhalings is oor die algemeen komposisioneel en deursigtig. Hulle vertoon nie 'n simplekse eenheidsbetekenis nie, maar tree op soos vrye verbindings waar die normale reëls vir sintaktiese en semantiese samestelling geld. Tog is baie van die seggingskrag van aanhalings juis te danke aan die ekstra, gelaaide betekenis wat die woorde in 'n bepaalde konteks het. Dit is hierdie vermoë tot kernagtige maar raak segswyse wat hulle so geskik maak om aangehaal te word.

Die manier waarop hulle gebruik word, kan 'n sekere semantiese pluswaarde aan hulle betekenis verleen, sodat hulle betekenis meer word as die som van die dele. Vergelyk byvoorbeeld **Afrikaner, Quo Vadis?** in dié verband. Die konteks waarbinne aanhalings gebruik word, is dan hier van deurslaggewende belang.

Soos altyd in die fraseologie, kan geen absolute uitsprake gemaak word nie. Daar is grensgevälle waar aanhalings hulle duidelike uitsonderlike karakter prysgee, nie meer doelbewus as aanhalings gebruik word nie en oorbeweeg na die domein van die idioom. Dit is hier waar daar dan eerder van gevleuelde woorde gepraat word. Semantiese spesialisering word dan in 'n groter mate 'n kenmerk van dié aanhalings. Hulle kan trouens, ook as gevolg van dié semantiese spesialisering, as volwaardige idioome beskou word.

Die uitdrukking **fin de siècle** wat as MLI gebruik word, was oorspronklik 'n aanhaling (dit is die titel van 'n toneelstuk deur H. Micard, vergelyk Zgusta 1971:153). Aan die einde van die twintigste eeu ondergaan dié aanhaling ook 'n wysiging na **fin de millenium**. Nog 'n voorbeeld is **suur druiwe** ("gesê wanneer iemand iets wat hy baie graag

wil hê, sleg maak, omdat hy dit nie kan kry nie") wat oorspronklik 'n aanhaling uit die Fabels van Esopus is. Uit die parafrase is die niekomposisionele en ondeursigtige aard van die uitdrukking duidelik. By **cherchez la femme** (A. Dumas) is die betekenis eweneens meer as die som van die dele ("soek die vrou") naamlik "daar is 'n vrou, die vrou is die oorsaak, die antwoord is by die vrou, as jy die vrou kry, het jy die antwoord".

Die baie idiome met 'n Bybelse oorsprong in Afrikaans kan in die besonder hier uitgesonder word as voorbeelde van aanhalings wat as idiome deel geword het van die woordeskat (vergelyk De Beer s.j.).

Is Saul ook onder die profete? (die idioom word skertsend of spottend gebruik i.v.m. 'n persoon wat nie aan 'n bepaalde groep verbind kan word nie)

'n Mens kan van brood alleen nie lewe nie. Mat.4:4 ("die geestelike lewe is belangriker as die stoflike")

Die dood is in die pot. II Kon. 4:40 ("die pret en vrolikheid is iets van die verlede")

Met iemand anders se kalwers ploeg. (Rigters 14:18) ("van iemand anders se kennis gebruik maak en die lof daarvoor wil inoes")

Vurige kole op iemand se hoof werp. Rom.12:20 ("vriendskap aan jou vyand betoon")

8.6.3 Geleksikaliseerdheid / geïnstitusioneelheid

Om as MLI's beskou te kan word, moet aanhalings en gevleuelde woorde soos simplekse leksikale items optree. Dit is nie die geval by die meeste aanhalings nie.

In stede daarvan dat hulle 'n enkele leksikale item vorm, behou die woorde in 'n aanhaling ten volle hulle leksikale integriteit :

Gaan na die mier, luiaard, kyk na sy weë en word wys.
Spreuke 6:6

Daar is 'n tyd om gebore te word, 'n tyd om te sterwe.
Prediker 3

Wat hulle reproduseerbaarheid betref weer, is hulle duidelik nie soos vrye verbindings nie. Dat hulle "wiederholte Rede" is (Thun 1978), is in hulle geval letterlik waar. Hulle word as gehele geken en aangehaal. Dit gaan hier om identifiseerbare frases wat die moontlikheid bied om by nuwe geproduseerde frases aan te sluit.

Nie alle aanhalings kan by 'n bestaande sin ingelyf word as sinstuk nie (vergelyk 8.1 en 8.5 vir dié kriterium). Soos spreekwoorde, vorm aanhalings soms mikrotekste op hulle eie:

Sonja Verbeek weet: die nuwe sy is gebore. *Hora est.*
(Hambidge 1996:22)

'n Aanduiding daarvan dat 'n aanhaling wel as volwaardige MLI beskou kan word, is wanneer dit by 'n sin ingesluit kan word:

"O, die heilige onrus neem van haar besit." (Hambidge 1996:19) (Kursivering van H.J.B.)

"Haar geluk is nes 'n jong komkommer, pluk jy hom, verlep hy sommer." (Hambidge 1996:24)

Hy is geweeg en te lig bevind.

Ek hoor 'n stem roepende in die woestyn.

Wat hulle geïnstusionaliseerdheid, d.i. hulle bekendheid, betref, is daar duidelik verskille tussen

verskillende aanhalings. Literêre aanhalings is in Afrikaans nie besonder bekend nie. Shakepeare-aanhalings geniet waarskynlik baie groter bekendheid in Engels (trouens ook in Afrikaans) as Langehoven-aanhalings in Afrikaans. Veral besonder skaars, "geleerde" tipe aanhalings word deur hierdie vereiste uitgesluit by die groep MLI's in Afrikaans.

Kennis van aanhalings (en spreekwoorde) is onbetwisbaar deel van 'n taalgebruiker se kennis van sy taal en meer spesifiek van sy kultuur (Zgusta 1971:153). Sommige van hulle word trouens in woordeboeke opgeneem. 'n Aanduiding van hulle moontlike MLI-status kan die verwagting van taalgebruikers wees om hierdie tipe uitdrukking in 'n woordeboek te vind of nie.

Aanhalings gedra hulle veral in een bepaalde opsig anders as ander MLI's.

Wanneer aanhalings in die loop van 'n gesprek gebruik word, word 'n bykomende betekenis- of pragmatiese aspek betrek. Aanhalings sluit by 'n bepaalde situasie en konteks aan deur daarop kommentaar te lewer - met of sonder die wete by die spreker dat daar wel sprake is van 'n aanhaling. Wanneer die spreker (en hoorder) wel bewus is daarvan dat 'n aanhaling gebruik word, word daar meer meegedeel as bloot die inhoud van die aanhaling. Daar kan naamlik 'n beroep gedoen word op die gesag van iemand anders, nl. die outeur van die aanhaling, ter ondersteuning of beaming van wat gesê word. Die doel kan tweedens ook die vertoon van kennis wees. Die spreker gee te kenne dat hy aanhaal en verwag van die hoorder om bewus te wees van die feit.

(F)or many speakers quotations are not merely uttered for their content, but also specifically as quotations (Makkai 1972:178).

Hierdie "eksterne" redes vir die gebruik van aanhalings ontbreek by ander MLI's, met die uitsondering van leenwoordgroepe.

Makkai (1972) noem die moontlikheid dat aanhalings en spreekwoorde tot 'n tipe hipersemiese stratum behoort, waar geïnstitutionaliseerde sememe soos AANHALING, OORDRYWING, IRONIE en SPREEKWOORDELIKHEID aangetref word. Die groot verskil tussen gewone idiome en hierdie tipes is vir hom blykbaar daarin geleë dat sprekers bewus is van sulke (kultuurgebonde) sememe en dat hierdie kennis eksplisiet gemaak word wanneer dié bepaalde MLI's gebruik word. Soos hy tereg sê, moet die kennis van sulke sememe geïnstitutionaliseer wees - iets wat nie 'n uitgemaakte saak is nie. Sulke sememe sal waarskynlik ook nie in die leksikon gevind kan word nie, maar eerder deel wees van die pragmatiese kennis van 'n taalgebruiker.

Die idee van 'n hipersemiese stratum kan myns insiens nie gebruik word om te onderskei tussen idiome en byvoorbeeld spreekwoorde en aanhalings nie. Retoriese middele soos ironie, oordrywing ens. is tog nie beperk tot bepaalde tipes leksikale items nie. 'n Hipersemiese skakel kan wel die gemotiveerdheid al dan nie van MLI's nader omskryf en kan van hulp wees by al drie soorte MLI's wat Makkai onderskei.

8.6.4 Samevatting: gevleuelde woorde en aanhalings

Aanhalings en gevleuelde woorde is nie 'n homogene groep nie. Hulle wissel wat hulle relatiewe vastheid, semantiese spesialisering en geïnstitutionaliseerdheid betref.

Waar aanhalings suiwer as aanhalings gebruik word, kan hulle nie gereken word as behorende tot die kerngroep MLI's in 'n taal nie. Dit geld byvoorbeeld die Afrikaanse aanhalings uit literêre werke wat hierbo gegee is.

Wanneer hulle egter volledig geïdiomatiseer geraak het, soos wat dikwels die geval is met aanhalings uit die Bybel, tree hulle net soos ander MLI's, dus as leksikale items, op.

8.7 Clichés

Clichés kan omskryf word as geykte uitdrukkings wat as onoorspronklik en afgesaag beskou word deur taalgebruikers. Hulle het egter 'n duidelike nuttigheidswaarde - hulle geyktheid is eerder die gevolg as die oorsaak van hulle oormatige gebruik. Die gebruik van clichés word veral om stilistiese redes afgekeur. Die volgende tipe uitdrukkings kan byvoorbeeld as clichés beskou word:

Ek verstout my om te sê
Dis vir my 'n eer en 'n voorreg
Die ware feite
Die saak word indringend bekyk
(Hy is) **aan 'n rolstoel gekluister**
Aan die einde van die dag

Wat hulle vastheid betref, is daar twee aspekte wat uitgelig kan word. Hulle is nie so vas dat hulle nie verander kan word sonder implikasies vir die semantiese inhoud van die uitdrukking nie. Taalgebruikers streef trouens soms doelbewus daarna om geykte uitdrukkings 'n bietjie te verander. In plaas van **die ware feite** kan (5) byvoorbeeld gebruik word; in plaas van **indringend bekyk** (6); sonder dat die semantiese inhoud enigsins verander:

- (5) Die feite
- (6) Die saak word ondersoek

Om sowel die geyktheid as die negatiewe konnotasie van **aan 'n rolstoel gekluister** te verander, kan (7) gebruik word:

(7) Hy gebruik 'n rolstoel omdat hy verlam is.

Die cliché self het egter 'n vaste vorm, waarsonder hy nie meer 'n cliché sal wees nie.

Clichés is gewoonlik semanties verbleek en het hulle oorspronklike seggingskrag lankal reeds ingeboet, maar hulle kan nie as niekomposisioneel beskou word nie. Hulle het wel 'n sterk gereproduseerde karakter, maar het nog nie die status van leksikale items met 'n eenheidsbetekenis verwerf nie.

Clichés beskik nie ondubbelsinnig oor een van die drie kenmerke van MLI's, naamlik vastheid, idiomatisiteit of geleksikaliseerdheid nie en word daarom nie beskou as MLI's nie. Hulle maak wel deel uit van die groot groep voorafvervaardigde of gereproduseerde stukke taal wat reëlmatig in die taalgebruik aangetref word.

8.8 Kollokasies

Die volgende definisies van kollokasies is ter sake:

'n opeenvolging van leksikale items wat gewoonlik saam voorkom, maar wat tog ten volle deursigtig is in die sin dat elke leksikale konstituent ook 'n semantiese konstituent is (Cruse 1987:40)

a composite unit which permits the substitutability of items for at least one of its constituent elements (the sense of the other element, or elements, remaining constant) (Cowie 1981:224).

'n kombinasie van woorde wat dikwels saam gebruik word, maar wat nie 'n vaste uitdrukking is nie omdat die afsonderlike woorde se

leksikale betekenis steeds gehandhaaf word en die verbinding nie as 'n geleksikaliseerde betekenseenheid optree nie. 'n Kollokasie is dus nie 'n leksikale item nie, maar 'n kombinasie van leksikale items (Gouws 1989b:227).

Dit is net Gouws se definisie wat eksplisiet stel dat kollokasies nie leksikale items is nie.

Vir 'n baie volledige uiteensetting van kollokasies in Afrikaans, waarin hulle eiesoortigheid as verbindings enersyds in vergelyking met idiome en andersyds in vergelyking met vrye verbindings bespreek word, kan Carstens (1990; 1992) geraadpleeg word.

Kollokasies, as gevolg van hulle unieke semantiese en sintaktiese gedrag, bevind hulle tussen twee ekstreme: vrye verbindings aan die een kant en idiome aan die ander kant. Anders as idiome, vorm kollokasies nie semantiese simplekse eenhede nie. Ander as in vrye verbindings, is daar sekere sintaktiese (vergelyk Cowie) en semantiese inperkings (vergelyk Cruse) by kollokasies.

Die vraag hier is of kollokasies deel vorm van die groep MLI's in Afrikaans (of enige ander taal). Carstens huiwer byvoorbeeld nie om hulle *stuklekseme*, dit wil sê leksikale items, in eie reg te noem nie (Carstens 1990: 251). Daar is wel baie argumente daavor om hulle in woordeboeke op te neem (vergelyk Gouws 1989b, Otto 1990, Van Niekerk 1992); egter nie as *lemmas* nie, maar op mikrostrukturele vlak.

Sowel wat die vastheid van die woordkombinasie betref, as die semantiese spesialisering wat aangetref word, onderskei kollokasies hulle van vrye verbindings en van idiome.

8.8.1 Vastheid

Kollokasies is onderworpe aan sekere "strukturele" inperkings wat betref die verbindbaarheid van die leksikale items in 'n kollokasie met ander leksikale items om nuwe kollokasies te vorm. Die beperkinge by grammatiese en leksikale kollokasies - die twee soorte kollokasies wat Benson (1985) onderskei - verskil.

Met *grammatiese kollokasies* word kollokasies bedoel waar een leksikale item dominant is (gewoonlik 'n werkwoord, naamwoord of adjektief) en die ander item 'n grammatiese woord (gewoonlik 'n voorsetsel) is. Konstruksies met verpligte voorsetsels is voorbeelde van sulke grammatiese kollokasies in Afrikaans (vergelyk Carstens 1990:239):

W + setsel

hou by; kla oor; waarsku teen

N + setsel

middel teen; toegang tot; verbod op

A + setsel

bang vir; verbaas oor; versot op

By hierdie kollokasies is daar dus 'n streng beperking op die keuse van 'n voorsetsel wat beteken dat die kombinasie baie vas is.

Die voorsetsels in bogenoemde kollokasies dra nie dieselfde semantiese gewig as die ander woorde nie. By *leksikale kollokasies* is dit anders gesteld en is al twee die konstituente leksikaal gelykwaardig (Benson 1985:62).

Voorbeelde is die volgende (vergelyk Carstens 1990 en Otto 1990) vir die verskillende struktuurtypes):

NS + W

voëls tjirp/sing
storms woed
klokke lui / beier
'n vraag stel / vra
skuld delg
'n boedel beredder
besware opper
'n geskil besleg

Versamelnaam + soortnaamwoord

skool visse
trop leeus
ruiker blomme

NS + leë werkwoord

'n klap gee
'n plan maak
'n guns doen

Soos wat die geval is met die voorsetsels in grammatiese kollokasies, is die keuse van die leë werkwoord ook 'n kwessie van konvensie en bepaal die ander kollokant tot 'n hoë mate die betekenis van die kollokasie.

A + N

Semanties intensiveer die adjektief in hierdie kollokasies die betekenis van die naamwoord:

geswore vyand
onberekenbare skade

ongeneeslike siekte
voldonge feit
klinkklare bewyse
rasende sukses
blatante leuen

Intensiverende bywoord + A

blakend gesond
snerpend koud

Bywoord + W

spoorloos verdwyn
bloedig vererg
onwrikbaar glo

Die begrippe oop en beperkte kollokasies (Cowie 1978) is van nut wanneer daar na kollokasies en hulle relatiewe vastheid gekyk word. Die oopheid en beperktheid van kollokasies kan voorgestel word as die eindpunte op 'n skaal of kontinuum.

As voorbeelde van kollokasies aan die een eindpunt van die skaal kan dié met leë werkwoorde genoem word:

planne maak
lawaai maak
geld maak
skuld maak
naam maak
moelikheid maak
oproer maak

guns doen
sonde doen
kwaad doen
goed doen

bes doen

aansoek doen

Die lys woorde waarmee **doen** en **maak** kan voorkom, is baie groot en daar is nie baie beperkinge op verbindbaarheid nie. Sulke kollokasies kan as *oop kollokasies* beskou word. Oop kollokasies laat baie kollokante toe: **flou tee / verskonings / sonnetjie**.

Nog 'n tipe oop kollokasie waar die twee woorde mekaar nie verplig selekteer nie is die tipe **nuuskierige agie**. Sowel **agie** as **nuuskierig** kan sonder die ander kollokant voorkom:

(8) Jy is 'n agie.

(9) Jy is 'n nuuskierige dogtertjie.

(10) Jy is nuuskierig.

Die kombinasie **nuuskierige agie** is wel 'n kollokasie, omdat die intensiverende adjektief saam met **agie** baie tipies en dikwels **nuuskierige** is.

By die sentrale punt op so 'n skaal is daar kombinasies waar die betekenis van een element die getal en verskeidenheid items wat as die tweede element kan verskyn, beperk (Cowie 1978). Voorbeelde van sulke kollokasies is:

pyn / smart / skade / dors / vervolging ly

beeste / storm / sirene / wind loei

'n opinie / gedagte / idee / mening / ambisie koester

'n plan beraam / uitvoer

Die tipe **geswore vriende / vyande** kan ook hier genoem word. **Geswore** verbind met 'n baie beperkte aantal kollokante.

Hierdie verbindings, anders as die oper kollokasies, is nie altyd baie deursigtig nie, omdat die werkwoord of adjektief 'n gespesialiseerde betekenis ontwikkel het, maar dit is nie onmoontlik om hulle betekenis vas te stel nie. Die ander element in die kollokasie behou sy gewone betekenis. Dit is nie waar dat hulle as integrale gehele aangeleer moet word nie (Cowie 1978). Die leksikale elemente in hierdie kollokasies kan nie na willekeur vervang word nie, maar vervanging is wel moontlik en kan as argument dien om nie so 'n kollokasie 'n leksikale item te noem nie.

By die ander eindpunt van die skaal tref mens baie beperkte tipe kollokasies aan soos **sorg baar**, 'n **bose kringloop**, 'n **rasende sukses**, **sorg dra**. By hierdie kombinasies word die betekenis van die een item uniek verbind met 'n ander item, soos in **sorg dra**. Hierdie betekenis van **dra** (dit beteken min of meer iets soos "neem") kom slegs saam met **sorg** voor. Vastheid en semantiese spesialisering gaan hand aan hand.

Van hierdie tipe beperkte kollokasies sê Cowie:

At this point(...) collocability is at an end:
we are no longer dealing with collocations in
the strict sense (Cowie (1981:228).

Hoe beperkter die verbindingsmoontlikhede van woorde binne 'n kollokasie is, hoe vaster is so 'n kollokasie dus. Woorde wat so 'n vaste kombinasie vorm, kom nader aan MLI-status. Waar daar minder beperkinge is op die verbindbaarheid van woorde in 'n kollokasie, soos in 'n **opinie / idee / gedagte koester**, kan die verbinding nie as 'n leksikale item beskou word nie.

8.8.2 Semantiese spesialisering

By 'n bespreking van die semantiese eienskappe van kollokasies is die term *semantiese spesialisering* meer van toepassing as *idiomatisiteit*.

Kollokasies is komposisioneel (daarom nie-idiomaties, vergelyk Aisenstadt 1979:71) in die sin dat elke lid van 'n kollokasie 'n volwaardige semantiese konstituent is. Dit voldoen aan Cruse se toets vir herhalende semantiese kontras (vergeelyk 3.4.3.6). Cruse gebruik die kollokasie **swaar drinker** om dit te bewys.

Sowel **swaar** as **drinker** kan deur ander konstituente in dieselfde sintagma vervang word:

(11) a Hy is 'n **swaar / matige** drinker.

b Hulle is swaar **drinkers / rokers**.

Sulke kollokasies, waar elke lid 'n semantiese konstituent is, is nie leksikale items nie. Vergelyk ook 'n kollokasie soos **dawerende applous**. Elke lid van die kollokasie is 'n semantiese konstituent:

(12) a **dawerende gelag**
dawerende applous

b **dawerende applous**
luide applous

Alhoewel elke lid van 'n kollokasie 'n semantiese konstituent is en hulle betekenis daarom komposisioneel is, word kollokasies tog (anders as vrye verbindings) gekenmerk deur 'n mate van semantiese spesialisering. Die semantiese spesialisering word onder andere gesien in die hoë mate van *semantiese kohesie* tussen die konstituente van 'n kollokasie.

Die semantiese kohesie by kollokasies is daarin geleë dat die konstituente mekaar in 'n mindere of meerdere mate wedersyds selekteer (Cruse 1986:40). So selekteer **strawwe** byvoorbeeld baie dikwels die naamwoorde **roker** of **drinker** en minder tipies 'n naamwoord soos **wind**. By 'n kollokasie soos **onverteerde feite** word die semantiese kohesie daarin gesien dat die metaforiese betekenis van **onverteerde**, naamlik "onverwerkte", afhanklik is van die ander konstituent, **feite**.

Die semantiese kohesie tussen die konstituente in 'n kollokasie kan ook berus op 'n bepaalde betekeniskenmerk wat aanwesig is. In **swaar drinker** het mens byvoorbeeld te make met 'n betekenis van **swaar** wat kontekstueel sterk beperk is en verskil van die betekenis van **swaar** in meer neutrale kontekste. Die betekeniskenmerk VERBRUIK moet aanwesig wees as dié betekenis van **swaar** gekies word. **Pleeg** word weer geselekteer waar die betekeniskenmerk MISDAAD teenwoordig is (Carstens 1990:227):

moord pleeg
egbreuk pleeg
owerspel pleeg
meineed pleeg

Vergelyk egter Otto (1997) wat aantoon dat **pleeg** ook elders geselekteer kan word:

(13) Ek het 'n paar versies gepleeg.

Die semantiese spesialisering waarvan daar sprake is by kollokasies hou in dat die een lid van 'n kollokasie 'n gespesialiseerde (byvoorbeeld 'n figuurlike) betekenis binne die kollokasie verkry: **vuil grap**, **onverteerde feite**, **flou verskoning**, 'n **koue blik** (Carstens1992:4).

Die semantiese spesialisering by kollokasies blyk ook daaruit dat die konstituente in 'n kollokasie nie altyd 'n groot verskeidenheid kollokante toelaat nie:

skromelik verwaarloos
nypende tekort
infame leuen
verstokte oujongkêrel
skotige opdraand

Die basiswoorde in bogenoemde kollokasies (**verwaarloos**, **tekort**, **leuen**, **oujongkêrel**, **opdraand**) kan sonder moeite verstaan word. Alhoewel die kollokators nie uniek saam met hierdie basiswoorde optree nie (vergelyk **skotige afdraand**, **nypende armoede**, **nypende koue**, **infame skurk**, **verstokte sondaar**), word hulle tog saam met 'n relatief klein aantal woorde gebruik. Die produktiewe optrede van die kollokators, sy dit dan beperk, kan as argument dien om hulle nie as leksikale items te beskou nie.

In gevalle waar die semantiese kohesie tussen die elemente sterker is as in **swaar drinker** en **dawerende applous** en waar een van die elemente die optrede van 'n beperkte aantal leksikale elemente saam met hom vereis, soos in **skromelik verwaarloos**, **'n rasende sukses**, **'n geheim verklap**, bevind kollokasies hulle op die grens tussen vrye verbindings en idiome en raak dit die kwessie van hulle leksikale-itemstatus.

Vir sulke tipes kollokasies gebruik Cruse die term *bound collocation* (Cruse 1987:41). Dit kom ooreen met Cowie se *restricted collocation*, alhoewel die klem hier nie alleen op verbindbaarheid nie, maar ook op semantiese integrering val. Benson (1989:5) praat in hierdie verband van *transitional collocation* vir 'n verbinding wat tussen idioom en kollokasie lê. Ook Aisenstadt (1979) en Cowie (1981) beskryf die graduele oorgange tussen kollokasies en idiome.

Kollokasies besit dus semantiese eienskappe wat afwesig is in vrye verbindings, semantiese eienskappe wat veral in die sterk semantiese kohesie tussen die elemente in 'n kollokasie sigbaar is. Die graad van spesialisering is egter nie altyd sodanig dat 'n nuwe eenheidsbetekenis tot stand kom nie, veral omdat een van die konstituente in 'n kollokasie nog altyd sy semantiese konstituentstatus behou.

Waar die semantiese kohesie tussen kollokasies besonder sterk is, vertoon kollokasies ooreenkomste met idiome, maar kan tog nie as idiome beskou word nie (Carstens 1992:4). As Cruse se toets vir herhalende semantiese kontras op 'n idioom soos **wit olifant** toegepas word, kan bewys word dat nie **wit óf olifant** vervang kan word met behoud van die idiomatiese betekenis nie:

- (14) a * Hy het 'n wit renoster gekoop
b * Hy het 'n swart olifant gekoop

By kollokasies met unieke semantiese konstituente is vervanging wel moontlik:

- (15) Die mishandelde kind is skromelik / gruwelik verwaarloos.

- (16) Dit is 'n lae / infame leuen.

Die verskil tussen idiome en kollokasies word ook gesien in die parafrases wat gegee kan word. Kollokasies stem ooreen met die endosentriese fraseologieses wat Klimaszewska (1990a) onderskei, met dié onderskeid dat die hele kollokasie komposisioneel verstaan kan word. Die basiswoord in die kollokasie bly behoue in die parafrase en die ander kollokant kan sonder moeite verstaan word:

skromelik verwaarloos "op 'n skandelijke manier verwaarloos.

infame leuen "veragtelike leuen"

verstokte oujonkêrel "'n oujonkêrel wat verhard is in sy manier van doen"

Vergelyk hierteenoor idiome soos die volgende, waar geen deel van die uitdrukking terugkeer in die parafrase nie:

die spit afbyt "jou eerste aan die gevaar blootstel"

die onderspit delf "die neerlaag ly, oorwin word"

die strydbyl begrawe "vrede sluit"

8.8.3 Geïnstitutionaliseerdheid

Vanweë hulle relatiewe vastheid en die semantiese kohesie wat tussen die konstituente van kollokasies bestaan, ken taalgebruikers gewoonlik die woordkombinasies. Hulle is dus gekonvensionaliseer en geïnstitutionaliseer. Dit is vir Carstens die rede om hulle as leksikonitems te beskou (Carstens 1990:251).

Hulle geïnstitutionaliseerdheid kan in verband gebring word met die arbitrêre aard van kollokasionele verbindings. Hierdie arbitrêre aard word goed geïllustreer wanneer ooreenstemmende kollokasies in verskillende tale vergelyk word (Benson 1989:3): 'n eed **aflê** (Afrikaans), **administer an oath** (Engels); 'n geskil **besleg**(Afrikaans), (Engels). Versamelname is goeie voorbeelde hier: 'n **swerm** **bye** (Afrikaans), a **colony of bees** (Engels); 'n **trop** **ganse** (Afrikaans), a **gaggle of geese** (Engels), a **flock of sheep / goats / birds** (Engels), 'n **trop** **skape / bokke**, 'n **swerm** **voëls**,

Dit is as gevolg van hulle geïnstitutionaliseerdheid, dit wil sê die manier waarop hulle gebruik word, dat

kollokasies sekere beperkinge verkry. Vergelyk Aisenstadt se definisie:

combinations of two or more words (...) restricted in their commutability not only by grammatical and semantic valency (...) but also by usage (Aisenstadt 1979:71).

8.8.4 Kollokasies binne die kognitiewe semantiek

Die kognitiewe semantiek, met sy prototipebenadering, maak voorsiening vir kollokasies as 'n hibriede linguistiese kategorie (vergelyk Van Niekerk 1992 en Carstens 1992).

Kollokasies aan die een kant van die skaal (byvoorbeeld dié met leë werkwoorde) kan dan as minder prototipiese vrye verbindings beskou word, terwyl gebonde kollokasies as minder prototipiese idiome beskou kan word.

As mens hulle nieprototipiese idiome wil noem, is hulle waarskynlik eerder enkoderings- as dekoderingsidiome. Omdat selfs gebonde kollokasies nie veel verstaansprobleme oplewer nie, is dit eerder hulle vorm wat uniek is, dit wil sê die feit dat so 'n kombinasie hoegenaamd bestaan.

Waar die grense tussen idiome en kollokasies in 'n dinamiese proses verskuif en vervaag, is dit moontlik dat kollokasies mettertyd idioomstatus kan verwerf en sodoende ook MLI-status.

8.8.5 Samevatting: kollokasies

1. Kollokasies vorm in bepaalde opsigte 'n groep op hulle eie. Hulle is nie idiome nie omdat hulle betekenis komposisioneel vasgestel kan word. Hulle verskil egter ook in bepaalde opsigte van vrye verbindings - 'n

verskil wat enersyds blyk uit die relatiewe vastheid van die kombinasie en andersyds uit die semantiese kohesie wat tussen die twee woorde in 'n kollokasie bestaan. Die verskil tussen vrye verbindings en kollokasies is eerder is kwessie van graad as absoluut.

2. Wat betref hulle status as meerwoordige leksikale items, word na twee kriteria gekyk.

2.1 Die *vastheid* van kollokasies bestaan veral in die mate waarin die konstituente van 'n kollokasie vryelik met ander leksikale elemente kan verbind. Hier kan graderings in vastheid aangedui word en kan kollokasies vanaf baie oop tot baie beperk getipeer word. Hoe meer kollokante, hoe oper is die kollokasie, hoe kleiner die mate van geleksikaliseerdheid en gevolglike MLI-status. Baie beperkte kollokasies, daarenteen, beweeg nader aan leksikale-itemstatus.

2.2 'n *Gespesialiseerde eenheidsbetekenis* is een van die kriteria waaraan MLI-status gemeet word. Kollokasies vertoon nie 'n nuwe, niekomposisionele geheelbetekenis waar die lede van die kollokasie hulle semantiese outonomie inboet nie. In die mate waarin daar sprake is van semantiese kohesie tussen die woorde in 'n kollokasie, kan daar wel semantiese spesialisering geleë wees.

3. Binne die kognitiewe semantiek word daar voorsiening gemaak vir iets soos 'n *prototipiese kollokasie*. Prototipiese kollokasies word nie as leksikale items beskou nie. Waar die grense tussen idiome en kollokasies nie duidelik te trek is nie, veral in die gevalle waar daar unieke semantiese konstituente in 'n kollokasie voorkom, kan kollokasies beskou word as woordverbindings wat metteryd aanspraak kan begin maak op MLI-status.

8.9 Terme en gespesialiseerde uitdrukkings

Botha (1991) tref 'n onderskeid tussen idiomatiese (idiome en spreekwoorde) en gespesialiseerde uitdrukkings. Gespesialiseerde uitdrukkings is "woordgroeptakterme en woordgroepe wat in mindere mate as eersgenoemde vakkundige betekenis het" (Botha 1991:22).

Woordgroeptakterme is bv. **Antarktiese kring** en **figuratiewe kuns**. **Kunsmatige asemhaling, die feite van die lewe, lewe voel** en **koue oorlog** is woordgroepe met 'n "minder vakkundige" betekenis.

Vir Botha gaan dit om argumente om dié "uitdrukkings" in 'n woordeboek op te neem, dit wil sê argumente om hulle as MLI's te beskou. Hy gaan egter te los om met die gebruik van die woord **term**, of kies sy voorbeelde nie goed genoeg nie. **Figuratiewe kuns** kan nie as 'n term beskou word nie. Dit word baie wyer as binne 'n bepaalde vakgebied gebruik en het trouens so 'n wye betekenis dat dit as term nie bruikbaar is nie. Dit is myns insiens ook nie so dat woordgroepe soos **kunsmatige asemhaling, koue oorlog, lewe voel** en **die feite van die lewe** vakkundige betekenis (sy dit dan in mindere mate as "egte" terme) het nie. Hulle is wel woordgroepe wat in 'n bepaalde betekenis gebruik word, maar so algemeen en so dikwels dat hulle nie bepaald vakkundig genoem kan word nie.

Daar is wel rede om sommige van dié *gespesialiseerde uitdrukkings* as MLI's te beskou.

8.9.1 Terme

Indien 'n woordgroep wel op ondubbelsinninge wyse as term geïntitutionaliseerd is, dit wil sê in 'n gespesialiseerde betekenis vir 'n spesifiek gedefinieerde begrip gebruik word (binne 'n bepaalde vakgebied), is daar geen rede om so 'n term nie as MLI te beskou nie.

Eienskappe soos vastheid, semantiese spesialisering, geleksikaliseerdheid en geïnstitutionaliseerdheid is dan vanselfsprekend aanwesig. 'n Tipies semantiese kenmerk van terme is dat hulle in 'n skerpomlynde, eenduidige betekenis gebruik word. Dit kan as 'n vorm van semantiese spesialisering beskou word. Vir die leek is dié betekenis nie vanselfsprekend duidelik nie. Die woordgroep as geheel dra dus 'n gespesialiseerde betekenis wat nie afgelei kan word uit die betekenis van die komponente in die woordgroep nie. **Antarktiese kring** kwalifiseer dus vir MLI-status, **figuratiewe kuns** (of **beeldende kuns**) nie.

8.9.2 Gespesialiseerde uitdrukkings

Wat die ander *uitdrukkings* betref wat Botha noem, is dit ook veral 'n gespesialiseerde eenheidsbetekenis wat hulle as MLI's sou laat kwalifiseer. **Koue oorlog** het byvoorbeeld 'n baie spesifieke betekenis wat nie afgelei kan word uit die betekenis van die dele nie. Dit is al klaar genoegsame rede om so 'n woordgroep as multileksikale lemma in 'n woordeboek op te neem.

As uitdrukkings is hulle ook vas. (17) beteken duidelik iets totaal anders as (18):

(17) Maria moes die feite van haar lewe aan haar biograaf vertel.

(18) Maria was tien toe haar ma haar die feite van die lewe vertel het.

Laastens, om as MLI's te kwalifiseer, moet hierdie uitdrukkings ook geleksikaliseerd en geïnstitutionaliseerd wees.

8.9.3 Samevatting: terme en gespesialiseerde uitdrukkings.

Gespesialiseerde uitdrukkings en meerwoordige terme kan aanspraak maak op MLI-status in Afrikaans as hulle oor die volgende kenmerke beskik: vaste vorm, gespesialiseerde betekenis en geïstitutionaliseerdheid. Soos aangetoon in 8.9 voldoen alles wat deur Botha (1991) as uitdrukkings met "vakkundige betekenis" beskryf word nie aan hierdie kriteria nie.

8.10 Samevatting hoofstuk 8

In hierdie hoofstuk is daar eerstens gekyk na bepaalde strukturele tipes MLI's in Afrikaans, te wete pragmatiese MLI's, kinogramme, onomkeerbare binomiale en vergelykings.

As minder prototipiese voorbeelde van MLI's is daar vervolgens gekyk na spreekwoorde, aanhalings en gevleuelde woorde, clichés en kollokasies.

Laastens het gespesialiseerde uitdrukkings en meerwoordige terme aan bod gekom.

Hiermee word die klassifikasie van MLI's in Afrikaans dan afgesluit.

HOOFSTUK 9

GEVOLGTREKKING EN PROBLEME VIR VERDERE ONDERSOEK

9.1 Oorsig

In hierdie proefskrif is die meerwoordige leksikale item in Afrikaans ondersoek.

Eerstens is kriteria ter onderskeiding van meerwoordige leksikale items bespreek. Met behulp van hierdie kriteria is 'n verskeidenheid van meerwoordige frases in Afrikaans ondersoek en geklassifiseer. In 'n prototipebenadering (soos wat dit aangetref word in die kognitiewe semantiek) is daar onderskei tussen prototipiese en minder prototipiese eksemplare van meerwoordige leksikale items in Afrikaans. In die sentrum van die MLI's in Afrikaans is die volgende groepe onderskei: leenwoordgroepe, meerwoordsetsels, onderbroke leksikale items, deeltjiewerkwoorde, idiomatiese formules en idiome. Minder prototipiese voorbeelde van MLI's is byvoorbeeld spreekwoorde, aanhalings en kollokasies. Die aandag is ook gevestig op 'n aantal opvallende tipes soos pragmatiese MLI's, kinegramme, onomkeerbare binomiale en vergelykings.

Die studie is geplaas binne die kader van die kognitiewe semantiek omdat hierdie rigting die grootste moontlikhede bied om die semantiek van meerwoordige leksikale items te ondersoek. Met behulp van die motiveringsteorie is 'n aantal Afrikaanse MLI's ontleed.

Weens die omvang van die studie het daar sekere aspekte van MLI's wat met vrug bestudeer kan word agterweë gebly. Daar word vervolgens op drie aspekte gewys wat onvoldoende aandag in die onderhawige studie gekry het en wat in die toekoms nog ondersoek kan word.

9.2 Die leksikografiese hantering van MLI's.

Woordeboeke konsentreer tradisioneel op woorde. Daar is egter geen leksikologiese gronde daarvoor om meerwoordige leksikale items nie as lemmas in woordeboeke op te neem nie. Wat die teorie, sowel leksikologies as leksikografies betref, is daar hieroor eenstemmigheid.

Zgusta (1971) toon duidelik aan dat MLI's op dieselfde wyse as woorde betekenis kan oordra en dat hulle as volwaardige leksikale items in woordeboeke opgeneem behoort te word:

(i)t is not words as such which the lexicographer is primarily concerned with and interested in, and which are the foundation of his work. The lexicographer is concerned primarily with lexical units (...) (Zgusta 1971:157).

Vergelyk byvoorbeeld ook Benson (1985) en Gates (1988) oor die opname van MLI's in woordeboeke.

In die Afrikaanse leksikografie is dit veral Gouws (1989b, 1990) wat 'n pleidooi lewer vir die opname van MLI's in Afrikaanse woordeboeke. Geen Afrikaanse verklarende woordeboek neem MLI's konsekwent as lemmas op nie. MLI's word in die meeste gevalle as mikrostuktuurelemente by 'n ander lemma opgeneem. Ook Combrink (1989, 1992a en 1992b) lewer kritiek op die manier waarop idiome in sowel eentalige as vertalende woordeboeke hanteer word.

Gouws (1989b:97-108) bespreek die huidige leksikografiese hantering van vier soorte MLI's in Afrikaans: leenwoordgroepe, vaste uitdrukkings, groepsetsels, en onderbroke leksikale items (sirkumposisiesetsels en korrelatiewe neweskickers). Hy lewer leksikologiese,

semantiese en ordeningskritiek op die wyse waarop MLI's tans in woordeboeke hanteer word.

In aansluiting by Gouws bespreek Botha (1991) die lemmatisering van uitdrukkings in verklarende Afrikaanse woordeboeke.

Verstraten (1992:185-229) kyk binne die raamwerk van die kognitiewe semantiek na die manier waarop MLI's in 'n woordeboek behandel kan word en rig haar op die leksikografiese praktyk, veral wat die plek waar MLI's opgeneem word, betref. Sy stel voor dat 'n woordeboek wat op kognitief-semantiese grondslag opgestel word nie alleen reseptief gebruik moet kan word nie, maar ook bruikbaar moet wees vir taalproduksie. Vir teksproduksie is dit nodig dat kombinasies soos **rens** en **botter** opgeneem word (kollokasionele verbindings dus). Voorts kan MLI's ook rondom 'n bepaalde konsep soos WOEDE opgeneem word.

Vir Verstraten is die ideale woordeboek al lankal nie meer 'n boek nie. Dit is gedigitaliseerde informasie, wat in beginsel oneindig uitbreibaar is. In 'n gerekenariseerde woordeboek

kan men (...) uitgaan van iedere denkbare informaticategorie, of dat nu een trefwoord is met zijn betekenis, een vaste verbinding, een definitie, een citaat, een etymologie, een syntaktische categorie of zelfs een vertaling in een aantal vreemde talen. Op die manier kan een woordenboek werkelyk op produktiewe wyse gebruik word (Verstraten 1992:229).

In die literatuur word daar veral ook aandag gee aan die opname van kollokasies in woordeboeke. Vergelyk byvoorbeeld Aisenstadt (1979); Cowie (1981); Benson (1985; 1989); Nuccorini (1988), Otto (1990; 1997); Van Niekerk (1992).

Kollokasies word nie beskou as MLI's nie, alhoewel daar graduele oorgange is tussen kollokasies en idiome. Kollokasies word dus nie as lemmas opgeneem in woordeboeke nie (Gouws 1989b:227), maar hulle speel 'n belangrike rol in die oordrag van sintaktiese inligting. Dit skyn veral belangrik te wees in aanleerderwoordeboeke (vergelyk die verwysings hierbo en ook Verstraten 1992).

Wat die teorie betref, is daar dus stewige semantiese, leksikologiese en leksikografiese gronde om MLI's as lemmas in algemene woordeboeke op te neem. Die praktyk bly agter. Vergelyk byvoorbeeld Odendal se opinie in HAT (1994):

Ek het geoordeel dat dit die verstandige en suksesvolle metode sal wees om nie nou, nadat 'n lang tradisie (...) geskep is, met 'n nuwe stelsel te kom wat juis nie gebruikersvriendelik sal wees nie.

Praktiese, empiriese ondersoek oor nuwe, gebruikersvriendelik metodes vir die hantering van MLI's in Afrikaanse verklarende woordeboeke kan myns insiens nog onderneem word. Die vraag of MLI's en veral kollokasies nie ook (of veral ook) in gespesialiseerde idioomwoordeboeke of frasewoordeboeke opgeneem behoort te word nie kan ook aangespreek word (vergelyk byvoorbeeld De Beer 1989 en Otto 1997). Die kans op 'n digitale woordeboek (met 'n wye verskeidenheid van inligting soos wat Verstraten voorstel) in Afrikaans binne die afsienbare toekoms kan ook ondersoek word.

9.3 Psigolinguistiese ondersoek

Binne die psigolinguistiek is die afgelope dekade baie werk gedoen wat die motiveringsteorie van die kognitiewe semantiek ondersteun. Vergelyk byvoorbeeld Gibbs & Nayak (1989); Gibbs, Nayak & Cutting (1989); Nayak & Gibbs (1990); Gibbs & O'Brien (1990); Gibbs (1992). Dié tipe

ondersoek ontbreek nog in Afrikaans en kan bydra tot die uitbou van die motiveringsteorie.

Wat die prosessering van idiome betref, is daar nog nie klarigheid nie. Vergelyk Schweigert & Moates (1988); Schweigert (1992); Tabossi & Zardon (1992) en Van de Voort & Vonk (1992). Deel 2 van Cacciari & Tabossi (1993) bevat ook bydraes oor die verwerking en prosessering van idiome. Psigolinguistiese studies oor die prosessering van idiome in Afrikaans kan ook 'n vrugbare ondersoeksterrein wees en help om die saak te verhelder.

9.4 Pragmatiese ondersoek

Idiome bestaan by wyse van die asimmetrie tussen betekenis en sintaksis - dit is 'n geïnstitutionaliseerde asimmetrie, soos Fernando & Flavell (1981) sê. Die asimmetrie kan net deur die konteks uitgelig word:

Context is the crucial variable which leads the speaker/hearer to identify and interpret a given expression as being idiomatic or not (Fernando & Flavell 1981: 6).

Die leksikon moet ook 'n pragmatiese komponent van betekenis insluit (Levinson 1983:130). Pragmatiese ondersoek is een manier waarop die rol van die konteks sistematies ondersoek kan word. 'n Ondersoek soos dié van Drew & Holt (1992) na die funksies wat idiome in gesprekke kan vervul, moet ook nog in Afrikaans onderneem word.

9.5 Ten slotte

Die ondersoek na en belangstelling in meerwoordige leksikale items oor die algemeen en veral idiome in die besonder, beleef tans 'n bloeityd. Daar word gehoop dat hierdie studie 'n bydra lewer tot dié vakgebied in

Afrikaans en dat die fraseologie in die algemeen daardeur bevorder word.

BIBLIOGRAFIE

Aisenstadt, E. 1979. Collocability restrictions in dictionaries. *ITL Review of Applied Linguistics* 45-46:71-74.

Ayto, J. 1986. Fig. leaves. Metaphor in Dictionaries. In: Snell-Hornby (red). 1986:49-54.

Bauer, L. 1983. **English Word-formation**. Cambridge: Cambridge University Press.

Benson, M. 1985. Collocations and idioms in dictionaries. In: Ilson (red.) 1985:61-68.

Benson, M. 1989. The structure of the collocational dictionary. *International journal of lexicography* 2(1):1-14.

Bolinger, D. 1965. The atomization of meaning. *Language* 41:555-573.

Boshoff, S.P.E. 1921. **Volk en taal van Suid-Afrika**. Pietermaritzburg: Nasionale Pers.

Boshoff, S.P.E. & G. Nienaber 1967. **Afrikaanse Etimologieë**. Suid-Afrikaanse Akademie vir wetenskap en kuns.

Bosman, N. (red.) 1995. **'n Man van woorde. Feesbundel vir Louis Eksteen**. Pretoria: J.L. van Schaik.

Botha, T.J.R. (red.) 1984. **Inleiding tot die Afrikaanse Taalkunde**. Pretoria: Academica.

Botha, T.J.R. (red.) 1989a. **Inleiding tot die Afrikaanse Taalkunde**. Pretoria: Academica.

Botha, T.J.R. (red.) 1989b. **Leksikografie en leksikologie**. Pretoria: Serva-Uitgewers.

Botha, W.F. 1991. Die lemmatisering van uitdrukkings in verklarende Afrikaanse woordeboeke. **Lexikos**. Afrilex-reeks 1(1991):20-36.

Botha, W.F. 1992. Los of vas geskryf: die leksikograaf, die spelreëls en die taalwerklikheid. **Lexikos**. Afrilex-reeks 2(1992):28-38.

Brugman, C.M. 1983. **Story of over**. Bloomington: Indiana University Linguistics Club.

Burger, H. 1973. **Idiomatik des Deutschen**. Tübingen: Max Niemeyer Verlag.

Burger, H. 1983. Neue Aspekte der Semantik und Pragmatik Phraseologischer Wortverbindungen. In: Matesic 1983:24-33.

Burger, H., A. Buhofer & A. Sialm. 1982. **Handbuch der Phraseologie**. Berlin: Walter de Gruyter.

Cacciari, C., R.I. Rumiati & S. Glucksberg. 1992. The role of word meanings, transparency and familiarity in the mental images of idioms. In: Everaert (et al.) (reds.) 1992:1-10.

Cacciari, C. 1993. The place of idioms in a literal and metaphorical world. In: Cacciari & Tabossi (reds.) 1993:27-56.

Cacciari, C. & P. Tabossi (reds.) 1993. **Idioms: Processing, Structure, and Interpretation**. New Jersey: Lawrence Erlbaum Associates.

Carstens, A. 1990. **Die komposisionaaliteitsbeginsel en die grammatika van Afrikaans.** D.Litt.-proefskrif. Universiteit van Pretoria.

Carstens, A. 1992. Kollokasies: vrye verbindings of lekseme? *Suid-Afrikaanse tydskrif vir Taalkunde*. 10(1): 1-11.

Carstens, A. 1993. 'n Funksionele benadering tot metonimie. *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Taalkunde* (11)3:85-93.

Carstens, A. & P. Swanepoel. 1993. Komposisionaaliteit, motivering en die grammatika van Afrikaans. *LVSA-supplement 14*.

Chafe, W.L. 1968. Idiomaticity as an anomaly in the Chomskyan paradigm. *Foundations of language* 4:109-127.

Combrink J. 1981. *Kom en gaan*. In: Sinclair, A.J.L. (red.) 1981:89-102.

Combrink, J. 1985. Idiome en idioomonderrig. Deel I : Eerste begrippe. *Klasgids* 20(2):21-28.

Combrink, J. 1989. Wesenlike elemente, ekstras en vulsels in die aangawe van idiome in tweetalige woordeboeke. In: Botha, T.J.R. (red.) 1989b:55-77.

Combrink, J. 1990. Oor duim vashou (idiome en idioomonderrig deel 2). *Klasgids* 25(1):54-63.

Combrink, J. 1992a. Oor nie 'n haan sal daarna kraai nie (idiome en idioomonderrig deel 8). *Klasgids* 27(2):71-78.

Combrink, J. 1992b. Oor die bekendheid van idiome met kop (idiome en idioomonderrig deel 9). *Klasgids* 27(3):68-75.

Coolen, S. 1991. **Een vergelyking tussen historisch verwante Nederlandse en Afrikaanse idiome.** M.A.-verhandeling. Randse Afrikaanse Universiteit.

Cowie, A.P. 1978. The place of illustrative material and collocations in the design of a learner's dictionary. In: Strevens (red.) 1978:127-139.

Cowie, A.P. 1981. The treatment of collocations and idioms in learners' dictionaries. *Applied Linguistics* 2(3):223-235.

Cruse, D.A. 1986. **Lexical Semantics.** Cambridge: Cambridge University Press.

De Beer, J.A. s.j. **Afrikaanse idiome met 'n Bybelse strekking.** Lito-Letter Publikasies.

De Beer, J.A. 1989. **'n Sintaktiese en Semantiese beskrywing van Afrikaanse idiome.** Ongepubliseerde D.Litt. Universiteit van Pretoria.

De Stadler, L.G. 1989. **Afrikaanse Semantiek.** Pretoria: Southern Uitgewers.

De Stadler, L.G. 1992. Semantiese rolle en die polisemiese waardes van werkwoorde. *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Taalkunde* 10(3):131-139.

De Saussure, F. 1959. **Course in General Linguistics.** New York: Philosophical Library.

De Villiers, M. 1975. **Die semantiek van Afrikaans.** Pretoria: Haum.

De Villiers, M. 1983. **Afrikaanse grammatika vir volwassenes.** Kaapstad: Nasou.

Dirven, R. 1985. Metaphor as a basic means for extending the lexicon. In: Paprotté & Dirven (reds.) 1985:85-120.

Drew, P. & E. Holt. 1992. Idiomatic expressions, and their role in the organization of topic transition in conversation. In: Everaert (et al.) 1992:171-186.

Du Plessis, H.G.W. 1972. **Die deeltjiewerkwoord in Afrikaans**. M.A.-verhandeling. Universiteit van Suid-Afrika.

Eksteen, L.C. 1989. Die idioom as semantiese konstituent. In: Botha, T.J.R. (red.) 1989b:78-82.

Everaert, M., E-J. van der Linden, A. Schenk & R. Schreuder (reds.) 1992. **Proceedings of idioms**. Volume 1 & 2. Tilburg.

Everaert, M., Erik-Jan van der Linden, André Schenk & Rob Schreuder (reds.) 1995. **Idioms: Structural and Psychological Perspectives**. New Jersey: Lawrence Erlbaum Associates.

Feinauer, I. 1983. Vloekwoordinvoeging in Afrikaans. *Kongresreferate Linguistevereniging van Suid-Afrika*: 133-154.

Fernando, C. & R. Flavell. 1981. **On Idiom. Critical views and perspectives**. Exeter: University of Exeter.

Fillmore, C.J. 1977. Scenes-and-frames semantics. In: Zampolli (red.) 1977:55-81.

Fillmore, C.J. 1985. Frames and the semantics of understanding. *Quaderni di Semantica* 6(2):222-254.

Fillmore, C.J., P. Kay & M.C. O'Connor. 1988. Regularity and idiomaticity in grammatical constructions: the case of *let alone*. *Language* 64(3):501-538.

Fleischer, W. 1982. **Phraseologie der Deutschen Gegenwartssprache**. Leipzig: VEB Bibliographisches Institut Leipzig.

Flores D'Arcais, G.B.F. 1993. The comprehension and semantic interpretation of idioms. In: Cacciari & Tabossi (eds.) 1993:79-98.

Forrester, M.A. 1992. Tropic implicature and the role of context in comprehending idiomatic expressions. In: Everaert (et al.) 1992:25-38.

Fraser, B. 1970. Idioms within a transformational grammar. *Foundations of language* 6:22-43.

Gates, E. 1988. The treatment of multiword lexemes in some current dictionaries of English. In: Snell-Hornby (red.) 1988:99-106.

Geeraerts, D. 1983. Reclassifying semantic change. *Quaderni di Semantica* 4(2):217-240.

Geeraerts, D. 1986. **Woordbetekenis: een overzicht van de lexicale semantiek**. Acco.

Geeraerts, D. 1988. Cognitive Grammar and the history of lexical Semantics. In: Rudzka-Ostyn (red.) 1988:647-677.

Geerearts, D. 1992. Specialisation and reinterpretation in idioms. In: Everaert (et al.) 1992:39-52.

Gibbs, R.W. & N.P. Nayak 1989. Psycholinguistic Studies on the syntactic behavior of idioms. *Cognitive Psychology* 21:100-139.

Gibbs, R.W & J.E. O'Brien 1990. Idioms and mental imagery: the metaphorical motivation for idiomatic meaning. *Cognition* 36:35-68

Gibbs, R.W. 1992. What idioms reveal about how people think. In: Everaert (et al.) 1992:187-200.

Gibbs, R.W. 1993. Why idioms are not dead metaphors. In: Cacciari & Tabossi (reds.) 1993:57-78.

Gläser, R. 1988. The grading of idiomaticity as a presupposition for a taxonomy of idioms. In: Hüllen & Schulze 1988:264-279.

Glucksberg, S. 1993. Idiom meanings and allusional content. In: Cacciari & Tabossi (reds.) 1993:3-26.

Gouws, R.H. 1983. Aspekte van korrelatiewe neweskikking in Afrikaans. In: Van Rensburg (red.) 1983.:171-182.

Gouws, R.H. 1988. Compounds in dictionaries: A semantic perspective. In: Snell-Hornby (red.) 1988:9-97.

Gouws, R.H. 1989a. Semantiek. In: Botha, T.J.R. (red.) 1989a:382-411.

Gouws, R.H. 1989b. **Leksikografie**. Pretoria: Academica.

Gouws, R.H. 1990. Vaste uitdrukkings as multileksikale lemmas in Afrikaanse woordeboeke. *TGW* 30(4):265-283.

Hambidge, J. 1996. **Swart koring**. Kaapstad: Human & Rousseau.

Heestermans, H. 1990. Over idioom. In: Moerdijk, A.M.F.J. (et al.) 1990:91-98.

Hockett, C.F. 1958. **A course in modern linguistics**. New York: MacMillan.

Hüllen, W. & R. Schulze. 1988. **Understanding the Lexicon. Meaning, sense and world knowledge in lexical semantics**. Tübingen: Max Niemeyer Verlag.

Ilson, R. (red.) 1985. **Dictionaries, Lexicography and Language Learning**. Oxford: Pergamon Press.

Johnson, M. 1987. **The body in the mind. The bodily basis of meaning, imaginations, and reason**. Chicago: The University of Chicago Press.

Johnson-Laird, P.N. 1993. **Foreword**. In: Cacciari & Tabossi (reds.) 1993:vii-x.

Kempen, W. 1969. **Samestelling, afleiding en woordsoortelike meerfunksionaliteit in Afrikaans**. Kaapstad: Nasou.

Klimaszewska, Z. 1990a. **Verbale Phraseologie des Niederländischen**. Warszawa: Rozprawa Habilitacyjna.

Klimaszewska, Z. 1990b. **Die Phraseologie auf kulturhistorischem Hintergrund am Beispiel des Deutschen, Niederländischen und Polnischen. Akten des VIII. Internationalen Germanisten-Kongresses**. Band 4. Tokio

Kok, B. 1942. **Die vergelyking in die Afrikaanse volkstaal**. Pretoria: J.L. van Schaik.

Kooij, J.G. 1968. **Compounds and idioms**. *Lingua* 21:250-268.

Korhonen, J. 1992. **Phraseologie und Wortbildung - Aspekte der Lexikonerweiterung**. Tübingen: Max Niemeyer Verlag.

Korhonen, J. 1992. Idiomen als Lexikoneinheiten. Eine Auswahl von Beschreibungsproblemen. In: Korhonen 1992:1-20.

Lakoff, George & Mark Johnson 1980. **Metaphors we live by**. Chicago: The University of Chicago Press.

Lakoff, G. 1987. **Women, Fire and Dangerous things**. Chicago: The University of Chicago Press.

Langacker, R.W. 1987. **Foundations of cognitive grammar. Volume 1. Theoretical prerequisites**. Stanford: Stanford Univeristy Press.

Langacker, R.W. 1991. **Foundations of cognitive grammar. Volume 2. Descriptive application**. Stanford: Stanford Univeristy Press.

Leech, G. 1981. **Semantics: the study of meaning**. London: Penguin.

Le Roux, J.J. 1939. **Praatjies oor ons Taal**. Kaapstad: Nasionale Pers.

Levinson, S.C. 1983. **Pragmatics**. Cambridge: Cambridge University Press.

Lindner, S.J. 1983. **A lexico-semantic analysis of English verb particle constructions with out and up**. Bloomington: Indiana University Linguistics Club.

Lyons, J. 1968. **Introduction to theoretical linguistics**. Cambridge: Cambridge University Press.

Lyons, J. 1977. **Semantics**. Cambridge: Cambridge University Press.

Lyons, J. 1981. **Language, meaning and context**. Bungay: Fontana.

Malherbe, D.F. 1924. **Afrikaanse spreekwoorde en verwante vorme**. Bloemfontein: Nasionale Pers.

Malkiel, Y. 1959. Studies in irreversible binomials. *Lingua* 8:113-160.

Makkai, A. 1972. **Idiom structure in English**. The Hague: Mouton.

Matesic, J. 1983. **Phraseologie und ihre Aufgaben**. Heidelberg: Julius Groos Verlag.

Matesic, J. 1983. Zum Terminus und zur Definition der 'Phraseologische Einheit'. In: Matesic 1983:194 -213.

Mathiot, M. 1967. The place of the dictionary in linguistic description: problems and implications. *Language* 43:703-724.

Matthews, P.H. 1974. **Morphology: an introduction to the theory of word structure**. Cambridge: Cambridge University Press.

Moerdijk, A. 1987. Lexicale Semantiek en compositavorming. *Forum der Letteren* 28(3):194-213.

Moerdijk, A. 1989. Benaderingen van metonymie. *Forum der Letteren* 30(2):115-134.

Moerdijk, A. 1990. Metonymie uit een ander vaatje. In: Moerdijk, A.M.F.J. e.a. (reds.) 1990:111-122.

Moerdijk, A.M.F.J. e.a. (reds.) 1990. **Traditie en Progressie. Handelingen van het 40ste Nederlands Filologencongres**. 's-Gravenhage: SDU Uitgeverij.

Moon, R. 1986. "Time" and idioms". In: Snell-Hornby (red.) 1986:107-115.

Nayak, N.P. & Gibbs R.W. 1990. Conceptual knowledge in the interpretation of idioms. *Journal of experimental psychology: General* 119(3):315-330.

Newmeyer, F.J. The regularity of idiom behavior. *Lingua* 34:327-342.

Norrick, N.R. 1981. **Semiotic principles in semantic theory**. Amsterdam: John Benjamins.

Nöth, W. 1985. Semiotic Aspects of Metaphor. In: Paprotté & Dirven (reds.) 1985:1-16.

Nuccorini, S. 1988. The treatment of metaphorical and idiomatic expressions in learners' dictionaries. In Snell-Hornby 1988:149-160.

Nunberg, G.D. 1978. **The pragmatics of reference**. Bloomington: Indiana University Linguistics Club.

Otto, A.N. 1990. Die hantering van kollokasies in aanleerderwoordeboeke. *TGW* 30(4):284-296.

Otto, A.N. 1997. The structure of an Afrikaans collocation and phrase dictionary. Ongepubliseerde referaat. Afrilex-kongres. Durban.

Paprotté, W. & R. Dirven (reds.) 1985. **The ubiquity of metaphor**. Amsterdam: John Benjamins Publishing Company.

Pawley, A. 1986. Lexicalization. In: Tannen & Alatis (reds.) 1986:98-120.

Pienaar, M. 1996. **Subjektifikasie en Metaforiek: Struktureringsmeganismes in (drama)diskoers, met**

verwysing na Christine deur Bartho Smit. D.Litt. et Phil.-proefskrif. Randse Afrikaanse Universiteit.

Pliz, K.D. 1983. Suche nach einem Oberbegriff der Phraseologie und Terminologie der Klassifikation. In: Matesic 1983:194-211.

Ponelis, F. 1979. **Afrikaanse Sintaksis.** Pretoria: J.L. van Schaik.

Ponelis, F. 1984. Aspekte van die grammatika van setsels. In: Botha (red.) 1984:219-244.

Ponelis, F. 1989a. Sintaksis. In: Botha (red.) 1989a:255-357.

Ponelis, F. 1989b. Leksikale elemente. In: Botha, T.J.R. (red). 1989b:48-54.

Puhvel, J. 1969. **Substance and Structure of Language.** Berkeley: University of California Press.

Pulman, S.G. 1993. The recognition and interpretation of idioms. In: Cacciari & Tabossi (reds.) 1993:249-270.

Pütz, M. (red.) 1992. **Thirty years of linguistic evolution.** Philadelphia/Amsterdam: John Benjamins Publishing Company.

Quirk, R., S. Greenbaum & J. Svartvik. 1972. **A Grammar of contemporary English.** Londen: Longman.

Radden, G. 1992. The cognitive approach to natural language. In: Pütz (red.) 1992:513-541.

Raidt, E.H. 1995. **Idiomatiese uitdrukkings en spreekwoorde in ouer Afrikaans.** In: Bosman (red.) 1995:92-104.

- Reinsma, R. 1991. **Spreekwijzer Internationaal**. Utrecht: Het Spektrum.
- Rosch, E.H. 1973. Natural categories. *Cognitive Psychology* 4:328-350
- Rosch, E.H. 1975a. Cognitive reference points. *Cognitive Psychology* 7:532-547.
- Rosch, E.H. 1975b. Cognitive representations of semantic categories. *Journal of Experimental Psychology: General* 104(3):192-233.
- Rosch, E. 1978. Principles of Categorization. In: Rosch & Lloyd (eds.) 1978:28-48.
- Rosch, E.H. & C.B. Mervis. 1975. Family Resemblances: Studies in the Internal Structure of Categories. *Cognitive Psychology* 7:573-605.
- Rosch, E. & B.B. Lloyd (eds.) 1978. **Cognition and Categorization**. New Jersey: Lawrence Erlbaum Associates.
- Rudzka-Ostyn, B. 1985. Metaphoric processes in word formation. The case of prefixed verbs. In: Paprotté & Dirven (eds.) 1985:209-242.
- Rudzka-Ostyn, B. (red.) 1988. **Topics in cognitive linguistics**. Amsterdam: John Benjamins Publishing Company.
- Schweigert, W.W. 1992. The muddy waters of idiom comprehension begin to settle. In: Everaert (et al.) 1992:111-118.
- Schweigert, W.A. & D.R. Moates. 1988. Familiar Idiom Comprehension. *Journal of Psycholinguistic research*. 17(4):281-232.

Sinclair, A.J.L. (red.) 1981. **Kongresreferate** - Linguistevereniging van Suid-Afrika. Kaapstad: Universiteit van Wes-Kaapland.

Snell-Hornby, M. (red.) 1986. **Zürilex'86 Proceedings**. Zürich: Francke Verlag.

Stock, O., J. Slack & A. Ortony. 1993. Building castles in the air: some computational and theoretical issues in idiom comprehension. In: Cacciari & Tabossi (reds.) 1993: 229-247.

Stevens, P. (red.) 1978. **In honour of A.S. Hornby**. Oxford: Oxford University Press.

Swanepoel, P. 1992. Linguistic motivation and its lexicographical application. *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Taalkunde* 10(2):49-60.

Swanepoel, P. 1993. Fokus op die prismatiese semantiek van vaste verbindings. *TGW* 33(2):96-111.

Tabossi, P. & F. Zardon. 1992. The activation of idiomatic meaning. In Everaert (et al.) 1992:119-126.

Tannen, D. & J.E. Alatis. 1986. **Georgetown University Round Table on Languages and Linguistics 1985**. Washington: Georgetown University Press.

Thun, H. 1978. **Probleme der Phraseologie**. Tübingen: Max Niemeyer Verlag.

Ullmann, S. 1962. **Semantics. An introduction to the science of meaning**. Oxford: Basil Blackwell.

Van de Voort, M.E.C. & W. Vonk. 1992. You don't die immediately when you kick an empty bucket: A processing view on semantic and syntactic characteristics of idioms. In: Everaert (et al.) 1992:141-155.

Van der Merwe, G.S. 1980. **Idiomatiese werkwoordelike verbindings in Afrikaans.** D.Litt.-proefskrif. Universiteit van Stellenbosch.

Van der Merwe, H.J.J.M. 1968. Die Afrikaanse woordeskat. In: Van der Merwe 1968:111-124.

Van der Merwe, H.J.J.M. 1968. **Afrikaans, sy aard en ontwikkeling.** Pretoria: J.L. van Schaik.

Van Niekerk, A.E. 1992. Kollokasies: 'n Leksikografiese perspektief. **Lexikos.** Afrilex-reeks 2(1992):254-264.

Van Rensburg, M.C.J. (red.) 1983. **Kongresreferate** - Linguistevereniging van Suid-Afrika. Bloemfontein: Universiteit van die Oranje-Vrystaat.

Van Sterkenburg, P.G.J. 1991. Naar een basis-fraseologie voor niet-moedertaalsprekers. *Forum der Letteren* 32(1):35-46.

Verstraten, L. 1992. **Vaste verbindingen. Een lexicologische studie vanuit cognitief-semantisch perspectief naar fraseologismen in het Nederlands.** Utrecht: LED.

Weinreich, U. 1969. Problems in the analysis of idioms. In: Puhvel 1969:23-81.

Wierzbicka, A. 1985. **Lexicography and conceptual analysis.** Ann Arbor: Karoma Publishers.

Wisseman, H. 1961. Das Wortgruppenlexem und seine lexicographische Erfassung. *Indogermanische Forschungen* 66:225-258.

Zampolli, A. (red.) 1977. **Linguistic Structures Processing**. Amsterdam: North-Holland Publishing Company.

Zgusta, L. 1967. Multiword Lexical Units. *Word* 23:578-587.

Zgusta, L. 1971. **A Manual of lexicography**. Den Haag: Mouton.

WOORDEBOEKE

Botha, R.P., G. Kroes & C.H. Winckler. 1994. **Afrikaanse idioeme en ander vaste uitdrukkings**. Halfweghuis: Southern Boekuitgewers.

Crystal, D. 1992. **A dictionary of linguistics and phonetics**. Derde druk. Oxford: Blackwell.

De Stadler, L.G. 1994. **Groot tesaurus van Afrikaans**. Halfweghuis: Southern Boekuitgewers.

De Villiers, M, J., Smuts, L.C. Eksteen & R.H. Gouws. 1985. Sesde uitgawe. **Nasionale Woordeboek**. Kaapstad:Nasou Beperk.

Eksteen, L.C. en F.J. Labuschagne. 1993. **Verklarende Afrikaanse woordeboek**. Goodwood: J.L. van Schaik.

Geerts, G. & H. Heestermans. 1984. **Van Dale Groot Woordenboek der Nederlandse taal**. Utrecht/Antwerpen: Van Dale Lexicografie.

Long, T.H. 1979. **Longman dictionary of English idioms**. Harlow: Longman.

Murray, J.A. et al. 1989. **The Oxford English dictionary**.
(OED) Oxford: Clarendon Press.

Odendal F.F. (hoofredakteur) e.a. 1994. Derde uitgawe.
Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal (HAT).
Midrand: Perskor.

Schoonees, P.C./ F.J. Snijman / D.C. Hauptfleisch (reds.)
1951-1983. **Woordeboek van die Afrikaanse taal. (WAT)**
Pretoria: Staatsdrukker.